# Rentmeesterskap in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes-Transvaal – 'n beskrywend-verklarende studie

deur

J.B. MOSTERT

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir

die graad

Doctor Philosophiae (Ph.D.)

in die Departement: Philosophy and Religious Studies

aan die

Universiteit van Natal

Promotor: Professor V.J. Bredenkamp

Pietermaritzburg 1990

Tensy anders vermeld in die proefskrif,

is die werk hierin vervat, my eie werk.

# LECTORI SALUTEM

Ek rig graag 'n diepe dankbaarheid teenoor die volgende:

My Hemelse Vader, wat deur sy seënende teenwoordigheid van die skryf hiervan 'n geloofsavontuur gemaak het.

My promotor, prof. Bredenkamp, wat my op 'n voortreflike wyse begelei het en in die proses van akademiese vorming tegelykertyd ook 'n "pastor pastorum" was.

My gesin: my eggenote, Adri, vir die daaglikse aanmoediging en baie ure se tikwerk.
My kinders, Tarita en Freda, wat vir 'n lang tydperk tevrede moes wees met 'n "nie-beskikbare" vader. My moeder, vir troue daaglikse gebede.

Dr. Hennie Grobler, vir sy groot meelewing en onbeperkte beskikbaarheid om altyd met entoesiasme saam met my oor die belang van die Koninkryk te besin.

Dr. Johan Malan, vir sy advies met die opstel van die vraelys.

Dr. Jan Huebsch, wat altyd bereid was om op baie kort kennisgewing te help met die taalkundige versorging.

Manie Vosloo, wat my met groot geduld ingelyf het in die basiese beginsels van die gebruik van 'n rekenaar.

Die leraars en kerkrade, wat behulpsaam was met die verspreiding van die vraelyste.

Die Saakgelastigde en sy personeel – in die besonder mnr. Albert Cornelius – wat altyd bereid was om inligting tot my beskikking te stel.

Die Sinodale Begrotingskommissie, wat toestemming verleen het dat ek toegang tot die finansiële inligting mag verkry en dit gebruik. 'n Besondere woord van dank ook aan die voorsitter, ds. Japie du Plessis, vir sy hulp.

Die kassier van die gemeente Driehoek, wat met groot bereidwilligheid inligting beskikbaar gestel het.

My gemeente Kollegepark, wat met 'n vanselfsprekend minder energieke leraar tevrede moes wees.

My jong kollega, ds. Deon Senekal, vir sy blymoedige logistieke steun.

Marietjie Collins, Fransie Claassen, Hannes Meyer en Willem Botha verdien ook groot dank.

Aan almal wat vermeld is, en ook almal wie se name nie genoem is nie, my opregte dank en waardering.

J.B. MOSTERT
VANDERBIJLPARK
22 November 1990.

## RESUMÉ

The Dutch Reformed Church, Western Transvaal, is experiencing financial problems. These problems are frequently attributed to factors such as droughts, inflation and so forth. The premise of this study is that the presence or absence of obedience and knowledge among parishioners plays an important role. In the light hereof the following hypothesis was set up: the financial dilemma of the Dutch Reformed Church, Western Transvaal, should not be attributed solely to unavoidable external factors: it is deterministically related to disobedience towards and ignorance of the Biblical principles and requirements regarding stewardship.

Subsequent to the descriptive historical perspective of church contributions, detailed attention is given to the formulation of a Biblical basis for financial stewardship. Stewardship is defined as being a loving, obedient and trusting activity: in the light thereof a significance table is composed.

In Chapter 4 the exact contribution of the average parishioner of the Dutch Reformed Church, Western Transvaal, is described. Supplementary to this, a questionnaire was composed, with a view to assessing Church members' perceptions.

In the last chapter the phenomenon is analysed, interpreted and explained. It was found that the average parishioner presents a minimal percentage of even discretionary income as oblation. An analysis of the average household reveals the oblation of the average parishioner as not being indicative of the elements of love, obedience and trust. An analysis of the attitudes perceived, supports this finding. It is conjectured that parishioners generate their own humanly–conceived norms –

alongside the Biblical ones – in respect of an "acceptable" oblation.

In this research the initial hypothesis is supported. A recommendation is made that the church should give its urgent attention to the education of parishioners by way of inculcating a knowledge and committed disposition of love, obedience and trust towards God in respect of Biblical stewardship.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Wes–Transvaal, ervaar finansiële probleme. Hierdie probleme word dikwels slegs aan onvermydelike eksterne faktore soos droogtes, inflasie, ens. toegeskryf. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die aan– of afwesigheid van gehoorsaamheid en kennis by die lidmate 'n belangrike rol speel. In die lig daarvan is die volgende hipotese geformuleer: Die finansiële knelpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Wes–Transvaal kan nie net aan onvermydelike eksterne faktore toegeskryf word nie: dit staan in 'n deterministiese verband met ongehoorsaamheid aan en onkunde van die Bybelse eise rondom rentmeesterskap.

Nadat kerklike bydraes in historiese perspektief beskryf is, is daar uitvoerig aandag gegee aan die daarstelling van 'n Bybelse fundering van geldelike rentmeesterskap. Rentmeesterskap is beskryf as 'n liefdes–, gehoorsaamheids– en vertrouenshandeling. Aan die hand hiervan is 'n wesenstabel van geldelike rentmeesterskap opgestel.

In hoofstuk 4 is die presiese bydrae van die deursnee lidmaat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Wes–Transvaal, beskryf. Ter aanvulling hiervan is 'n vraelys opgestel met die oog op die vasstelling van persepsies wat by die lidmate van die kerk leef.

In die laaste hoofstuk is die verskynsel geanaliseer, geïnterpreteer en verklaar. Daar is bevind dat die gemiddelde lidmaat 'n baie lae persentasie, selfs van diskresionêre inkomste, as geldelike offergawe aanbied. By die ontleding van die besteding van die deursnee huisgesin, is daar bevind dat die geldelike bydrae van die deursnee lidmaat dui op 'n afwesigheid van die elemente liefde, gehoorsaamheid en vertroue. 'n Ontleding van die waargenome houdings ondersteun hierdie bevinding. Daar word vermoed dat lidmate, naas die Bybelse norme, op 'n menslik–konsensuele wyse 'n eie

norm oor 'n "aanvaarbare" kerklike bydrae gegenereer het.

In hierdie navorsing is die aanvanklike hipotese bevestig. 'n Aanbeveling word gemaak dat die kerk groot erns maak met die opvoeding van lidmate deur die deurgee van kennis en die kweek van 'n gesindheid van liefde vir, gehoorsaamheid aan en vertroue op God.

# INHOUD

HOOFSTUK 1

**WETENSKAPLIKE BEGRONDING EN INLEIDENDE OPMERKINGE**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | STUDIEONTWERP | 1 |
| 1.1 | Onderwerp van studie | 1 |
| 1.2 | Motivering vir die keuse van die studieonderwerp | 2 |
| 1.2.1 | Die wese van die kerk | 2 |
| 1.2.2 | Die welwese van die kerk | 4 |
| 1.2.3 | Bybels–onverantwoordbare praktyke | 7 |
| 1.2.4 | Bestaande navorsing en literatuur | 9 |
| 1.3 | Probleemformulering | 11 |
| 1.3.1 | Probleemstelling | 11 |
| 1.3.2 | Ontledingseenheid | 11 |
| 1.3.3 | Navorsingsdoelstelling | 12 |
| 1.3.4 | Navorsingstrategie | 13 |
| 1.4 | Konseptualisering en operasionalisering | 14 |
| 1.5 | Hipotese | 16 |
| 1.6 | Oriëntering t.o.v. die teologiese ensiklopedie van vakke | 17 |
| 1.7 | Probleme wat met die navorsing ondervind is | 17 |
| 1.8 | Voorgenome verloop van die navorsing | 17 |

HOOFSTUK 2 20

**2 'N HISTORIESE OORSIG MET BETREKKING TOT KERKLIKE BYDRAES**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | DIE VROEË CHRISTELIKE KERK | 20 |
| 2.1.1 | Die gees en gesindheid wat in die vroeë kerk geheers het | 20 |
| 2.1.2 | Dade van opoffering in die vroeë kerk | 22 |
| 2.1.3 | Gesindheid teenoor rykdom | 24 |
| 2.1.4 | Die wyse waarop middele verkry is | 24 |
| 2.1.5 | Voorskrifte met betrekking tot die gee van tiendes | 27 |
| 2.1.6 | Armoede word as 'n seën beskou | 27 |

2.1.7 Eksterne faktore wat die gee van gawes beïnvloed het 28
2.2 DIE MIDDELEEUSE KERK 30
2.2.1 Kenmerkende tekens van armeversorging en liefdadigheid 30
2.3 DIE HERVORMING 35
2.3.1 Die Lutherse invloed 36
2.3.2 Johannes Calvyn 39
2.3.3 Tiende: betekenisverandering en weerstand 41
2.3.4 Groter finansiële betrokkenheid van lidmate 42
2.4 DIE VROEË NEDERLANDSE GEREFORMEERDE KERK 43
2.5 ONTWIKKELING IN SUID AFRIKA 49
2.5.1 Die kerk aan die Kaap 1652–1795 49
2.5.2 Die Engelse besetting 1795 – 1803 51
2.5.3 Die Kerkorde van De Mist 51
2.5.4 Die Sinode van 1824 53
2.5.5 Ordinansie 7 van 1843 53
2.5.6 Ontwikkeling in die Transvaalse kerk 54
2.6 OPSOMMING VAN TENDENSE IN DIE GESKIEDENIS 67

HOOFSTUK 3

3 GELDELIKE RENTMEESTERSKAP: 'N TEOLOGIESE BEGRONDING 69
3.1 RENTMEESTERSKAP: 'N LIEFDESHANDELING 72
3.1.1 Liefde as 'n religieus–teologiese verskynsel in die Woord. 72
3.1.2 Rentmeesterskapsimplikasies in die liefde 82
3.2 RENTMEESTERSKAP: 'N GEHOORSAAMHEIDSHANDELING 86
3.2.1 Die heiligheid van God en die implikasies daarvan 86
3.2.2 Die mens se persepsie van homself 90
3.2.3 Die norme wat God gegee het 93
3.2.3.1 Die lidmaat en sy gesindheid 93
3.2.3.2 Die dekaloog 95
3.2.3.3 Offers:
A Die offer as 'n algemene verskynsel 106
B Die Ou Testamentiese offers 111

C Die gee van Tiendes in die Ou Testament 116
3.2.3.4 Rentmeesterskapsindikasies by Christus 120
A Die Profeet 120
B Die Priester 133
C Die Koning 135
3.2.3.5 Rentmeesterskap binne die eerste gemeente 136
3.2.3.6 Rentmeester en verwante begrippe in die Skrif 143
3.2.3.7 Die priesterskap van alle gelowiges 148
3.2.3.9 Die Pauliniese kollekte 154
3.2.4 Die toerusting wat God gee 159
3.2.5 Rentmeesterskapsimplikasies vanuit die heiligheid van God 161
3.3 RENTMEESTERSKAP: 'N VERTROUENSHANDELING 167
3.3.1 Die almagtige God 167
3.3.2 God as Skepper en Onderhouer 170
3.3.3 Die almagtige God is ook 'n Vader 172
3.3.4 Rentmeesterskapsimplikasies vanuit die almag van God 174
3.4 RENTMEESTERSKAP: 'N WESENSTABEL 177

HOOFSTUK 4

4 **RENTMEESTERSKAP IN DIE NED. GEREF. KERK: WES – TRANSVAAL** 181
4.1 DIE FINANSIËLE SITUASIE VAN DIE GEMEENTES 181
4.2 DIE LIDMAAT EN SY GELDELIKE BYDRAE 186
4.3 DIE LIDMAAT EN SY WAARGENOME GESINDHEID 195

HOOFSTUK 5

5 **'N ANALISE, ITERPRETASIE EN VERKLARING VAN GELDELIKE RENTMEESTERSKAP IN DIE NED. GEREF. KERK: WES–TRANSVAAL** 204
5.1 DIE FINANSIËLE SITUASIE VAN DIE GEMEENTES 204
5.2 DIE LIDMAAT EN SY GELDELIKE BYDRAE 207
5.3 TOETSING VAN DIE HIPOTESE 213
5.4 DIE LIDMAAT EN SY WAARGENOME GESINDHEID 214
5.5 AANBEVELINGS 223

BIBLIOGRAFIE 225

# HOOFSTUK 1
# WETENSKAPLIKE BEGRONDING EN INLEIDENDE OPMERKINGE

## 1 STUDIEONTWERP

> *Die doel van die wetenskap, gesien in Bybelse beligting, is dat dit in alle opsigte wetenskap sal wees om ås wetenskap die eer en verheerliking van God te verkondig, en diens te lewer aan mens en gemeenskap (Heyns en Jonker 1974:50).*

Die teologie rig hom as wetenskap op 'n besondere gemeenskap – die kerk. Tussen teologie en kerk bestaan daar 'n besondere verhouding.

> *Waar die verhouding van die teologie en die kerk in orde is, en die teologie sy funksie as "ancilla ecclesiae" – dienares van die kerk – verstaan en uitvoer, daar sal die teoloë en hul teologie die voelhorings wees waarmee die kerk die moderne denke aftastend weeg en beoordeel: op assimileerbare waarheidselemente sal gewys word en op bedreigende gevare sal die aandag gevestig word (1974:194).*

Met hierdie eksterne doelstellinge (1974:44) voor oë (verheerliking en diensbaarheid), word hierdie studie aangepak en word die vraag gestel:

Waarom ervaar die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal op verskeie terreine 'n tekort aan fondse?

### 1.1 ONDERWERP VAN STUDIE

**Rentmeesterskap in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal – 'n beskrywend–verklarende studie.**

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE STUDIEONDERWERP

By die motivering van die onderwerp word daar eerstens onderskei tussen dit wat enersyds op die terrein van die wese en andersyds op die terrein van die welwese van die kerk lê. Daarna word gelet op onverantwoordbare praktyke en bestaande navorsing.

### 1.2.1 Die wese van die kerk

Die kerk beleef finansiële probleme. Is hierdie probleme 'n aanduiding dat die kerk, kerklidmaatskap en met name die sentrale geloofswaarhede van die Skrif, besig is om tot 'n randverskynsel te verskraal? Indien dit waar is dat kerklike bydraes vanuit die lidmaat se diskresionêre inkomste gefinansier word, is dit dan nie juis 'n bevestiging van die voorafgemelde nie?

Met diskresionêre inkomste word bedoel geld wat die lidmaat kan aanwend nadat hy sy vaste en verpligte uitgawes aangegaan het. Geleenthede om in restaurante te eet, bywoning van vertonings ens., is wel deel van die diskresionêre besteding. Die kerk is volgens Viljoen aangewese op die diskresionêre inkomste van lidmate. Dit is die komponent van die lidmaat se inkomste waaruit hy die kerk se bydrae gee. Die lidmaat het nog nie so ver in sy geestelike lewe gevorder dat hy of sy huis of sy vervoer sal afskeep terwille van die kerk nie (Viljoen in 'n bylaag tot die Sakelys van die Sinodale Begrotingskommissie van die Ned. Geref. Kerk van Wes–Transvaal: 20.02.1990).

Die begrippe *wese* en *welwese*, is veral bekend in die sfeer van die Kerkreg en die hantering van sy bepalinge.

> *Ook met een organisatie die tip top in orde is, zijn wij volstrekt niet klaar. Dergelijke bepalingen hebben in werklijkheid niet meer dan een ondergeschikte betekenis. Het eigentlijke leven van de kerk voltrekt zich daar geheel buiten om. Dat word ten wezenlijkste bepaald en beheerst door het geloof; door de*

> *hartelijke bereidheid om de Heer te dienen, om te strijden voor de saak van Zijn koninkrijk, om te zoeken het heil van alle deelgenoten in dat rijk (Nauta 1971:15).*

Met die verwysing na die wese van die kerk, word kernelemente van die geloof bedoel. Hier gaan dit inderdaad om sake soos geloof, bereidheid tot diens, gehoorsaamheid en betrokkenheid. Bavinck sê oor die wese van die kerk die volgende:

> *Nu is er geen twyfel aan, dat volgens het Heilige Schrift het wezen der kerk daarin ligt, dat zij het volk Gods is. (Bavinck 1967:4–282).*

Finansiële voorspoed waarborg nie dat alles in die kerk in orde is nie. Wanneer die kerk egter geldelike knelpunte ervaar, ontstaan die vraag onwillekeurig of die verskynsel bloot aan eksterne faktore soos byvoorbeeld die breëre ekonomiese klimaat of politieke woelinge toegeskryf kan word. Dit is opvallend dat nie 'n enkele woordvoerder van die kerke in 'n koerantberig, aan 'n dieperliggende oorsaak oorweging skenk nie. Daar word volstaan met redes soos rentekoerse, droogte, werkloosheid en ontvolking (Rapport 2.02.1986).
Daar moet vasgestel word in welke mate hierdie probleem as 'n ondergeskikte een afgemaak kan word, en of hierdie verskynsel nie ook die vrug van 'n gebrek aan geloof en 'n daarmee gepaardgaande gebrek aan bereidheid tot diens en gehoorsaamheid aan Sy wil is nie. Vanselfsprekend sou só 'n gevolgtrekking dui op 'n ernstige probleem binne die kerk.

In die beskouing van die Skrif moet daar vasgestel word of rentmeesterskap nie baie nader aan die skopus geleë is as wat vry algemeen aanvaar word nie.

> *Ook in de Schrift ligt niet alles even dicht om het centrum geschaard; er is eene peripherie, die wijd om het middelpunt zich heen beweegt, maar ook zij behoort tot den cirkel der gedachten Gods (Bavinck 1967: 1–410).*

Wanneer Heyns oor die skopus en periferie van die Skrif handel, waarsku hy teen 'n soteriologiese verenging van Gods handelinge.

> *Wanneer ons die openbaring in Jesus Christus die sentrale inhoud van die Skrif noem, dan mag dit nooit gaan met die uitsluiting of selfs verwaarlosing van die gedagte van Gods universele heerskappy oor ál die werke van Sy hande én die daarmee geïmpliseerde oproep tot gehoorsame aanvaarding van Sy heerskappy nie (Heyns 1978:28).*

Die vraag ontstaan of die kerk se geldelike probleme nie juis simptomaties van 'n dieperliggende verwaarlosing is nie – 'n verwaarlosing waarin Gods wil nie triomfeer nie (1978:352), en die kerk, wat dít betref, dikwels nie 'n teken van die koninkryk is nie.

Dit is veral kommerwekkend wanneer 'n kerk, vanweë beperktheid van fondse, sy roeping om te getuig in 'n groot mate moet inperk – en tog het die kerk geen ander taak as om in die wêreld te getuig nie (1978:363). Gedurende Februarie 1986 getuig die Saakgelastigde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal: "Vanjaar moes ons noodgedwonge ons begroting vir sendingwerk besnoei" (Rapport 2.02.1986).

> *Tekorte in die kerkkas, roep om reformasie (Kommissie Vir Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid – Transvaal (1980:43).*

Ernstige afwykings op hierdie vlak sou beslis roep om 'n terugkeer tot die Skrif.

### 1.2.2 Die welwese van die kerk

Met die welwese van die kerk word die kerk se finansiële vermoë of onvermoë bedoel. Dit gaan hier om die kerk se vermoë om met die fondse waaroor hy beskik, te funksioneer, te oorleef en uit te brei.

> *GELDNOOD RUK KERKE*
>
> *Die drie Afrikaanse Susterskerke in Suid – Afrika en Suidwes sit op die*

> *oomblik met 'n gesamentlike skuldlas van miljoene rande. Tientalle gemeentes is geldelik op hulle knieë. Hul skuldlas word elke maand om verskeie redes net hoër. Predikante lê snags wakker van bekommernis oor hoe hul gemeentes daarin moet slaag om kop bo water te hou (Rapport 2.02.1986).*

Hierdie berig veralgemeen en word dramaties aangebied – tog kan daar nie ontken word dat hierdie berig waarheidselemente bevat nie. Die situasie het in die tussentyd nie wesentlik verander nie. Die kerk ervaar steeds op al die vlakke van sy werksaamhede tekens van finansiële druk.

> *TE MIN GELD DWING LERAARS UIT HUL KERKE*
>
> *Die feit dat agt predikante van die NG Kerk landwyd hul gemeentes moet verlaat weens die finansiële krisisse in hul gemeentes, is onrusbarend en noodsaak 'n dringende ondersoek na die struktuur van die NG Kerk. Só het prof. Johan Heyns, voorsitter van die ASK, gister by navraag gesê (Beeld 9.11.1989).*

En in dieselfde artikel weer eens die volgende:

> *Dr. Pierre Rossouw, Direkteur van Ekumeniese Sake en Inligting van die NG Kerk, het gesê die ontvolking van die platteland, herhaalde mislukkings van landbou-oeste en werkloosheid weens die verskuiwing van fabrieke het tot die geldelike krisisse in party gemeentes bygedra.*

Terwyl **tentmakerbediening** as 'n alternatiewe bedieningswyse voorheen bykans nooit op die agenda van die kerk verskyn het nie, het dit in die afgelope tyd druk onder bespreking gekom. Met tentmakerbediening word bedoel daardie soort bediening waar 'n leraar bo en behalwe sy werk as leraar ook nie–kerklike werk verrig, terwyl hy steeds aanbly as leraar van 'n gemeente – of anders gestel: dit is 'n situasie waar 'n leraar deeltyds diens verrig in 'n gemeente, terwyl hy met behoud van status leraar bly. Hierdie saak het reeds voor verskeie vergaderinge van die kerk gedien en is in 1986 deur die Algemene Sinode van die kerk na 'n kommissie vir verdere studie verwys. (Die Kerkbode 10.03.1989).

Van der Watt skryf in die kerkbode:

> *Persoonlik is ek van mening dat ons kerk die sogenaamde tentmakerbediening nie langer kan keer nie. Natuurlik is dit nie die finale antwoord nie, maar beslis 'n maatreël wat ook aangewend kan word.*
>
> *...myns insiens dwing die toenemende verslegtende finansiële toestand van sommige gemeentes die kerk om ook hierdie besondere bedieningsmoontlikheid te aanvaar (Die Kerkbode 10.03.1989).*

Alhoewel dit hoegenaamd nie die bedoeling is om in hierdie navorsing die tentmakerbediening te evalueer nie, ontstaan die vraag onwillekeurig of 'n mens in hierdie hele debat nie weer eens 'n simptomatiese benadering waarneem nie. In só 'n geval sou ons hier hoogstens met noodmaatreëls te make hê. Uit die aanhaling blyk dit duidelik dat die instelling van 'n tentmakerbediening gemotiveer word deur die kerk se verslegtende geldelike situasie. Weer eens ontstaan die vraag onwillekeurig: wat is die werklike kousale faktore? Gemeentes sonder behoorlike bediening is immers 'n ernstige saak en voortgesette noodmaatreëls, sonder dat die dieperliggende oorsake aangespreek word, sal noodwendig tot 'n eskalasie van die werklike probleem aanleiding gee.

**Die Sinode van Wes–Transvaal** is in die besonder die objek van hierdie navorsing. Oor die finansiële toestand van hierdie Streeksinode, sal daar in 'n latere hoofstuk breedvoerig aandag gegee word. Ter motivering van die voorgenome navorsing word, op hierdie stadium, net die volgende genoem:
Die dagbestuur van die Sinodale Begrotingskommissie rapporteer dat daar in hierdie gebied tans 48 gemeentes is wat ernstige finansiële probleme ondervind. Dit is veral insiggewend wanneer daar daarop gelet word, dat hierdie Sinode volgens die Saakgelastigde een van die sinodale gebiede is wat die minste probleme oplewer met die vereffening van die sinodale aanslag.

Die volgende word deur gemeentes in nood as redes vir hul posisie aangegee:

Droogtes.

Bydraes van gemeentelede nie na wense.

Algemene kostestygings en ekonomiese agteruitgang.

Groot getalle pensioenarisse.

Rentelas op skuld.

Krimpende lidmatetal.

Tekort aan kerkraadslede.

Lidmate wat nie meeleef a.g.v. politieke sieninge.

Hoë sinodale aanslag.

Kerkskeuring.

Geakummuleerde tekorte oor jare.

Sentrale dorpsgedeelte wat verarm en verouder.

Dankoffers hou nie tred met uitgawe–groei.

Gemeente bestaan uit woonstelbewoners.

Wisselende gemeenskap (Sakelys van die Sinodale Begrotingskommissie; Bylae 9.6 : 20.2.1990).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat navorsing op hierdie terrein dringend noodsaaklik geword het, ook terwille van die welwese van die kerk.

### 1.2.3 Bybels–onverantwoordbare praktyke

Kerke en gemeentes wat in geldnood verkeer, vorm 'n vrugbare teelaarde vir allerlei praktyke wat vreemd is aan die gees van die Bybel en geloof.

> *"Ons hou kermisse en basaars, maar dit help ook maar net sóveel."*

> *Dié dominee het onlangs begin om sitplekke in die kerk teen R40 aan gemeentelede te verkoop.*
>
> *Ds Eloff het onlangs ook met 'n nuwe geldinsamelingsprojek begin – die verkoop van resepteboeke – "alles om geld te kry om kop bo water te hou."*
>
> *Ds Eloff het ook al vir Leon Schuster, 'n lidmaat en 'n gewese ouderling in sy gemeente, ingespan om 'n konsert te hou en só geld in te samel (Rapport 2.02.1986).*

Die bedoeling is nie om uitspraak oor die bogenoemde te gee nie. Die aandag word slegs gevestig op 'n ingesteldheid wat vatbaar kan wees vir vreemde praktyke en sogenaamde noodmaatreëls. 'n Ander gevaar wat ook nie uit die oog verloor moet word nie, is dat 'n gemeente só sterk op voortbestaan en die insameling van fondse gerig kan wees, dat die gemeente sy primêre roeping uit die oog verloor. Sommige teoloë wys op die moontlikheid van die ontstaan van 'n teologie wat té sterk op materiële resultate gerig is.

> *If the aim of stewardship were only to achieve practical results, such as securing money for a worthy cause, any kind of theology serving this purpose would be justified.*
>
> *Here is a type of theology which has lost none of its effectiveness for the purpose of raising money. It is the theology of Protestants too when they present their offerings to God in the expectation of receiving blessings in return. But it is not the theology of the gospel and it has nothing to do with stewardship based upon the gospel (Kantonen 1956:9).*

Die gevaar ontstaan weer eens dat die oppervlakkige simptome langs hierdie weg behandel word, terwyl die dieperliggende redes nie aangespreek word nie.

> *Terugkeer na die Skrif, is die wekroep en nie die toevlug na ander bedrywighede nie. Selfs toe daar hongersnood en hulpbehoewende gemeentes ontstaan het, is daar nie toevlugte na allerlei geldinsamelingsmetodes geneem nie; nee, die Christene het hul hand in die sak gesteek en uit liefde gegee. Hand. 16 en 1 Kor. 16 (Kommissie vir Leer en Aktuele Sake 1980:43).*

### 1.2.4 Bestaande navorsing en literatuur

In Suid–Afrika en met name in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, kon geen diepgaande navorsing oor hierdie onderwerp opgespoor word nie. In 1957 is 'n B.D.–skripsie by die Stellenboschse Universiteit ingedien, maar hierdie werk beperk hom tot die tema van die gee van tiendes en poog nie om die breëre rentmeesterskapsbegrip te behandel nie. Die heersende kerklike praktyk word ook nie beskryf en geëvalueer nie ( Uys 1957:65pp.). Gedurende 1962 verskyn 'n soortgelyke werkie as vrug van die besprekings en besluite wat op die voorafgaande Sinodes van die Ned. Geref. Kerk in die Kaap en die Raad van Ned. Geref. Kerke geneem is (Du Toit en Verhoef 1962:32pp.). Van Taak hanteer in 'n M.Th.–verhandeling die eweredige bydrae as metode van kerklike insameling. Hierdie navorsing konsentreer hoofsaaklik op die gemeentes se bydraes aan die sinodes ( Van Taak 1983:169pp.). Joubert hanteer in sy D.D.–proefskrif die armoedeprobleem van die Jerusalemgemeente. Barmhartigheid staan hier in die fokus ( Joubert 1987:379pp.). 'n Ander werk wat ook in 1987 as 'n M.Th.–verhandeling ingedien is, handel oor "stoflike aangeleenthede" na luid van artikel 57 van die Kerkorde. Rentmeesterskap word hier op 'n beperkte skaal behandel (Johnson 1987:93pp.). Die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid–Transvaal (Ned. Geref. Kerk) het ook 'n werkie gepubliseer: Die Skrif en ons dankoffers (1980:46pp.).
Dit was verblydend om te kon waarneem dat daar van die kant van die kerk uiteindelik 'n poging aangewend is om lidmate te skool in die beginsels van finansiële rentmeesterskap, met die daarstelling van 'n Bybelkorkursus (Bybelkor K75/1:60pp.).

Hierteenoor het rentmeesterskap reeds vir etlike jare besondere aandag in die Verenigde State van Amerika geniet:

> *It was the American church that took this term out of the biblical texts and employed it as a designation for an attitude within Christian congregational life, which has resulted in a rediscovery of that personal responsibility which*

*each Christian must assume for his congregation (Brattgård 1963:2).*

Sommige slaan die belang van hierdie sogenaamde herontdekking besonder hoog aan:

> *Here the insights of our American brethren in faith have, in perspective of church history, something of the same significance as the lessons which the German Lutheran Reformation has taught us about justification by grace, or the Communion of the Brethren about the unity of God's children (Kantonen 1956:1, soos hy na Lilje uit die voorwoord van Rendtorff:1952 verwys).*

Alhoewel hierdie stelling na 'n oorbeklemtoning klink, moet daar nogtans deeglik van hierdie rentmeesterskapsbeweging en sy moontlike bydrae kennis geneem word.

Dat daar baie vrae in die harte van beide lidmate en leraars leef, kan nie ontken word nie. Die reeds aangehaalde werkie van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake is destyds juis in reaksie hierop gepubliseer.

Uit 'n berig oor 'n vergadering van die Federale Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, blyk dit duidelik dat navorsing in hierdie verband nog uitstaande is:

> *TIENDE*
>
> *Die komitee sê baie navorsing moet nog hieroor gedoen word.*
> *Die komitee het nie klinkklare gegewens oor hoeveel die gemiddelde lidmaat vandag vir sy kerk gee nie, maar bereken dat dit baie minder is as 'n tiende van hul inkomste (Rapport 16.03.1986).*

Samevattend is dit duidelik dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk navorsing op hierdie gebied dringend benodig. Hierdie navorsing moet die huidige praktyk binne die kerk beskryf en die bevindinge gaan toets aan die hand van 'n Bybels–gefundeerde wesenstabel waarin die essensies van Christelike rentmeesterskap duidelik belig word.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

### 1.3.1 Probleemstelling

Kan die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal se oënskynlike tekort aan fondse slegs aan onvermydelik eksterne faktore soos byvoorbeeld die breëre ekonomiese klimaat in die land toegeskryf word? In watter mate is ongehoorsaamheid aan en onkunde van die Bybelse eise rondom rentmeesterskap bydraende of selfs oorsaaklike faktore? Wat is die Bybelse eise rondom rentmeesterskap en in die besonder die geldelike? Hoe lyk die Sinodale gebied van die Wes–Transvaalse Kerk se finansies en in watter mate is dit versoenbaar met die Bybels prinsipiële?

### 1.3.2 Ontledingseenheid

Die ontledingseenheid is die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal, wat bestaan uit 'n onafhanklike sinode met 17 ringe en 151 gemeentes (Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 1990:131–138). Die navorsing word tot die gebied van hierdie sinode beperk omdat hierdie sinode finansieel selfstandig en onafhanklik van die ander sinodes van die kerk funksioneer.

Die ontledingseenheid word soos volg verder verfyn:
Die kerk se uitvoering van die Bybelse voorskrifte rondom rentmeesterskap en in die besonder finansiële offergawes.
Daar sal gewaak word teen die gevaar van reduksionisme wat in hierdie besondere navorsing 'n wesentlike gevaar inhou.

> *Wanneer 'n vakwetenskaplike egter verder gaan en postuleer dat sy besondere perspektief die enigste korrekte benadering tot die verskynsel is of as sy verklaring aangebied word as die enigste aanvaarbare verklaring, is daar reduksionisme (Mouton 1985:42).*

Die navorsing word in sinchroniese verband gedoen. "Sinchroniese studies neem 'n bepaalde verskynsel op 'n gegewe moment as voorwerp van navorsing". (1985:41).

### 1.3.3 Navorsingsdoelstelling

Daar is besluit op beskrywende en verklarende navorsing.

#### 1.3.3.1 Beskrywend

Die bedoeling hiermee is om "dit wat is, op die een of ander wyse akkuraat en noukeurig weer te gee" (1985:44).
Veral twee vrae is van toepassing:

* Wat is die Bybelse eise rondom rentmeesterskap en in die besonder die geldelike?
* "Die komitee het nie klinkklare gegewens oor hoeveel die gemiddelde Nederduitse Gereformeerde lidmaat vir sy kerk gee nie" (Rapport 16.03.1986). Die huidige kerklike praktyk is dus onbekend.

Daar sal enersyds gepoog word om die Bybelse norme rondom finansiële rentmeesterskap en andersyds ook die huidige kerklike praktyk te beskryf, om sodoende akkurate data oor die domeinverskynsel daar te stel.

#### 1.3.3.2 Verklarend

Hier geld veral die vraag rondom die verband tussen ongehoorsaamheid en of onkunde en die kerk se finansiële dilemma. Met hierdie studie word beoog om in terme van kousaliteit, die ontstaan van finansiële probleme in die kerk gedeeltelik te verklaar.

Volgens Mouton word daar nou "aanvaar dat 'n bepaalde verskynsel of gebeurtenis die gevolg van meerdere oorsake kan wees. Die aanname van uniliniêre oorsaaklikheid is daarom ingeruil vir 'n meer gesofistikeerde benadering tot oorsaaklikheid in die geesteswetenskappe" (1985:45).

Zetterberg wys daarop dat veranderlikes op verskillende wyses in 'n oorsaaklike verband kan staan:

> *In die eerste instansie kan die verband wederkerig wees (indien X, dan Y; indien Y, dan X) of nie –wederkerig (indien X, dan Y; maar indien Y, dan geen gevolgtrekking ten opsigte van X).*
> *Tweedens kan 'n verband deterministies (indien X, dan altyd Y) of stogasties (indien X, dan waarskynlik Y) wees.....(Cilliers 1967:50 soos hy verwys na Zetterberg 1963:16–17).*

Indien dit in hierdie navorsing slegs om fondse sou gaan, dan sou daar oorweging gegee moes word aan die moontlikheid van 'n stogastiese verband. Wanneer die norme van die Skrif ook ter sprake kom, is 'n deterministiese verband meer toepaslik. Dit is vir 'n lidmaat van die kerk byvoorbeeld moontlik om ruim by te dra en tog onkundig en of ongehoorsaam te wees. 'n Geldige kousale verklaring moet op die volgende berus:

* Die vind van 'n bepaalde opeenvolging van oorsaak en gevolg.
* Die bepaling van die werklike oorsake van die finansiële nood in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal.
* Dat die kousale veranderlikes en die afhanklike veranderlike kovarieer.

### 1.3.4 Navorsingstrategie

In hierdie studie sal 'n kwantitatiewe benadering gehandhaaf word.

> *...die kwantitatiewe navorser is meer gesteld daarop om hipoteses vooraf te formuleer en wel op so 'n wyse dat dié ook uiteindelik deur die*

> *navorsingsbevindinge verwerp of gefalsifiseer word, terwyl die hele ondersoek ook om die hipotese wentel (Mouton 1985:163).*

Die strategie sal gerig wees op 'n universele belang: 'n Verteenwoordigende groep lidmate sal bestudeer word – op grond van sodanige studie sal daar dan na die universum, die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal, veralgemeen word. 'n Universele verklaring word beoog, ten einde tot insig te kom in watter mate ongehoorsaamheid aan en onkunde van die Bybelse eise rondom rentmeesterskap, aanleidende faktore en oorsake van die kerk se finansiële probleme is. Dit sal eerstens geskied deur 'n inhoudsontleding van bronne ten einde vas te stel wat die Bybelse norme is. Tweedens sal die aanwesigheid/afwesigheid van hierdie wesenselemente van rentmeesterskap met behulp van vraelyste by die ampsdraers en lidmate van die kerk vasgestel word. Sodoende sal daar gepoog word om geldige afleidings te maak ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal se gehoorsaamheid aan en gesindheid teenoor die Skrif binne die gegewe situasie.

Ten einde tot 'n universele verklaring te kom, word 'n deduktiewe strategie gevolg.

> *In die deduktiewe strategie begin die navorser die projek met 'n duidelike konseptuele verwysingsraamwerk – 'n model, tipologie of teorie. Hierdie raamwerk lei op 'n relatief rigiede wyse die konseptualisering, operasionelisering en data–insameling en vorm dan ook uiteindelik die raamwerk vir die ontleding en interpretasie (1985:103).*

## 1.4 KONSEPTUALISERING EN OPERASIONALISERING

Die bedoeling is om 'n operasionele oriëntasie oor rentmeesterskap binne die konteks van die teologie te verkry. Pogings om die begrip en verskynsel te definieer, het tot dusver in 'n groot mate misluk.

Aan die een kant is sommige pogings te wyd en algemeen van aard. Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

> *... the practice of christian faith.*
>
> *Faith in action (Brattgård 1963:4 soos hy verwys na Lindholm 1957:XV111 en Olson 1958).*
>
> *It is what I do after I have said: I believe (1963:4 soos hy Kantonen verwysend na Stoughton aanhaal).*

Die probleem is dat hierdie definisies eintlik niksseggend is. Aan die ander kant neig definisies weer om té spesifiek te wees, byvoorbeeld wanneer rentmeesterskap net aan fondse of materiële besittings gekoppel word.

Gedurende 1946 is die volgende definisie uit 150 voorstelle wat voor die Amerikaanse "United Stewardship Council" gedien het, aanvaar:

> *Christian stewardship is the practice of systematic and proportionate giving of time, abilities and material possessions, based upon the conviction that these are trusts of God to be used in his service for the benefit of all mankind in grateful acknowlegement of Christ's redeeming love (1963:5).*

Kritiek teen hierdie definisie het ook nie uitgebly nie. Daar is byvoorbeeld gevoel dat die aksent té veel op die "gee"–aspek geplaas word, in plaas van op 'n vennootskapsbenadering van God en mens (1963:5).

As vertrekpunt van hierdie navorsing en met die oog op konseptualisering, word hierdie definisie van 1946 aanvaar.

Dit is duidelik dat dit in rentmeesterskap om veel meer gaan as die gee van fondse; dit gaan inderdaad om 'n gesindheid van die hart, wat vele ander vrugte dra. Aan die ander

kant is offergawes baie duidelik 'n aspek van rentmeesterskap. In hierdie navorsing gaan dit om hierdie aspek, maar dan mag dit nie losgemaak word van hierdie breëre bedding (rentmeesterskap) waarin dit gewortel is nie. Die doel van hierdie studie is nie om 'n nuwe definisie van rentmeesterskap daar te stel nie; daar sal eerder gepoog word om 'n wesenstabel (reëele eienskappe) van rentmeesterskap en in die besonder die offergawes, op te stel. Hierdie wesenstabel sal van deurslaggewende belang wees by die opstel van 'n vraelys, aan die hand waarvan daar gepoog sal word om die verskynsel (praksis) binne die kerk te beskryf en gedeeltelik te verklaar. Omdat hierdie navorsing kwantitatief georiënteer is, is die gebruik van 'n vraelys in die operasionalisering van groot belang.

## 1.5 HIPOTESE

Empiriese wetenskap bestaan vir Popper daaruit, dat 'n wetenskaplike al sy "kennis" as voorlopige vermoedens sal beskou, wat aan streng toetse onderwerp moet word. Eers nadat die stellings die strengste moontlike toetse deurstaan het, kan dit tot die kader van wetenskaplike kennis toegelaat word ( Mouton 1987:34).

> *'n Hipotese is 'n stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer (Mouton 1985:135).*

Die volgende hipotese sal in hierdie studie deeglik getoets word en uiteindelik sal met inagneming van die bevindings, bepaal word of dit 'n negatiewe of 'n positiewe hipotese is:

**Die finansiële knelpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal kan nie net aan onvermydelik eksterne faktore toegeskryf word nie: dit staan in 'n deterministiese verband met ongehoorsaamheid aan en onkunde van die Bybelse eise rondom rentmeesterskap.**

## 1.6 ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE TEOLOGIESE ENSIKLOPEDIE VAN WETENSKAPPE

Hierdie navorsing lê op die terrein van die diakonologiese vakke.

> *Twee dinge moet hier egter direk ter verduideliking gesê word. Die eerste is dat dit hier nie gaan om die kerklike diens sonder meer nie, maar om die kerklike diens ás middel waardeur die kennis van en lewe uit die openbaring van God gedien word. Die tweede opmerking is dat die blikrigting van hierdie vakke om praktiese redes spesifiek beperk bly tot die diakonia van die gemeente met die oog op die innerlike opbou van die gemeente self (Heyns en Jonker 1974:296–297).*

Die studie hoort spesifiek by die diakoniek, en uit dit wat in die hipotese geformuleer is, word daar volmondig met Heyns saamgestem wanneer hy sê: "Die diakonaat van die gemeente is veel meer 'n wyse van bestaan van die gemeente as dat dit slegs die arbeid van enkele ampsdraers is" (1974:301).

## 1.7 PROBLEME WAT MET DIE NAVORSING ONDERVIND IS

Omdat rentmeesterskap – in sy huidige gedaante altans – 'n relatief nuwe begrip en in Suid–Afrika redelik onbekend is, is bronne oor die onderwerp baie skaars.

## 1.8 VOORGENOME VERLOOP VAN NAVORSING

Die voorgenome navorsing word in vier afdelings behandel. Daar is eerstens 'n hoofsaaklik **historiese gedeelte:**

**Hoofstuk 2.**

**'n Historiese oorsig met betrekking tot kerklike bydraes.**

Hier word die aandag bepaal by 'n kursories–historiese oorsig van materiële bydraes in die

kerk. Die gebruike en beskouings in die verskillende stadia van die ontwikkeling van die kerk sal geskilder word. Die belangrikheid daarvan spreek vanself.

Hierna volg 'n **beskrywend–prinsipiële** hoofstuk:

**Hoofstuk 3.**

**Geldelike rentmeesterskap: 'n teologiese begronding.**

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om, aan die hand van die Skrif, 'n teologiese begronding vir geldelike rentmeesterskap te beskryf. Om eensydighede te voorkom, word rentmeesterskap as 'n verhoudingsgebeure geskilder. Vanuit die Skrif word 'n wesenstabel opgestel waarin die belangrikste kenmerke van 'n Bybelse rentmeesterskap vervat word. Vir die uiteindelike evaluasie van die kerklike praksis, is dit van absolute belang.

Hierop volg 'n **beskrywende gedeelte**.

**Hoofstuk 4.**

**Geldelike rentmeesterskap in die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal.**

Die finansiële toestand van die kerk word hier beskryf en bespreek. Hier sal, onder andere, beskryf word hoeveel die lidmaat bydra.

Met behulp van die gebruik van vraelyste wat opgestel is om te toets vir die aan– of afwesigheid van die wesenselemente van materiële rentmeesterskap, word die lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes–Transvaal hier vanuit 'n waargenome rentmeesterskapsperspektief beskryf.

In die laaste gedeelte geskied die evaluasie van die kerklike praksis.

Hoofstuk 5.

'n Analise, interpretasie en verklaring van geldelike rentmeesterskap in die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal

Gevolgtrekkings, 'n verklaring en aanbevelings word hier aan die orde gestel. In hierdie hoofstuk word die wetenskaplike doelwitte wat in hoofstuk 1 gestel is, gerealiseer. Die geldigheid van die hipotese wat geformuleer is, word nou ook vasgestel.

# HOOFSTUK 2
# 'N HISTORIESE OORSIG MET BETREKKING TOT DIE KERKLIKE BYDRAES

Dit was by die nagaan van gesaghebbende bronne opvallend dat die onderwerp van dié hoofstuk byna sonder uitsondering, as 'n terloopsheid deur kerkhistorici behandel word.

## 2.1 DIE VROEË CHRISTELIKE KERK

Offergawes, barmhartigheid en diakonaat is in die vroeë kerk ten nouste verweef. Dit is daarom nodig om hierdie spoor deur die gang van die geskiedenis te volg indien 'n mens meer te wete wil kom van kerklike bydraes.

### 2.1.1 Die gees en gesindheid wat in die vroeë kerk geheers het

Reserwelose liefde het in die kerk geheers. Die vroeë kerk was een waarin álmal iets van die dienende karakter van die geloof verstaan en uitgeleef het. Daar was selfs sprake van 'n wedywering om jouself en jou besittings ten dienste te bring. In hierdie tyd was die gelowiges se gedagtes in 'n besondere mate gerig op die wederkoms wat vir hulle 'n saak van die hier en nou was. Hierdie benadering waarin die toekoms nie belangrik geag is nie, het dan ook die lidmate se houding teenoor materiële besittings op 'n besondere wyse georiënteer. Aardse besittings was nie vir hulle belangrik nie – die Wederkoms wel. (Lietzman 1967:Vol.I – 73)

> *Zorg voor de toekoms kende men dus niet. Men kende slechts zorg daarvoor, dat geen der broeders in de gemeente gebrek leed. Men wist*

> *zich pelgrims naar een ander land, dáár was het oog heen gerig; voor de schatten van het land waardoor men heen trok had men geen of weinig aandacht (Biesterveld 1907:70).*

Die lewe in die gemeente was die van 'n hegte gesin. Dit was vir die gemeente 'n eer gewees dat niemand in haar midde "armoe behoefde te lijden" (Berkhof en de Jong 1975:52). Liefde vir mekaar was allesoorheersend. Wanneer hy van die bydraes praat, onderstreep Latourette hierdie liefde wat geheers het en sê:

> *The motive that was stressed was also new: it was love in grateful response to the love of Christ, who, though he was rich, yet for the sake of those who were to follow him became poor, that they through his poverty might become rich (Latourette 1953:247).*

Gasvryheid is só algemeen toegepas dat ernstige voorsorgmaatreëls teen die misbruik hiervan spoedig geneem moes word.
Hierdie gesindheid het verder in die oud–Christelike kerk – die kerk van die tweede en die derde eeu – tot openbaring gekom. Kernagtig sê die kerkvader Tertullianus: "Ons het alles in gemeen, behalwe die vroue!" (du Toit Ongedateerd:25).

Hierdie tema kom dan ook dikwels by die apostoliese vaders voor:

> *Let the rich minister aid to the poor; and let the poor give thanks to God, because He hath given him one through whom his wants may be supplied. ...Seeing therefore that we have all these things from Him, we ought in all things to give thanks to Him, to whom be the glory for ever and ever (Clemens Ep. 1, par. 38).*
>
> *Thou shalt not hesitate to give, neither shalt thou murmur when giving; for thou shalt know who is the good paymaster of thy reward. Thou shalt not turn away from him that is in want, but shalt make thy brother partaker in all things, and shalt not say that anything is thine own (Didache par. 4).*
>
> *Thou shalt make thy neighbour partake in all things, and shalt not say that anything is thine own. For if you are fellow–partakers in that which is imperishable, how much rather shall ye be in the things which are perishable (Barnabas par. 19).*
>
> [*Lightfoot 1970:29,125 en 154*].

Ignatius skryf dan ook in sy brief (Smirna par. 6) dat die verkondigers van dwaalleer ook hierin te onderskei was en dat hul geen liefde en erbarming vir die weduwees, weeskinders, lydendes, gevangenes, die hongeriges en dorstiges geopenbaar het nie (1970:84). Aristedes gee die volgende getuienis oor die sosiale en sedelike lewe van die Christene in sy verweerskrif vir hulle aan keiser Antoninus Pius:

> *Die Christene het mekaar lief. Die weduwees word nie verag nie; die wese bevry hulle vån die wat hulle mishandel. Wanneer hulle 'n vreemdeling opmerk, voer hulle hom onderdak en verbly hulle oor hom soos oor 'n eie bloedbroer...En is onder hulle enige armes en behoeftiges en het hulle geen oorvloedige voorsiening nie, vas hulle twee tot drie dae ten einde die behoeftiges in hulle nood en onderhoud te versorg (de Klerk 1976:20 soos hy 'n aanhaling vertaal uit "Praktisch Theologisches Handbuch").*

### 2.1.2 Dade van opoffering in die vroeë kerk

Van die diaken is daar in hierdie gemeentes nie sterk optrede geverg nie. Dit was omdat die gemeentelede self so vervul was met 'n diakonale gees van opoffering, deelgenootskap en sorgsaamheid (1976:20). Liefdesdade het oorvloediglik voorgekom. Volgens Clemens het baie selfs só ver gegaan, dat hul hulself as slawe verkoop het om sodoende fondse te bekom om daarmee hulle wat honger het, te kon voed. Die Pastor van Hermas vertel van mense wat gevas het om daardeur voedsel aan ander beskikbaar te stel (Biesterveld 1907:71).

Dit is dus te verstane dat daar beweer word dat die destydse buitekerklikes die Christene van die eerste eeue met absolute verbasing aangestaar het. Hierdie liefdesdade het 'n geweldige trefkrag gehad. Barmhartigheid is deur hierdie Christene as vrug en bewys van ware geloof beskou.

> *De Christenen predikten meer met hun daden, dan met hun woorden. Terecht magt gezegd worden: "Naast den geloofsmoed en de stervensvreugde is het vooral de liefde geweest die dit kleine hoopje de overwinning deed behalen over de ongehoorde macht van het heidendom"[(Uhlhorn) 1907:71].*

Belangrik is dit om te onthou dat nie die gawe op sigself, maar die liefde altyd op die voorgrond gestaan het. In die kerk is daar gebid, nie alleen vir die armes en die wat in die openbaar of op verborge wyse-gee nie, maar inderdaad ook vir die wat "geven willen en niet kunnen" [(Uhlhorn) 1907:73]. Jonker tipeer die bywoon van die samekomste deur die vroeë Christene as 'n "offergang" (Jonker Ongedateerd:135).

Die gawes aan armes is deur die gewers daarvan ervaar as 'n gawe aan die Here self. Die armes, aan die ander kant, het die gawes beleef as komende van die Here. Op hierdie wyse is verleentheid by die ontvang van aalmoese uit die weg geruim. Daar is aan die Here gegee en van Hom ontvang (Biesterveld 1907:73). Die gemeente in Rome het in die jaar 250 nie minder as vyftienhonderd behoeftiges gehad nie. Dit is merkwaardig wanneer in gedagte gehou word dat die welgesteldes toe nog 'n klein persentasie beslaan het – en dit is veelseggend ten opsigte van die destydse hoë peil van offervaardigheid. (Berkhof en de Jong 1975:53).

Treffend het die Christelike barmhartigheid ook tydens pestilensies en plae tot openbaring gekom. Opofferinge is gemaak: nie net vir vriende nie, maar ook vir vyande. Die heidene het dikwels van hul siekes en sterwendes weggevlug, die dooies onbegrawe laat lê en nie in sulke huise gekom nie. Die Christene, aan die ander kant, het nie net na hulle eie mense omgesien nie, maar inderdaad ook na dié van die heidene (du Toit Ongedateerd:27).

### 2.1.3 Gesindheid teenoor rykdom

In die vroeë kerk is daar sterk kritiek uitgespreek teen die vergaar van oormatige rykdom. Daar is gedurig opgeroep om teen geldgierigheid en hebsug te waak (S.K.L.A.S 1980:23). Die Christene het nie die heidense sug na weelde geken nie. Oordaad is as 'n sonde beskou. Hul ganse lewensopenbaring, kleding, eet– en drinkgewoontes, dienspersoneel, huisraad ens., het van hierdie soberheid getuienis gegee (de Klerk 1976:23). Rykdom is as 'n gevaarlike verskynsel beskou. Tydens vervolging verloën die rykes Christus maklik, om sodoende hul besittings te mag behou. Rykes is beskou as God se gawe aan die kerk ter wille van die gemeenskap (Biesterveld 1907:72).

### 2.1.4 Die wyse waarop middele verkry is

Aanvanklik was die taak van die diaken beperk tot die verdeling en verspreiding van dit wat na die tafel van die Here gebring is. Met die verloop van tyd kom daar egter 'n sistematiese ontwikkeling in die ontvang en beheer van hierdie goedere.
Volgens Biesterveld (1907:74 – 79) het die kerk veral ses bronne van inkomste gehad.

#### 2.1.4.1 Maandelikse bydraes

Maandelikse bydraes is na die voorbeeld van die Romeinse collegia gemaak. Terwyl die collegia met straf gevorder word, is die bydrae in die Christelike kerk 'n vrywillige een waarin elkeen self besluit hoeveel hy gee. Later word hierdie maandelikse bydrae 'n weeklikse een. Dit geskied na aanleiding van 1 Kor. 16:2.
Nog later word daar gebruik gemaak van 'n offerkis wat in die ingang van die kerkgebou geplaas was. Om vir die arme iets te gee, is dan ook beskou as 'n noodsaaklike deel van die heiliging van die Sondag. Aanvanklik gee alle Christene met 'n bewonderenswaardige mildadigheid. In die derde eeu word daar gekla dat die offervaardigheid kwyn en aandag word bestee aan wyses waarop die offervaardigheid weer opgewek kan word.

### 2.1.4.2 Offergawes wat na die nagmaal en liefdesmaaltye gebring is

Volgens Biesterveld was hierdie bydraes die belangrikste waarmee die hand van die diakens gevul is. Aanvanklik was al die gawes "in natura", maar later word goud en silwer gebring en eersgenoemde raak in onbruik. Sedert die vierde eeu word "in natura" gawes verbied en slegs goedere wat by die erediens en nagmaal gebruik word (brood, wyn, olie, melk en heuning), is aanvaarbaar. Met die skeiding tussen die nagmaal en liefdesmaaltye is die bydraes in die oggend gebring en die offergawes (*oblationes*) in die aand.

> *About the end of the fourth century, the agape was taken out of the churches and held in private homes, which soon led to its discontinuance (Heick 1973: Vol 1 – 220).*

Opmerklik is dit dat daar tug oor die bydraes uitgeoefen is. Gawes waaraan daar "smet" gekleef het, is nie aanvaar nie. Slegs die gawes van lidmate wat volle regte in die kerk geniet, is aanvaar. Geen offergawes is aangeneem van uitgebanne of afvallige lidmate nie. Dit was volgens die standpunt van daardie tyd beter dat die kerk ten gronde gaan as dat dit bydraes van die "vyande" van die kerk sou aanvaar. Ook die gawes van die sogenaamde "lapsi" (hulle wat Christus tydens die vervolging verloën het) is nie aanvaar nie. So ook in die geval van persone wat 'n misdaad begaan het, persone wat in 'n twis met 'n medebroeder gewikkel was, gierigaards en diegene wat die armes onderdruk. Basilius het selfs die gawe van keiser Valens afgewys omdat hy by 'n broedertwis betrokke was.

### 2.1.4.3 Buitengewone kollektes

Hierdie kollektes is gevorder in tye wanneer mense deur rampe en ellendes getref is. So is daar dan ook by geleentheid 'n kollekte gehou vir gevange broeders wat in die berge arbeid

moes verrig.

### 2.1.4.4 Skenkings

Hierdie bron van inkomste het veral in die latere tyd vir die kerk groot inkomstes besorg. 'n Persoon wat in hierdie tyd "priester" geword het, het dan gewoonlik al sy besittings aan die kerk en armes geskenk. Ciprianus, Basilius, Chrisostomus en Ambrosius het hul byna koninklike vermoëns eweneens aan die kerk gegee. Testamentêre nalatings het ook deel van hierdie inkomste uitgemaak en het ook groot besittinge na die kerk laat kom. Wanneer daar aan hierdie gawes 'n betekenis in die hiernamaals toegeken word, word kinders op 'n groot skaal onterf en word keiserlike ingrype noodsaaklik. Hierdie gawes het in die gedagtes van lidmate betekenis gekry met die oog op die hiernamaals en spesifiek ten opsigte van sondevergifnis.

### 2.1.4.5 Nalatenskap van heidense tempels

Die skatte en besittings van dié kultusse is aan die Christelike kerk toegewys. Dit het soms enorme somme geld en uitgestrekte landerye ingesluit. Só het baie kerke ryk geword. Die kerk in Rome het landstreke in Italië, Afrika, Gallië en selfs die Ooste besit. Gedurende die sesde eeu was die kerk die grootste grondbesitter in die Romeinse ryk.

### 2.1.4.6 Tiendes

Die opvraging van tiendes was in 'n baie groot mate die vrug van die Judaïstiese invloed. Terwyl daar tydens die tyd van die eerste vaders van 'n vrywillige bydrae gepraat is, het dit later in die Ooste 'n vereiste geword. Origenes ag dit verpligtend. Later sou hierdie gebruik ook oorwaai na die Westerse kerk toe. Die Ou–Testamentiese gee van tiendes het

na vore gekom, namate die priesterdiens in die kerk weer opgelewe het.

### 2.1.5 Voorskrifte met betrekking tot die gee van tiendes

Daar is in die kerk aanvanklik geen spesifieke verpligting opgelê nie. Irenaeus beklemtoon dat Christene as diegene wat deur Christus vrygemaak is, weet dat alles wat hulle besit, aan die Here behoort en dat hulle met blymoedigheid en mildadigheid meedeel aan diegene wat minderbevoorreg is. Origenes meen dat die Christen se dankbetoon die Ou – Testamentiese tiende te bowe moet gaan. Epiphanius beweer dat die tiende net so min bindend is as die besnydenis. Augustinus beskou die gee van tiendes as iets wat die Christen aan God verskuldig is: hy lê tog klem op die meer verhewe ideaal van Christelike vryheid, ook wat die offergawes betref (S.K.L.A.S.1980:25).

### 2.1.6 Armoede word as 'n seën beskou

Arbeid is deur die heiden as 'n skande beskou wat die vry man onwaardig is. In die kerk was daar 'n waardering vir arbeid. Die Christene het met ywer gewerk. Luiheid word as 'n sonde beskou (Biesterveld 1907:72). Later onstaan die gedagte dat armoede as 'n seën beskou moet word. Daar was nie meer 'n worsteling om armoede te oorwin nie. Veel eerder is dit as fenomeen vertroetel. 'n Groot aantal mense onttrek hulle aan die samelewing en lei 'n kluisenaarsbestaan. So het die kerk dan ook van sy beste kragte verloor. Die gevolg van die groot aantal armes, was dat die plaaslike gemeente nie meer self die barmhartigheid kon behartig nie. Gregorius die Grote laat wavragte meel in die strate van Rome uitdeel (van Taak 1983:48).

### 2.1.7 Eksterne faktore wat die gee van gawes beïnvloed het

#### 2.1.7.1 Die invloed van afwykende beskouinge

**Gnostisisme**

Aanvanklik het Christene eerder die wêreld ontvlug as wat hulle sou poog om dit te oorwin. Dit is veral die stryd teen die Gnostisisme wat die kerk onder die indruk van sy taak in die wêreld gebring het (Biesterveld 1907:70).

**Judaïsme**

Die Judaïsme het die suiwerheid van die barmhartigheidsbeginsel ernstig aangetas. Saam met die mens se aangebore werkheiligheid, sou dit 'n vrugbare bodem vorm vir 'n verdienstelikheidsbeskouing wat die gee van gawes betref.

> *Reeds by Clemens en Barnabas bespeurt men een verdienstelijkheid der werken. Straks by Origenes word dit meer ontwikkeld en gesystematiseerd. Men leerd dan, dat de Doop de vergewing der zonden met zich brengt, maar dat de zonden na den Doop – de dagelijksche zonden – onverzoend bliven, en dat deze óf door het martelaarschap óf door aalmoezen verzoend moet worden (1907:73).*

By Ciprianus tree verdienstelikheid reeds op die voorgrond en hierdie verskynsel sou volhard tot by die Hervorming. Augustinus het geleer dat die gee van aalmoese met lewensverbetering en boetvaardigheid gepaard moet gaan. Hieraan het die mense hulle nie gesteur nie en hulle het die gee van gawes verbind aan "...een kopen van gerechtigheid, een redden van de ziel...Men geefd uit zelfzucht. Liefdadigheid is koophandel geworden" (1907:74).

#### 2.1.7.2 Die kerk word staatskerk

Met die aanvaarding van die Christelike geloof as die amptelike godsdiens van die

Romeinse staat, het al meer eiendom in die besit van die kerk gekom. Dit was in 'n besondere sin die aanbreek van 'n nuwe era in die bestaan van die kerk. Hiermee begin dan ook 'n gesentraliseerde finansiële administrasie in die kerk, met Rome as setel. Die finansiële administrasie volg geleidelik die patroon van die staat en staan later bekend as die "fiscus" (S.K.L.A.S. 1980:25).

### 2.1.8 Enkele opmerkinge en navorsingsrelevante vrae

Veral twee faktore wat later meer waarneembaar sou word, tree hier reeds aan die orde:

**Motivering**: Terwyl die aanvanklike motief vir die gee van bydraes een van 'n reserwelose liefde was, blyk dit dat hierdie motief later in 'n groot mate in 'n selfliefde gesetel was.
**Meelewing en empatie**: Met die opkoms van 'n sentrale finansiële administrasie wat in Rome gesetel was, sou dit vir die lidmaat al moeiliker word om sy bydrae met 'n spesifieke liefdesobjek te identifiseer. Bydraes sou meer en meer as 'n soort belasting beleef word.

By die lees van hierdie geskiedenis onstaan die volgende relevante vrae wat betrekking het op hierdie navorsing:

* Liefde was, volgens paragraaf 2.1.1, die oorheersende motief by die gee van gawes. Wat is vandag die ware motiewe?
* 'n Wederkomsverwagting het ook 'n groot invloed uitgeoefen ( paragraaf 2.1.1). In watter mate is daar werklik eskatologiese verwagtings by vandag se lidmate?
* Wat die meelewing en liefde rondom die gawes betref, het vandag se Sinodale aanslae nie ook maar 'n soort onpersoonlike belasting in die belewenis van lidmate geword nie? ( 2.1.7.2).
* Wat is die hedendaagse lidmaat se gesindheid teenoor rykdom? (2.1.3).

* Word bydraes en "donasies" nie vandag onvoorwaardelik aanvaar nie? Indien wel, is dit korrek? (2.1.4.2)
* Offergawes was 'n wesentlike deel van die godsdiens. Watter plek beslaan dit vandag? (2.1.2).

## 2.2 DIE MIDDELEEUSE KERK

In die Middeleeue is daar geen diakonale bediening soos ons dit in die vroeg–Christelike kerk gevind het nie. "Dit was 'n armeversorging wat opgekom het uit ander motiewe van liefdadigheid" (de Klerk 1976:25).

### 2.2.1 Kenmerkende tekens van armeversorging en liefdadigheid

Volgens de Klerk (1976:25 – 27) was die volgende ses verskynsels tekenend van hierdie tyd:

2.2.1.1 Die diakonale armesorg en barmhartigheidsdiens van die kerk in die Middeleeue het al meer oorgegaan op die **partikuliere liefdadigheid** wat uitgeoefen is deur sekere persone en organisasies, terwyl die diakens bloot helpers van die biskoppe en pous geword het.

2.2.1.2 **Inrigtings** is aan die orde van die dag. In hierdie inrigtings word armes, reisigers, siekes en ander probleemgevalle gehuisves. **Kloosters** word toenemend die oord van versorging. Naas die kloosters was daar **verskeie ordes** waarin die privaat–inisiatief van die gewone lidmate tot uiting gekom het. *"'n Beweging wat ook nou sy verskyning maak, is die van dié lekebroeders wat in die omliggende geboue van die kloosters opgeneem is...in hierdie manne het die klooster goeie hulp vir sieke– en armeversorging*

*gehad" ( du Toit Ongedateerd:32).*

2.2.1.3 Die algemene motief vir liefdadigheid was die **leer van verdienstelikheid** van die goeie werke, met name die gee van aalmoese. Innocentius III verklaar in sy boek "Oor die Aalmoese": *"Aalmoese reinig, aalmoese bevry, aalmoese verlos, aalmoese maak volmaak, aalmoese seën, aalmoese maak regverdig, aalmoese wek nuwe lewe, aalmoese maak salig"* (de Klerk 1976:26).

In die prediking is daar gewys op die afkoop uit die verderf deur die aalmoese. Armesorg is inderdaad meer om selfsugtige redes as enige ander rede beoefen.

> *Ons vind in hierdie tyd, in die Westerse sowel as die Oosterse kerk, dat die gee van aalmoese ten bate van die minderbevoorregtes al meer as verdienste gepropageer en beleef word. (S.K.L.A.S. 1980:27).*

> *Tot de goede werken behoorden ook: Vasten, aalmoezen, bedevaarten naar heilige plaatsen, giften, kerkbouw, zelfkastijden, in het klooster gaan ens. (Berkhof en de Jong 1975:132).*

Die doel van gawes was volstrek nie meer soos in die vroeë kerk, dat daar nie armes in die gemeente moet wees nie – inteendeel, armoede is in die Middeleeue van 'n hoë sedelike stand. Om te bedel was nie 'n skande nie; dit was 'n beroep – 'n beroep waarin jy in 'n besondere mate jou naaste dien. Vanweë die verdienstelikheidsleer moes jy die Here dankbaar wees vir bedelaars; hulle het 'n besondere geleentheid tot die doen van 'n goeie daad gebied. Met aalmoese verwerf mens vir jou voorbidders. Onder hoe meer persone jy uitdeel, des te meer voorbidders het jy. Daarom is groot somme geld dan ook dikwels in die vorm van klein munte aan 'n groot aantal behoeftiges uitgedeel (Biesterveld 1907:103).

Mense het gepoog om vir hulself die grootste moontlike hoop goeie werke te versamel. *" De goede werken zijn naar het monnikenideaal: vasten, bidden, en aalmoezen. De*

*laaste is de meeste, men koopt er de beide anderen mede"* (1907:103).

2.2.1.4 Daar het in hierdie tyd 'n kenmerkende **liefde vir die buitengewone** geheers. Gevangenes word met groot moeite en opoffering uit die hande van die Moslems gered, maar bykans niks word gedoen vir die gevangenes in hul eie omgewing nie. Enige gebrek in die eie omgewing het 'n harde lot geword.

2.2.1.5 Ten spyte van die omvangrykheid van hierdie liefdadigheid, **ontbreek 'n pedagogiese karakter.** Aalmoese is op 'n onoordeelkundige wyse uitgedeel sonder om eers ondersoek in te stel na die verdienstelikheid van die geval. Mense het eenvoudig met die oog op die verdienstelikheid vir eie ontwil gegee. Armoede is as't ware tot 'n deug verhef en bedelary is eerder aangemoedig as bestry.

2.2.1.6 Armeversorging het al meer die **aandag van die owerheid** geniet. Stedelike regerings en gildes het hulle oor armes en lydendes ontferm. Hierdie regerings het begin om verordeninge in dié verband uit te vaardig (verbied van bedelary). Hul het ook uitdelinge aan die armes gemaak.

Karel die Groote gee 'n deel van die kerk se eiendom terug, nadat die kerk, wat die guns van konings en die rykdom van die grotes probeer wen het, self die prooi van uitbuiting en roof geword het. Hy bepaal dan ook dat die kerk 'n tiende van sy eiendom aan die armes moet afsonder. Die kerk doen egter baie weinig vir die armes. Gedurende die hongersnoodjaar (807) bepaal die koning dat koring nie duur verkoop mag word nie. Hy verbied bedelary en bepaal dat die rykes 'n bepaalde bedrag aan die armes moet bestee. In sy Edik van 807 spoor hy die volk tot naasteliefde en barmhartigheid aan en hy versoek dat geestelikes hierin 'n voorbeeld moet stel. Self het hy 'n voorbeeld gestel. Sy oproep aan die adres van die kerk het bloedweinig uitwerking gehad (van Taak 1983:48).

Ter aanvulling van die bovermelde, skets die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake ook die volgende vyf sake: (S.K.L.A.S. 1980:26 – 28).

**2.2.1.7 Die tiende 'n godsdienstige verpligting:** Hierdie ontwikkeling hang saam met die groeiende siening in die kerk dat die geestelikes die voortsetting en vervulling is van die priesteramp van die Ou Testament. Van Christene is dit al meer verwag om tiendes te betaal as 'n godsdienstige verpligting. (Constitutiones II, Canones IV). Tydens die tweede sitting van die sinode van Macon word die gee van tiendes verpligtend en afsnyding sou toegepas word indien dit nagelaat word. Die gee van tiendes is nou die "de iure divino" situasie. Matt. 10:10, Luk. 10:7 en 1 Kor. 9:7 e.v. word ter ondersteuning gekwoteer. Die betaling van hierdie tiendes is deur die "konfessie" gekontroleer en die nalaat daarvan is as 'n sonde beskou.

Daaropvolgende sinodes ondersteun hierdie standpunt en gedurende die regering van Karel die Grote word hierdie besluit ook deur die staat afgedwing. Dié besluit word ook oorgedra na ander gebiede soos Duitsland, Engeland, Denemarke, Ysland en Portugal. Hierdie besluit is in 'n groot mate met teenkanting deur die plaaslike bevolking aangehoor. Kerklik moes daar later opgetree word, toe biskoppe van hierdie inkomste vir hulself opeis. Die volgende reëls met betrekking tot kerklike inkomste is toe opgestel:

Kerklike inkomste sou in vier dele verdeel en aan die volgende toegeken word: 1. Daaglikse onderhoud van die geestelikes. 2. Onderhoud van kerkgeboue. 3. Versorging van die armes. 4. Gebruik deur die biskop om reisigers en vreemdelinge te herberg en gevangenes te versorg.

Beide kerk en staat het duidelik omskryf waarop tiendes betaalbaar was. Tiendes is gehef op die opbrengs van die veld, op handelsware en handewerk. Ook die vorste het dikwels tiendes van hul kroongrond aan die kerk geskenk.

**2.2.1.8 Die ontstaan van 'n sentrale kas.** Die westerse kerk het op 'n latere stadium baie eiendomme en grondgebiede besit. Dit moes beskerm word. Hiervoor moes feodale belasting aan die pous betaal word. Later is dit dan ook moeilik om te onderskei tussen spontane, vrywillige bydraes van gelowiges wat deur die staat namens die kerk gevorder en na Rome gestuur is en die feudale belasting wat betaalbaar was. Die amp van die diaken is uitgeskakel in die verkryging en insameling van die gawes. Só groot word die administrasie en organisasie rondom finansies, dat 'n spesiale afdeling in Rome geskep is — die sogenaamde "Camera domini papae" — 'n sentrale kas.

**2.2.1.9 Kerklike heffings.** Kerklike heffings moes by verskillende geleenthede betaal word. 'n Voorbeeld hiervan is die mis–stipendium waar, in ruil vir die bedrag betaal, 'n mis opgesê is vir die skenker of enige ander persoon wat deur hom aangewys is. Ook tydens 'n dood, huwelik en begrafnis is gelde gevorder. Dit was vergoeding vir die dienste gelewer deur die priester.

**2.2.1.10 Misbruike.** Groot bronne geld gee aanleiding tot uitspattighede en misbruik. Groot bouwerke is aangepak. Die behoefte om vir alles te kon betaal, noop pouse Julius II en Leo X om die verkoop van beneficia en aflate aan te moedig. "*Een reusachtige handel ontstond: het pauselijke hof en de geestelijkheid financierden hiermee vele uitgaven" (Berkhof en de Jong 1975:133).* Latourette beskryf Leo X as 'n *"lover of luxury" (Latourette 1953:861).* Ook die kruistogte het 'n swaar las op die sentrale kas meegebring en nuwe weë moes bedink word om fondse te bekom. Gesogte poste is deur die kerk te koop aangebied. Hierdie vreemde en afwykende wyses van insameling, was een van die Hervorming se besware teen Rome.

**2.2.1.11 Die opkoms van die stad.** In die jare 1500 n.C. het die ontwikkeling van stadsgemeenskappe in momentum toegeneem. In hierdie tyd word armsorg al meer 'n burgerlike aangeleentheid en wel onder toesig van die stadsmagistraat.

### 2.2.2 Navorsingsrelevante vrae

In hierdie tydperk vind ons 'n verdieping van die afwykende tendense wat reeds in die vroeë kerk waarneembaar geword het (Para. 2.1.8). Hierdie tendense word nie weer hier genoem nie. Nuwe aspekte wat wel in hierdie periode na vore tree, is dié van onoordeelkundige uitgawes aan die kant van die kerk en die daaropvolgende onbybelse praktyke rondom die insameling van fondse (Para. 2.2.1.10). Tesame hiermee dan, ook partikuliere liefdadigheid (2.2.1.1). Aan die hand daarvan ontstaan die volgende vrae onwillekeurig:

* In watter mate het onoordeelkundige uitgawes aanleiding gegee tot die Ned. Geref. Kerk van Wes-Transvaal se tekort aan fondse?
* Is hier nie ook sprake van "vreemde praktyke" rondom die insameling van fondse nie?
* In watter mate ondersteun lidmate vandag partikuliere liefdadigheid ten koste van die kerk?

## 2.3 DIE HERVORMING

De Klerk (1976:27) wys daarop dat die Reformasie 'n radikale ommekeer ten opsigte van die beoefening van liefdadigheid meegebring het. Veral ten opsigte van twee sake het daar 'n totale vernuwing gekom.

**Eerstens** het die kragtige verkondiging van die regverdigmaking deur die geloof die verdienstelikheid van goeie werke vir die saligheid afgesny. Die liefde van Christus word weer eens die groot dryfveer en selfsug verdwyn van die toneel.

**Tweedens** het die klem op die priesterskap van die gelowiges vir die Reformatore ook betekenis vir die natuurlike lewe gehad. Die daaglikse beroep is gesien as 'n goddelike beroep. Ledigheid en luiheid is as sonde beskou. Goeie werke word nie meer beperk

tot enkele dade nie – die hele Christelike lewe word erken as 'n lewe van goeie werke – 'n lewe van dankbaarheid (du Toit ongedateerd:33). Besware oor allerlei sake het in die kerke van die Hervorming snel deurgewerk na die gewone gemeentes toe. Die gee van gawes aan die kerk, en by name tiendes, is nooit bevraagteken nie (slegs die Anabaptiste van Switserland het daarop gestaan dat die Nuwe–Testamentiese gelowige nie tiendes hoef te betaal nie) (S.K.L.A.S. 1980:28).

### 2.3.1 Die Lutherse invloed

#### 2.3.1.1 Maarten Luther

By Luther staan die prediking van die Woord op die voorgrond en hy spreek hom sterk teen die leer van verdienstelikheid uit. Dit was veral die aflaathandel wat Luther sou laat ontdek hoe groot die kloof tussen hom en die amptelike kerk is (Berkhof en de Jong 1975:142). Enkele aanhalings uit sy 95 Stellinge onderstreep hierdie feit:

> *45. Christians are to be taught that a man who sees a brother in need and passes him by to give his money for the purchase of pardon wins for himself not the indulgences of the pope but the indignation of God.*
>
> *48. Christians are to be taught that in dispensing pardons the pope has more desire (as he has more need) for devout prayer on his behalf than of ready money.*
>
> *86. The pope's riches at this day far exceed the wealth of the richest millionaires (cuius opes sunt opulentissimus Crassis crassiores), cannot he therefore build one single basilica of S. Peter out of his own money, rather than out of the money of the faithful poor?*
> *(Bettenson 1963:188 en 191).*

Luther se standpunt was dat goeie dade nie van 'n mens 'n goeie mens maak nie. Die teenoorgestelde is waar: 'n mens moet goed wees voordat jy goeie werke kan verrig (Heick 1973:337). "Man is justified before God by faith alone, by accepting God's

forgiveness in faith, not by forcing God to forgive sins on account of good works" (Manschreck 1974:194). In sy geskrif oor die "vryheid van die Christen" handel hy daaroor dat die Christen nie aan 'n menigte reëls gebonde is om deur die nakoming daarvan gered te word nie; redding is slegs deur die geloof. "However, he is bound in that his experience of justification by faith impels him out of sheer joy and gratitude to show to others the same kind of love revealed to him in Christ. Luther urges every Christian to be a Christ to his neighbor" (1974:198).

Die kerk is vir Luther veral 'n inrigting waar die Woord verkondig word. Die amp van die diaken kom hier nog nie tot funksionering nie en 'n gemeentelike meelewing en medewerking ontbreek nog in 'n groot mate (Biesterveld 1907:108).

Luther se beginsels rondom barmhartigheid word uiteengesit in sy geskrif: "An den Adel deutscher Nation". Hierin roep hy om die volgende:

1. Die bedelplaag moet deur die adel bestry en die werklike armes gehelp word.
2. Elke stad behoort sy eie armes te onderhou (let daarop dat hy nie "kerk" sê nie maar "stad").
3. Armeversorgers dien aangestel te word volgens Hand. 6, maar doen verslag aan die raad van die stad.
4. Middele word verkry deur die opbrengste van kloosters en hospitale en desnoods plaaslike belastings (du Toit Ongedateerd:34).

Luther self was in die gee van gawes 'n uitnemende voorbeeld. Dit gebeur dan ook dikwels, dat wanneer daar nie geld in die huis is om te gee nie, hy aan sy vrou opdrag gee om die geskenke wat hul ontvang het, vir hierdie doel te verkoop (Biesterveld 1907:109).

In Luther se **Groot Kategismus** maak hy ook na luid van die eerste van die Twaalf Artikels, die volgende uitsprake ten opsigte van besittings:

> *Uit dit alles laat zich vanzelf de volgende slotsom trekken: daar ons dit alles wat wij bezitten en ook alles wat in de hemel en op de aarde is, dagelijks door God gegeven, onderhouden en bewaard wordt, zijn we waarlijk schuldig Hem daarom voortdurend lief te hebben, Hem te loven en danken, kortom Hem geheel en al daarmee te dienen , zoals Hij in de Tien Geboden geëist en bevolen heeft.*
>
> *Daardoor zou ons hart verwarmd worden en ontvlammen om dankbaar te zijn en al deze goede dingen tot Gods eer en lof gebruiken (Luther 1978:76 en 77).*

Luther het die betaal van tiendes goedgekeur en dit as die voordeligste vorm van fondsinsameling deur die kerk beskou. Hy het egter die mening gehuldig dat die gebiedsowerhede hierdie taak vir die kerk moes vervul, aangesien hulle moes optree as versorgers en beskermers van die kerk en die ware Christelike geloof. Baie van die Lutherane het egter die insameling van tiendes as 'n suiwer kerklike aangeleentheid beskou (S.K.L.A.S 1980:29).

### 2.3.1.2 Die Augsburgse Konfessie

Die Augsburgse konfessie van 1530 bevestig die bovermelde ommekeer en slegs enkele aanhalings word gekwoteer:

> *1V. ...we cannot obtain forgiveness of sin and righteousness before God by our own merits, works, or satisfactions, but that we receive forgiveness of sin and become righteous before God by grace, for Christ's sake, through faith...*
>
> *V1. ...faith should produce good fruits and good works and that we must do all such good works as God has commanded, but we should do them for God's sake and not place our trust in them as if thereby to merit favor before God.*
>
> *XV. Moreover it is taught that all ordinances and traditions instituted by men for the purpose of propitiating God and earning grace are contrary to the Gospel and the teaching about faith in Christ.*

*XX. In former times this comfort was not heard in preaching, but poor consciences were driven to rely on their own efforts, and all sorts of works were undertaken.*
*(Leith 1973:69 – 75).*

Forell sê ten opsigte van artikel IV: "Few people realize what an utterly revolutionary assertion this is. It actually goes against all our customary religion. The notion that we are saved by our good works is probably the most universally held belief of men". Hy waarsku dan ook teen 'n nuwe gevaar: een waarin geloof 'n goeie werk word (Forell 1968:25 en 26).

### 2.3.2 Johannes Calvyn

Van Calvyn word daar gesê: "He was not creative in the sense that he produced a new world of religious thought. In the main he worked with the thoughts of Luther, Augustine, and others" (Heick 1973:420). Hy lewer dan ook veral 'n bydrae in "... systematizing the new concept of Christianity which had been brought to light through the Reformation" (1973:421). Calvyn wou baie graag die omstandighede wat in die kerk van die eerste drie eeue geheers het, weer laat heers (Lindsay 1923:109).

Calvyn het hom nie direk uitgespreek met betrekking tot die tiende as offergawe van die Christen nie. Hy lê wel sterk klem op die verpligting van die lidmaat ten opsigte van die versorging van die armes en die instandhouding van die kerk. Hy lê klem op die finansiële onderhoud van die kerklike dienswerk, sonder om uit te bou hoe dit in die praktyk tot sy reg moet kom (S.K.L.A.S 1980:29).

Calvyn het die selfstandigheid van die kerk met 'n eie gesagsbevoegdheid teenoor die staat bely. Daarmee het Calvyn die plaaslike instituering van die kerk met die daarmee gepaardgaande ampte vir lering, regering en barmhartigheidsdiens tot die uitgangspunt van die Protestants – Gereformeerde Hervorming gemaak. Alhoewel Calvyn in sy kerkinrigting

hom moes skik na die toestande in Genevé, waar die Raad van die stad so nou betrokke was by die kerklike lewe en organisasie, het hy steeds gesoek om die selfstandigheid van die kerke en ampte te handhaaf (de Klerk 1976:29). "...desniettemin heeft Calvyn, en hebben de Gereformeerden op zijn voetspoor immer en immer het zelfstandige karakter der Kerk, ook in haar zichtbare gestalte, gehandhaafd" (Biesterveld 1907:117).

Calvyn het gemeen om uit Rom. 12:8 te mag aflei dat daar in die eerste kerk twee soorte diakens was. Hy lei af dat die een soort diaken die aalmoese uitgedeel het (procureurs) terwyl daar 'n ander soort was wat die armes en siekes gehelp het (hospitaliers). Ander kerke het nie hierdie dubbele diakenskap gevolg nie. Die middele vir die armeversorging is verkry uit geskenke, bydraes en kerklike eiendomme wat tydens die hervorming gekonfiskeer is. Calvyn het die diakenamp wat tydens die middeleeue verval het, in ere herstel. Hy het in die diakonaat die amp van barmhartigheid aan die kerk teruggegee, en wel aan die plaaslike gemeente (du Toit ongedateerd:35). "Die Calvinistiese beginsels is veel suiwerder toegepas in die Franse gemeentes en veral in die vlugtelinggemeente in Londen en in die Waalse kerke onder die kruis. Die naam van J 'a Lasco moet in die verband genoem word. Sy organisasietalent, sowel as die suiwere toepassing van die beginsel, het 'n geweldige bydrae in belang van Gereformeerde diakonaat gelewer" (De Klerk 1976:29 en 30).

In sy Institusie van 1535 maak Calvyn 'n aantal uitsprake wat relevant is ten opsigte van rentmeesterskap:

Ten opsigte van **verdienstelikheid** sê hy:

> *Want hoe kon Christus' bloed schandelijker ontheiligd worden, dan doordat tot geloofsverzoening en tot voldoening, tenzij wat er aan ontbreek, alsof het verdroogd en uitgeput was, van elders wordt aangevuld en toegevoegd? (Sizoo Deel 2 1956:162).*

Calvyn noem die hoofsom van die Christelike lewe die **selfverloëning** en sê spesifiek ten opsigte hiervan: 'n Christen behoort altyd te bedink dat hy in sy ganse lewe met God te doen het. Op die wyse sal hy homself en alles wat hy besit, na God se wil en beslissing skik.

> *Dit is de verloochening van onszelf, die Christus zijn discipelen van hun eerste leertijd af met zo grote naarstigheid beveelt: die, wanneer ze eenmaal haar plaats gekregen heeft in het hart, ten eerste nog aan trotsheid, noch aan hooghartigheid, noch aan* ***pralerij****, en verder ook niet aan* ***gierigheid****, onkuisheid,* ***zucht naar weelde****, verwijfdheid en ander boosheden, die ontstaan uit liefde tot onzelf, enige ruimte laat (1956:185).*

Geen lid het of behou sy vermoë vir homself nie, maar gebruik dit in diens van ander. So het elke gelowige maar net die oog op die uitbouing van die kerk. Ons is maar rentmeesters, wat van die uitdeling van ons gawes rekenskap moet aflê (1956:190).

Dat die teenswoordige lewe net 'n pelgrimstog is, is vir Calvyn van groot belang. Ons kan nie die dinge wat genot verskaf, vermy nie. Hierdie dinge moet egter só gebruik word dat dit nie belemmerend op die geloof inwerk nie.

> *Dit zij het beginsel, dat het gebruik van Gods gaven niet van de rechte weg afdoolt, wanneer het gericht word tot dat doel, waarvoor de Gever zelf den gaven voor ons geschapen en bestemd heeft; immers Hij heeft het geschapen tot ons welzijn, niet tot ons verderf (1956:221).*

### 2.3.3 Tiende: betekenisverandering en weerstand

Terwyl die berekening van tiendes moeiliker geword het met die toename in die ekonomiese bedrywighede, is die gee van 'n tiende—aandeel al meer ontduik. Kontantbedrae het later gladnie 'n werklike tiende uitgemaak nie. Die benaming "tiendes" bly in baie lande nog die amptelike benaming vir offergawes ("tithes"), terwyl dit wat daarmee genoem is, later nie meer 'n werklike tiende aandui nie. In die kerke van die

Hervorming is die gebruik om gelde te hef vir huwelike, begrafnisse en doop voortgesit. Kerkbanke is ook verhuur aan vaste huurders. Daar het 'n einde gekom aan die verpligte tiendes.

Deur die loop van jare ontstaan daar ook in hierdie kerke 'n weerstand teen die gee van tiendes/kerklike belasting. Dit was hoofsaaklik te wyte aan ekonomiese probleme, groter–wordende kerkvervreemding en kerkversplintering. Die afwykende groepe het veral sterk beswaar aangeteken teen die feit dat kerklike belasting wat deur die staat gevorder is, aan erkende kerke oorbetaal is. In Engeland en Frankryk word daar van owerheidsweë van hierdie eeuelange gebruik afgesien (S.K.L.A.S 1980:29 en 30).

### 2.3.4 Groter finansiële betrokkenheid van lidmate

Met die herontdekking en herinstelling van die diakenamp in talle Reformatoriese kerke en met die groter onafhanklikheid van die staat, word die verpligting wat op die individuele lidmaat rus om volle verantwoordelikheid vir die materiële welsyn van die kerk te aanvaar, al hoe meer beklemtoon (1980:30).

### 2.3.5 Navorsingsrelevante vrae

Met die oog op die huidige kerklike praksis laat ook hierdie gedeelte uit die geskiedenis van die kerk bepaalde vrae, sommige by herhaling, by die navorser ontstaan.

**Luther** (para. 2.3.1.1) praat van 'n vreugde en dankbaarheid wat die gelowige tot liefdesdade dwing.

* Is dit waar? Indien wel, in watter mate leef hierdie vreugde en dankbaarheid in die harte van vandag se lidmate?

Die **Augsburgse konfessie** (para. 2.3.1.2) praat in artikel VI van 'n "produktiewe geloof".

* In welke mate het vandag se geloof tot 'n "verstandsinstemming" verskraal?

Forell handel in dieselfde gedeelte oor die mens se voortdurende neiging om goeie dade as heilsverdienstelik te beskou.

* Word "heilsverdienstelikheid" vandag aan geldelike bydraes gekoppel?

**Calvyn** (para. 2.3.2) sê in sy Institusie dat selfverloëning die hoofsom van die Christelike lewe is. Gierigheid is die teenpool hiervan. Hy sê voorts gawes moet aangewend word ooreenkomstig die doel waarmee dit ( deur die Here ) gegee is.

* Is vandag se tekorte nie die vrug van hardnekkige selfhandhawing nie?
* Wat weet vandag se lidmate van die werklike doel van hul besittings?

**Kerkvervreemding** (para. 2.3.3) het 'n weerstand teen die gee van tiendes laat ontstaan.

* Is kerkvervreemding vandag nie 'n groter bydraende faktor as die onvermydelik eksterne faktore (droogtes ens.) wat so vry algemeen aanvaar word nie?

## 2.4 DIE VROEË NEDERLANDSE GEREFORMEERDE KERK

Luther se boodskap het die Nederlande vroeg bereik. Sy publikasies word reeds in 1518 in Antwerpen verkoop (Berkhof en de Jong 1975:194). Die eerste spore van 'n Gereformeerde diakonaat vind 'n mens in Amsterdam vanaf 1565. "Velen brachten hun schatten van kleinodiën en van klederen tot de diakenen, of maakten die te gelde, en stelden dit den diakenen ter hand. Er waren toen veel armen. De diakenen gedroegen zich getrouwelijk en deelden zonder onderscheid van religie uit" (Biesterveld 1907:154). 'n Gees van liefde en welwillendheid heers onder die lede, sodat die rykes nie alleen geld nie, maar ook juwele aan die minderbevoorregtes uitdeel ( du Toit ongedateerd:37).

Die vroeë kerkordes stel dit duidelik dat die kerkraad, as verteenwoordigers van die gemeente, die bedienaar van die Woord behoorlik moet versorg en onderhou. Aanvanklik is die kerk deur die nood van die vroeë omstandighede, net ná die Hervorming, daartoe

gedwing om hierdie beginsel weer toe te pas. Die Gereformeerde kerk in Nederland het juis, vanweë die breuk met die Rooms–Katolieke kerk, oor geen of weinig stoflike vermoëns beskik (S.K.L.A.S 1980:30). In 1566 word daar besluit dat daar van nou af 'n verskil gemaak word tussen die aalmoese wat aan die armes uitgedeel word en die traktement van die predikant sodat daar nie (meer) rede tot klagte sal wees nie (Pont 1981:61).

**Die Konvent van Wezel**, 1568, besluit dan ook:

> *Zij moeten ook naarstig de lieden die God met rijkdom gezegend heeft vermanen, om de kerk en de armen te ondersteunen.*
>
> *Verder zal ook van noode zijn, dat men behalve deze diakenen ook opzoeke andere goede, vrome en getrouwe mannen, met voorzigtige keus, die bezig zullen zijn om op te zamelen het traktement der predikanten, en wat verder tot gebruik der kerkdienst noodig is.*
> *(1981: 84 en 85).*

Die gemeentes was in hierdie tyd besonder arm en predikante het 'n byverdienste geneem. Dit is deur die kerk afgekeur omdat die amptelike diens al hulle tyd, liefde, gewilligheid, volharding en toewyding vereis het (S.K.L.A.S 1980: 31).

**Die Nasionale Sinode van Emden** (1571), het enkele belangrike besluite geneem. Op hierdie sinode het die Nederlandse gemeentes nou ook die bestaande eenheid van die gemeentes sigbaar verwerklik deur die skepping van 'n sinode en klassikale vergaderings en die aanvaarding van 'n gemeenskaplike belydenis en 'n kerkorde. In hierdie kerkorde is veral die volgende artikels van belang:

> *40 Zo er enige kerk zo arm en behoeftig ware, dat zij de dienaar, welke zij beroept, niet onderhouden konde, zo zal de classe zulks verzorgen en zullen vooreerst sommige naburigen kerken tezamen gevoegd mogen worden...*
>
> *44 ...degenen, die vandaar vertrekken, voortaan niet zullen als huisgenoten des geloofs beholpen worden in andere gemeenten, tenzij dat zij attestatie of getuigenis hebben, hoe zij zich te voren in leer en leven bij*

*de gemeente vandaar zij gekomen zijn, gedragen hebben.*

*45 ...De dienaren en diakenen zullen ook toezien, dat ze niet meer te zeer genegen zijn hun kerken van de armen te ontlasten, met welke zij andere gemeenten zonder eenige nood bezwaren...*
*(Pont 1981:108).*

In 1572 kom daar 'n Protestantse owerheid aan bewind en dit bring verandering mee. Wanneer hierdie owerheid beheer kry oor die goedere wat aan die Roomse kerk behoort het, maak die Gereformeerde Kerk aanspraak daarop om daaruit traktement vir hul leraars te ontvang. Hulle beskou hulself nie as 'n nuwe kerk nie, maar as gemeentes wat hulle van Roomse dwalinge gesuiwer het. Traktement is toe ten dele of ten volle van die owerheid ontvang (S.K.L.A.S 1980:31). Met die afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886 verloor hierdie betrokke kerke die reg op kerklike goedere (Johnson 1987:9).

**Die Provinsiale Sinode van Dordrecht (1574)** reël dat die diakonie in 'n aparte vergadering sou konstitueer. Hier word dus gereël dat die diaken ten opsigte van die regering van die kerk, géén sitting op die kerkraad het nie (Pont 1981:116). Die provinsiale state Holland en Zeeland het 'n besondere belangstelling vir die kerk en die belange van die kerk gehad. In 1576 word daar dan ook 'n ontwerporde deur die provinsiale state saamgestel. Hierin word 'n beeld gegee van hoe die owerheid oordeel dat die kerklike orde gereël moes word. Die uitgangspunt in die owerheidsreëling was, dat dit die taak van die godvresende landowerheid is om vir die kerk wette te maak. Hiervolgens sou diakens byvoorbeeld deur die owerheid aangestel word. Dit was dan ook vir die kerk van Nederland 'n seën dat hierdie kerklike wette nooit verder as die ontwerpstadium gekom het nie (1981:119–122).

Spanning sou egter dikwels tussen die kerklike en wêreldlike leiers ontstaan op bepaalde punte. Die owerheid het dit as 'n voorwaarde beskou dat hul kerklike besluite moes

sanksioneer. Ook bevestiging in die ampte was hieraan onderworpe. By sinodes byvoorbeeld, was die teenwoordigheid van die kommissarisse–politiek 'n vereiste (1981:145). Diakens is deur die owerheid gekies uit 'n tweetal wat vooraf deur die Staat goedgekeur is (van Taak 1983:53).

**Die Nasionale Sinode van Dordrecht (1578):** Hierdie sinode het as eerste taak die hersiening en vir so ver nodig, die nadere bepaling van die werk van die Sinode van Emden 1571 en ook van die provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 gehad. Wat die werksaamhede van die diakonie betref, kom daar geen wesentlike verandering nie. Die sinode beklemtoon egter die onafhanklikheid en die selfstandigheid van die kerk. "Die beginsel word dan verder vasgestel dat hierdie vergaderings slegs kérklike aangeleenthede sal behandel *naar de wijse der kerkregering* (art. 17). Hiermee word die onafhanklikheid van die owerheid en die eiesoortigheid van die regeerliggame van die kerk duidelik onderstreep" (Pont 1981:127).

**Die Nasionale Sinode van Middelburg (1581).** Hier word vasgelê :

1. dat diakonesse nie wenslik is nie, maar die vrouens van diakens kan nuttige diens verrig;
2. dat die diaken nie 'n lewenslange pos het nie;
3. dat hy geen salaris moet ontvang nie, maar soms 'n vrye gif kan kry as sy werk skade gely het in die uitoefening van sy kerklike pligte;
4. dat die diakonaat volkome onafhanklik is van die staatsowerhede (du Toit ongedateerd :37).

Die Kerkordes van Dordrecht (1578) en Middelburg (1581) praat van die versamel van "...aalmoezen en andere armengoederen". Eersgenoemde is dan die gewone liefdesgawes, uit gifte en kollektes bygebring, en laasgenoemde sien op legate, skenkings en opbrengste van landerye, ens. Al hierdie gawes vir die armes moes oorspronklik uit liefde gegee gewees het en moes die karakter van liefdesgawes dra (S.K.L.A.S 1980:31).

Gedurende 1590 stel die **Utrechtse State** 'n Kerkorde op waarin die gesag van die staat oor die kerk beklemtoon word. "Men krijgt den indruk alsof de kerkdienaren de meest gevaarlijke personen zijn, tegen wie niet streng genoeg gewaakt kan worden. En deze knechting gold ook het diakonaat" ( Biesterveld 1907:161).

Die **Nasionale Sinode van Dordrecht (1618–1619)** stel die diakonaat in Nederland op 'n gesonde basis. Leiers soos Voetius e.a. het deeglike riglyne getrek, sodat die gebruik Skriftuurlik kon ontwikkel. Elke eerste dag van die week is die kollekte vir die armes gehou. By geleentheid van die doop, awendmaal, huwelik en begrafnis is aan die behoeftiges gedink en gawes geskenk (du Toit ongedateerd:38).

> *11. ... de kerkeraad, als representeerende de gemeente, ook gehouden zijn hare dienaars van behoorlik onderhoud te verzorgen...*
>
> *40. Ingeslijks zullen de diakenen alle weken te zamen komen, om met aanroeping des Naams Gods, van de zaken hun ambt betreffende, te handelen... (Pont 1981:177 en 180).*

Belangrik is dit dat op hierdie selfde sinode die Formuliere van Enigheid, naamlik die sewe–en–dertig Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls, goedgekeur is. Hierdie belydenisskrifte word vandag deur die Ned. Geref. Kerk onderskryf (Fourie 1987:1).

Toe Nederland in 1796 onder Franse bewind kom, is daar bepaal dat daar geen bevoorregte kerk in Nederland geduld kan word nie. Dit verbreek 'n bykans twee–eeuelange verbintenis tussen kerk en staat. Die kerk sou nou self voorsiening moes maak vir die onderhoud van leraars, die versorging van armes en sinodale uitgawes. Sedert 1801 word verpligte bydraes deur wetgewing gereël en fondse vir sinodale vergaderings is weer deur die regering betaal (Johnson 1987:12). Hierdie proklamasies gee dan ook aan die owerheid weer die reg van oppertoesig oor kerklike goedere en administrasie. "Onder

het opperbestuur der Regeering werd over de gemeente een bestuur van predikanten ingesteld. De predikanten oefen een macht uit geheel buiten verband met den kerkeraad" (Bouwman 1928:312).

Die vernaamste bron van inkomste vir die diakonie is die kollektes wat by elke erediens opgeneem is. In sommige gemeentes is die opbrengs teleurstellend en lewer slegs kopergeld op. In tye van nood is buitengewone kollektes opgeneem. Elke vier weke het die diakens ook die huise van lidmate besoek en bydraes ingesamel. Bydraes is ook verkry vanuit die staatskas. Boetes is gehef indien 'n lyk nie binne die bestemde tyd begrawe is nie – ook op egpare wat nie binne hul plaaslike gemeente in die huwelik bevestig word nie. In sommige stede ontvang die diakonie ook 'n deel van die belasting op skouburge, bier, wyn en "hete wateren". In Amsterdam ontvang die diakonie 'n duisendste van die inkomste van die Oos–Indiese Kompanje. In Groningen moes die doodskleed vir 'n begrafnis by die diakonie gehuur word. Tydens nood het die diakens hul toevlug tot loterye geneem om sodoende fondse in te samel (van Taak 1983:52 en 53).

"Nêrens vind ons in die vroeë Gereformeerde Kerkordes en geskrifte enige beklemtoning van die gee van tiendes as voorgeskrewe kerklike gebruik en verpligting nie. Wel word die beginsels van vrywilligheid en die gee na vermoë met betrekking tot offergawes oorvloediglik teëgekom" (S.K.L.A.S 1980:32).

**Navorsingsrelevante vraag**

Kerklike inkomstes uit belasting op bier, wyn en "hete wateren", asook uit loterye val vreemd op die oor.

* Is daar in die Ned. Geref. Kerk ook sodanige inkomstes?

## 2.5 ONTWIKKELING IN SUID–AFRIKA

### 2.5.1 Die Kerk aan die Kaap 1652 – 1795.

Die dag 6 April 1652 was in 'n besondere sin die geboortedag van die kerk in Suid–Afrika. Die V.O.C. was primêr kommersieel van aard. Die V.O.C. het in sy handelsywer die "Kercke Christi" nie vergeet nie. Ons het hier dus te make met 'n volksplanting en 'n kerkplanting. "In die tweede oktrooi wat in 1622 aan die V.O.C. verleen is, het die State–Generaal bepaal dat hierdie groot maatskappy ondanks sy vooropgestelde handelsbelange, ook moes sorg ... *omme te conserveren het publijcke gelooff* – wat prakties niks anders beteken het nie as die stigting en bevordering van die Gereformeerde kerk in daardie gewestes waar mettertyd permanente Hollandse nedersettings ontstaan het en die kerklike bearbeiding vir die lidmate van die Gereformeerde kerk noodsaaklike aandag gevra het" (Van der Watt 1976:3 en 4).

Die V.O.C. het gedurende die eerste jare predikante en sieketroosters in diens geneem en besoldig. Hierdie besoldiging van predikante sou vir eeue van krag bly (Kleynhans 1984:50). Die predikant was 'n amptenaar van die Kompanjie en is op dieselfde vlak gereken as die "onderkoopman" (S.K.L.A.S 1980:32). Die kerk het onder die beheer van die Politieke Raad geval (van Taak 1983:56).

Voor die organisering van die kerk in 1665 het die owerheid die "armgelde" in die kompanjiekas bewaar, en ook af en toe mense gehelp (Vorster 1981:101). Veral Kommandeur Zacharias Wagenaer (1662 – 1666) het besondere belangstelling en optrede ten behoewe van die armes geopenbaar (van der Watt 1976:53). Onmiddellik na die instelling van die eerste Kerkraad is hierdie gelde aan die kerk oorgemaak. Waar die Kompanjie die predikante besoldig het en met die bou van kerke en pastorieë gehelp het, was die finansiële las op die gemeentes nie swaar nie (Vorster 1981:101).

Fondse is ingesamel by wyse van –

a) gewone en buitengewone kollektes by die eredienste,

b) inkomste verkry uit begrafnisgelde,

c) die verhuur van kerkbanke,

d) bemakings uit testamente,

e) armbusse wat by huise, herberge en op skepe aangebring is,

f) en skenkings ( Van der Watt 1976:56).

Met die organisering van die kerk in 1665 het daar in 'n mate 'n skeiding gekom tussen kerk en staat – die owerheid het nie langer direk alles behartig nie, maar die geestelike belange en kerklike sake aan die Kerkraad toevertrou. Dit het allermins vir die kerk selfstandigheid beteken. Van die kant van die kerk was daar bykans nooit protes teen hierdie oorheersing deur die owerheid nie. Dit was omdat die Nederlandse moederkerk self in daardie tyd die patronaatsreg van die staat erken en aanvaar het (van der Watt 1976:9 en 10). Hierdie toestand van staatsoorheersing was nog in gebruik tydens die Bataafse Republiek (1802 – 1806) (van Taak 1983:56).

> *Die drukkende bepaling egter dat die diakens deur die Regering benoem word uit 'n dubbeltal deur die kerkraad voorgelê, en dat geen kerkraadslid in sy amb mog bevestig word behalwe ná verkreë approbasie van die Regering nie, het lank onveranderd gebly.....(Moorrees 1937:63).*

Ook wat die vergaderinge van die kerk betref, is die seggenskap van die owerheid wel deeglik gevoel:

> *'n Ander bepaling wat weens die noue betrekking wat daar in dié dae tussen Kerk en owerheid bestaan het, aan ons vaders nie so aanmatigend voorgekom het as dit vir ons toeskyn nie, was dat daar geen vergadering van die kerkraad mog gehou word sonder dat die Regering daarby verteenwoordig was deur 'n "Kommissaris Politiek" nie (1937:64).*

### 2.5.2 Die Engelse Besetting 1795 – 1803.

Alhoewel die Engelse owerheid die VOIC vervang het, het daar in hierdie tydperk geen noemenswaardige veranderinge plaasgevind wat die insameling van kerklike fondse betref nie (S.K.L.A.S 1980:33).

### 2.5.3 Die Kerkorde van De Mist

Op 25 Julie 1804 verskyn die nuwe "Provisionele Kerken Orde" van Kommissaris–Generaal J.A. de Mist. Hierdie Kerkorde sou van krag bly tot 1843. Hiermee sou die bevoorregte posisie van die Gereformeerde Kerk (Ecclesiae probata) tot niet gaan. Elke kerkgenootskap moes nou volgens wet, self sorg vir die onderhoud van die erediens, dienswerk en amptenare. Die regering behou egter steeds die reg om die bydraes van lidmate te bepaal. Wanneer daar vanuit die regeringskas tot die kerkfonds bygedra word, word dit beskou as 'n buitengewone subsidie. (1980:33).
Die hooggeroemde verdraagsaamheid en vryheid bring die kerk in volstrekter afhanklikheid van die Staat as wat dit ooit tevore was (Moorrees 1937:451).

Die "Provisionele Kerken Orde voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop" bevat 52 Artikels in twee hoofdele. Die eerste bevat "Algemene beginselen en bepalingen"; die tweede "Voorschriften omtrent het behoorlijk bestuur der toegelaten Kerkgenootschappen binnen deze Volksplanting".

Die vernaamste bepalings was soos volg:

Art. 8. Elke kerkgenootskap moet sy eie leraars en kerkdienaars salarieer, en sy eie geboue onderhou. Die Regering het egter die reg om bydraes van lidmate te bepaal. Bydraes uit

die landskas moet as 'n buitengewone subsidie beskou word.

Art. 16. Behoeftiges word onderhou deur liefdesgawes wat deur elke kerkgenootskap gekollekteer en vir lede van die genootskap bestem is.

Art. 21, 22. Die Regering het die reg om predikante vir 'n bepaalde plaas aan te stel en hulle by wyse van bevordering te verplaas.

Art. 23, 24. Gekose kerkraadslede word aan die Goewerneur vir goedkeuring aangebied. Hy het die mag om om gewigtige redes ander meer geskikte persone aan te stel. In nuwe gemeentes word die eerste kerkraadslede deur die Landdros van die bepaalde distrik benoem.

Oppertoesig oor alle kerklike administrasie berus by die Goewerneur. Sonder sy toestemming mag geen vaste goedere gekoop of verkoop word nie.

Die Kort Staat van die rekeninge moes elke jaar aan die Landdros voorgelê word.

Art. 45. Hierdie artikel bepaal watter bronne van inkomste die kerk tot sy beskikking het, naamlik

gewone kollektes,

geskenke, legate,

doop–, lidmaat–, begrafnis– en sitplekgelde,

en sodanige ander waarvan die insameling deur die Goewerneur toegestaan word. (1937:451–456).

Ongeag die bepalinge van bovermelde kerkorde, het die Staat voortgegaan met die vergoeding van predikante; dit was om die "gevare" te verhoed wat kon ontstaan indien die kerke meer onafhanklik funksioneer (1937:457).

### 2.5.4 Die Sinode van 1824

Hierdie Sinode van die kerk sou op sy eerste vergadering 'n besluit neem rakende Sinodale bydraes deur gemeentes. Daar moes vasgestel word uit welke fondse die koste van die Algemene Vergadering gedelg sou word. Daar word besluit dat vir hierdie eerste vergadering, afgevaardigdes hulle eie koste sou dra of dit van hul onderskeie kerkrade terugeis. Wat die volgende vergaderings betref, sou van die Goewerneur verlof gevra word om die volgende heffinge op gemeentes te dien:

Om 10% op die gewone kollekte, gifte, geskenke en legate vir die Sinode te hef. Tesame hiermee, word doop– ,lidmaats– ,trou– ,begrafnis– en sitplekgelde verhoog (1937:551). Hierdie besluit word deur die Goewerneur goedgekeur, met die uitsondering van die verhoging van aannemings– en trougelde. Hierdie besluit sou tot teenkanting van die gemeentes aanleiding gee. By die Sinode van 1826 sou baie besware geopper word oor die heffinge vir die Sinodale Fonds. In die daaropvolgende jaar sou hierdie heffinge drasties verminder word (1937:552). Belangrik vir hierdie navorsing, is die feit dat hier vir die eerste keer sprake van Sinodale heffinge sou wees. Deur die loop van die jare sou daar op die volgende Sinodes talle uitbreidinge en wysigings ten opsigte hiervan aangebring word. Hierdie besonderhede word nie in hierdie navorsing beskryf nie, aangesien daar in hierdie studie gekonsentreer word op die bydrae van die lidmaat.

### 2.5.5 Ordinansie 7 van 1843

Na jare van stryd tussen die kerk en die bewindhebbers, word die Kerkorde van De Mist herroep en vervang deur die sogenaamde Ordinansie No 7 van 1843. Hiermee doen die Staat amptelik afstand van die gesag wat hy tot in daardie stadium oor die kerk uitgeoefen het (S.K.L.A.S 1980:34).

In die eerste afdeling van hierdie ordinansie word die regulasies van 1804 in die geheel herroep. In 'n daaropvolgende afdeling word verklaar dat regeringstoelae aan kerklike liggame bloot as vrywillige bydraes beskou moet word; dit sou te enigertyd herroep kon

word. In 1845 word die staatstoelae vir die traktement van voorlesers, kosters, orreliste en klokluiers teruggetrek (Moorrees 1937:669). Tot diep in die 19e eeu het die Staat wel die traktement van leraars ten volle of aanvullend betaal. Gelde wat deur die kerk ingevorder is, is hoofsaaklik vir geboue en die versorging van armes gebruik. Die diakens het hierdie gelde geadministreer onder toesig van die kerkraad. In die meer landelike gemeentes is offergawes veral in natura ontvang en die verkoping was dus 'n prominente metode van geldinsameling. Die gewoonte van diakens om bydraes by huise te gaan haal, het ook geleidelik ontwikkel, veral vanweë die ongereelde bywoning van eredienste deur hulle wat ver van die kerk gewoon het (S.K.L.A.S 1980:35 en 36).

### 2.5.6 Ontwikkeling in die Transvaalse Kerk

In die Grondwet van 1856 word die Nederduitse Hervormde Kerk tot Staatskerk verklaar. Predikante van hierdie kerk sou deur die staat besoldig word. Desondanks, word die volgende in 1862 in die bylae "Kerklike Fondse" verklaar:

1. Die instandhouding van die erediens en die versorging van armes is die plig van gemeentelede.
2. Elke gemeente moet oor 'n gemeentefonds beskik waaruit bovermelde kan geskied.
3. Die gemeentefonds moet opgebou word uit kollektes by openbare eredienste; registrasiegelde by doop, "aanneme", huweliksbevestiging, en uit vrywillige vaste bydraes deur lede (1980:35).

Die verskynsel wat in hierdie navorsing ondersoek word, is reeds vir geruime tyd 'n aktuele vraagstuk en probleem binne die kerk. Dit blyk duidelik uit die **Handelinge van die Sinodes van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid–Afrika gedurende 1934 en 1937.** Op die Sinode van 1934 word daar aanbeveel dat 'n Kommissie insake Christelike Milddadigheid 'n noodsaaklikheid in die kerk geword het. Hierdie kommissie moes 'n "sterk kommissie"

wees "...wat met gesag kan optree, 'n voortgaande studie van die saak sal maak, om sodoende die kerk te kan voorlig en afsonderlike gemeentes met raad te kan dien" (Hand. v.d. Sinode Ned. Herv. of Geref. Kerk van S.A. 1934:129). Hierdie aanbeveling word deur die Sinode goedgekeur (1934:19).

Gedurende 1935 en 1936 hou hierdie kommissie konferensies te Hartebeespoortdam en Pretoria. Op albei hierdie byeenkomste is die volgende voorstelle eenparig aangeneem en word dit dan ook aan die Sinode van 1937 voorgelê:

a. Armoede is nie die oorsaak dat daar so 'n tekort is in die fondse vir die werksaamhede van die kerk nie. Dis omdat belydende Christene nie aan die Heer die aandeel in hul besittinge gee wat Hom toekom nie.

b. 'n Groeiende Kerk behoort nie met moeite en gesukkel die bestaande werksaamhede aan die gang te hou, maar sy fondse behoort so saam met sy lede te groei, dat hy steeds sy werksaamhede kan uitbrei.

c. Die geleenthede vir sodanige uitbreiding in alle rigtinge is ontsaglik groot en die noodgeroep van alle kante oorstelpend.

d. Die nodige fondse sal maklik gevind word as lidmate van die Kerk een tiende van hul inkomste wil afsonder vir die werk van die Heer.

e. Van die Jood het die Heer dit geëis op grond van die Verbondsbetrekking waarin hy tot Hom gestaan het. In Jesus het die gelowige in 'n nuwe Verbond met God getree en in daardie Verbond is ook sy besittinge opgeneem. Gee is daarom geen saak van willekeur vir die Christen nie. Hy wat soveel meer ontvang het as die Jood en toegetree het tot die Verbond van Genade in plaas van die

Verbond van die Wet, moet minstens soveel gee as die Jood.

f. Vir hom wat aan die Heer die regte aandeel in sy besittinge gee, is daar ryke loon.

1. Dit verseker tydelike voorspoed: Mal 3:10, Spr. 3:9, 10, Luk. 6:38.
2. Dit bewaar teen die aanbidding van die goudgod en vir toegee aan die sug na weelde en genot: Pred. 5; 12–15, Luk. 12: 33,34, Luk. 18: 18–25.
3. Dit hou die hart teer en ruim: Deut. 15:7–11, Spr. 11:24–25, 2 Kor. 8:9.
4. Dit bewerk blymoedigheid: Spr. 14:21, 2 Kor. 9:7–8.
5. Dit verleen toegang tot die Heer: Ps. 41:1, Spr. 21:13–24, Spr. 24:11–12, Mat. 10:8, Heb. 13:5–6.
6. Dit gee geloofsversekering: 2 Kor. 9:6.
7. Dit is 'n uitvloeisel van die genade van ons Heer in ons harte uitgestort: 1 Joh. 3:17–18, Mat. 25:3146.
8. Dit leer ons om in diepe afhanklikheid van die Heer te lewe en om ons seëninge te tel: 1 Kor. 19:14–16, Ps. 116:12, 1 Kor. 16:2.

g. Bý die berekening van tiendes moet daar allereers volle en heelhartige toewyding wees van een–tiende van ons inkomste aan die diens van die Heer. Dan sal ons berekening oorheers word deur die begeerte om aan die Heer die volle som te gee wat Hom toekom, en dit sal ver van ons wees om te probeer om die som so laag moontlik te hou.

h. Dis nie net ons wins wat in berekening moet kom nie, maar ook ons leeftog. Voedsel, kleding, huisvesting, ontspanning en baie ander dinge wat die daelikse lewe meebring, verteenwoordig 'n bepaalde geldwaarde. Ook daarvan kom minstens een tiende aan die Heer toe. (Hand. Sinode v.d. Ned. Herv. of Geref.

Kerk van S.A. 1937:203–205).

Die Sinode het hierdie verslag goedgekeur, met die uitsondering van paragraaf f, waarvan daar slegs kennis geneem is (1937:28). Die Sinode keur ook 'n voorstel goed waarin dit gestel word dat dit gebiedend noodsaaklik is dat die gee vir die werk van die Heer van jongsaf by die kind ingeskerp moet word, en dat nie gewag moet word tot hy eers lidmaat is nie (1937:28). Kennis is geneem van 'n berekening deur die Kommissie waarvolgens die jaarlikse opbrengs per lidmaat vir die hele Kerk R2.13 beloop vir die werk in gemeentes en R1.11 vir die werk buite gemeentes – 'n totaal van R3.24 dus. Die moontlikheid van 'n kruistog in belang van die saak, is ook genoem (1937:205).

In die **Wette en Bepalings van die Kerk** word paragrawe e, g en h van die bovermelde voorstel van die Kommissie vir Christelike Milddadigheid gedurende 1940 opgeneem en daarby word die belofte gevoeg dat die gee van tiendes "heerlike tydelike en geestelike seëninge meebring" (Ned. Herv. of Geref Kerk van S.A. 1940:169). Hiervolgens is die gee van tiendes verpligtend en word seëninge daaraan gekoppel. Artikel 367 lui dat dit Bybels en pligmatig is, dat die lede van die gemeente sal voorsien in die uitgawes wat benodig is vir die instandhouding van die openbare erediens en vir die ondersteuning van armes in die gemeente (1940:132). Artikel 371 bepaal dat die Gemeentefonds soos volg gevind moet word.

1. Kollektes by openbare eredienste.
2. Die registrasiegelde by doop, aanneming van lidmate en huweliksbevestiging, en die fooie vir ekstrakte uit die Kerklike Registers.
3. Die verhuur van sitplekke.
4. Vrywillige vaste jaarlikse bydraes van die lede.
5. Ander inkomste en bydraes (1940:133).

Probleme rondom die offergawes van lidmate sou deur die jare voortduur en by die **Sinodes van veral die jare 1957 – 1961** sou die saak weer indringend bespreek word. Aandag sou nou ook aan die beginsels wat offergawes ten grondslag lê, bestee word.

Op die **Transvaalse Sinode van 1957** word daar voorgestel dat die Sinode "...daarop klem lê dat dit tyd geword het dat ons lidmate deur middel van die prediking en die ampswerk van ouderlinge en diakens met die huisbesoek daartoe opgevoed word om hul tiendes te gee. Die nood van die tyd eis dat die Kerk op al die terreine van sy werk moet uitbrei en meer arbeiders in die wingerd van die Here uitstoot. Dit kan alleen gebeur indien die lidmate hul plig volgens Maleagi 3 vers 10 nakom. Alleen wanneer die hele tiende na die skathuis gebring word, kan ons spyse in die huis van die Here verwag" (Hand. Sinode N.G.K. van Tvl. 1957:10). 'n Soortgelyke versoek kom ook van die Sendingkommissie (1957:716). Die Sinode aanvaar dan ook 'n voorstel waarvolgens dit aan die Kommissie vir Evangelisasie opgedra word om 'n brosjure op te stel oor milddadigheid (1957:678).

Op die vergadering van die **Raad van Ned. Gerf. Kerke van S.A. in 1957**, gee die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke advies in dié verband. 'n Bylaag "Beginsels en Metodes van Kerklike Geldinsameling" word ook bygevoeg.

Wat gawes vir die instandhouding van die erediens betref, stel die Kommissie die volgende: "Daar word geredeneer dat die Christen nie meer onder die wet van die Ou Testament staan nie en dus vry is van die gee van tiendes, want so 'n bepaling sou in stryd wees met die Christelike vryheid, aangesien Christus ons vrygemaak het van die wet (Rom. 7:6, Gal. 5:1). Verder word daar beweer dat daar in die Nuwe Testament geen besliste bepaling is dat tiendes gegee moet word nie , maar dat daar geleer word dat elkeen moet gee na sy vermoë en voorspoed. Diegene wat praat van die vryheid van die Nuwe Bedeling moet onthou dat dit nie 'n vryheid is wat willekeur skenk nie. Die vryheid van die N.T. eis die

grootste gebondenheid aan en nakoming van die Here se bevele en die leiding van die Heilige Gees. M.a.w. ons het nie hier 'n vryheid om minder te gee as Abraham en Jakob nie, maar eerder meer. Hulle het tog in die skemer van die wet geleef, maar ons in die volle middag van die evangelie." Voorts word dit gestel dat die seremoniële sy van die Wet van die Tiendes in Christus vervul is, maar dat daar rekening gehou moet word met die sedewette wat ten grondslag lê van al die wette en bepalings van die Ou Testament, wat net so bindend onder die Nuwe Bedeling is as onder die Ou Bedeling. Die sedewet wat agter die tiendes lê, is, dat die mens sy besittings kry van God, en dus aan Hom moet gee onder die leiding van die Heilige Gees, wat Hy vra, dit sy alles, of die helfte of een tiende (Hand. Raad van N.G. Kerke 1959:41 en 42).

Die volgende beginsels word gestel:

a. Privaatbesit word deur die Skrif erken en eerbiedig. Immers, sonder privaatbesit sou offers onmoontlik gewees het.

b. Die vrywillige grondslag van ons offers is belangrik. Paulus beskou dit as iets wat nie afgepers word nie (2 Kor. 9:5). Dwang om te gee, kan nie op die gemeente uitgeoefen word nie.

c. Die gesindheid agter ons gawes moet dié wees van blymoedigheid, dankbaarheid en beskeidenheid.

d. Daar moet volgens 'n vaste plan gegee word: op die eerste dag van die week (1 Kor. 16:2); en minstens een–tiende van die inkomste (1959:42 en 43).

Op die volgende vergadering van die **Raad van die N. G. Kerke in S.A. gedurende 1961** geniet die saak weer eens aandag en dien daar dan ook 'n uitvoerige verslag oor die gee van tiendes. In hierdie verslag word daar veral gereageer op die besluite en standpunte van vorige sinodes. Veral dié standpunte wat die verpligte gee van tiendes onderskryf,

word gekritiseer.

'n Juiste verstaan van die Skrif, met name die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament, word bepleit. Dit, só word geredeneer, is nodig omdat 'n binding van die gewetens van gelowiges voor God hier op die spel is. Veral die volgende aspekte word aangespreek (Hand. Raad van Ned. Geref. Kerke 1961:39–43):

1. Die eerste aspek is die interpretasie van die feit dat Abraham en Jakob reeds tiendes gegee het. Diegene wat meen dat die gee van tiendes vandag nog normatief is, beroep hulle op hierdie feit deur te betoog dat hierdie gebruik dus nie uitsluitlik tot die skadudiens behoort nie. Hierdie argument is inderdaad dan ook dikwels gebruik om die gee van tiendes as 'n bepaling van die sedewet te beskou.

Hierdie opvatting berus volgens die kommissie op 'n misverstand. Die vraag word gevra of 'n mens in die geval van Abraham en Jakob met 'n gangbare gebruik of met 'n uitdruklike bevel te maak het. Omdat hier van geen sodanige bevel sprake is nie, word daar tot die gevolgtrekking gekom, dat daar by 'n gevestigde gebruik aangesluit word. Openbarings–histories gesien, kan hier geen normatiewe betekenis aan geheg word nie. Dit gaan hier om 'n beskrywing van die wyse waarop hierdie mense hul eerbied en dankbaarheid in bepaalde omstandighede en in aansluiting by 'n gevestigde gebruik, betoon het. 'n Voor–Mosaïse gebruik verhef 'n bepaalde handeling nie sonder meer bo die skadudiens nie.

"Die gee van tiendes ontvang in die Skrif sy normatiewe betekenis in die skema van die skadudiens en daarom moet dit as 'n aspek van die skadudiens beoordeel word" (1961:39).

Die beginsel wat in die gee van tiendes op die spel is, naamlik dat dit 'n uitdrukking is daarvan dat al ons besittings aan die Here behoort en dat ons 'n deel daarvan uit dankbaarheid aan Hom moet toewy, word nie ontken nie. Die vraag is egter in watter

mate die bepaalde skema van een–tiende vandag nog as sodanig normatiewe betekenis het.

2. Vervolgens die vraag na die samehang van die betrokke voorskrif met die geheel van Israel se bydraestelsel. Gewoonlik word die tiende volkome geïsoleer van die veelvuldige ander aspekte van die bydraestelsel wat onder Israel van toepassing was. Die tiendes was uitsluitend vir die onderhoud van die Leviete bestem. 'n Beperkte bestemming dus. Bydraes is ook op baie ander maniere gehef bv. die eerstelinge van die oes. In Maleagi 3:8–12 word daar, naas die tiendes, ook van heffinge gepraat. Die heffinge word gewoonlik geïgnoreer. Indien die tiendes as normatief gehandhaaf moet word, waarom dan nie ook die eerstelinge en die heffinge nie?
Met die prinsipe van die feit dat Christene uit 'n groter dankbaarheid tot groter finansiële prestasies as Israel verplig is, het die verslag nie probleme nie. Die vraag word egter gevra of daar nie gewaak moet word teen 'n oorvereenvoudigde vergelyking tussen die ou en die nuwe bedelings nie. Dit gaan in hierdie vergelyking ook oor 'n eenvoudige én 'n uiters ingewikkelde samelewingstruktuur. Om van die gelowige te verwag dat hy 'n groter persentasie as Israel verskuldig is, kan laste op Christene lê wat vir sommige te moeilik is om te dra.

3. Die derde aspek draai rondom die gebruik van Nuwe–Testamentiese tekste, wat klaarblyklik aandui dat die gee van tiendes nog van krag is. Dit gaan hier veral oor tekste soos Mattheus 23:23, Lukas 11:42 en 18:22. Die vraag word gevra of die Heiland tydens hierdie uitsprake op die vlak van die ou of op die vlak van die nuwe bedeling staan. Op hierdie tydvlak was die tempeldiens nog in volle gang; die Leviete en die priesters het nog die verpligte bydraes as lewensonderhoud nodig gehad. Bavinck word aangehaal waarin hy sê: "De nieuwe bedeling neemt in zekeren zin al een aanvang, als met de geboorte van Johannes de Doper en van Jezus de Outestamentische beloften beginnen vervuld te worden. Toch bleef de oude bedeling nog van kracht tot den dood van Christus toe."

Waar Christus dus die skema van die skadudiens handhaaf, doen Hy dit in terme van daardie skadudiens en is dit nie as sodanig vir die nuwe bedeling normatief nie.

Wanneer voorts gesê word dat die gee van tiendes nêrens in die Skrif verbied word nie, is sodanige argument naïef. Dieselfde kan van die Sabbat en die offerwese gesê word, tog dring niemand aan op die nakoming hiervan nie.

4. Die laaste aspek wat behandel word, is dat seën aan die gee van tiendes verbind word. Maleagi 3:10 word dikwels aangehaal asof dit sou verwys na materiële seëninge. Die verslag betree hierdie terrein met huiwering omdat dit hier om die "reaksie" van God gaan. Die juiste verklaring vir die verslag lê daarin, dat hierdie opmerklike verband wat Maleagi tussen die eis en die belofte lê, saamhang met die besondere nadruk wat hy deurgaans op die karakter en die eise van die ou verbond lê. Met hierdie spesifieke karakter en bepaalde aksent van die ou verbond, word nie genoeg rekening gehou nie. Onder Israel het Kerk en volk saamgeval en het die materiële en geestelike dus op een vlak gelê. Kragtens die voorlopige karakter van die nuwe bedeling het daar 'n aksentverskuiwing plaasgevind: die aksent lê nou sterker op die geestelike wat sowel die eis as die belofte betref. Daar is huiwering om te getuig dat die Here elke materiële verpligting met materiële seëninge sal beloon. Materiële seëninge is nie uitgesluit nie, maar daar moet rekening gehou word met hierdie aksentverskuiwing.

Ten slotte word die kerklike beweging in die rigting van die gee van tiendes as wetlike verpligting ten sterkste afgekeur. Elke individuele geval moet 'n geestelike beslissing en nie 'n gewete–bindende verpligting wees wat lidmate opgelê word nie. Die gee van tiendes mag hoogstens, in sy besondere verband, dien by wyse van voorbeeld, maar nie as beginsel van bydrae of as wetlike verpligting nie.

Die Raad van Kerke het met dank kennis geneem van die stuk en soos volg besluit:

Die gee van tiendes was deel van die Ou–Testamentiese bydraestelsel en het saamgeval

met die Joodse tempeldiens en daarom het dit as wetlike verpligting in die Nuwe–Testamentiese bedeling verval. Dit bevat nietemin 'n geïnspireerde voorbeeld van die wil van God met betrekking tot die afsondering van die gelowige se besittings in Sy diens en is nie strydig met die vrywillige beginsel van offergawe vir die diens van die Here nie, soos vervat in 1 Kor. 16:2, nl. "Ooreenkomstig die seën van die Here".
Waar die gelowige na siel en liggaam, met alles wat hy besit aan God behoort, behoort die offervaardigheid van die gelowige onder die Verbond geensins agter te staan van die Ou–Testamentiese gelowige onder wetlike verpligting nie (1961:63 en 64).

Die Sinode van die **Ned. Geref. Kerk van Transvaal** het ook in **1961** die gesprek oor die onderwerp voortgesit. Hierdie keer is daar wegbeweeg van die enkele vraag of tiendes nog verpligtend is, en word die begrippe **rentmeester** en **sakebestuurder** gebruik. Samevattend word daar in 'n verslag van die Aktuele Sake Kommissie gesê dat God die Eienaar is óók van die stoflike waaroor 'n mens beskik en dat die mens as rentmeester daardie besittings tot die eer van God moet aanwend. Die gelowige is daartoe geroepe om homself met alles wat hy het en is aan God te wy en besonderlik uit sy aardse besittings aan God 'n gedeelte af te staan wat na verhouding is met die omvang van die seëninge wat hy van God ontvang op tydelike gebied. Dit moet hy uit dankbaarheid en liefde en met blymoedigheid vrywilliglik vir die saak van die Here afstaan, sodat die erediens in stand gehou kan word, die uitbreiding van die Koninkryk van God kan voortgaan en die armes versorg kan word (Hand. Ned. Geref. Kerk van Tvl. 1961:214, en 224–230). Die Sinode keur hierdie Skrifbeginsels goed (1961:474).

Rondom Sinodale bydraes in die vorm van die **puntestelsel**, maak die Kommissie ook die volgende uitsprake: (Dit is tog belangrik om hiervan kennis te neem, aangesien sommige gemeentes die Sinodale aanslag blameer vir hul finansiële situasie.)

1. Daar word gewaarsku teen die element van dwang in hierdie bydraes. Die vraag

word gevra of 'n gemeente nie ook 'n geestelike eenheid is wat met vrywilligheid, blymoedigheid en dankbaarheid sy gawes moet gee vir die saak van die Here nie. Indien dit moontlik is om dwang toe te pas op die kerkrade om sekere bydraes te maak vir die werk van die Here, dan behoort dit weer vir die kerkraad moontlik te wees om gemeentelede te dwing om bepaalde bydraes te maak. Dit sou 'n verkragting van die mees elementêre Skrifbeginsels wees.

2. Daar word gewaarsku dat met hierdie wyse van insameling, kerkrade nooit geleer kan word om by die besteding van hul finansies vir die werk van die Kerk in wyer verband biddend voor die aangesig van God te staan om te vra hoeveel hulle kán gee en hoeveel hulle behoort te gee in die lig van die eise van die Skrif nie.

3. Die Sinode het 'n ontsaglike groot hoeveelheid werk op hom getrek wat eintlik by kerkrade of groepe gemeentes tuishoort. Dit alles kos baie geld, sodat die Sinode verplig is om jaarliks groot somme geld van die gemeentes te ontvang. As gevolg hiervan kwyn die belangstelling van gemeentes in die werk; hulle is nie meer direk betrokke nie.

4. Met die puntestelsel word daar 'n besondere bevoegdheid in die hande van die Sinode gelê – 'n bevoegdheid wat maklik misbruik kan word.

Die Sinode besluit dat –

1. werk wat deur afsonderlike gemeentes of groepe gemeentes verrig kan word, nie deur die Sinode aangepak en behartig moet word nie,
2. die Sinode sy finansies moet aanwend alleen in verband met die sentrale roeping van die Kerk, en nie vir die bekostiging van allerlei werksaamhede wat op die rand lê nie. (Werksaamhede wat tuishoort in staats– en volksverband),
3. 'n Sinodale beraming aan gemeentes voorgehou moet word as 'n leidraad

van wat elke gemeente minstens behoort by te dra indien die werk van die Here nie skade moet ly nie, en dit word gestel dat dit bedoel is as 'n leidraad om die minimum aan te dui wat 'n gemeente behoort te gee, en nie die maksimum nie,

4. hierdie beraming nie deur die Sinode as 'n wetlike verpligting gesien moet word wat op die gemeentes gelê word en in verband waarmee dwangmaatreëls toegepas kan word nie. Dit moet egter duidelik verstaan word dat elke gemeente moreel verplig is om sy aandeel by te dra. Die eerste sin van hierdie paragraaf word nie deur die Sinode goedgekeur nie (1961:214–215, 230–236 en 474).

Die Sinode sou ook 'n uitspraak maak oor die **bronne van kerklike fondse.** In hierdie geval gaan dit oor die Transvaler se Kersfeesfonds en straatkollektes. Beginsels wat wyer toegepas kan word, is ter sprake.

Wat die **Transvaler se Kersfeesfonds** betref, beveel die Kommissie aan dat –

a. die Kerk die Transvaler se Kersfeesfonds aanvaar as die mooi gebaar van 'n dankbare volk teenoor sy minderbevoorregte volksgenote, en waardeer die feit dat die fonds onvoorwaardelik die Kerk aangebied word vir besteding,

b. die Kerk bewus is van die gevare daarvan om afhanklik te word van 'n instansie buite die Kerk, waardeur die Kerk weer eens sy profetiese vryheid sal verloor en kompromieë sal sluit wat die Kerk in die uitvoering van sy roeping sal belemmer, en wil dit dus duidelik formuleer dat die fondse van enige dagblad vir hom nie aanvaarbaar is as dit 'n dergelike gebondenheid meebring nie,

c. die Kerk die noodsaaklikheid daarvan besef dat daar duidelik onderskei sal word tussen die terreine van die Kerk en die maatskappy, en besluit om voortaan nie meer as instituut mee te werk by die insameling van enige Kersfeesfonds nie.

d. die Kerk wil beklemtoon dat die aanvaarding van die finansiële steun uit enige blad se liefdadigheidsfonds in geen opsig verstaan moet word as 'n vereenselwiging van die Kerk met die politieke denkbeelde waarvan daardie blad die orgaan is.

e. die Kerk wil beklemtoon dat die bestaan van hierdie fonds nie daartoe mag lei dat die Kerk in sy eie milddadigheid verslap, en gevolglik by kerkrade daarop aandring om te sorg dat daar genoeg gawes gevind sal word vir die diens van barmhartigheid van die Kerk (1961:215–216 en 236–245).

Die Sinode keur die bovermelde goed, met die uitsondering van paragraaf c (1961:474).

Op die 1979 Sinode van die Ned. Geref. Kerk van Wes–Transvaal, beëindig hierdie Sinode die verbintenis met dié fonds en plaas daardie uitgawes wat van hierdie inkomste afhanklik was, op die kerk se eie begroting (Hand. Ned. Geref. Kerk Wes–Transvaal 1979:559 en 835). Hiermee word die Sinode in Wes–Transvaal die enigste Sinode in Transvaal wat om beginselredes (barmhartigheid is die kerk se eie verantwoordelikheid) hierdie verbintenis verbreek.

Wat straatkollektes betref, word die volgende onder andere aanbeveel:

1. Die hou van straatkollektes is nie die weg wat die Kerk moet bewandel met die finansiering van sy werk nie, aangesien dit die plig van die gelowiges is om die nodige middele te voorsien vir die arbeid wat die Kerk in die Naam van Christus verrig.

2. Die Sinode doen 'n ernstige beroep op alle kerkrade om toe te sien dat daar van geen straatkollektes gebruik gemaak word nie.

3. Die Kerk besluit om in die toekoms liewer sy eie lidmate te aktiveer om hulle bydraes vir die besondere doeleindes waarvoor daar in die verlede gebruik gemaak is van kerklik–ongeoorloofde insamelingsmetodes, direk na die Kerk te bring (1961:216–217 en 246–247). Hierdie saak word verwys na die Streeksinodes (1961:481).

**Die Sinode van die Ned. Geref. Kerk Suid–Transvaal van 1968** (Wes–Transvaal was op hierdie tydstip nog deel van hierdie Sinode) sou worstel met die vraag of alle eredienskollektes nie bestem was vir barmhartigheidsdienste nie.
Daar word gevoel dat hoewel die Kategismus sterk klem lê op die verband tussen die erediens en die Diens van Barmhartigheid, die Skrif tog duidelik leer dat die gawes wat na die samekoms gebring word, die arme sowel as die Kerk ten goede kom. Hierdie standpunt word goedgekeur (Hand. Ned. Geref. Kerk Suid–Transvaal 1968:792).

**Die huidige kerklike praktyk** is reeds kortliks in die eerste hoofstuk aangeraak. Dit word ook in Hoofstuk 4 nader omskryf.

**Navorsingsrelevante vrae**

1. Die Sinode spreek hom uit teen die praktyk van straatkollektes. Kan die offergawes van lidmate ongekwalifiseerd aanvaar word? Is die bydraes van kerkvervreemdes in orde?
2. Die huidige kerklike praktyk het juis aanleiding gegee tot die formulering van die hipotese in Hoofstuk 1, p. 16.

## 2.6 OPSOMMING VAN TENDENSE IN DIE GESKIEDENIS

Christene het die afgelope 2000 jaar met 'n verskeidenheid van wyses en motiewe op die roeping tot verantwoordelike rentmeesterskap gereageer. Aanvanklik was daar 'n gees van absolute offervaardigheid, gerugsteun deur reserwelose liefde. *But as the church developed institutionally, especially after Constantine legalized Christianity, giving became less motivated by gratitude for God's grace and more by the desire to earn God's approval. By the fourth century, salvation on merit had become the primary motivation for giving to the ecclesiastical establishment, as it was for the Pharisee in Jesus' day (Fisher 1978:75).* Die voorafgaande beskrywing van die geskiedenis bevestig hierdie standpunt. Hierdie tendens sou vir baie jare voortduur en selfs toeneem in

intensiteit. Tydens die Hervorming sou hierdie standpunt onder skoot kom. *What began as a dispute over a concept of stewardship ended in the formal recovery of the evangelical principle for a large segment of Christendom (1978:77).* Die Hervormers het die gedwonge Tiende gekritiseer, maar dit nie blatant en konsekwent aangeval nie.

In die Ned. Geref. Kerk sou tiendes vir baie jare as 'n wetlike verpligting beskou word en eers in 1961 is daar finaal standpunt hierteenoor ingeneem. Diepgaande besinning oor rentmeesterskap sou eers laat in die Twintigste Eeu geskied. Waarskynlik het die lang geskiedenis van staatsondersteuning 'n groot bydrae tot hierdie "vertraging" gelewer.
Die kerk beleef vandag geldelike knelpunte en in sommige gevalle word daar na onbybelse praktyke gegryp om fondse in te vorder. Gevolglik het 'n rentmeesterskapsteologie dringend noodsaaklik geword.

# HOOFSTUK 3
# GELDELIKE RENTMEESTERSKAP: 'N TEOLOGIESE BEGRONDING

Heelwaarskynlik het 'n uitgerekte geskiedenis van geldelike ondersteuning uit die staatskas daartoe bygedra dat rentmeesterskap 'n verwaarloosde item op die kerklike agenda was. Hoe word lidmate gemotiveer tot 'n groter finansiële offervaardigheid? Beroepe op lojaliteit en trots, 'n emosionele verwysing na tekorte in die kerkkas en vindingryke geldinsamelingsmetodes mag in sommige gevalle, sover dit die korttermyn betref, skouspelagtige resultate oplewer, maar dit is gewoonlik nie van lange duur nie. Daar moet ook gevra word of al hierdie sogenaamde "vrugbare metodes" altyd tot eer van die Here strek. *Fund raising has been elevated to something of a science* (Werning 1965:14) Selfs geldelike voorspoed dui nie noodwendig op 'n gesonde rentmeesterskapsbeskouing nie. Lapwerk is nie die antwoord nie. Die antwoord op die kerk se geldelike behoeftes lê nie in tegnieke of die bekwame skilder van kerklike behoeftes nie. Wanneer daar vir die Jerusalemse gemeente gekollekteer word (2 Kor. 8 en 9), funksioneer die behoefte van hierdie gemeente op 'n sekondêre vlak (1965:13). Dit is ook te betwyfel of materialisme en sekularisme as die enigste oorsaaklikhede van kerlike tekorte uitgesonder kan word. Wat sou die rol van 'n gebrek aan 'n omvattend Bybelse standpunt oor hierdie verskynsel wees? Daar is slegs een gesonde vertrekpunt: 'n Bybels–verantwoordbare teologie. *A clear view of the intimate relation between evangelical theology and stewardship is of vital concern to both. Both have their starting point in an encounter with the living Christ. Theology seeks to think out the meaning of that encounter. Stewardship seeks to live it out (Kantonen 1956:6).*


Waarkragtens kan die kerk 'n beroep op sy lidmate doen om hul geld in die kerk te

belê? Slegs wanneer *Thus saith the Lord* daaraan gekoppel kan word. *If God has not spoken, we are merely manipulating human motives toward human goals (1956:12). Het getuigenis Gods is de laaste grond des geloofs. Op de vraag: waarom gelooft gij? antwoord de Christen: omdat God gespreken heeft, Deus dixit (Bavinck Band 1 1967:551).* Só moet daar ook op die waarom vraag met betrekking tot geldelike bydraes slegs een antwoord wees: "Deus dixit!"


Vanselfsprekend moet daar ôók in die skryf van 'n teologie gewaak word teen 'n eensydige beklemtoning; om daardie rede sal daar in hierdie navorsing gepoog word om rentmeesterskap as 'n geloofs–verhoudingsgebeure te skilder. In die proses sal die Bybelse rentmeesterskapsimplikasies en kwaliteite van al die betrokke partye beskryf word. Die werk wat tot dusver op hierdie terrein gedoen is, neig om nie volledig op die implikasies vir rentmeesterskap by die Goddelike Drie–Eenheid te let nie; dit hou die gevaar in dat rentmeesterskap te veel klem as 'n menslike *aksie* en te min as 'n menslike *reaksie* ontvang. 'n Rentmeesterskap waarin dít gebeur of waarin by slegs enkele geselekteerde implikasies aangehaak word, byvoorbeeld slegs dankbaarheid, roeping of God se totale eienaarskap, loop die gevaar om êrens tussen Bybelse rentmeesterskap en gewoon menslike liefdadigheid 'n plek in te neem. 'n Ander wesentlike gevaar wat deur die voorgestelde benadering die hoof gebied word, is die van wettisisme. Ook hierin word enkele aspekte dikwels oorbeklemtoon.

Die diagram op bladsy 71 illustreer die verskil tussen sekulêre liefdadigheid en dit wat in hierdie navorsing voorgestel word as 'n model van 'n Bybelse rentmeesterskap met betrekking tot die geldelike.

Die vraag word gevra of daar rentmeesterskapsimplikasies geleë is in God se openbaring van Homself. Aandag word veral gegee aan Sy liefde, heiligheid en almag. Indien daar wel sodanige implikasies is, sal daar ook aangetoon word op welke wyse dit normerend is met betrekking tot die lidmaat en in die besonder sy geldelike bydraes aan die kerk.




BYBELSE RENTMEESTERSKAP AS 'N VERHOUDINGSGEBEURE




SEKULÊRE LIEFDADIGHEID

Wanneer daar op hierdie elemente aan die kant van die Drie–Eenheid gelet word, sal daar na "implikasies" verwys word omdat daar by God uiteraard nie van rentmeesterskapskwaliteite sprake kan wees nie. Dit sal nie moontlik wees om hierdie rentmeesterskapsimplikasies en –kwaliteite in absoluut waterdigte kompartemente te verdeel nie omdat die Bybelse fondamente daarvan ten nouste saamhang en innig verweef is.

In die geloof, en by name ook in verantwoordelike rentmeesterskap, kom die mens allereers te staan voor die Goddelike Drie–eenheid. Met hierdie ontmoeting begin 'n verhouding, 'n proses van aksie en reaksie, woord en antwoord. Rentmeesterskap is 'n wesentlike deel van hierdie antwoord aan God. Die juiste antwoord kan slegs gegee word wanneer daar absolute erns gemaak word met dit wat God aangaande Homself openbaar. Ware rentmeesterskap begin hier; daarom is dit dan ook die vertrekpunt van hierdie studie. *If we want to see God, then the first thing we should say to ourselves is that we may not see him as we have conceived him. We must remind ourselves that he may appear to be wholly other than the picture we have made of him; and we must be prepared to accept his visage even if it terrifies us ... for the only way we can see him is as he actually is (Bultmann 1979:48).*

Rentmeesterskap word voorts as 'n geloofs–verhoudingsgebeure beskryf waarin liefde, heiliging en vertroue van deurslaggewende belang is.

## 3.1 RENTMEESTERSKAP: 'N LIEFDESHANDELING

### 3.1.1 Liefde as 'n religieus–teologiese verskynsel in die Woord

Rentmeesterskap vind, as 'n liefdes– en dankbaarheidshandeling, sy diepste wortels in die wesentlike liefde van God. 'n Deeglike verkenning van hierdie liefde en die mens se

veronderstelde reaksie daarop, is nodig om 'n deeglik teologiese begronding van rentmeesterskap te verseker – 'n begronding waarin al die rentmeesterskapsimplikasies na vore kom. In die volgende gedeelte is daar, alhoewel nie eksklusief nie, dikwels van Kittel gebruik gemaak en die belangstellende leser word daarna verwys (Kittel Vol. 1 1976:21–55).

Liefde het in die Ou Testament beide 'n profaan–immanente en 'n religieus–teologiese kleur. Daar sal slegs op die religieus–teologiese liefde gekonsentreer word. Die begrip *liefde* is een van die belangrikste konsepte in die Ou Testamentiese teologie. *The word love is used less commonly and with greater caution for describing the relationship between God and man (Brown Vol. 2 1976:540).* Alhoewel die begrip liefde in die Ou Testament spaarsamig gebruik word omdat daar huiwering is om so 'n gewoon–menslike emosie aan God toe te skryf, kan daar duidelik waargeneem word dat verbond as regsbegrip, aan die ervaring van die liefde van God uitdrukking gee. Vir Kittel lê die liefde van God ten grondslag van die verbondsteorie. Brown stem hiermee saam wanneer hy sê: *At the beginning of the Old Testament stands not only the God who loves, but also the God who elects, and the God who creates facts through direct action in nature and with men – in particular, with his people, with whom he has made a covenant (Exod. 24). The great deeds of Yahwe are the deeds of his history with his people, such as the Exodus, the gift of the land and the Torah. Righteousness, faithfulness, love and grace are some of the concepts embodied in such actions (1976:540).*

Verwysende na Deut. 7:8 sê Zimmerli: *As a positive motivation for the deliverance of Israel from Egypt, in which the association between Yahweh and Israel becomes historically manifest, we find only one reason: a reference to Yahweh's love. ... An irrational, free decision of love as early as the time of the patriarchs, which cannot be examined further, stands behind Yahweh's election*
*( Zimmerli 1984:45).*

God se liefde vir die mens word in die Ou Testament op 'n nasionale en individuele grondslag geopenbaar. Dit is opvallend dat die Ou Testament baie selde van God se liefde vir 'n spesifieke persoon praat.

Die Deuteronomis gebruik in Deut. 10:14–16 Jahwe se liefde vir die mens as 'n motivering vir die mens se liefde tot God. In Deut. 7:12 evv. beloof hy die liefde van God as 'n beloning vir getrouheid binne die verbond.

Liefde, as basiese motief vir Jahwe se handelinge met Sy volk, word veral ook deur **Hosea** geskilder. Ook Hosea sien die liefde as basiese grondslag van die uitverkiesing en die verbond. *It was the prophets who first ventured to elaborate on the theme of the love of God as the main motif of his electing work. It was an enormity of unique proportions for Hosea ... to represent the relationship between Yahweh and his people as that of a deceived husband and a prostitute (Brown Vol. 2 1976:541)* Terwyl regsterme nie in staat is om die wyse waarop Jahwe aan Sy mense verbind is, uit te druk nie, beskryf Hosea dit in die bovermelde beelde (Hos. 3:1). Hosea moet die owerspelige vrou bemin soos wat God die kinders van Israel bemin. Dit dui daarop dat die amptelike religie ontaard het en dat dit slegs dié onpeilbaar diepe liefde van Jahwe die bestaan van Sy volk verseker. Hierdie huwelik wat onsinnig vir die mens en tot skande van die eggenoot is, beskryf op 'n betroubare wyse die verhouding tussen Jahwe en Israel (Hos. 1:2). Die dreiging wat in die name van die kinders bedui word ( Sonder–ontferming en Nie–my–volk–nie ), wil aantoon dat die houding van die eggenoot nie dié van onverskilligheid en passiwiteit is nie en dat die vrou inderdaad met vuur speel. Die vrou word die voorwerp van bejammering. Jahwe neem in Sy liefde hierdie volk vir ewig in Sy beskerming en dan ken die vrou Hom in die volle sin van die woord (Hos. 2:18 en 19). Só verstaan Hosea God se heerskappy en beskryf hy die liefde wat ten grondslag van die verbond lê.
Hosea skilder met dieselfde teerheid en diepte Jahwe se liefde in 'n beeld wat dui op

vaderlike liefde. Die begrippe *vader* en *seun* word egter doelbewus vermy. Dit handel oor 'n vaderlike instrukteur wat teleurgestel word maar wat desondanks met passie liefhet. Israel is in 'n tyd van kindskap deur Jahwe bemin (Hos. 11:1). Om sy geregtelike wraak toe te pas, word vir Jahwe 'n plig en Jahwe se liefde is duidelik in Sy klaag te bespeur: *Hoe kan Ek jou prysgee, Efraim?* en *Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Ek kan dit nie oor My hart kry nie, My liefde brand te sterk (vers 8).* Goddelike liefde oortref dié van die mens daarin, dat Sy liefde nie deur die emosies en twyfel wat dit bedreig, geaffekteer word nie. Die motief van God se lydende liefde verleen 'n bepaalde kleur aan die dreigemente in Hosea. Dit gee begrip vir die ongemak in gesegdes soos: *Ek sal hulle nie meer liefhê nie (Hos. 9:15).* Vir Hosea impliseer dit 'n God wat ophou om God te wees.

Hierdie tema word ook by die ander profete aangetref: *The later prophets took over from Hosea the picture of love and the theme of the beloved, with modifications. Jeremiah spoke of Israel's first love in the wilderness, and its growing cold in Canaan (Jer. 2:1 ff.) (1976:541).* Ook die lydende liefde van God (12:7–9) word hier aangetref. Jahwe haat Sy volk omdat hulle soos 'n leeu in die bos teenoor Hom geword het. Nogtans noem Hy hulle *die volk wat Ek liefhet* en is dié gedeelte 'n klaagsang. Sy liefde vir Israel is 'n ewige liefde en hierdie liefde is die fondament van Sy trou (31:3). Jeremia gebruik ook die beelde van Hosea: *Hoe graag wil Ek jou 'n seun van My maak* en *Noem my: "Vader" (3:19).*

Deutero–Jesaja beskryf ook die liefde in die beeld van 'n jeugliefde wat weer deur God hervat word (Jes. 54:5–8). 'n Treffende beskrywing is ook te vind in die moeder–kind beeld van Jes 49:15. *Kan 'n vrou haar eie baba vergeet? ... Ek sal jou nie vergeet nie.* In Jes. 43:3 evv. is die vader–seun beeld weer eens te vinde. Ook die lydende liefde: *Statements concerning this devotion of God reach the level of suffering love, as Isa. 53 predicates of the Servant of God (1976:540).*

**Vervolgens word daar gelet op die mens se liefde vir God in die Ou Testament.**

Liefde is in die Ou Testament die teenoorgestelde van vrees; dit laat afstand krimp (Deut. 11:12 evv.) en dien ook dikwels as motief vir die gebed (Ps. 18:2). Om God lief te hê, is om vreugde in Hom te vind en impulsief na Hom te streef (Jer. 2:2). Hulle wat God liefhet, is die vromes wie se lewens en geloof gekenmerk word deur 'n oorspronklikheid en opregtheid. Abraham is hiervan 'n voorbeeld ( Jes. 41:8 evv. ). Liefde en die kultus asook 'n voorbeeldig etiese lewe, word dikwels aan mekaar gekoppel in uitdrukkings soos: *Ek betoon My liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat my liefhet en My gebooie gehoorsaam* (Ex. 20:6, Deut. 5:10), of *Hom lief te hê en te dien* (Deut. 10:12, Jes. 56:6). Deut. 30:6 beskryf liefde vir God as 'n diepe, innerlike en deur God gegewe ervaring. In Deut. 6:5, aan die ander kant, word liefde weer as 'n handeling, 'n etiese uitdrukking beskryf. Dit word ook in Lev. 19:18 en 34 gevind. Belangrik is dit dat, vanuit die liefde as 'n inwonende krag en emosie, 'n gesindheid sal voortkom wat die mens se totale lewensrigting sal bepaal en die totale persoonlikheid in diens van die Here plaas. Dit is vir die Skrif veral van belang om aan te toon dat in die liefde vir God 'n opdrag en plig opgesluit is. 'n Liefde wat nie op 'n bepaalde aksie uitloop nie, is waardelose liefde. As positiewe geloofskrag, moet die liefde vrugbaar wees in verbondstrou. Jahwe toets dan ook inderdaad die opregtheid van die liefde: *Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel (Deut. 13:3).* Jeremia (31:33) sluit hierby aan wanneer hy die nuwe verhouding tussen God en mens (Nuwe Verbond) grond op *'n woord wat op die hart geskryf is*, bedoelende daarmee: liefde vir God.

**Liefde in die Nuwe Testament:**

In die Nuwe Testament word liefde geradikaliseer, ge—universaliseer en geïndividualiseer. God se liefde word hier geopenbaar as 'n vergewende liefde. Dié liefde sou in die verkondiging van Jesus 'n bepaalde aksent dra: *But Jesus also knows a different kind of*

*divine love, namely, the preferential love which includes separation and special calling. This is God's love as directed exclusively to Jesus Himself (Kittel Vol 1 1987:48).* Teen hierdie agtergrond moet die gelykenis van die boere en die wingerd verstaan word (Mark 12:1 evv.). Jesus praat van die *geliefde seun* (Mark. 12:6 en Matt. 12:18). Hy is geroep om die pad van lyding ten volle te loop. Jesus word die Stigter van die nuwe volk van God en deelgenootskap aan die nuwe wêreld is gekoppel aan 'n verbondenheid aan Hom. *Jesus himself is the one who truly loves, and takes to himself the poor, the sick and the sinners (Brown Vol. 2 1976:543).* In hierdie nuwe bedeling is liefdeloosheid sinoniem met 'n minagting van Hom. Op hierdie liefde wag 'n beoordeling (Matt. 10:40 evv en 25:31 evv). Jesus beveel 'n onvoorwaardelike verbintenis aan Hom: *Hy wat sy vader of moeder liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie. Hy wat nie sy kruis dra en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie (Matt. 10:37 evv. en Lukas 14:26 en 27). He creates a new people of God ... and with an unconquerable resolve to love treads the way of sacrifice in face of all opposition (Kittel Vol.1 1976:48).* Markus beskryf die verbintenis tussen liefde, verkiesing en roeping met die trek van 'n enkele streep wanneer hy inleidend sê dat Jesus die ryk jongman liefgehad het met die liefde van God, die liefde wat mense tot hoë offers roep (Mark. 10:21) (1976:48). *If love cost God what was most dear to him, the same will certainly apply to a disciple (Brown Vol. 2 1976:544).* In en deur Hom het daar vergifnis van sonde gekom; wie dìt ervaar, ervaar tegerlykertyd ook die krag van 'n nuwe oorvloedige liefde. *Omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde (Luk 7:47).*

Jesus verkondig 'n onverdeelde liefde wat 'n saak van die wil en daad is (Matt 22:37 ). Liefde vir God staan in die teken van 'n radikale óf ... óf: *Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag (haat) en die ander een hoër ag (liefhê), óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie (Matt 6:24).* Verdeelde lojaliteite en liefde is dus onmoontlik. Om God lief te

hê, is om volkome in jou bestaan op Hom gerig te wees, soos wat 'n slaaf op sy meester gerig is (Luk. 17:7 evv.). Dit impliseer dat alle ander bande gebreek en struikelblokke verwyder word (Matt. 5:29 evv.). *It also means, however, to base one's whole being on God, to cling to Him with unreserved confidence, to leave with Him all care and responsibility (Kittel Vol.1 1976:45).* Veral twee magte wat teengestaan moet word, word deur Jesus uitgesonder: Mammon en ydelheid (Matt. 6:24 en 40). Liefde vir prestige is nie versoenbaar met liefde vir God nie. Hy noem 'n derde bedreiging – vervolging (Matt 10:17 evv.). Liefde was Jesus se groot en finale gebod (Matt 22:37).

In Joh 3:16 het God die wêreld lief, maar in 1 Joh 2:15 word die kinders van God verbied om die wêreld lief te hê. As iemand die dinge van die wêreld liefhet, is die liefde van die Vader nie in hom nie. *Bultmann takes kosmos in 1 Joh. 2:15 as referring to perishable things and is thus not to be equated with kosmos in John 3:16. (Neotestamentica 1972:70).* Die liefde van Joh. 3:16 is die basis van die liefde van God in die Johannese literatuur, maar die liefde van 1 Joh. 2:15 is 'n valse liefde wat op die verkeerde objek gerig is. Die liefde van God het 'n deurdringende invloed wat beide horisontaal en vertikaal werksaam is. Liefde het 'n Goddelike oorsprong (1 Joh. 4:16). Hierdie liefde is in die persoon van Jesus gestuur (Joh. 3:16). Sy navolgers "weerkaats" hierdie liefde: *This act of love has nothing in common with affection, but it means that one must exist for somebody else. At the same time one's whole existence is determined by it (Barth, aangehaal in Neotestamentica 1972).* Broederlike liefde is 'n bewys dat die een wat dit beoefen uit God gebore is. Dit is onmoontlik om God lief te hê tensy God daardie mens liefhet (1 Joh. 4:10). *Love is a sign and proof of faith (1 Joh. 3:10) (Brown Vol.2 1976:546). John not only can but must emphasise the active character of love both in the life of Christ and in that of Christians (Kittel Vol.1 1976:53).* Treffend is Johannes se opsomming: *Ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid ( 1 Joh. 3:18).*

Paulus skets die nuwe situasie wat deur die liefdeswerk van God geskep is. Paulus se versekering: *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hy liefhet (Rom. 8:28)* en *God is vir ons; wie kan dan teen ons wees? (Rom. 8:31)*, berus op drie feite. Eerstens: God het Sy Seun gestuur (Rom. 8:31). Tweedens: God roep die wat Hy uitverkies het; Sy liefdeswil word op hul gerig. Derdens: Die liefde van God word in ons harte uitgestort en is die beslissende werklikheid in ons bestaan (1976:49). Die liefde van God word in die liefde van Christus 'n wêreld–veranderende gebeure.

God se liefde impliseer verkiesing – Sy liefde is 'n verkiesende liefde. Liefde hou die navolgers van Christus gevange: *Die liefde van Christus dwing ons* (2 Kor. 5:14) en is in die gelowige se hart uitgestort (Rom. 5:5). Dit is 'n nuwe lewenskrag. Die doel van die liefde van God is die nuwe mens. *For all God's work, whether in creation or redemption, presupposes both the possibility and the necessity of human action (1976:50)*. Die liefde van die gelowige is niks anders as 'n terugvloei van die hemelse liefde nie. Die liefde vir die naaste funksioneer hierin ook baie sterk.

By Paulus vind die nuwe gehoorsaamheid sy sentrale en fundamentele uitdrukking in die liefde. *Zo goed als het geloof de bestaanswijze van het nuwe lewe kan heten, zo geld dit ook van de liefde. Het geloof werk zich uit in de liefde Gal. 5:6 (Ridderbos 1973:324)*. Om tot die nuwe skepping te behoort, kan ook uitgedruk word as *het in de liefde zich uitwerkend geloof*, vgl. Gal 6:15 en 5:6 (1973:324). Tesame met geloof en hoop, word die liefde genoem as die eintlike kern en inhoud van die christellike lewe (1 Kor. 13:13; 1 Tess. 1:3; Kol. 1:4; Gal. 5:5). *De liefde expliceerd dus wat het zeggen wil in Christus te zijn, in het geloof te zijn. In haar verwerklijkt zich de vrijheid van de zonde, waartoe de gelovigen in Christus zijn geroepen, Gal. 5:13 (1973:325)*. Hierdie liefde ontleen sy sentrale betekenis daaraan dat dit 'n afspieëling is van die liefde van God in Christus. Dit is hierdie Goddelike liefde wat neerslag vind in die liefde van Sy navolgers. Vir Paulus is

daar ook 'n besondere verband tussen liefde en heiliging (Rom. 12:9–21). Liefde is die lewenselement van die gemeente. In die liefde word die liggaam, waarvan Christus die Hoof is, opgebou (Ef. 4:15 en 16). Juis omdat die liefde, soos hoop en geloof, die bestaanswyse van die Christelike gemeente is, moet dit geopenbaar word in 'n binding aan broeders en 'n oorgawe aan diens ter wille van die opbou van die gemeente. Die christelike liefde is nooit individualisties—geïsoleerd nie, maar by die liggaam betrokke. *En daarom betekent het missen van deze liefde: nietz–zijn, met welke schitterende charismata men begiftigd moge zijn (1973:328).*

Die verbesondering van hierdie liefde is vir Paulus belangrik. Die een liefde ontvou in allerlei gestaltes van liefde. Ons vind in die besonder in 1 Kor. 13:4–7 en Rom. 12:9–21 'n voorbeeld hiervan. Kenmerkend hiervan is die indiensbaarstelling van die self.

Jakobus wil met 'n reeks direkte uitsprake 'n gemaklike ontvlugting van die eise van liefde voorkom. Ook vir hom is liefde die grondwet van die nuwe koninkryk (Jak. 2:8). In veral 2:14 evv. en 5:1 evv. rig hy hom tot rykes wie se gesindheid teenoor hul eiendom nie met die liefde van God in ooreenstemming is nie.

Nadat daar van die voorafgaande kennis geneem is, enkele uitsprake oor die liefde:

Barth beskou die wese van God as bepaal deur die liefde en die vryheid. God is Een wat in vryheid liefhet. Hier het ons met die grondliggende volkomenheid van God te doen (Durand 1976:80). *Whatever else we may have to understand and acknowlegde in relation to the divine being, it will allways have to be a definition of this being of His as the One who loves. All our further insights about who and what God is must revolve round this mystery – the mystery of His loving (Barth 1980:283).*

Berkhof gaan uit van die tweeheid van transendensie en kondesensie in God se openbaring

en deel die Goddelike eienskappe daarvolgens in (Durand 1976:81). Hy het uitvoerig oor die liefde gehandel (Berkhof 1973:124–140). Wanneer daar oor hierdie liefde gehandel word, *mogen en moeten we het wagen om niet maar over Gods wezen, maar over zijn "karakter" te spreken, en daarmee over wat het hart van het christelijk geloof is (1973:124).* Wanneer die allerhoogste en heilige God Hom tot die mens wend, openbaar en bewys Hy Hom as die Liefde. Die ontdekking van die geloof is 'n *verrassende werklikheid* (1973:124). God wat Hom op 'n verskeidenheid van wyses kon openbaar, openbaar Homself as die Skenkende – meer nog – as die Homself–skenkende wat die mens gelukkig wil maak deur Hom te laat deel hê aan die heerlikheid van Sy eie wese. Hierdie liefde wat ons die Liefde mag noem, bring ons by die middelpunt van ons geloofsleer.

*Niet de liefde is als zodanig van goddelijke kwaliteit, maar de grondkwaliteit van God is de liefde, een heel bijzondere liefde waarmee Hij zich in zijn verbond met Israel en in de levensgang van Jesus Christus voor mensen heeft ingezet (1973:125).* Wie iets van die aard van hierdie liefde verstaan, kom onder die indruk van die vreemdheid en die onvergelykbaarheid daarvan, 'n liefde wat ongemotiveerd is en waarvoor geen offer te groot is om mense, wat nie daarom gevra het nie, te verryk. *Maar wat wij ons in de regel daarbij denken, bleeft ver achter bij wat er blijkt te leven in Gods hart (1973:126).* Hierdie liefde moet nie gesien word as 'n uitdrukking van "hulpbehoewendheid" by God nie; dit sou in stryd wees met sy God–syn. God het ons nie nodig as voorwerpe en vennote van sy liefde nie. Wanneer die liefde só beskou word, verloor die soewereine en onverdiende toewending sy krag en glans (1973:129).

Jacob sien in die liefde, naas die element van genade, 'n opvoedkundige perspektief. Hierdie perspektief word veral deur die profete na vore gebring. Hiervolgens het God die mens lief om daardeur sy doel met die mens, die vestiging van Sy Koninkryk, te bereik. *It*

*is because Yahweh has a purpose for his people that his love is not opposed to his justice and his wrath (Jacob 1974:111).*

*God heeft niet lief, maar Hij is liefde, 1 Joh. 4:8, en zijne liefde is grondslag, bron, voorbeeld van de onze (Bavinck Band 2 1967:183).*

### 3.1.2 Rentmeesterskapsimplikasies in die liefde

By die nagaan van die getuienis van die Skrif aangaande liefde, is 'n verstommende eenheid gevind. Die volgende elemente is vasgestel:

God se liefde is 'n liefde wat bevestig word en gepaard gaan met offers. Van hierdie is dié van Sy Seun die grootste. Van alle liefde is Goddelike liefde die oorsprong. Goddelike liefde roep om 'n antwoord wat 'n direkte weerkaatsing van Sy eie liefde moet wees. 'n Gebrek hieraan getuig van 'n minagting van God.

Liefde as diepe innerlike ervaring is –

* 'n wesentlike deel van geloof.
* 'n gawe van God.
* 'n beslissende werklikheid.
* 'n greep op die totale mens.
* 'n bestaanswyse.
* 'n bewys van die egtheid van geloof.
* verbind aan: uitverkiesing, 'n opvoedkundige perspektief, 'n opdrag, plig en heiliging.

Liefde moet:

* die mens se totale persoonlikheid en lewensrigting bepaal

* impulsief na God laat streef
* onverdeeld en op die korrekte objek gerig wees ( God en medemens)
* gekenmerk word deur opregtheid
* met gehoorsaamheid gepaard gaan
* gekenmerk word deur dade en offers
* nie ontvlugting soek nie
* sondige bande en struikelblokke verwyder ( bv. Mammon)
* nie hulpbehoewendheid by God impliseer nie.

Die finansiële aspekte van die mens se lewe is nêrens in die Skrif by hierdie liefdeshandeling uitgesluit nie. Inteendeel, op verskeie plekke is dit juis bygehaal en as voorbeeld aangestip, terwyl die totale mens sonder uitsondering aangedui word. Die liefde van God en vir God is nie beperk tot 'n emosie of gesindheid nie. Dit hou die volgende implikasies vir rentmeesterskap in:

1. Rentmeesterskap is 'n wesentlike deel van die geloof en is gekoppel aan uitverkiesing, heiliging, 'n opdrag en 'n plig — trouens, dit dien as bewys van die egtheid van geloof of minagting van God.
2. Die mens se hantering van sy fondse moet in offergawe antwoord en uitdrukking gee aan die liefde van en vir God.
3. 'n Sondige oorbeklemtoning van die waarde van geld moet uit die weg geruim word.

Daar is, wat rentmeesterskap betref, tot die volgende gevolgtrekkinge geraak:


1. Rentmeesterskap is 'n liefdeshandeling en die liefde van God is die diepste grond daarvan.
2. Rentmeesterskap wat nie hierin gegrond is nie, loop die gevaar om nie alleen

verskraald nie, maar Bybels onbetroubaar te wees.

3. Die kerk moet met groot omsigtigheid op die wyses waarop en die bronne waaruit bydraes bekom word, let. Slegs daardie bydraes wat as 'n reaksie op die liefde van God en deur liefde vir God gemotiveer word, kan aanvaar word.

4. 'n Chroniese gebrek aan voldoende fondse kan dui op onkunde oor die liefde van God en 'n gebrek aan liefde vir God.

Die vloeidiagram op bladsy 85 dui die invloed van die liefde op rentmeesterskap aan.




RENTMEESTERSKAP AS LIEFDESHANDELING

## 3.2 RENTMEESTERSKAP: 'N GEHOORSAAMHEIDSHANDELING

Rentmeesterkap as 'n gehoorsaamheidshandeling, is ten diepste gewortel in die heiligheid van God.

### 3.2.1 Die heiligheid van God en die implikasies daarvan

Die uitdrukkings "heilig" en "die heilige" dui in die begin van die religieuse geskiedenis op 'n krag (mana), taboe en in die algemeen, die sfeer van goddelike krag. Hierdie krag is deur die mens as oormagtig en as 'n bedreiging beleef. Die teenpool van heiligheid was die profane, die sfeer van menslike handeling buite die gebied van die heilige. *The roots of religion lie in the efforts to separate the holy by means of cultic and ritual processes from desecration and contamination caused by the profane (Brown Vol. 2 1976:223).*

#### Die Ou Testament

Heiligheid en die kultus is van die begin af ten nouste verbind. Alles wat verband hou met die kultus, hetsy God, mens, voorwerpe, ruimte en tyd, is as heilig aangedui. Die begrip *qodesh* word dikwels gebruik as uitdrukking van die wese van Goddelike heiligheid, veral ook in die werkwoordsvorm (Jes. 5:16; Eseg. 20:41; 28:22,25; 36:23; 38:16; 39:27; Num. 20:13).
*Die heiligheid van God dui op sy onaantasbare majesteit en sy oneindige verhewendheid bo alles wat kreatuurlik is én sy radikale afkeer van elke vorm van sondigheid (Eks. 15:11; Jes. 6:3 evv.; 41:14; Hos. 11:9; Lev. 19:2) (Heyns 1978:71).* Hierdie heiligheid bevat twee betekenisnuanseringe: 'n heerlikheid wat aantrek en 'n vreeslikheid wat afstand skep ( Lev. 10:1–7). Alle aspekte van God se andersheid word in sy heiligheid uitgedruk. God deel sy heerlikheid met niemand anders nie – nie met 'n mens nie en nie met 'n afgod nie (1978:71 en 72).

Wanneer "Heilige" as naam beklemtoon word, word heiligheid meer persoonlik en minder kulties. *God's holiness becomes an expression for His perfection of being which transcends everything creaturely (Kittel Vol.1 1976:91).* Die begrip "heilig" word ook verbind aan die verhouding tussen God en Sy volk. Omdat God in hul midde teenwoordig is, is Israel 'n heilige volk (Deut. 7:6; 26:19; Jer. 2:3). Israel mag nie kontak hê met die kultusse en rites van die omliggende volkere nie. Die gedagte van die heilige volk tree sterk in die heiligingswette van Levitikus 17 – 26 na vore. Levitikus 19:22 se: *Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig,* is 'n sleutelteks ten opsigte hiervan. Jahwe se heiligheid eis die heiligheid van Sy mense as voorwaarde tot 'n verhouding. In die kultiese tradisie leef die besef dat heiligheid die mens in beslag wil neem en self heilig (Berkhof 1973:130). Kultiese reinheid vereis persoonlike reinheid; gevolglik is die etiek in die sfeer van die geloof ingetrek.

By Hosea is God as die Heilige in direkte teenstelling met die natuur van die mens: *...Ek is God, nie 'n mens nie (11:9).* In God se heiligheid is daar 'n element wat onreinheid moet vernietig, *but there is also the creative element which makes God a tree of life (Hos. 14:8). Hosea finds the essence of God in suprahuman love (Kittel Vol. 1 1976:93).* In God se heiligheid is daar dus 'n element van liefde.

God se heiligheid staan sentraal in die teologie van Jesaja. In sy roepingsvisioen word God beskryf as die drie–maal Heilige. Dit sou normatief vir Jesaja se Godsbeskouing bly. Die vreeslikheid van die heilige God (numen tremendum) word op 'n besondere wyse beskryf in Jesaja se heilige verbystering (Jes. 6:3–5). Jesaja kom onder die indruk van sy morele onreinheid en versoening word verlang. Versoening is altyd nodig wanneer die mens die heilige God ontmoet. God bewerk in hierdie geval self die versoening deur die seraf met die gloeiende kool te stuur (6:6 en 7). Jesaja noem God dan ook die "Heilige van Israel" (bv. Jes. 12:6). Die feit dat God Hom op hierdie wyse met Israel verbind, dui daarop dat hierdie verhouding "heilige mense" ten doel het (Jes. 4:3). In Deutero–Jesaja word die

Heilige van Israel in verband met verlossing gebring. Die oordeel is voltrek en verlossing word nou die finale doel (Jes. 45:18 evv).

**Die Nuwe Testament**

In die Nuwe Testament is daar wat die begrip heiligheid betref, twee duidelike tendense: Eerstens gebeur dit nie meer so dikwels dat God as heilig beskryf word nie. Dit gebeur egter wel in die volgende gedeeltes: Joh. 17:11; 1 Pet. 1:15 evv.; Op. 4:8 en 6:10. Christus word baie min in dieselfde trant as God heilig genoem (Op. 3:7). Jesus self word deur die bose geeste as die "Heilige van God" genoem (Mark. 1:24; Luk. 4:34; Joh. 6:69; ens.). In Lukas 1:35 word Hy as die "heilige Seun van God" beskryf. Hierdie uitdrukkings dui veral op vervulling met die Heilige Gees (Brown 1976:228 en 229). Die konsep heiligheid word in die Nuwe Testament veel meer bepaal deur die persoon en werk van die Heilige Gees.

Tweedens: Die sfeer van heiligheid verskuif in die Nuwe Testament van die kultiese na die profetiese. Heiligheid word nou nie meer beperk tot voorwerpe, plekke of rites nie, maar verskuif nou na die terrein van die vergestalting daarvan in 'n nuwe lewe wat deur die Heilige Gees voortgebring word.
(Kittel Vol. 1 1976:88–110).

Die heiligheid van die Heilige Gees is nie te skei van dié van Christus nie. Wat die persoon en werk van die Heilige Gees betref, word daar later breedvoeriger op die heiligheidsaspekte en implikasies ingegaan.

**Opsommend**

God se heiligheid is inderdaad nie te skei van die liefde nie. Berkhof praat selfs van God se *heilige liefde* (Berkhof 1973:129). Ten opsigte van God se heiligheid sê Vriezen: *The*

*holiness of God is not only the central idea of the Old Testament faith in God, but also the continuous background to the message of love in the New Testament. In this respect the two are in complete agreement ..... (Vriezen 1970:300).* Die heiligheid van sy liefde beteken inderdaad ook dat Hy in sy liefde die mens werklik en geheel wil besit. In 'n heel besondere sin onderstreep heiligheid die eise wat reeds in die liefde waargeneem is: hy wil ten volle in die enigheid en eksklusiwiteit van sy God–wees by die mens aanwesig wees en deur hom erken word. Gods heilige liefde berus nie by wanneer die mens aan ander of aan homself wil behoort nie. God het 'n bepaalde doel met die mens. Dit gaan vir Hom om veel meer as 'n blote aanwesig wees. Hy wil veral ook lewens vernuwe en mense navolgers van sy heiligheid maak. Dit is wanneer die mens dit weier, dat hy die slagoffer word van die "tweeheid" in God. God ontmoet hierdie mens as die "gekweste liefde" (Berkhof 1973:129–132).

God se heiligheid lê nie net ten grondslag van die wetgewing, straf en verlossing nie, maar is in 'n besondere sin ook die grondslag van die heiliging van die gemeente (1 Petr. 2:5,9 en Ef. 2:19; 5:27). Die heiligheid word ten diepste geopenbaar wanneer God hom in die persoon van Christus aan die gemeente gee en Hy die gemeente verlos en reinig van alle ongeregtighede (Bavinck Band 2 1967:188–189).

Voorlopige rentmeesterskapsimplikasies

God se heiligheid lê ten grondslag van die heiliging van die gemeente; sy heiligheid lê eweneens ten grondslag van geldelike rentmeesterskap. God se heiligheid wil dit onderstreep dat, terwyl hier van 'n liefdesverhouding gepraat word, dit nie hier gaan om 'n verhouding tussen gelykes nie. Vir rentmeesterskap het dit 'n besondere implikasie: in 'n self–gesentreerde godsdienstigheid, soek die mens sy eie vrede en geluk in besittings, terwyl hy in hierdie proses probeer vasstel in watter mate hy God kan gebruik om daardie doel te bereik. Die mens wat 'n waaragtige ontmoeting met God gehad en iets van sy heilige liefde verstaan het, beleef die absoluut teenoorgestelde; daardie mens laat God hom

en sy besittings gebruik en hy laat hom en sy besittings heilig omdat God heilig is. In hierdie heiliging word ook sy besittings in diens van die Goddelike doel gestel. Hierdie mens handhaaf, ook wat sy besittings betref, die eksklusiwiteit van God. Hier kom God se heilige liefde tot rus en is die mens nie slagoffer van die "tweeheid" in God se heiligheid nie, omdat die mens én sy besittings – die hele mens – nie aan 'n afgod of aan homself behoort nie. Oor die mens se respons op hierdie heiligheid, sal daar later meer uitvoerig gehandel word.

### 3.2.2 Die mens se persepsie van homself

Wie God in sy openbaring van Homself as liefde en heiligheid (numen tremendum) ontmoet het, word tegerlykertyd (soos Jesaja in 6:3 evv.) ook van homself en sy eie toestand bewus. Ware rentmeesterskap berus nie net op 'n korrekte Godsbeskouing nie, maar inderdaad ook op 'n juiste selfbeskouing. 'n Juiste reaksie op die openbaring van God is hiersonder nie moontlik nie. Tereg sê Werning ten opsigte hiervan: *Presenting a contrite and repentant heart should be the first act of Christian stewardship. Sins for which there is no repentance, sins that are excused and rationalized, will stand as a huge wall between the Christian and the dedicated stewardship life (Werning 1965:29).*

Die vraag moet allereers gestel word: Wat is die mens? Ps. 62:10 antwoord: *Mense is niks.* Ook Ps. 116:11: *Ek kan op geen mens staatmaak nie.* Nadat die Psalmis Hom wat van ewigheid tot ewigheid God is, besing het, beskryf hy die mens as *gras wat in die môre afgesny word* (Ps. 90:2 en 5). Wanneer Jesaja in die tempel 'n visioen van die heerlikheid van God ontvang, roep hy uit: *Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord op my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is (Jes. 6:5).*

Die mens wat onder die indruk van God se heiligheid gekom het, kan nie anders as om

saam met Petrus uit te roep nie: *Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens* (Luk. 5:8). Dit impliseer 'n skuldbesef. 'n Ware skuldbesef is nie vanuit die mens se gewete moontlik nie; dit kan slegs gebeur wanneer die mens homself aan die hand van God se openbaring beoordeel. Sonde kan slegs geken word wanneer God geken word. Dit is slegs dan wanneer daar saam met die Psalmis getuig kan word: *My oortredinge ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus* (Ps. 51:5). Wanneer die mens, ook wat sy rentmeesterskap betref, hom met die medemens vergelyk, is selftevredenheid baie waarskynlik. 'n Skuldbesef ontstaan slegs wanneer ek let op dit wat God eis. *In Jesus Christus zie ik vóór mij, wat God van mij eist en wie ik voor Hem zou moeten zijn: even gehoorzaam en geduldig, even liefdevol en nederig van hart (Wiersinga 1952:51).*

Die Skrif gebruik verskillende woorde om sonde te omskryf. Die Hebreeuse woord *chata* word dikwels gebruik. Dit beteken om jou doel te mis en nie te bereik wat jy moes bereik nie, om te misluk, te verongeluk of in gebreke te bly. Die Griekse woord *hamartia* bevat dieselfde grondgedagtes. 'n Ander Hebreeuse woord, *awoon*, beteken: krom of verkeerd te wees, afdraai van die goeie pad. Die klem lê hier op 'n innerlike gesindheid wat nie in orde is nie en dus tot die misdaad aanleiding gee. Hierdie gesindheid is 'n gesindheid van verset soos wat die Hebreeuse woord *pesja* bedoel (Heyns 1981:128 en 129). By hierdie "in gebreke bly, innerlike gesindheid wat nie in orde is nie en gesindheid van verset" ensovoorts, is ook die Bybelse eise rondom rentmeesterskap inbegrepe. *Bij schuldbesef heb ik maar niet met ènkele sonde te maken, maar met heel mijn zondigheid* (Wiersinga 1952:44).

Dit is veral wanneer die mens met sy roeping gekonfronteer word, dat die vraag: "Wie of wat is ek?", van aktuele betekenis word. Wanneer Moses op die berg sy opdrag ontvang, vra hy: *Wie is ék dat ek dit sou waag ....?* (Eks. 3:11). Soortgelyk is Jeremia se antwoord: *Ek kan nie goed praat nie....* (Jer. 1:6). En Petrus: *Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens* (Luk. 5:8). Hierdie mense is nie maar net met God

gekonfronteer nie, maar inderdaad ook met hul roeping. Die volgende gebeur wanneer die mens voor 'n opdrag te staan kom wat oënskynlik te veeleisend is: Die mens kom onder die indruk van dit wat in sy lewe behoort te gebeur, maar glo dat hy nie daartoe in staat is nie. Die roeping wat 'n nuwe mens veronderstel, skep gevolglik 'n afstand tussen die mens en homself. Moses ontvang 'n eienaardige antwoord: *Ek sal by jou wees* (Eks. 3:12). God antwoord nie Moses se *wie is ek*? nie. Maar die vraag word oorbodig wanneer die Here Sy teenwoordigheid op die lewenspad waarborg. God–met–ons is die antwoord op die mens se: *wie is ek?* Hiermee open daar vir die mens 'n totaal nuwe lewensmoontlikheid. Só vergeet die mens van homself. Hy soek nie meer sy eie identiteit nie; hy weet hy is opgeneem in 'n gemeenskap met God wat hom nie net uitdaag nie, maar ook gereed is om saam– en vooruit te gaan.

Natuurlik kan die voorafgaande nie vanselfsprekend universeel toegepas word nie. In die Nuwe Testament egter, wys die vraag, *Wat is die mens?*, heen na Christus – Hom van wie daar gesê is: Ecce Homo! In die Nuwe Testament kry God se belofte *om met jou te wees*, 'n totaal nuwe kleur. In die geloof val Godskennis en selfkennis saam in 'n kennis van Christus. *Om God te ken sonder om jou eie ellende te ken, maak 'n mens trots. Om jou eie ellende te ken sonder om God te ken, maak 'n mens wanhopig* (Pascal, soos aangehaal deur Moltmann 1976:18). In Christus ontdek die mens sy eie ellende, maar tegerlykertyd ook God (1976:16–18). In Christus is daar vir die mens in wie se lewe daar afstand tussen hom en homself gekom het, nie net verlossing van die straf nie, maar ook van die *mag* van sonde.

God is, in die konteks van hierdie navorsing, veral die herskepper wat die mens van vernietiging red. Die mens is 'n aangesproke wese. Dit impliseer dat die mens ook 'n antwoordende wese is (Heyns 1981:83). In hierdie antwoord van die mens word sy bestemming as mens gerealiseer. Die mens wat in geloof antwoord, word 'n nuwe mens. Hierdie gebeure op die vertikale vlak het konsekwensies op die horisontale vlak – só 'n

mens maak alles in hom en rondom hom nuut (1981:84). Só word die mens, ook wat sy verhouding met sy eiendom betref, 'n nuwe mens. 'n Nuwe mens, wanneer hy, ook wat sy finansies betref, in reaksie op God se openbaring vra: *Wie en wat is ek as rentmeester?*

### 3.2.3 Die norme wat God gegee het

#### 3.2.3.1 Die lidmaat en sy gesindheid

Die vraag kan tereg gevra word: Waarom moet die lidmaat finansiële offers bring? Hierdie vraag sluit ten nouste aan by Vraag en Antwoord 86 van die Heidelbergse Kategismus wat soos volg lui:

> *Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?*
>
> *Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade ...*
>
> *(a) Rom. 6:13; 12:1,2; 1 Petr. 2:5,9; 1 Kor. 6:20.*

Dankbaarheid is inderdaad ook deel van die antwoord op die vraag: Waarom offergawes? Rentmeesterskap is 'n dankbaarheidshandeling en funksioneer, in die konteks van hierdie studie, as motief vir rentmeesterskap as 'n gehoorsaamheidshandeling.

Die wet is die gestalte van die dankbaarheidslewe en gaan vormend in in die ganse bestaan van die gelowige (Heyns 1973:94). In hierdie opsig het die wet die funksie van "usus normativus". Geensins word hierdeur die volkomendheid van Christus as Saligmaker

bevraagteken nie. Rentmeesterskap moet nooit as 'n teenprestasie gesien word nie. *Het gaat hiet niet over wat wij als tegenprestatie leveren, maar over wat Christus doet, wat Hij door Zijn Geest van ons maak. In de dankbaarheid gaat het hierover dat Christus de vrijmakende kracht van Zijn bloed vervult door de vrijmakende kracht van Zijn Geest (Holwerda 1975:482).*

Veldkamp waarsku teen 'n aanvaarding van die eerste gedeelte van dit wat die Kategismus hier as antwoord bied (dat Christus ons vrygekoop het) terwyl die tweede gedeelte (dat die Gees ons tot dankbaarheid beweeg) geïgnoreer word (Deel 2 1975:109). Christus se werk mag nie gehalveer word nie. Die verlossing deur Sy bloed vind 'n voortsetting in die vernuwing deur Sy Gees. Só word ons nie alleen salige mense in die hemel nie, maar inderdaad ook nuwe mense op die aarde (1975:110).

Ook die volgende Vraag en Antwoord is baie toepaslik:

> *87. Vr. Kan dié mense dan nie salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?*
>
> *Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower, en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (1 Kor. 6:9,10; Ef. 5:5,6; 1 Joh.3:14).*

Veral die opmerking oor gierigheid het hier betrekking. 'n "Begerigaard" is iemand wie se selfsugtige begeertes sy lewenswyse oorheers ( Roberts 1990:148). of *to take advantage of someone, usually as the result of a motivation of greed* ( Louw en Nida Vol. 1 1988:758). Belangrik is dit om daarop te let dat dit nie hier gestel word dat sondaars nie salig kan word nie – dit gaan hier om mense wat voortleef in 'n goddelose lewe van ondankbaarheid.

Rentmeesterskap is inderdaad 'n dankbaarheidsantwoord. *Despite all possible misuse, however, it is hardly to be denied that spontaneous gratitude is potentialy a creative force which can release ethical energies (Lochman 1982:31).* Daar is egter 'n wesentlike gevaar dat 'n mens, ook in dankbaarheid, 'n wettiese en moralistiese benadering kan handhaaf. Die uitwerking daarvan sou onbybels en uiters negatief wees. Daarteen moet gewaak word. Die vryheid van die christen moet gehandhaaf word, maar *the freedom for which Christ has set us free is no vague and empty freedom but a freedom which displays the same characteristics as Jesus Christ himself. Or again in Old Testament terms, it is a way which has been officially signposted in the commandments of the Decalogue. To follow these indications, to be directed by these signposts, is in the interest of our true freedom (1982:32).* Só is rentmeesterskap dan ook geanker in die vryheid van die heilsgeskiedenis, maar dit word toegepas en ontwikkel as 'n *freedom under obligation* (1982:32).

Met dankbaarheid as die motief van rentmeesterskap as gehoorsaamheidshandeling word daar voorts gelet op die norme wat God ten opsigte van rentmeesterskap gestel het.

### 3.2.3.2 Die dekáloog

In die dekaloog sal slegs daardie gebooie wat op rentmeesterskap betrekking het, behandel word.

In die Ou Testamentiese tyd was dit ondenkbaar dat 'n god in 'n spesiale verhouding met mense sou tree sonder die aanvaarding en erkenning van die bindende mag van 'n reeks voorskrifte. Eers nadat Jahwe Sy soewereine regte oor Israel geproklameer, en Israel hierdie voorskrifte aanvaar het, is Israel se toe-eiening voltooid. *Israel certainly did not understand the Decalogue as an absolute moral law prescribing ethics: she rather recognised it as a revelation vouchsafed to her at a particular moment in her history,*

*through which she was offered the saving gift of life* (Von Rad Vol. 1 1970:193 en 194). Belangrik is dit om daarop te let dat Israel nie die wet as 'n las beleef het nie; dit is met dankbaarheid en lofprysing ontvang. Eers in die prediking van die profete sou die regterlike en verwoestende funksies van die wet beleef word (1970:196).

Die dekaloog het nie sy imperatiewe karakter verloor nie, selfs nie na die vervulling daarvan deur Christus nie. 'n Juiste verstaan van die wyse waarop die Christen die wet bewaar, is egter belangrik. Wanneer die gelowige Christus aangeneem het, leef hy volgens die eise van die wet. Hy leef egter nie daarvolgens asof sy heil en saligheid daarvan afhanklik is nie. Hy leef daarvolgens omdat hy daardeur aan 'n dankbaarheidslewe vorm en gestalte wil gee — dus nie heilseise nie, maar dankbaarheidseise. Ook wat die gelowige se verhouding met Christus betref, aanvaar hy hierdie eise nie as voorwaarde tot sodanige verhouding nie, maar as resultaat van sy syn-in-Christus. Die persoon in wie se lewe dit ontbreek, is voor God 'n gruwel en bedryf sonde (Heyns 1973:61 en 62).

## Die eerste gebod

Jy mag naas My geen ander gode hê nie (Eks. 20:3)

*While idolatory is primarily a religious category, the underlying tendency to elevate some aspect or power of nature or culture to the status of the ultimate controlling factor which gives meaning to life, and so to absolutize it, to idolize it, can surface anywhere (Lochman 1982:39).*

In die uitleg van hierdie gebod vra Luther allereers: "Wat is God?" Vir hom is God daardie Een van wie 'n mens die goeie verwag en na wie jy met al jou nood kan vlug. Om 'n God te hê, is om van harte op Hom te vertrou en in Hom te glo. Geloof en God hoort

bymekaar. *Ik zeg u, dat waar uw hart aan hangt en op vertrouwt, dat is eigentlijk uw God* (Luther 1978:17). Ten opsigte van geld, maak Luther 'n duidelike uitspraak in hierdie verband: *Menigeen meent, dat hij God heeft en van alles genoeg, wanneer hij geld en goed heeft, zich daarop verlaat en er zich op beroemt, dat hij om niemand iets geeft* (1978:17). Hierdie mens het ook 'n god; hy heet Mammon en verwys na geld en goed. Volgens Luther is geld die god wat die meeste op aarde voorkom. Hy wat baie besit, voel hom veilig, asof hy *midden in het paradijs sit* (1978:18). Calvyn vat dit wat volgens hierdie gebod aan God verskuldig is, onder vier hoofpunte saam: aanbidding, vertroue, aanroeping en danksegging. Vertroue is om onbekommerd in Hom te rus. Aanroeping is om toevlug te neem by sy trou en hulp (Sizoo 1ste Deel 1956:401).

God waarsku nie teen die aanbidding van 'n afgod, omdat Hy 'n ander mag naas Hom vrees nie. Sy gebod is gebore uit 'n besorgdheid oor die mens. Die mens sou die liefde van sy hart kon rig op wat geen god is nie. *En "Mammon" is er ook altijd bij! Ik heb zo 'n vermoeden, dat Mammon iets dergelijks doet als de duivel: hij maakt de mensen altijd wijs, dat hij er niet is, en juist daarom voert hij zo 'n onbeperkte macht (Veldkamp Deel 2 1975:146).* Mammon is 'n bose god wat sy dienaars in die steek laat. Die aanbidding van Mammon maak van mense wolwe onder mekaar (Holwerda 1975:526).

Inderdaad geld hierdie gebod in sy historiese karakter vandag nie meer nie. Die gelowiges van ons dag word nie teen 'n Baäl of Dagon gewaarsku nie. Die twintigste eeu het moderne eietydse gode. Dit is juis waar die liefde vir God ontbreek waar die "wieg in gereedheid gebring word vir die geboorte van 'n afgod wat reeds op weg is" (Heyns 1973:118–122). Wat besittings betref, sou 'n mens dit as volg kon inklee: Waar besittings van God losgemaak en só sentraal in die lewe en denke van die mens gestel word, dat dáárvan alles afhanklik gemaak word, dáárop alle hoop gevestig word, dááraan alle aandag en tyd en liefde bestee word – dáár word besittings en geld 'n afgod. Alles wat buite sy maat vergroot word, en dan as laaste grootheid, hoogste goed en enigste waardevolle

beskou word, word demonies en die demoniese is in wese afgodery. Sinkretisme is nie vir God aanvaarbaar nie. *God kan dit eenvoudig nie verdra dat daar ander gode voor sy aangesig aanbid word nie (Marais 1978:39).* Wanneer die mens in ongehoorsaamheid aan dit wat God van hom as rentmeester eis, sy eie wil handhaaf en sy eie begeertes laat seëvier, maak die mens inderdaad van God 'n afgod. Só 'n mens laat God nie bly soos Hy Hom openbaar nie; hy gaan daarteen in en maak in sy aanbidding van geld van God 'n weerspieëling van sy eie begeertes. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer God se wil beperk word tot sekere beperkte "godsdienstige" terreine. Wanneer dìt gebeur, onttroon die mens God en plaas hy homself op die troon deur te kenne te gee dat hy beter weet.

Wie iemand of iets in die plek van God stel of van God 'n afgod maak, vergryp hom allereers aan God. In die geval van eiendom is dit tweedens, ook 'n vergrype aan die skepping. Eiendom word langs hierdie weg met eienskappe beklee waardeur dit iets anders word as dit waarvoor dit bestem is. Dit is derdens 'n vergrype aan die self. Deur afgode te maak, tree die mens nie meer as beeld van God op nie, maar as God self. Hy ken aan homself magte toe wat hom nie toekom nie, hy maak van sy lewe 'n leuen. Laastens vergryp só 'n mens hom aan sy naaste. Omdat hy sy eiendom dien, is hy nie vir sy naaste tot voorbeeld níé; omdat hy slaaf van sy eiendom is, kan hy nie sy naaste liefhê soos hy homself liefhet nie (Heyns 1973:122).

Treffend is die betoog van Luther: *Bedenk nu zelf nogeens of vraag het een ander en zeg het mij: wie alle zorg en vlijt daarop gericht hebben om veel goed en geld bijeen te schrapen, wat hebben zij ten slotte tot stand gebracht? Dan zult u ontdekken, dat zij al hun moeite en werk verloren hebben of, als zij al grote schatten opgehoopt hebben, deze toch verstoven en vervloegen zijn, zodat zij zelf nooit van hun goed genoten hebben en het niet eens toereikend was voor de derde erfgenaam (Luther 1978:23).*

Die tweede gebod

**Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie (Eks. 20:4).**

In hierdie gebod gaan dit, wat rentmeesterskap betref, veral om daardie persoon wat wél die kerk ekonomies goedgesind is, maar sy bydrae vanuit 'n verkeerde motief gee.

Hierdie verbod is nie beperk tot fisiese beelde nie, ook nie tot vreemde gode nie. *The prohibition of images uses here an expression for any plastic representation, and as we have not to reckon with any painted pictures this means an expression for any representation at all.* Daarmee saam: *...the prohibition of images is hardly concerned with the images of strange gods but with any images which might possibly be made for the legitimate worship of Israel* (Noth 1966:162). Die basis van hierdie gebod is geleë in die destydse aanvaarding dat daar 'n besondere band tussen die oorspronklike en dit wat afgebeeld word, bestaan. Hiervolgens sou die mens met dit wat hy afgebeeld het, die oorspronklike, kon manipuleer. Israel ontvang hierdie gebod sodat die mens nie sou poog om beheer oor God uit te oefen nie (1966:163).

Veldkamp wil dit toepas op die beoefening van 'n eiewillige godsdiens. Hier gaan dit vir hom om daardie mens wat self wil bepaal op welke wyse hy God sal dien. Só 'n mens dien God nie, maar homself (Veldkamp 1975:151 en 152).

Veral die manipulasie–motief het op rentmeesterskap betrekking. Teenoor die eerste gebod waarin bepaalde objekte van God losgemaak word, gaan dit hier om alles wat só met God verbind word dat God nie meer God bly nie, maar tot 'n afgod gemaak word — ook in denkbeelde. Dit is ook moontlik om 'n geldelike bydrae op hierdie wyse aan God te verbind. Ons sou dus kon sê dat elke voorstelling, elke simbool en selfs elke simboliese

handeling wat sou pretendeer om God as sodanig by ons teenwoordig te probeer maak, of die een of ander dwang oor Hom te probeer uitoefen, 'n verbode beeld genoem kan word (Heyns 1973:129 en 130). God moet altyd die Subjek in 'n bindingshandeling wees. Wanneer kerklike bydraes só gehanteer word dat God daardeur, sy dit op subtiele wyse, as't ware oorgehaal moet word om die skenker se standpunt te aanvaar, word dit 'n oortreding van hierdie gebod. Groot bydraes mag nooit bedoel word om God daarmee gunstig te probeer stem nie (1973:128–130). *Natuurlik kan ons ook om tydelike gewin die aangesig van die één ware God soek, want Hy belowe aardse seëninge aan die wat Hom vrees (Ps. 128), maar daar mag dit nie eindig nie, want die lewe is meer as die voedsel en die liggaam as die klere (Matt. 6:25) (Marais 1978:74).*

In hierdie gebod gaan dit dus, rentmeesterskapsgesproke, nie om daardie mens wat gebrekkige offergawes gee nie, maar juis oor die aanwesigheid daarvan en die motivering daarvan. Juis om hierdie rede is daar dikwels reeds gewaarsku dat voldoende fondse nie noodwendig daarop dui dat alles in die kerk, geloofsgesproke, in orde is nie.

*The "Soli Deo Gloria" of the First Commandment is sharply focussed here in the affirmation that God cannot be taken captive. No image and no mental concept can capture him. No cultic practise and no place of worship can guarantee his presence (Lochman 1982:48).* God kan ook nie deur die gee van geldelike bydraes gevange geneem word nie.

Die derde gebod

**Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie (Ex. 20:7).**

Hierdie gebod word onder andere oortree in die onbruik of misbruik van God se Naam. *Onbruik en misbruik gaan nie net oor die uitspreek van die Naam nie (Marais 1978:84).*

In die onbruik van Sy Naam gaan dit nie net oor algehele stilswye oor God nie, maar ook gedeeltelike stilswye. *Scheld iemand uit voor alles wat lelijk is. Dat wondt. Zwijg hem dood – dat wond nog veel meer. Vloek en laster God – het is vreselijk. Zwijg van Hem – het is eenvoudig onduldbaar* (Veldkamp Deel 2 1975:160). Sy Naam mag nie net op sekere plekke en omstandighede genoem word nie. Om oor Hom te swyg op die terrein van die ekonomie, is daarom ook 'n oortreding van die derde gebod. Geldsake mag dus nie as 'n sogenaamde "neutrale terrein" beskou word nie.

Sy Naam word verder misbruik wanneer 'n kerklike handeling sonder geloof uitgevoer word. (Heyns 1973:133–143). *Elke godsdienstige handeling wat sielloos, uit gewoonte of uit bygelowigheid verrig word, is 'n oortreding van hierdie gebod* (1973:140). Die kerk en sy lidmate sal daarteen moet waak dat die gee van bydraes nie in 'n handeling wat louter vorm en skyn is, verval nie.

## Die agste gebod

Jy mag nie steel nie (Ex. 20:15).

Volgens Luther (1978:53) is die kwaad wat in hierdie verbod beskryf word, so algemeen van voorkoms dat, indien alle diewe (maar hulle beskou hulle nie so nie) aan die galg sou hang, die wêreld leeg en daar 'n tekort aan galge sou wees. Vir hom gaan dit nie net om die leegmaak van sakke en kaste nie, maar inderdaad ook oor wat daar in die breëre handel geskied. Hy spreek ook hulle aan wat lui en ontrou in hul werk is. Die enkele "klein diewe" is 'n geringe verskynsel wanneer hulle met die "magtige aardsdiewe" vergelyk word. Luther het hier veral Rome in die oog wat volgens hom nie slegs enkele stede nie, maar die hele Duitsland daagliks leeg gesteel het.

Volgens Calvyn (Sizoo 1ste Deel 1956:433–436) is om te steel allereers 'n vergrype teen die "uitdeling van God". Alles wat iemand besit, is deur die Here van alle dinge aan hom uitgedeel. Die implikasie van hierdie gebod hou vir hom ook in dat die mens ander sal help om sy goed te bewaar. Ons is dus gehoorsaam aan hierdie gebod as ons tevrede is met ons lot en geen ander wins wil behaal as net dit wat betaamlik en regmatig is nie; as ons nie onregverdig ryk wil word nie en ons naaste nie van sy besittings berowe om ons s'n te vermeerder nie, as ons nie saamskraap om ons hebsug of lus tot verkwisting te bevredig nie.

Oor die bedoeling van hierdie gebod het daar, veral sedert die jare 1953, met Albrecht Alt se verhandeling getiteld "The Prohibition of Theft in the Decalogue" (Lochman 1982:119), 'n hele teologiese diskussie ontstaan. Sedertdien is die tradisionele interpretasie, dat die "steel" op 'n algemene wyse na alle oortredings ten opsigte van die onwettige verkryging van 'n ander se eiendom verwys, dikwels bevraagteken. Eksegeties is daar na Eksodus 21:16 verwys waarin dit om 'n oortreding jeens 'n mens gaan: *Wie 'n ander ontvoer om hom te verkoop of om hom in besit te hou, moet doodgemaak word.* Dit is ook geopper dat hierdie gebod gegee is in 'n konteks waarin Israel self 'n pas afgelope ervaring van slawerny beleef het. Die bedoeling van die gebod sou dus hiervolgens wees: Jy mag nie 'n mens ontvoer nie, en slawerny is verbode. Struktureel word die tradisionele interpretasie ook afgewys, aangesien dit op 'n duplikasie van die tiende gebod sou neerkom. Die tradisionele verklaring, as sou hier na eiendom in die algemeen verwys word, het volgens Lochman die kerklike etiek van 'n belangrike perspektief beroof (1982:122). Die vraag ontstaan onwillekeurig welke uitspraak daar dan oor die steel van goedere gemaak moet word? Moet dit vanuit die tiende gebod geskied? Lochman huldig die standpunt dat dit wel vanuit die agste gebod kan geskied. Vir hom is die meer subtiele wyse van menslike uitbuiting, deur hulle van hulle eiendom te ontneem, duidelik by die bedoeling van dié gebod inbegrepe (1982:128). Hierdie standpunt laat waarskynlik reg geskied aan die interpretasie van hierdie gebod.

*There is no biblical basis for considering property as demonic, equating it directly with humanity's lapses into sin, as they sometimes have been in certain strands of socialist and communist tradition in Europe, for quite understandable reasons. "Having" is obviously integral to human "being" in history, part indeed of its built–in biological defence against need (1982:129).* Die verskil tussen 'n erkenning van die mens se reg tot besittings en 'n onvoorwaardelike verheerliking daarvan, moet egter onderstreep word. Eiendom word misbruik wanneer dit as 'n "mag" in plaas van 'n "hulpmiddel" beskou word. Wanneer "besit" die hoofdoel van die mens se lewe word, word daardie lewe vermink. Die mens mag nie eiendom besit asof hy oor 'n absolute beskikkingsreg beskik nie. God is die Alleen–Eienaar van alles en almal (Ps. 24:1, Eks. 19:5). Slegs God beskik oor absolute beskikkingsreg, daarom kan die mens nie met sy eiendom maak wat hy wil, asof hy aan niemand rekenskap hoef te gee nie. Dít kan slegs God. Waar God die Skepper en Eienaar van die hele skepping is, spreek dit vanself dat die mens hoogstens rentmeester kan wees van God se goed. Die mens het reg slegs om daarmee handel te dryf totdat die huisheer weer kom (Luk 19:13) (Marais 1978:244). Diefstal begin immers daar waar God nie as God, dit wil sê as Skepper van hemel en aarde en as Eienaar van alles, aanvaar en geglo word nie (Heyns 1973:215). Elke lewens– en wêreldbeskouing waar God uitgesluit wórd, is óók berowing van Hom. As ek in die bedryf van my persoonlike ekonomie, God se stem stilmaak, nie erken dat dit Syne is nie, maar maak asof dit myne is, dan beroof ek Hom van Sy eer en heerlikheid en majesteit. Eiendom wat nie op God betrek en met die oog op Hom gebruik word nie, word goddelik en 'n mag wat die mens tiranniseer (1973:216).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ontroue rentmeesterskap 'n oortreding van die agste gebod inhou. Wie sy besittings hanteer asof slegs hy absolute beskikkingsreg daaroor het, maak van homself 'n god. Oor die aard en wese van eiendom word daar later meer breedvoerig gehandel.

Die tiende gebod

**Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie (Eks. 20:17).**

Vir Calvyn sit die bedoeling van hierdie gebod daarin dat elke begeerte wat teen die liefde stry, uit ons hart verdryf moet word. Die hoofinhoud is dus dat daar nooit enige begeerte in ons mag opkom om ons naaste te benadeel nie (Sizoo 1ste Deel 1956: 439–450). Luther se standpunt is hiermee in ooreenstemming wanneer hy sê: *dat niemand erover mag denken of van plan mag zijn de ander het zijne zoals zijn vrouw, personeel, huis, hof, akker, weiden, of vee te ontnemen, zelfs al gebeurt het onder een mooie schijn of onder een voorwendsel, in elk geval tot schade voor de naaste (Luther 1978:66).* Volgens Luther is hierdie gebod nie vir "boewe" bedoel nie, maar juis vir die vroomstes wat graag geprys wil word omdat hulle die eerste nege gebooie gehoorsaam het (1978:66). God wil met hierdie gebod veral die hart suiwer (1978:68).

Tradisioneel is dit dan ook die siening dat hierdie laaste gebod die dryfkrag en motiewe van die menslike hart wil aanspreek. Herrmann het reeds in 1927 dit betwyfel of "chamad" na die mens se innerlike lewe verwys (Lochman 1982:148). In teenstelling hiermee aanvaar hy dat die begrip na die geweldadige vervreemding van ander se eiendom verwys. Dit bring 'n oorvleueling tussen die agste en tiende gebooie mee. Volgens Lochman sluit die begrip "chamad" ook die intriges wat tot die daad aanleiding gee, in. *"Theory" and "practise" are dialectically interrelated and cannot be divorced from each other (1982:148).* In ooreenstemming met die tradisionele eksegese lê die besondere van hierdie gebod vir hom daarin dat die subjektiewe faktore hier aangespreek word. Die dinamiek van begeertes is hier ter sprake. Dit gaan meer om die gesindheid as die daad. Vanselfsprekend is alle

begeertes nie sondig nie; dit gaan hier om die jaloersheid waarmee vergelykings getref word tussen ander en jouself. As gevolg hiervan word begeertes omgesit in 'n daad waarmee die mens hom in die ander se situasie wil plaas (1982:151). Die sondige begeerte is in feite 'n rustelose imperialis. Dit is 'n onversadigbare honger en dors wat nooit genoeg kry nie. Hy wat hieraan uitgelewer word, wil alles wat sy oë sien vir homself hê; hy wil alles en almal besit, hy wil alles in almal wees ... hy wil self God wees (Marais 1978:318). Tevredenheid is die teenoorgestelde van sondige begeertes. Die goeie en gesonde begeerte is deur die sonde vervals en in die teendeel verander. Sy doel en sy voorwerp, sy plek en maat ken die sondige begeerte nie meer nie (Heyns 1973:240). Die definitiewe voorwerpe wat in hierdie gebod aangestip word, dui op die seksuele lewe, die sosiaal–maatskaplike, die opvoedkundige en die ekonomiese lewe (1973:243).

Heyns omskryf die tiende gebod as die dieptedimensie van die dekaloog – die gebod wat die hart aandui waarmee en die gesindheid van waaruit die koningskind die wet van sy Koning gehoorsaam en bewaar. Ook hierdie gebod hou sterk implikasies vir rentmeesterskap in: implikasies wat op die oorsaaklikhede van 'n kerklike tekort aan fondse kan dui. 'n Ongehoorsame rentmeesterskap word eweneens gebore in 'n hart wat op die terrein van die ekonomie, alles vir homself wil hê. Die ongehoorsame rentmeester vertroetel dikwels sondige begeertes.

### 3.2.3.3 Offers

Rentmeesterskap word dikwels van hieruit gemotiveer. Dit gebeur vanaf kansels en ook in die werk van sommige eksponente van die rentmeesterskapsbeweging. Tot so onlangs as 1961, is die gee van tiendes nog in die Ned. Geref. Kerk as 'n wetlike verpligting beskou. Dit noodsaak 'n bondige beskrywing van hierdie Ou–Testamentiese verskynsels.

**Offer as 'n algemene verskynsel**

Alvorens die Ou–Testamentiese offers beskryf word, is dit eers nodig om inleidend enkele opmerkings oor die offer as algemene verskynsel te maak. Die verskynsels van offers en offergawes is nie beperk tot die Christelike geloof nie. Van Baaren (s.a.) het 'n diepgaande studie oor die onderwerp onderneem. As 'n werkhipotese bied hy die volgende definisie aan: *Het offer is een sacrale handeling waardoor iets uit de profane sfeer word overgebracht in de sacrale sfeer, respectievelijk een sacrale handeling waardoor de sacrale potentie van wezens of dingen die zich reeds binnen die sfeer bevinden word versterkt (s.a.:9).*

Die offer is 'n komplekse verskynsel met vier wortelvorme

a. Die offer as gawe waarop 'n teenprestasie behoort te volg. Wederkerigheid funksioneer hier sterk. In hierdie offer word nie in die ware sin van die woord afstand gedoen van eiendom nie; dit behels in elk geval nie 'n verswakking van die eie posisie nie, omdat gawe en teenprestasie essensieel bymekaar hoort. Wanneer die afstand tussen gewer en ontvanger groot is, verswak die wederkerigheid. Omdat die afstand tussen God en mens groot is, funksioneer huldiging sterker as wederkerigheid.

b. Offers waarin daar geen direkte verband is tussen dit wat geoffer en dit wat verwerf word nie. Die mens doen hier afstand van eiendom met die gedagte dat die afstanddoening op sigself 'n positiewe daad is. Soms is daar in hierdie vorm van offer beloning langs 'n omweg. Só is dit in die geval van genade wat nie op grond van die gebragte offer verwag word nie. Om genade kan gevra word; dit kan nie afgedwing word nie. Die aksent lê hier op die asketiese moment van afstanddoening.

c. Offer as herhaling van 'n mitiese oergebeure. In bepaalde religieuse wêreldbeskouings kom offers voor wat gebaseer is op fundamentele gebeurtenisse aan die begin van tye; die kultiese herhaling hiervan is 'n voorskrif. In die ritueel word die skepping periodiek herhaal en daardeur vernieu.

d. Die offer as simboliese wêreld – of selfheiliging. In hierdie vorm word die offer dikwels ook 'n sakrament genoem. Die afstand doen het hier 'n simboliese betekenis – geen askese, maar heiliging van die lewe en die wêreld staan op die voorgrond. (Van Baaren, soos hy na Obbink verwys s.a.:9–12).

Die Offeraar

Die bevoegdheid om offers te bring, is meestal aan 'n bepaalde groep of persone en bepaalde eise en kwalifikasies gebonde. In sommige gevalle word die bring van offers deur onbevoegde persone streng verbied en swaar gestraf (Num. 16). Veral by die stamme wat met vee geboer het, was die *pater familias* die handelende persoon. Die huisvader as offeraar is ook uit die Ou Testament bekend, veral in die patriargale verhale, maar die verskynsel kom ook in baie ander gelowe voor. In hierdie situasies het kultiese verpligtinge en sosiale voorregte nou saamgehang. In dié kulture waar die koning, naas sy wêreldlike mag, ook 'n funksie vervul het in die religieuse hiërargie, was hy ook 'n belangrike

handelende persoon wat offers betref. Waar die koning as offeraar optree, is dit gewoonlik in twee sake gewortel. Aan die een kant was die belangrikste gode van die staat, dikwels die familiegode van die vors. Aan die ander kant was die koning ook dikwels 'n sakrale figuur wat as heilig beskou is. Hy sou gevolglik die ideale bemiddelaar met 'n ander wêreld van gode en geeste wees. Wanneer die wêreldlike en religieuse gesag weg van mekaar begin beweeg, is die priester die religieuse ampsdraer naas die wêreldlike outoriteite. Aan die amp van die priester is besondere eise gestel. In die Ou Testament is Levitikus 21:16–18 'n voorbeeld hiervan, wanneer liggaamlike tekortkominge afgewys word. Só 'n persoon sou die altaar ontheilig (Lev. 21:23). Behalwe priesters, was daar ook gode as offerende wesens. Die Brahmanas van Indië is hiervan 'n voorbeeld (s.a.: 12–19). In die Christelike geloof is daar, nadat daar veral tydens die reformasie erns gemaak is met die algemene priesterskap van die gelowige, nie meer aanvaar dat slegs bepaalde amptenare bevoegdheid daartoe het nie. Die offer van Christus word as eenmalig en voldoende beskou. Die gedagte aan 'n herhaling daarvan, in kultiese verbande, word nie meer aanvaar nie. Met die viering van die Nagmaal het die rituele offer op die agtergrond getree, en dit is vervang deur offers in 'n etiese sin; dit mag en moet deur elke gelowige gebring word. *"Het offer is hiermede overgebracht van de liturgie naar de ethiek (s.a.: 13)* Hiermee is protestantse godsdiens eerder die uitsondering as die reël. Daar is wel, in sekere godsdienste, sprake van persoonlike offers buite die ritueel om, maar hierdie gevalle is die uitsondering. *De "Sitz-im-Leben" van het offer blijft de cultus (s.a.: 13).*

## Die Offermetode

Lewende diere is in die reël geslag. Wat die dood van die diere betref, sê van Baaren: *er zijn vele gevallen waarin het doden weinig meer is dan een technische noodzaak die aan de betekenis van het offer niets toe of afdoet (s.a.: 27).* Dikwels is die metode van offer bepaal deur die doel van die offer. Só byvoorbeeld, word voedsel vir gode, geeste en vergoddelikte voorouers gewoonlik op 'n altaar of graf geplaas. Ook die aard van die

ontvanger van die offer, is 'n faktor by die bepaling van die metode van offer. Wanneer offers vir gode bedoel is wat in die hemel woonagtig is, word die offers op 'n natuurlike of kunsmatige hoë plek geplaas. Die bedoeling van die offer was ook 'n bepalende faktor. Só sal 'n offer wat gemeenskap bedoel op 'n ander wyse gebring word as een wat huldiging beoog.

**Beweegredes tot en die bedoeling met die bring van offers**

Die mens bring offers omdat dit deur die magte wat deur hom vereer, vasgestel en voorgeskryf word. Die offer berus op goddelike instelling. In die kultiese voorskrifte van Eksodus, wat ook op offers betrekking het, vind 'n mens 'n voorbeeld hiervan.

Wanneer daar gevra word na die motief agter die bring van offers, is daar veral drie aspekte wat na vore tree:

1. Die mens offer om kontak met die godheid te bewerkstellig, om gemeenskap met die "ander wêreld" daar te stel en te onderhou.

2. Die mens offer om die loop van die kosmiese gebeure, die kosmiese orde, in stand te hou.

3. Die mens offer met die bedoeling om iets van die godheid te verkry.

Die bovermelde motiewe sluit mekaar nie uit nie. Dikwels is twee of selfs al drie teenwoordig (s.a.: 32 en 33).

Wanneer offers gegee word met die bedoeling dat daar iets in ruil daarvoor terug ontvang sal word, het die offer 'n "do–ut–des" karakter. Die omgekeerde is dikwels ook waar

wanneer die bedoeling is om aan die godheid terug te skenk van dit wat aanvanklik van hom ontvang is. Die grondliggende gedagte is dat 'n mens aan 'n god slegs dit kan skenk wat hy reeds van hom ontvang het, omdat die mens uit en van homself niks besit nie.

Heel dikwels het die offer 'n dwingende karakter – dit is wanneer die gawe tot 'n teenprestasie dwing en die ontvanger as't ware in die mag van die skenker val. Van Baaren verkies dat daar eerder van 'n morele as 'n magiese dwang gepraat word (s.a.: 43).

Offers is in baie gevalle 'n uitdrukking van 'n dieperliggende gesindheid. In hierdie geval word offers nie net op hul sigwaarde beoordeel nie, maar is dit 'n uitdrukking van die onsigbare konsepte en emosies van die gewer. Met die oordrag van die fisiese voorwerp of diens, wil die gewer dikwels die gawe van die self simboliseer – hiermee word 'n verbintenis bedoel. In hierdie verband is die offer sterk georiënteer tot gemeenskapstigting en is die offer ook uitdrukking van goedgesindheid.

Dit gebeur soms dat die mens die beskouing handhaaf dat volmaakte geluk nie vir hom beskore is nie. Wie gelukkiger is as wat hy verdien, sal straks met 'n des te groter ongeluk getref word. Dié offer neem nou 'n vereffeningskarakter aan, wat soms patologiese trekke openbaar. Die afkoop van skuld kom hier ook ter sprake. Wanneer die skuld van 'n persoon of groep persone op 'n ander wese oorgedra en daardie wese daarna uit die gemeenskap verwyder word, moet daar eerder van 'n reinigingsrite as 'n offerhandeling gepraat word. Levitikus 16 is hiervan 'n voorbeeld (s.a.: 131).

**Die Offer van Eerstelinge**

Hierdie offer kom wyd verspreid voor. Aan die godheid word 'n deel van die oes, veestapel of jagbuit afgestaan. Oor hierdie offers heers daar veral twee gedagtegange: aan die

een kant word daar gewys op die dank wat daarmee betuig word vir die ontvange voedsel. Huldebetoon word ook hierby ingesluit. Die gode as skenkers van die mens se welsyn, het dan ook die reg op die eerstelinge as erkenning van hul verdienstes. Aan die ander kant word daar op die mens se angs vir die nuwe gewys. In die Ooste was dit selfs as gevaarlik beskou om die eerste voor op 'n akker te ploeg. Die koning moes, tydens 'n spesiale plegtigheid, die taak self verrig. 'n Derde aspek is die van feesviering. Volgens Van Baaren tree hierdie aspek dikwels sterk op die voorgrond (s.a.: 57).

**B. Die Ou–Testamentiese Offers**

Die offer was 'n belangrike handeling in Israel se godsdiensbeoefenig. De Vaux definieer die begrip *offer* soos volg: *Sacrifice is any offering, animal or vegetable, which is wholly or partly destroyed upon an altar as token of homage to God (De Vaux 1968:415).* Die drie mees uitstaande elemente van die kultus – verheerliking van God, gemeenskap met Hom en die reiniging van sonde – kom op 'n besondere wyse in die offerhandelinge tot openbaring (Vriezen 1970:261). Dit is baie belangrik dat die offers nie los van die "chesed" gesien moet word nie. Dit is veral die woorde van Hosea wat "offer" en "chesed" nie teenoor mekaar stel nie, maar dit onderstreep, dat 'n offer wat nie deur "chesed" geïnspireer is nie, ontbreek aan die gesindheid om dit effektief te maak. Die offerhandeling was ryk aan simboliek: *Looked at from this angle, sacrifice approximates to the symbolic actions of the prophets which were revelatory and also set in action the divine purposes (Jacob 1974: 176).*

Dit is opmerklik dat Levitikus en Deuteronomium die aangeleentheid op 'n uiteenlopende wyse benader. Die Deuteronomis het 'n voorliefde om op die betekenis van handelinge in te gaan, daarom dui hy graag op die sin van bepaalde handelinge. Levitikus daarenteen, beskryf dikwels nie eers die geleentheid waartydens die verskillende offers gebring moet word nie. Hy meld wél dat daar 'n verband tussen offers en versoening is (Lev. 4:27 evv.

en 5:2 evv.) ( Von Rad Vol. 1 1970:251 ).

Die Ou–Testamentiese offers is oor die algemeen nie van Jahwistiese oorsprong nie. Dit is veral in Kanaän waar Israel met die ou en wydverspreide verskynsel van offers kennis gemaak het. Israel het aan die begrip 'n eie besondere inhoud gegee. Hierdie ou rituele is tot op 'n laat stadium op 'n verbasend "konserwatiewe" wyse gehandhaaf (1970:252). *Sacrifice was, and remained, an event which took place in a sphere lying outside of man and his spirituality: man could as it were only give it the external impulse; its actual operation was not subject to the control of his capacity or capabilities: all rested with Jahweh, who had the power to accept the offering and let it achieve its purpose (1970:253).*

Wanneer die Ou Testamentiese offers nou beskryf word, word dit gedoen vanuit die bedoeling met die handeling. 'n Volledige beskrywing van die kultiese handelinge is, wat hierdie studie betref, nie ter sake nie. Daar sal ook gelet word op die onderliggende motiewe wat teenwoordig was. Die Ou–Testamentiese offergawes kan hiervolgens hoofsaaklik in drie groepe verdeel word: offers as gawe of geskenk, offers wat gemeenskap ten doel het en offers wat boetedoening en versoening wil bewerkstellig. Dit is so dat dit soms gebeur het dat 'n bepaalde offer met meer as een doel of motief gebring is. In sodanige gevalle vind 'n mens 'n kombinasie van doelwitte. Die voorgestelde verdeling moet dus nie as waterdigte kompartemente gesien word nie. Slegs die belangrikste offers in elke kategorie sal beskryf word.

## 1. **Offergawes as geskenk**

### Die brandoffer (olah)

Die kenmerkende van die brandoffer was dat dít wat ten offer gebring is, volledig verbrand

is, en dat niks daarvan die offeraar of die priester ten goede gekom het nie (De Vaux 1968:415). Vanweë die volledige verbranding, word hier dan ook gepraat van 'n "totale offer". In die ritueel van Levitikus 1 moet die offer 'n manlike dier sonder gebrek wees. (Verwys ook na Levitikus 22:17–25). Hierdie dier kon groot of klein of selfs 'n duif wees. Die offeraar moes sy hande op die hoof van die dier lê. Oor die betekenis van die handoplegging bestaan daar onsekerheid. *We would give much to know the special significance which attached to the laying of hands upon the head of the victim. Did it signify the transference of sin and the evil influence of sin to the animal, or was it a gesture in which the offerer identified himself with the animal? (Von Rad Vol 1 1970:256)* Volgens Vriezen (1970:265) is hierdie offer gebring om God gunstig te stem, net soos wat geskenke aan 'n koning gegee is om hom te behaag. Hul dien om die verbond in stand te hou en te vernieu. Later kry hierdie offer besondere betekenis wanneer dit gereeld in die tempel namens die volk beoefen word (1 Kon. 9:25, 2 Kon. 14:15). Hierdie offers was nie net beperk tot diere nie. Brandoffers is ten tye van vreugde gebring en was dikwels 'n uitdrukking van dankbaarheid teenoor Jahwe, veral wanneer Jahwe 'n bepaalde saak goed laat afloop het (1 Sam. 6:14). Hierdie brandoffer het ook gefunksioneer in tye van teenspoed, wanneer Israel die woede van Jahwe ervaar het (1 Sam. 13:9). Hiertydens het dit meer as uitdrukking van boetedoening gegeld. Offers is veral ook as geskenke gebring wanneer daar in tye van teenspoed geloftes aan die Here gemaak is (Gen. 28:10–22, 2 Sam. 15:7–9).

**Die offer van eerstelinge (Eks. 23:19, 34:26)**

Hierdie offer word reeds in Gen. 4:4 aangetref. Die rede waarom die Here "Abel en sy offer" aangeneem het, maar "Kain en sy offer" verwerp het, moet nie in die soort offers wat gebring is, gesoek word nie, maar wel in hul gesindheid teenoor die Here (S.K.L.A.S. 1980:2). Die offer en die persoon is dus op 'n besondere wyse aan mekaar gebonde. Die bring van hierdie offers was 'n akte van heiliging aan die Here. Nie net die Israeliete is aan

die Here geheilig nie, maar ook hulle vee en landbouprodukte (1980:3). Hierdie eerste deel wat aan die Here gegee is, verteenwoordig die geheel. *This is what gives first-fruits their importance. They are not best in the sense that the best developed part of the fruit has been selected; but as the first of the produce they represent the whole (Pedersen 1973:301).*

In die offer van hierdie eersgeborenes en eerstelinge wy die offeraar alles en almal aan sy Skepper en Verlosser. Daar sit 'n element van wederkerigheid in. Soos die Here hierdie eersgeborenes en eerstelinge seën en heilig, seën en heilig Hy daarmee ook die res van alles wat deur die offer verteenwoordig word (S.K.L.A.S. 1980:3 en 4).

2. **Offers wat gemeenskap ten doel het**

**Die brandoffer (shelem)**

In hierdie bepaalde brandoffer is slegs die ingewande (vet) van die dier aan Jahwe geoffer. Hierdie offers het dit ten doel om 'n fees ter ere van Jahwe moontlik te maak. By hierdie fees was God self, die priester, die offeraar en sy gaste betrokke (Eks. 32:6) (Vriezen 1970:265).

*This is a sacrifice which, more than any other, came in the category of a communion sacrifice – the participants knew Jahweh to be invisibly present as the guest of honour (Von Rad Vol. 1 1970:257).* Die bedoeling van hierdie offer was die versteweging van die verhouding met Jahwe. Ons vind in Levitikus 7:15 'n voorbeeld hiervan. 'n Baie mooi voorbeeld van hierdie offer vind ons ook wanneer die diere wat die Ark veilig terugbesorg het, geoffer word (1 Sam. 6:14). Die maaltyd op Sinaï is 'n pragtige voorbeeld van 'n baie primitiewe gemeenskapsoffer (Eks. 24:9–11).

**Reukoffers**

Die Reukoffer (Lev. 16) het ook 'n belangrike funksie in dié opsig vervul. Die reukwerk is berei uit 'n mengsel van speserye (Eks. 30:34–38). Hierdie offer wys veral ook op die gemeenskap wat die offeraar met God beoefen het. Op grond van Psalm 142:1, Openbaring 5:8 en 8:3–5, kan die reukoffer as simbool van die gebed gesien word (S.K.L.A.S. 1980:5).

**3. Offers as boetedoening en versoening**

Hierdie offers het versoening beoog. In hierdie verband geld veral die sonde–offers (chattat) soos beskryf in Levitikus 4 en 16, en die skuldoffers (asham) soos beskryf in Levitikus 6 en 7. Hierdie was soenoffers wat gebring is in besondere omstandighede, wanneer die verbondsvolk afgewyk het van die verbond (S.K.L.A.S. 1980:6).

**Sondeoffers**

Die offer wat voorgeskryf is, het afgehang van die sondaar se posisie wat hy beklee het. 'n Priester moes 'n bul offer, terwyl die meel van 'n arme aanvaarbaar was. Bloed speel in hierdie offer 'n baie belangrike rol. *These rites underline the value which blood has in expiating sin; it can be used to expiate sin because it is the means of life (De Vaux 1968:419).* Dit is veral dan ook die bloed en die hantering daarvan wat die sondeoffer en die brandoffer onderskei.

**Skuldoffers (asham)**

Hierdie offers was vir minder ernstige sondes en het minder eise as die sondeoffers gestel.

Dit gaan hier veral oor oortredings met betrekking tot eiendom (Vriezen 1970:266). Volgens Von Rad is die onderskeid nie so eenvoudig en maklik vas te stel nie. Ook in hierdie geval is diere geoffer en vervul die bloed 'n belangrike funksie (Von Rad Vol. 1 1970:259).

**Tempelbelasting**

Eksodus 30:11–16 skryf 'n losgeld voor wat vir diens in die tempel gebruik moet word. Almal bo die ouderdom van negentien jaar moes 'n losgeld ten bedrae van 'n halfsikkel betaal. Aanvanklik was hierdie betaling eenmalig. Met hierdie offergawe is daar vir hulle versoening by die Here gedoen. In 2 Kronieke 24:5,6, en 9 neem hierdie bedrag die vorm van 'n belasting aan wat jaarliks gebring moet word (S.K.L.A.S. 1980:6 en 7).

Hiermee is al die offers wat in die Ou Testament beoefen was, nie behandel nie – slegs die belangrikstes. Dit wat wel beskryf is, is voldoende om sinvol op die gesindheid en motiewe van die Ou–Testamentiese gelowige te dui.

C. Die gee van tiendes in die Ou Testament

Die gee van tiendes is weer eens een van die baie gebruike wat Israel vanuit hul destydse omgewing oorgeneem het. *Tithing refers to the giving or taking of a tenth of property, produce or money for some institution or purpose. The practise of tithing was widespread in antiquity. From our perspective, we are likely to try to classify ancient tithing as secular, with the character of tax, or religious, with the character of a contribution made voluntarily or by law (Tate, Review and Expositor 1973:153).* Só 'n onderskeid maak egter nie veel sin nie, omdat die ganse lewe destyds as heilig beskou was (1973:153). Die tiende word reeds vroeg in die Ou Testament aangetref by Abraham

(Gen. 14:20) en Jakob (Gen. 28:22). In albei gevalle word dit as 'n algemene gebruik veronderstel. In die Mosaïse wetgewing word dit as 'n reeds bestaande gebruik opgeneem en nader gereël (Acta. Raad van Ned. Geref. Kerke 1961:36). Volgens Levitikus 27:30–33 word 'n tiende van die landbouprodukte en die vee aan die Here toegesê. Volgens Numeri 18:20–32 blyk dit dat hierdie offer gebruik is om die Leviete te onderhou. Dit was hul taak om na die godsdiens om te sien en hulle kon nie grond besit of in landbou–aktiwiteite betrokke raak nie (Johnson 1984:25). Ook die weduwee, die wees en die vreemdeling, het 'n toekenning hieruit ontvang (Deut. 14:29). Blykbaar word hier verwys na 'n driejaarlikse tiende. Op 'n ander plek word gesê dat ook die gewer en sy gesin by die tempel van die tiende moes geniet, sodat hulle kon leer om die Here altyddeur te eer (Deut. 14:23,26). Die vraag ontstaan onmiddellik of hier van meer as een tiende sprake is? Sommige skrifverklaarders glo dat hier van meer as een, selfs drie tiendes, sprake is (S.K.L.A.S. 1980:7). Wanneer daar voorts kennis geneem word van die verskil in benadering van Levitikus en Numeri aan die een kant en Deuteronomium aan die ander kant, word die vraag aktueel. In Deuteronomium word die plek van aanbidding sterk beklemtoon. Tiendes moet daarheen gebring word (Deut. 12:6,11 en 17). Elke derde jaar is 'n ander prosedure gevolg (Deut. 14:28–29). Hierdie derde jaar het as die "jaar van tiendes" bekend gestaan (Deut. 26:12). Dit wil voorkom asof hierdie gedeeltes daarop dui dat die Israeliet slegs elke derde jaar sy tiende na buite bestee het. Gedurende die ander twee jaar is dit deur die gewer en sy huishouding benut. Deuteronomium maak dus nie voorsiening vir tiendes vir die instandhouding van die kultus nie (Tate, Review and Expositor 1973:155). Volgens Numeri 18:20–24 is die tiendes vir die Leviete bestem. Die Joodse tradisie het gepoog om die gedeeltes te versoen en meen dat 'n tweede tiende veronderstel word (1973:156). Ander meen dat dit hoogs onwaarskynlik is dat Deuteronomium 'n nuwe tiende sou instel sonder om daarna te verwys. Volgens Tate is 'n herkonstruksie van hierdie geskiedenis onmoontlik (1973:156). Volgens hom is die priesterlike tradisie die

meer algemene een, wat ook voortgesit en gehandhaaf word in die na-eksilliese tydperk (Mal. 3:8,10; Neh. 10:37–38; 12:44 en 13:5).

'n Ander standpunt is dat Israel gedurende die woestynreis en ná die intog in Kanaän, die tiendes na die heiligdom gebring het (Num. 18:24, Deut. 12:6). 'n Deel van die tiende is daar deur die gewer en die Leviete in die vorm van 'n eucharistie genuttig en die oorskot is aan die Leviete gegee. Met die oog op die vestiging in Kanaän is die wet effens gewysig om voorsiening te maak vir daardie mense wat ver van die heiligdom woon. Nog 'n verklaring is, dat dit hier om twee gesigspunte gaan. Volgens Levitikus–Numeri staan die ontvangers van die tiende op die voorgrond. By Deuteronomium staan die vreugdemaal op die voorgrond. Verhoef waardeer die versoeningspogings, maar wys daarop dat Numeri 18 uitdruklik bepaal dat die héle tiende die Leviete moet toekom (Acta. 1961:37). Verhoef kom saam met Tate tot die slotsom dat 'n absolute gevolgtrekking onmoontlik is.

Ook wat Deuteronomium 14:28 en 29 en 26:12 betref, ontstaan die vraag of hier van 'n addisionele tiende sprake is? Die meeste geleerdes meen dat dit nie hier om nog 'n tiende gaan nie, maar om 'n besondere toepassing van die eerste of tweede tiende (1961:37).

Buite die Mosaïse wetgewing is daar sprake van die gee van tiendes in 1 Sam. 8:15 en 17; Amos 4:4; 2 Kron. 31:5,6 en 12; Neh. 10:37 en 38; 12:44; 13:5 en 12 en Maleagi 3:8–12.

Gedurende Nehemia se tyd het allerlei misstande geheers en is die tiendes nie gebring nie (12:47). Nehemia sorg dat die gebruik weer herstel word (13:12). Dit is teen hierdie agtergrond dat Maleagi se klag ook verstaan moet word (Mal. 3:8–12).

Oor die bestemming van die tiendes is dit so, dat kerk en staat op hierdie stadium nog

nie elk 'n eie terrein gehad het nie. Tog moet daar duidelik op gewys word dat die staat ook sy eie bronne van inkomste gehad het (1 Kon. 10:23; 2 Kron. 17:5, 26:8). Daar was 'n teoretiese verskil tussen die kerk– en staatskas (S.K.L.A.S. 1980:8).

Ten spyte van die onsekerheid oor die presiese getal tiendes, is dit duidelik dat Israel 'n groot deel van hul inkomste aan die Here moes afstaan vir die onderhoud van die tempelpersoneel, die vreemdeling en die behoeftige. Die gee van tiendes is in oud–Israel deur die wet geëis en het as 'n verpligting gegeld. Die prinsipiële vraag rondom die normatiewe betekenis van die gee van tiendes onder die ou bedeling bly, ten spyte van die onsekerhede, ongeskonde.

Oor die betekenis en toepaslikheid van die Ou–Testamentiese offers en tiendes in die bedeling van die Nuwe Testament, word daar later gehandel. Die heersende standpunte gedurende die kerkgeskiedenis is reeds in die historiese gedeelte behandel. Dat daar in hierdie verskynsels veral 'n gesindheid van verheerliking van en dankbaarheid teenoor Jahwe geheers het, is baie duidelik waargeneem.

### 3.2.3.4 Rentmeesterskapsindikasies by Christus

Paulus beskryf God se verlossingsplan as 'n *oikonomia,* 'n rentmeesterskap (Efes. 1:5–10). Die administrasie daarvan het Hy aan Christus toevertrou. Christus is die Opperste Rentmeester (Rolston 1972:25). Wanneer die indikasies met betrekking tot materiële rentmeesterskap by Christus beskryf word, word dit aan die hand van Sy drievoudige amp gedoen: dié van Profeet, Priester en Koning.

A. Die Profeet

Hierdie titel is deur die massa (Matt. 14:5, 21:46 en Lukas 7:16), die dissipels (Lukas 24:19) en ook deur Homself (Lukas 13:31 en Matt. 13:57) aan Hom toegeken. Christus het baie uitsprake met betrekking tot rentmeesterskap gemaak. Hierdie uitsprake moet nie vertolk word as sou Hy daarmee finansiële ondersteuning vir Homself of Sy werk bepleit het nie. *The teaching of Jesus concerning the stewardship of possessions does not root in any need on His part during the days of His flesh for money to support His work (1972:25).* Christus was nie betrokke by die bevordering of instandhouding van 'n gemeentelik–finansiële administrasie nie.

As profeet het Jesus allereers geleer dat die lewe sin en betekenis kry wanneer dit 'n heelhartige antwoord aan God word. 'n Antwoord in liefde en gehoorsaamheid. Rentmeesterskap, as 'n allesomvattende lewenshouding, word nêrens beter veranker as in die eerste en groot gebod wat Christus gegee het nie (Luk. 10:27 en Matt. 22:37–40). ... *heart ... soul ... mind: the three terms emphasize the totality of the person involved. Any one of them would have been sufficient to denote the entirety of man (Hill 1978:306).* God lê beslag op die totale mens. In Lukas volg die gelykenis van die barmhartige Samaritaan onmiddellik hierop as 'n illustrasie van wat pas geleer is. 'n

Selfgesentreerde en wettiese godsdiens word hiermee afgewys (Kantonen 1956:45). Hierdie gerigtheid op die ander (God en mens) vereis 'n nuwe mens. Die Koninkryk van God het naby gekom; 'n nuwe mensheid word gebore. Om nuwe mens te wees, is 'n gawe van God wat deur die mens aanvaar moet word. Jesus wys op die sensitiewe ontvanklikheid van 'n kind wanneer Hy sê: *As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie (Matt. 18:3).* Die twee begrippe "verander" en "soos kinders word" is belangrik. Mattheus gebruik die werkwoord *straphète* (omkeer), en nie *metanoeite* (bekeer), as noodsaaklike voorwaarde om soos kindertjies te word. *Naar onze mening gaat het hier heel concreet om het afzien van onze "volwassen" pretenties op God en zijn rijk (Nielsen Vol. 2 1975:114).* Dit gaan om die openheid, die ontvanklikheid, die ongekompliseerdheid, die pretensielose en blye aanvaarding van 'n kind wat 'n skrille kontras vorm met volwasse selfversekerdheid. Hiermee word bedoel 'n omkeer van gedrag, van mentaliteit en 'n nuwe lewensrigting (1975:115). Hierdie vereiste vir toegang tot die Koninkryk, is tegelykertyd ook die basiese voorwaarde vir 'n rentmeesterskapslewe. Die Galilese vissermanne het alles laat vaar en Hom gevolg. Die ryk jongman was nie daartoe bereid nie. 'n Heelhartige aanvaarding van die nuwe lewe is in die besonder moeilik vir iemand wat oor baie eiendom beskik. *Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom, as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom (Mark. 10:25).*

Geld en goed kan 'n gevaarlike verleiding inhou. *Bezit kan demonische kracht uitoefen. Het kan de mens binden en gevangennemen, zodat hij niet meer vrij is voor God en voor het Rijk. Het Rijk kan het offer eisen en als de mens geen vrijheid voor het offer heeft, is hem de toegang tot het Rijk versperd (Bolkestein 1977:232).* Hieroor was die dissipels verbaas. In hul oë was besit 'n seën en guns van God, maar Jesus dui hier op demoniese gevare. Hierdie nuwe visie wek verbasing (1977:232). Treffend is Kantonen se opmerking: *Unless riches, together with all of life, are subjected to the stewardship of the kingdom, they carry the danger of perverting means into ends and leading to the*

*inevitable bankruptcy that results from investing in a false god (Kantonen 1956:47).* Dit gaan om veel meer as 'n ontvanklike gesindheid: die Nuwe Koninkryk roep om toegewyde aksie.

Christus onderstreep die verbygaande aard van hierdie wêreld. Wanneer Hy dit doen, verwys Hy ook na aardse besittings: *Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak, waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie (Matt. 6:19 en 20, Lukas 12:33 en 34).* Volgens Nielsen word die algemeen menslike lewenshouding hier getipeer: die versamel van skatte op aarde. *Met beelden aan die tijd ontleend word duidelijk gemaakt, dat ze vergankelijk zijn (Nielsen Vol. 1 1974:135).*

Teenoor die algemeen–menslike lewenshouding staan Matt. 6:20, waarin Jesus die nuwe volk van God, tot 'n nuwe lewenshouding oproep. In hierdie nuwe lewenshouding staan die "versamel van skatte in die hemel", op die voorgrond. Die byvoeging: *Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees (Matt. 6:21)*, is belangrik. Hierin word dit duidelik gemaak dat dit waarop die mens met sy hele persoonlikheid konsentreer – sy hart – ook vir hom die kosbaarste is – sy skat. Die hemel, d.i. God met 'n "op–Hom–gerigte" lewenshouding – of die aarde met 'n "aardsgerigte" lewenshouding. *Niet de hemel in de zin van hiernamaals of iets abstracts buiten en boven de aarde, waar schatten als een hemels saldo kunnen worden opgeslagen, word hier bedoeld (1974:136).* Dit gaan juis om die gebruik van skatte op hierdie aarde, terwyl 'n "op–God–gerigte" lewenshouding gehandhaaf word in die hantering van eiendom en geld.

Daar word veral in die Lukas evangelie groot klem op Jesus se beskouinge rakende armoede en besittings geplaas (Joubert 1987:179). Wanneer Lukas van armoede praat, het hy letterlike armoede in die oog, en verwys hy nie na 'n religieus–etiese piëteit nie. Dit

gaan nie daarom dat Jesus armoede verheerlik, of soteriologiese waarde daaraan toeken nie (1987:179). Veral die rykes word deur Lukas geteken as mense wat hul totale bestaan rondom tydelike sekuriteit en die mag van aardse skatte laat wentel. Dit is juis hierdie verkeerde ingesteldheid wat as struikelblok na vore tree wanneer hulle op Jesus se oproep moet reageer (Schottiof en Stegemann, na hul verwys deur Joubert 1987:179). Dit moet goed begryp word dat rykdom as verskynsel nie op sigself verwerp word nie. Jesus lê in die Lukas evangelie baie klem op die prysgawe van besittings as 'n sigbare bewys van 'n egtheid van voorneme om tot die Koninkryk toe te tree. Alle privaatbesit word nie daarmee veroordeel nie. Die oproep tot prysgawe van besittings was nie beperk tot 'n geselekteerde groepie mense nie; *alle potensiële volgelinge is met hierdie eis gekonfronteer (1987:180). So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie (Lukas 14:33).* Volgens Geldenhuys beteken dit nie dat alle potensiële burgers van die Koninkryk al hul besittings moet verkoop, al hul geld weggee, en hul dierbares verlaat om 'n bedelaarsbestaan te voer nie. Dit beteken dat Christus volle beheer oor die totale lewe van so 'n mens moet kry. Dit sluit beheer oor daardie mens se besittings in. Meer nog, onder Sy leiding en in Sy diens word dit aangewend. Dit gaan daarom dat, alhoewel die persoon nog in beheer van sy eiendom is, hy God sal eer en dien daarmee. *The important thing is that whosoever desires to follow Him must be inwardly free from worldly-mindedness, covetousness and selfishness and wholly devoted to Him (Geldenhuys 1977:399).* Groenewald stem volkome met die standpunt saam: *Om werklik dissipel van Jesus te wees, moet iemand bereid wees om van al sy besittings afstand te doen. Geen ander band mag hom bind nie, as net die band met Jesus. Daarmee is nie gesê dat die dissipel nie besittings mag hê nie, maar dat hy vry moet bly om Jesus te gehoorsaam (Groenewald 1989:193).*

Die bedoeling is nie om hiermee voornemende dissipels te ontmoedig nie, *but to awaken the halfhearted follower to the disastrous consequences of his kind of discipleship (Ellis*

*1974:195).*

Die prysgawe van besittings is nooit tot 'n absolute verpligting verhef nie, *aangesien dit vir Jesus sy oorsprong gehad het in die "mens se geloofsgemeenskap met God" (Joubert 1987:180).* Dit is dan ook een van die redes waarom in hierdie studie, rentmeesterskap as 'n verhoudingsgebeure voorgestel word. Die nuwe vryheid in Christus moet aanleiding gee tot 'n korrekte ingesteldheid teenoor persoonlike eiendom. Terwyl God gedien word met 'n onverdeelde liefde, word eiendom beskou as 'n blote middel wat in diens van die Koninkryk aangewend kan word (1987:180). Joubert verwys na Danielou wat in hierdie verband van 'n *"evangelical poverty"* praat. Hy omskryf dit as *...a disposition of the heart occupied solely with the interests of the Kingdom of God and free in regard to earthly goods (1987:180).*

**Dieselfde tema word ook dikwels in die gelykenisse aangetref:**

**Die gelykenis van die ryk dwaas (Luk. 12: 13–21).**

Hierdie gelykenis het 'n sterk eskatologiese kleur. *Jesus is not thinking of the inevitable death of the individual as the impending danger, but of the approaching eschatological catastrophe, and the coming Judgement (Jeremias 1976:165).* Die bedoeling is dat elke aanhoorder die gevolgtrekking op sy eie lewe toepas: *we are just as foolish as the rich fool under the threat of death if we heap up property and possessions when Deluge is threatening (1976:165).* Lewensversekerdheid kan nooit deur die vermeerdering van aardse rykdomme verkry word nie. Wie wel in die waan lewe dat dit die geval is, het nog nooit tot wysheid gekom nie (Groenewald 1973a:97). Volgens Groenewald, begaan hierdie man veral twee foute: In die eerste plek het hy sy hoogste geluk net van aardse rykdom verwag, en in die tweede plek het hy in die waan gelewe dat hy besitter en beskikker is oor alles wat hy het, selfs oor sy sielsgeluk. Sy gesprek met sy siel getuig van 'n materialistiese

lewensbeskouing. Die "spreke van God" vorm 'n sterke kontras met hierdie man se "selfgesprek". Teenoor hierdie lewensbenadering, stel Jesus die ideaal om "ryk te wees in God" (1973a:99–103). *It is not only a terrible sin to make earthly riches and worldly pleasures the main purpose in life, but also a total act of folly, a deadly error (Geldenhuys 1977:356).*

**Die gelykenis van die oneerlike bestuurder (Luk. 16:1–13)**

Hierdie gelykenis wat moeilik te verklaar is, figureer sterk in die literatuur oor rentmeesterskap. Daarom word hierdie gelykenis redelik uitvoerig behandel.

Volgens Jeremias moet hierdie gelykenis soos volg verdeel word:

Verse 1–7: Die gelykenis beskryf 'n oneerlike bestuurder.

Vers 8a: Hierdie is 'n toepassing deur Jesus: Jesus prys die oneerlike man, omdat hy die eskatologiese krisis begryp en optree.

Vers 8b: Jesus se verrassende uitspraak word verduidelik. Dit verwys nie na die verhouding met God nie.

Vers 9: 'n Tweede toepassing: 'n Oproep tot 'n offervaardige houding.

Verse 10–12: 'n Derde toepassing wat handel oor trou en ontrouheid in onbelangrike sake. In hierdie derde toepassing word die bestuurder as 'n ernstige waarskuwing voorgehou.

Vers 13: 'n Oproep tot 'n keuse tussen God en Mammon (Jeremias 1976:46–47).

Wie meen dat bedrog hier opgehemel word (vers 8a), verstaan nie die bedoeling van die gelykenis nie (Groenewald 1973a:135). Groenewald wys op die teksverband. Die gelykenis staan tussen die gelykenis van die verlore seun en dié van die ryk man en Lasarus. Hy meen dat daar wel 'n gemeenskaplike grondgedagte is. Die verlore seun beleef uiterste liggaamlike ontbering. Die oneerlike bestuurder bevind hom in uiterste sosiale en finansiële

moeilikheid. Die verlore seun doen die enigste stap in sy omstandighede: hy keer terug na sy vader. Die oneerlike bestuurder doen ook die enigste juiste stap in sy omstandighede; hy bewys gunste sodat hy later op gunste kon reken. Die rykman geniet liggaamlik, sosiaal en finansieel 'n sorgvrye lewe. Dít wat hy moes doen, versuim hy: hy slaan geen ag op "Moses en die Profete" nie (verse 29–31).

Jesus wil nou met die gelykenis van die oneerlike bestuurder aantoon dat, ten spyte van laasgenoemde se ondeugde, hy tog reg optree, veral in die opsig dat hy in desperate omstandighede só handel dat sy toekoms verseker is (1973a:135–136). Uit die bovermelde blyk dit dat Jeremias en Groenewald dit eens is. Vers 8a is *a summons to resolute action in a crisis (Jeremias 1976:47).* Ook volgens Geldenhuys gaan dit nie om die prys van oneerlike optrede nie: *He did not praise his unjust and fraudulent act as such, but the "worldly wisdom" with which he had acted towards the debtors (Geldenhuys 1977:415).* Die vraag bly egter of die doel die middel heilig? Groenewald wys daarop dat die jongste bevindinge daarop dui dat die heer eerder as 'n bankier of finansier as 'n grondeienaar gesien moet word. Indien dít die geval is, is die Israelietiese wette en gebruike in verband met rente en woeker van toepassing. Die Israeliet mag nie van sy volksgenoot rente opeis en vorder nie (Eks. 22:25, Lev. 25:35, Deut. 15:7, 23:19). In die praktyk is hierdie wette op spitsvondige wyses oortree. Volgens hierdie interpretasie het die oneerlike bestuurder rente, wat strydig met die Wet van God was, maar wel deur die sondige gewete toegelaat is, afgetrek en reggestel. Wanneer daar dan na die "resolute action" van Jeremias verwys word, is hierdie oneerlike bestuurder se optrede die van regstelling om oneerlikhede uit die weg te ruim. *In sy nood besluit hy om God meer gehoorsaam te wees as die mens, en die Wet van God te handhaaf bo die praktyke van mense (Groenewald 1973a:139).* Die vraag oor die subjek van vers 8a lewer, as gevolg van hierdie verklaring, nie meer probleme nie. Hierdie verduideliking is aanvaarbaar.

In hierdie gelykenis word daar na materiële besittings verwys. Christus voeg die woorde

van vers 9 as 'n uitdruklike bevel by. Dit gaan om die korrekte gebruik van besittings. Hy verwys na besittings as die "oneerlike Mammon", omdat oneerlikheid so dikwels met die opgaar van besittings gepaard gaan. Weer eens is dit nie die bedoeling dat besittings vuil en sondig is nie. Dit gaan oor die sondige gesindheid teenoor en optrede met besittings. *They must be free from the low, selfish and covetous motives that dominated the unjust steward of the parable that they will use the worldly goods entrusted to them by the Father in a matter that will bring blessing to others and be conducive to their own eternal welfare (Geldenhuys 1977:416).*

Tereg sê Geldenhuys, na aanleiding van vers 12, dat die Skepper die eintlike Eienaar van al die mens se gewaande besittings is. Hy vertrou dit aan mense toe om dit só te gebruik dat dit tot 'n seën vir homself, sy medemens en tot verheerliking van God sal wees. Indien iemand oneerlik optree met hierdie "geleende" besittings, kan hy nie verwag om Gods ewige rykdomme, die tydlose geestelike gawes te ontvang nie. Om God te dien en lief te hê, vereis 'n vry wees van 'n slaafse gebondenheid aan besittings. Wie besit die hoofdoel van sy lewe maak, leef onder die mag van besittings en is elke dag in die slaafse diens van Mammon (vers 12) (1977:417). Mammon moet in 'n gehoorsame rentmeesterskap in diens van God gestel word.

**Die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19–31)**

In hierdie gelykenis wil die Here uitbrei op dit wat hy reeds in vers 15 gesê het: ....*Wat deur die mense as belangrik beskou word, is 'n gruwel voor God.* Gedurende sy lewe was hierdie ryk man 'n uitstekende voorbeeld van iemand wat deur mense hoog geag word. Na sy sterwe word dit bevestig dat dit wat deur mense hoog aangeslaan word, by God 'n gruwel kan wees. Dat die ryke ryk was, maak hom nie voor God skuldig nie. Geen oordeel word oor rykdom uitgespreek nie. Dit word ook nie gesuggereer dat hy sy besittings op 'n oneerlike wyse bekom het nie. Dit blyk egter dat sy saak met God nie reg was nie en dat

hy *elke dag feestelik en weelderig geleef het (Vers 19).* Hierdie man se rykdom is nie aan hom gegee om niks anders te doen as om vir sy eie plesier te lewe nie (Groenewald 1973a:156). Verwysende na die ryk man se broers, sê Jeremias: *Like him they live in selfish luxury, deaf to God's word, in the belief that death ends all (1972:186).* Die oorsprong van die bovermelde lewenshouding kom in die gesprek tussen die ryk man en Abraham na vore (vers 23 evv.). Hulle het aan "Moses en die profete" geen gehoor gegee nie (Vers 29). Ten grondslag van die ryk man se gebrekkige rentmeesterskap, lê 'n onwilligheid om gehoor te gee aan die eise wat God stel (Lev. 19:18 en Jes. 58:7).

Ook in ander gelykenisse, byvoorbeeld die van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25–37) is rentmeesterskapstrekke op 'n meer indirekte wyse te bespeur. 'n Beskrywing hiervan is nie geregverdig nie, aangesien daar geen addisionele perspektief hieruit na vore kom nie.

Dit is belangrik dat die rentmeesterskapsindikasies wat in die voorafgaande paragrawe beskryf is, ook gesien word teen die agtergrond van die sogenaamde "parousia" gelykenisse. Hiervan is die gelykenis van die muntstukke 'n voorbeeld (Matt. 25:14–30 en Luk. 19:11–27). *The well-known parables of the talents and pounds ... are only part of a larger and more dominant theme running through the parables of Jesus, namely: "the motif of an absentee master" (Thompson 1965:25).* Die strekking hiervan is belangrik as agtergrond waarteen en ruimte waarbinne rentmeesterskap geskied. Só leer die gelykenis van die *ponde* dat alles in die lewe van die dissipel geplaas moet word, onder die gesigspunt van die wederkoms van die Seun van die mens. Hierdie verwagting is produktief in die sin dat dit in die lewe van die mens die ware, *Gode geheiligde* aktiwiteit voortbring. *Omdat hy uitsien na die koms van Christus, rig hy sy gedrag in alle opsigte só in dat die gawes en begaafdhede wat die Here aan hom toevertrou het, vrugbaar kan wees in diens van die Meester. Dit beteken dat hy hom volkome vereenselwig met die belange van die koninkryk van God (Groenewald 1973a:231).* Tereg sê Thompson:

*Instead of the comforting presence of God he seems to teach the absence of God ... For long intervals we have no contact with the one to whom we are responsible (Thompson 1965:26).* Rentmeesterskap moet 'n daad van voortgesette trou en toewyding wees, 'n lewenshouding, nie dié van 'n krisis–optrede nie. *Mooi so, jy is 'n goeie slaaf. Omdat jy in 'n saak van min belang getrou was, kry jy nou die bestuur oor tien stede (Luk. 19:16).*

**Die verhaal van die ryk jongman (Matt. 19:16–30, Mark 10:17–31, Luk. 18:18–30)**

Daar is reeds na hierdie verhaal verwys, veral die laaste gedeelte. Die eerste gedeelte vereis egter meer aandag:

Vir die Jode was die beslissende vraag met betrekking tot die verkryging van die ewige lewe: Wat moet ek doen? *Meneer, watter goeie daad moet ek doen om die ewige lewe te verkry? (Matt. 16:16).* Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die aandag tot Jesus se antwoord in vers 21 beperk. As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My.

Die woord "teleios" word hier vir volmaak gebruik. (Verwys ook na Matt. 5:48). Volmaak beteken om die volledige wil van God te doen. Volmaak is om geheel en al op God gerig te wees. By 'n ryke kan dit groot probleme oplewer. Dit gebeur dan ook in hierdie geval. Hierdie man se instelling is na twee kante gerig: na God én na sy besittings. 'n Verdeelde gerigtheid op God vereis dat jy jou losmaak van dít wat jou van God skei – in hierdie geval besittings. Sy besittings moet hy aan die armes gee: dit sou 'n belegging by God in die hemel wees (Nielsen Vol. 2 1975:145). Hierdie hemelse skat staan in teenstelling met die aardse skat. Die gesteldheid waarop die jongman teenoor sy besittings staan, is 'n kritieke punt. Is hy bereid om hierdie offer te bring? Of die bereidheid om hierdie offer te bring by die jongman aanwesig is, kan alleen blyk wanneer

hy Jesus inderdaad wil volg. Die offer, die gehoorsaamheid, dit wil hy nie. *Hy het bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad (Matt. 19:22).* Hy het begryp dat sy instelling teenoor God nie korrek is nie. Die gesindheid waarmee die gebooie gehoorsaam word, is die belangrikste en staan voorop. *Rijkdom kan een reden zijn om moeite te hebben met het volgen van Christus; het hebben van en vooral het vastzitten aan "vele goederen" nog veel meer (1975:146).* Rykdom lei spoedig tot rebellie teen God en verskaf onheil aan sy besitter, wanneer dié sy hand onbarmhartig geslote hou. Rykdom kan 'n mens só bind dat jy nie meer vry teenoor jouself, jou medemens en jou God staan nie (1975:146).

By die afsluiting van dit wat veral deur Lukas opgeteken is, is die opmerking van Goppelt baie gepas: *Behind the Lucan parables stands the question of what a person wished to live by; whether he wished to understand himself as creature or whether he chose to make himself autonomous on the basis of wealth and the security that wealth provided (Goppelt 1983:83).*

**Die gee van tiendes**

Daar word dikwels met 'n beroep op Christus se uitsprake in tekste soos Matt. 23:42, Luk. 11:42 en 18:22 betoog dat die gee van tiendes onder die nuwe bedeling nog van krag is. Tereg sê Verhoef dat die belangrike vraag, die volgende is: *Het die Heiland met hierdie woord op die vlak van die nuwe bedeling of op dié van die ou bedeling gestaan? (Hand. Raad van Ned. Geref. Kerke 1961:41).* Volgens Verhoef doen Hy dit in terme van die skadudiens en is dit nie as sodanig vir die nuwe bedeling normatief nie (1961:41). Verwysende na Lukas 11:42, maak Geldenhuys die volgende stelling: *Since Jesus' work of redemption was at that time not yet completed and the rigid commands of the Old Covenant were still in force, they were right to be faithful in the giving of tithes ... (Geldenhuys 1977:342).* Jeremias beklemtoon dat daar begryp moet word dat Jesus in die dae van die Ou Testament leef. *His sayings are incomprehensible unless we*

*recognize this (Jeremias 1975:205).*

'n Belangrike vraag is: wanneer begin die nuwe bedeling? Die begin van die nuwe bedeling word gekoppel aan Christus se sterwe. Calvyn het dit reeds só verstaan. Wanneer hy verwys na die skeuring van die voorhangsel in die tempel tydens Christus se sterwe, sê hy dat die skadudiens daartydens verval het. Met spesifieke verwysing na offerandes sê hy: *Intusschen ontvingen de Jode een wenk, dat uiterlijke offerande een einde hadden, en dat het oude priesterschap later geheel in onbruik geraken zou (Calvyn 1971:548).* Bavinck is dit met hom eens: *Toch bleef de oude bedeeling nog van kracht tot den dood van Christus toe (Bavinck Band 3 1967:204).* Hierdie standpunt word vandag nog gehuldig. Schweizer sê, terwyl hy na Matt. 27:51 verwys: *God with his new world breaks into the old world ... (Schweizer 1984:515).* Ook Groenewald verwys na die skeur van die voorhangsel: *Letterlik staan daar dat die voorhangsel geskeur "is", en nie geskeur "het" nie. Dit beteken dat God dit geskeur het. Hy het nou die Allerheiligste verlaat en sou voortaan nie meer daar woon nie; daarom word die Allerheiligste oopgemaak vir die oë van almal. Die ou bedeling en die tempeldiens was nou nie meer nodig nie, omdat alles in vervulling gegaan het (Groenewald 1989:269).*

Wie 'n Nuwe–Testamentiese rentmeesterskap bou op grond van Jesus se uitsprake in Matt. 23:42, Lukas 11:42 en 18:22, hou nie rekening met die heilshistoriese konteks waarbinne hierdie uitsprake gemaak is nie.

Alhoewel dit in hierdie gedeelte om die uitsprake van Christus gaan, word ook die res van die argumentasie ten gunste van die gee van verpligte tiendes hier behandel. 'n Invoeging op 'n ander plek sal kunsmatig voorkom en die eenheid verbreek. Dit gaan daarom dat daar saam met die reeds vermelde uitsprake van Christus, ook daarop gewys word dat die gee van tiendes nêrens in die Nuwe Testament uitdruklik afgeskaf word nie. Die bevinding

ten opsigte van die gebeure rondom die sterwe van Christus is vanselfsprekend ook hier volledig van toepassing. Aan die ander kant is dit ook baie betekenisvol dat die hele Nuwe Testament met geen enkele woord later die eis tot die gee van tiendes stel nie (Raad van Ned. Geref. Kerke 1961:41). *The absence of any emphasis on tithing in the Pauline literature is especially noticeable (Tate, Review and Expositor 1973:159).* Paulus was immers betrokke by die ontwikkeling van jong kerke en ook fondsinsameling. Hy bestee, tydens die derde sendingreis (Hand. 18:23 – 21:16), baie energie aan 'n kollekte vir die behoeftiges in Jerusalem. By hierdie kollektes word die gee van tiendes nie genoem nie. Teenoor die gee van tiendes stel hy die volgende: *Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opgaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie (1 Kor. 16:2) (1973:159).* Op hierdie kollekte word daar later breedvoerig ingegaan. Bybelse gronde vir die dogmatiese sekerheid waarmee 'n oproep tot die bring van verpligte tiendes dikwels vanaf kansels gedoen word, ontbreek(1973:159).

Daar word dikwels gesê dat die gee van tiendes as 'n vrywillige handeling, 'n goeie beginsel en riglyn is. Dát die gee van 'n gedeelte van die inkomste 'n goeie beginsel is, kan nie betwis word nie. Dit is veel meer as 'n goeie beginsel. Daar moet egter, wanneer die klem so sterk op die tiende as breukdeel geplaas word, gewaak word teen, soos Verhoef dit noem, 'n oorvereenvoudigde vergelyking *tussen 'n eenvoudige én 'n uiters ingewikkelde samelewingsstruktuur (Hand. Raad van Ned. Geref. Kerke 1961:40).*

Dat Christene aktiewe en verantwoordelike rentmeesters moet wees, staan vas. Die motivering daarvoor is egter geleë in dit wat Christus geleer het oor die nuwe verhouding met God én die wyse waarop hierdie nuwe verhouding ook konkrete gestalte in 'n nuwe gesindheid teenoor eiendom vind.

(Kyk na hoofstuk 2 pp. 60–62).

## B. Die Priester

Christus is meer as profeet. Hy is ook die Hoëpriester wat sy lewe afgelê het. Die Skrif skilder Christus as iemand wat reeds van die begin af Sy eie rentmeesterskap en die Goddelike oorsprong daarvan begryp het: *Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie? (Luk. 2:49) (Thompson 1965:26).* Hy wat die wil van God as profeet geopenbaar het, is ook die Verlosser. In die evangelie waaruit die kerk leef, en waarop die teologie gebaseer is, is die kruis van Christus van sentrale betekenis. Die Ou–Testamentiese offers was van verbygaande aard. *De Oud–Testamentische offercultus was onvolmaakt; de priesters waren zelven zondaren; het bloed van stieren en bokken kon de zonden niet wegnemen; de offers moesten eindelaas worden herhaald. Alles duidde aan, dat de ceremonieele bedeeling des Ouden Testaments slechts eene voorbijgaande, symbolishe, typische beteekenis had (Bavinck Band 3 1967:315).* Die Nuwe Testament sien in Christus se dood 'n offerande, en die vervulling van die Ou–Testamentiese kultus (1967:319). Die dood van Christus het 'n "plaatsbekledend karakter" (Ridderbos 1973:206). Hierdie karakter van Christus se dood word telkens in Paulus se briewe aangetref (1 Kor. 15:3, 2 Kor. 5:14, Rom. 4:25, 5:6 en 8, 8:32, 14:15, 1 Tess. 5:10, Gal. 1:4 en 2:20). *In expounding the meaning of the death of Christ, theology has used the word "vicarious ", meaning that Christ did not die merely as an event in history, nor did he die for his own sake. He died for us (1 Thess. 5:9) (Ladd 1975:426).* In Sy priesterskap was Christus gehoorsaam tot in die dood: ... *Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis (Fil. 2:8).* Paulus definieer die hoofbestanddeel van die evangelie as: Jesus ... *as die gekruisigde* (Fil.2:2).

Die verbintenis tussen dit wat pas beskryf is, en rentmeesterskap, is te vinde in die woorde van 2 Kor. 5:14–15: Die liefde van Christus dwing ons ... *En Hy het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is* (Kantonen 1956:52).

Paulus is in die tweede Korinthiërbrief in die besonder besig met die "nuwe lewe" – 'n nuwe lewe wat die direkte gevolg van Christus se sterwe is. Die bron van hierdie nuwe lewe is die opstanding van Christus. *Christus sterft voor de zonde en in Hem sterft de zonde ... Zijn opstanding beteken onze opstanding tot een nieuw leven (Grosheide 1959:163).* In die paradys het die mens ooreenkomstig God se bedoeling geleef. Na die sondeval, het die mens vir homself begin leef. Hierdie lewe is 'n "skynlewe". Christus se dood verlos die mens van die skynlewe en bring 'n nuwe, ewige lewe wat op Christus gerig is (1959:163). Sonder hierdie perspektief op die kruis, is ware rentmeesterskap onmoontlik. Hiermee is rentmeesterskap nie 'n kwessie van wat die mens vir God doen nie. Rentmeesterskap is 'n reaksie op dit wat God vir die mens gedoen het. Belangrik is dit voorts om daarop te let dat Christus as die Hoëpriester nie net versoening bewerkstellig het nie, maar ook verlossing: *Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk ... (Kol. 1:13). The Christian Church, the eschatological community of the last days, consists of those who have been called out of darkness into God's marvelous light (1 Pet. 2:9), having been delivered out of the power of darkness (Col. 1:13) (Richardson 1969:70).* Ook die "in Christus" uitsprake wat Paulus dikwels gebruik, dui op hierdie bevryding. *But "in Christ" can also have the full meaning of the new basic and all–comprehending reality into which believers are transferred once they have been delivered from the power of corruption (Bornkamm 1975:155).*

Die priesterskap van Christus roep dus nie net om 'n reaksie van rentmeesterskap nie, maar maak daardie reaksie inderdaad vir die mens moontlik. Kantonen kwoteer Luther: *Christ has redeemed me from sin, death and the power of the devil in order that I might be his own and serve him (Kantonen 1956:58).* Rentmeesterskapsgesproke: as Hoëpriester bevry Christus my van die "sondeskuld" van Mammon, maar tegerlykertyd ook van die "sondemag" van Mammon.

C. Die Koning

Hierdie beskrywing van Christus as Profeet, Priester en Koning, moet nie gesien word asof 'n werksaamheid uitsluitlik by 'n bepaalde amp hoort nie. Jesus sit Sy profetiese werksaamheid voort in die lering van Sy gemeente deur Woord en Gees, maar Hy regeer ook daardeur as Koning; en Sy Hoëpriesterlike gebed is geen smeking, maar 'n koninklike wil (Joh. 17:24) (Bavinck Band 3 1967:351). Christus se Koningskap is 'n koningskap waarvan die Ou–Testamentiese slegs 'n skadu was. Hy stig 'n ryk Gods, wat tans nog net geestelik en sedelik bestaan, maar bestem is om eenmaal ook uitwendig en liggaamlik vergestalting te vind in die stad Gods, waar God alles in almal sal wees (1967:350). Christus se Koningskap impliseer dat Hy die troon met God deel, en dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is (Matt. 28:18, Mark. 16:19, Hand. 2:33, Rom. 8:34, 1 Kor. 15:25, Efes. 1:20, Heb. 1:3 en baie ander). Hy regeer reeds en hierdie waarheid is slegs aan die gelowiges bekend (Richardson 1969:200).

Christus se opstanding uit die dood is die keerpunt in die geskiedenis; die einde van die heerskappy van sonde en dood, en die begin van die heerskappy van die Messias. Die kerk se belydenis dat Jesus die Here is, is op hierdie oorwinning gebou. *Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk (Efes. 1:22).* In 'n besondere sin is die kerk die vertoonvenster van Sy heerskappy (Kantonen 1956:60). In die lig van Christus se Koningskap, kry rentmeesterskap 'n kosmiese betekenis. *Its aim is the restoration of all areas of life to its rightful Lord (1956:60).* Dit is die kerk se roeping om duidelik te getuig dat "alle mag, in die hemel en op aarde", aan Hom behoort; dat élke aspek van die lewe slegs in 'n verhouding met Hom, sin en doel kry. Die kerk se belydenis: *"Jesus Christus is Here!"*, sal deur elke tong erken word (Fil. 2:11). Die geloof in Christus se totale triomf en Koninkryk, verleen aan rentmeesterskap sy diepste perspektief, sy grootste aansporing en versekering dat alles nie tevergeefs is nie

(1 Kor. 15:58). *In the perspective of eternity, work in the Lord is the only work with a future (1956:62).* Hiermee word rentmeesterskap nie maar net 'n dankbare reaksie op dit wat in die verlede gebeur het nie, maar word rentmeesterskap 'n reaksie met 'n toekomsperspektief.

**3.2.3.5 Rentmeesterskap binne die eerste gemeente**

Joubert het in sy proefskrif: *"Die armoedeprobleem van die Jerusalemgemeente"*, uitvoerig aan die vroeë lidmate se optrede met en houding jeens besittings aandag gegee. Daar word volledig rekening gehou met die bevindinge van hierdie navorsing (Joubert 1987:170–192).

Die eerste gemeente is gekenmerk deur 'n groot samehorigheid. *Al die gelowiges was eensgesind (Hand. 2:44a). The meaning of the phrase seems to be that they were drawn together in Christian fellowship rather than that they were all living in one place (Newman and Nida 1972:45 en 46).* Die Jerusalemgemeente moet dus nie gesien word as 'n tipe liefdeskommune nie (Joubert 1987:170 en 171). Hand. 2:44 getuig dat hulle alles met mekaar gedeel het. Privaatbesit is steeds gehandhaaf. Alle eiendom is nie onmiddellik verkoop nie (Newman and Nida 1972:46). *This sharing of property presupposes that possessions were not disposed of. Whenever there is need of money for the poor of the congregation, one of the property–owners sells his piece of land or valuables, and the proceeds are given to the needy (Haenchen 1985:192).* Die aanwesigheid van konkrete nood het aanleiding gegee tot hierdie prysgawe van besittings (Joubert 1987:171). Die werkwoordsvorm dui op 'n voortgaande hulpverlening (Haenchen 1985:192). Hand. 4:32 sê die gelowiges was een van hart en siel. *In Jewish thought "heart" was the centre of intellectual activity, and "soul" the seat of the will. Taken together they are inclusive of the total inner being of the person.* Die uitdrukking het die

volgende beteken: *they thought the same things and wanted the same things (Newman and Nida 1972:111).* Hierdie eensgesindheid vind vergestalting daarin dat *niemand sy goed net vir homself gehou het nie, maar, dat hulle alles met mekaar gedeel het (Hand. 4:32).* Dit was die heersende norm. Ook hierdie teks wil die indruk skep dat dit nie die opheffing van privaatbesit impliseer nie. *The context suggests that believers continued to possess their own personal belongings, and that even when someone sold a piece of property the money remained his own (1972:111).* Dat niemand sy goed vir homself gehou het nie, impliseer: *"No one said, what I own belongs just to me" or "No one said, All I have is just for me" (1972:111). Owners only gave up their property – rights vis-à-vis their brethren in the faith (Haenchen 1985:231).* In hierdie handelinge geld 'n praktiese beginsel wat sodanige prosedures gereguleer het (Joubert 1987:171). Hierdie beginsel word in Hand. 2:45 en 4:35 aangedui: *volgens elkeen se behoefte.* Die doel wat die gelowige in die oog gehad het met hierdie prysgawe van besittings word in Hand. 4:34 aangetref: *Nie een van hulle het gebrek gely nie* (1987:171 en 172). Hierdie optrede was nie die gevolg van 'n godsdienstige verpligting nie (Hand. 4:32 en 5:1–11). Hand. 4:32 beskryf 'n bepaalde gesindheid, 'n bereidwilligheid tot die prysgawe van materiële besittings. Ook Ananias en Saffira was, volgens Petrus, onder geen verpligting om die volle opbrengs van die transaksie te oorhandig nie (Hand. 5:4) (1987:172 en 173). *The phrase "the money was yours" translates the Greek expression "was in your power". In some languages this is rendered as: "you could say what you wanted to do with it" or "you could do anything you wanted" (Newman and Nida 1972:116). Het "hart" waarin Ananias de zaak een plaats gaf, is het hart dat satan vervulde (vs. 3) (Lindijer 1975:132).* Hierdie voorval met die gepaardgaande reaksie onder die gemeentelede, dien as 'n waarskuwing aan die leser om hom nie aan 'n soortgelyke gesindheid skuldig te maak nie (Joubert 1987:173). Hieruit kan, wat rentmeesterskap betref, ook die direkte afleiding gemaak word, dat geldelike bydraes 'n oorsprong moet hê in 'n geloofsgemeenskap met Christus. Allerlei selfsugtige motiewe in rentmeesterskap word beslis afgewys.

Die afsien van besit was eerder die reël as die uitsondering in Jerusalem. Dit was die gevolg van die werk van die Heilige Gees. Armoede is nie hiermee verheerlik as sou dit 'n ideaal wees wat nagestreef moes word nie. Die *gesindheid* staan op die voorgrond (1987:173 en 174).

Die geloofseenheid het volgens Joubert (1987:174) op materiële gebied die volgende gevolge gehad:

a. Die gelowiges het van die standpunt uitgegaan dat hulle eiendom en persoonlike besittings nie meer aan hulleself behoort nie.

b. Hulle het alles gemeenskaplik besit.

c. Die Christene was nie verplig tot die verkoop van hul besittings nie.

d. Baie het wel eiendom en besittings verkoop na die mate waar daar nood was.

e. Die opbrengs hiervan is aan die apostels oorhandig.

f. Elkeen in nood het uit die opbrengs hiervan na behoefte ontvang.

Twee faktore het 'n rol gespeel en verdien vermelding.

Binne die jong gemeente het die eskatologie 'n belangrike rol gespeel. Die Jerusalemgemeente het rekening gehou met Christus se spoedige wederkoms. *Dit was geen oorspanne verwagting wat gelei het tot 'n roekelose anti–organisatoriese lewensbeskouïng nie (1987:185).* Saam met die eskatologiese verwagting, het ook die destydse wêreldbeeld 'n besondere invloed uitgeoefen. In Petrus se openbare toespraak

proklameer hy 'n nuwe realiteit. Petrus verklaar die werklikheid in terme van Christus, wat sedert sy hemelvaart nie meer sigbaar is nie. Vir Petrus is Christus die eintlike realiteit. Alhoewel Hy onsigbaar is, *word die fisies–waarneembare wêreld in al sy fasette hierdeur geraak (1987:191)*. Belangrik is Petrus se woorde in Hand. 2:40: *Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit.* Ten opsigte van die "ontaarde mense": *the identification is geographical (the people of that country) and in the second instance behavioural (those who specifically rejected and crucified Jesus) (Newman and Nida 1972:62)* By hierdie "ontaarde mense" moet 'n mens dink aan die hele sondige wêreld. Die begrip "ontaarde" of "verkeerde" verwys na die wese van die mens wat *schuldig en tot straf verkromd, verkrampt, verdraaid en dus verkeerd is (Lindijer 1975:73, verwysende na Bertram)*. Hierdie woorde dui wel op hulle wat Christus gekruisig het, maar dit word nie eksklusief op die Jode bedoel nie (1975:73) Petrus spoor sy aanhoorders aan om hulle uit hierdie "ontaarde mense" te laat red en aan te sluit by die "nuwe mensheid". *The new believing community was, in fact, the faithful remnant of the old Israel and at the same time the nucleus of the new Israel, the Christian church (Bruce 1977:79)*. Christus as die nuwe realiteit is eksklusief, omdat alle ander wêreldbeskouinge as ontoereikend beskou word om God en mens te versoen. *Alle waarneembare gedrag is nou beoordeel in terme van gehoorsaamheid aan die normes en kodes van die christologiese wêreldbeskouinge (Joubert 1987:192)*. Dit geskied omdat Christus se heerskappy oor die totale spektrum van die menslike bestaan heen strek (1987:192). Die wêreldbeeld van die eerste gemeente bepaal die destydse lewenstyl. Dit was eiesoortig en openbaar 'n uniforme gedragspatroon. *Deur middel van 'n nuwe religieuse taal en deur die skepping van eiesoortige religieuse en sosiale strukture is die norme vir aanvaarbare groepsgedrag dan verbaal aan lede oorgedra, waardeur daar op 'n sigbare wyse uitdrukking gegee is aan hul realiteitsbeskouinge (1987:194)*. Die gemeentelike aktiwiteite, waaronder die prysgawe van besittings, het meegehelp tot die skepping van 'n "*symbolic universe*" (wêreldbeeld) waarbinne alle menslike aktiwiteite plaasvind (1987:194). Groepslede het hierdeur insig gekry in die wêreld met sy onsigbare bonatuurlike kragte. Deur onder

andere die prysgawe van besittings, was hulle verseker dat hulle *ooreenkomstig die bedoelinge van God was (1987:194).*

Prysgawe van besittings (te midde van ander gebruike) het 'n drieledige rol vervul:

1. Dit was funksioneel van aard en 'n geskikte wyse om uitdrukking te gee aan die realiteitsbeskouinge van die groep.
2. Dit het 'n integrerende rol vervul; dit het meegewerk om 'n simboliese universum daar te stel waarbinne die totale lewe van die kerk as geordende geheel kan afspeel.
3. Dit het die norme van die Jerusalemgemeente konkreet versimboliseer (1987:196 en 197).

Volgens Joubert en baie ander, verwys die Jakobusbrief ook na die ekonomiese situasie in Judea gedurende die eerste eeu na Christus (1987:225–227). Pretorius meen dat daar in die tyd van die skrywe van hierdie brief, Joods–Christelike gemeenskappe buite Palestina aanwesig was aan wie so 'n brief sinvol gerig kon gewees het (Pretorius 1988:17). Die adres van die brief is, vir soverre dit hierdie studie betref, nie van deurslaggewende belang nie. Daar word egter geoordeel dat hierdie brief, omdat dit op die kerk in 'n baie vroeë stadium betrekking het, met vrug hier behandel kan word.

Die motief van die skrywer lê dieper as net die aanduiding van 'n veelvormige geloofstoets. Hy spoor mense aan om die funksie van 'n leraar uit te oefen teenoor die lede van die geloofsgemeenskap wat afdwaal. Die afwykings in lewensgedrag wat hy op verskillende maniere uitwys, dui volgens sy oortuiging op niks minder nie as die verlies van die "waarheid" en moet dus op sigself as gevaartekens van verlorenheid beskou word (1988:21). Ook Jakobus waarsku teen die gevaar wat besittings vir rykes inhou: ... *'n ryk mens sal vergaan soos 'n veldblom ... So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede*

*deur vergaan (Jak. 1:10 en 11).* Jakobus verwag optrede teenoor weeskinders en weduwees (Jak. 1:27 en 2:14–17). Vir Jakobus is dit 'n teken van "egte en suiwer godsdiens voor God" (Jak. 1:27). Die geloofsdaad is vir hom baie belangrik (Jak. 2:14 evv.).

Hiermee word die verhouding tussen geloof en werke by Jakobus aan die orde gestel. Die vraag word gevra of Jakobus 2:26 (geloof sonder werke is dood) met Romeine 3:28 (die mens is gered deur geloof sonder werke) in konflik is? Dit is opvallend dat Jakobus sy stelling dat geloof sonder werke dood is, vyf keer herhaal (Jak. 2:14–26). *The actual phraseology may vary, but the thought is the same: that faith which does not work, is dead in the sense that it will not save a man at the final judgement (Neotestamentica 1975:9).* Jakobus is deur die loop van jare verkeerdelik geïnterpreteer, omdat daar met 'n "Pauliniese oog" na sy stellings gekyk is (1975:15). Grosheide en Berkouwer het die standpunt gehandhaaf, dat wanneer Jakobus poneer dat die mens nie deur geloof gered word nie, hy nie verwys na ware geloof nie, maar 'n valse en werkelose geloof (1975:15). Hiervolgens sou daar dus geen verskil in die interpretasies van Paulus en Jakobus wees nie. Hierdie standpunt sou slegs aanvaar kan word indien dit sonder twyfel vir Jakobus om valse geloof gaan. 'n Struktuuranalise van hierdie gedeelte bevestig dat al vyf uitsprake dieselfde bedoeling het. Hier word egter net verwys na "geloof". In vers 23 word Abraham se geloof vermeld; dit was nie 'n valse geloof nie. Volgens Nicol gaan dit vir Jakobus nie om die kwaliteit van die geloof nie, maar om die effek daarvan (1975:16). Vir Jakobus moet werke uit geloof voortvloei. *Faith and works are two separate entities, both of which have to be present before a man can be justified. Our conclusion is that in this pericope James is not discussing different kinds of faith – as Reformed scholars we have cited, assert: he emphasizes that those who believe must also do good works (1975:16 en 17).*

Geloof en werke moet mekaar nie wedersyds oorskadu nie. 'n Legalistiese benadering

beroof geloof van sy ware betekenis en andersom. *The former asserts: as long as you have works, we need not talk about faith, which is only the desire to work; the latter declares: as long as you really believe, we need not stress works, for they automatically issue from true faith. James, on the other hand, says: to believe is good, but then you must also work (1975:17).* Die naasmekaarstelling van geloof en werke is duidelik in Jak. 2:22: *Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaard gegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het.* Jakobus wil hierdie eenheid tussen geloof en werke beklemtoon. 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. *So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood (Jak. 2:26).*

Daar moet volledig rekening gehou word met die feit dat die "Sitz im Leben" by Jakobus en Paulus verskil. Hul aandag word by verskillende situasies bepaal. Paulus rig hom op die Judaïsme. Met sy "sola fide" rig hy hom teen die standpunt dat die mens sy geregtigheid kan verdien. Jakobus rig hom tot 'n situasie waar mense trots op hul geloof is, maar dit nie uitleef nie.

'n Sintese is moontlik op Paulus se vlak. In sy siening van regverdiging is daar ruimte vir die standpunt van Jakobus. *Paul does not detach works from justification (1975:22).* In Romeine 6 stel Paulus dit juis dat die gelowige dood is vir die sonde. Vir Paulus is dit ook *imperative that this new life be visible* (1975:22). Vir Paulus is regverdiging nie 'n doel op sigself nie; dit is die begin van 'n proses *whereby man's will is fully activated (1975:22).*

Daar is geen verskil tussen die standpunte van Jakobus en Paulus nie. Paulus begin slegs sy beredenering op 'n vroeëre vlak as Jakobus. *There is more of the joy of faith in Paul ... James is more down to earth(1975:23).*

Uit dit wat pas beskryf is, blyk dit duidelik dat Jakobus se vereistes rakende besittings nie

afgewyk het van dié van Paulus nie.

### 3.2.3.6 Rentmeester en verwante begrippe in die Skrif

Veral die begrippe *oikonomia* en *oikonomos* is baie belangrik in 'n Bybelse fundering van geldelike rentmeesterskap. *Oikonomia* word gebruik vir God se heilsplan met die wêreld — die wêreld waarbinne die gelowige as *oikonomos* moet funksioneer.

**Rentmeesters van God**

Dit is eerstens nodig om die begrip *oikos* te omskryf:

***Oikos*** **(Huis)**

Die begrip *oikos* beteken in die eerste plek "woning", maar dit word ook dikwels gebruik om "gemeenskap" of "deelgenootskap" uit te druk. Dit gaan om die deelgenootskap wat lede van 'n huishouding saambind. *It can denote the "family", "race" (e.g., Gen. 7:1) (Kittel Vol. V 1977:120).* Omdat Hebreeus en Grieks nie oor 'n woord beskik wat "familie" of "gesin" aandui nie, word *oikos* en ook *beth* dikwels gebruik om dit aan te dui. *Oikos acquired in addition to its original meaning of dwelling place, that of household (those bound together by sharing the same dwelling place), in a broader sense that of family and clan, and even that of the stil bigger tribal unit (e.g. the house of Judah) (Brown Vol. 2 1976:247).* Wanneer Ps. 127:1 sê dat God die huis moet bou, *it refers to both the communal lot of those who dwell under one roof, and also to their heirs and descendants (2 Sam. 7:11f.. 16, 18f., 25–29) who are obliged to give one another unconditional protection (the father's house) (1976:247).*

Die begrip word ook dikwels verbind aan die Naam van die Here: *oikos tou theou*. Hiermee word die tempel aangedui. Dit is belangrik om daarop te let dat, in hierdie geval,

die gemeenskap nie hiermee bedoel word nie. *All statements about the house of God remain firmly attached to the earthly sanctuary (1976:247 en 248).* In die nuwe Testament dui die begrip op die Christelike gemeente (Brattgård 1963:23). *The early church associated the concepts "God's house" and the Christian congregation. To the degree in which Christian people remain fearless to the end, and glory in hope, they are designated as "Christ's house" (Heb. 3:6) (1963:23).* In 1 Pet. 2:5 word Christene beskryf as "lewende stene" wat hulle moet laat opbou tot 'n "geestelike huis". Volgens 1 Pet. 4:17 begin die oordeel in die "huis van God". Paulus beskryf ook aan Timoteus hoe iemand hom moet gedra in die "huisgesin van God" wat die "gemeente van die lewende God" is (1 Tim. 3:15). Die "oikos pneumatikos" staan teenoor die tempel in Jerusalem. Hier is Christus die "lewende steen" (1 Pet. 2:4), Hy is ook die " belangrike klip" (hoeksteen) (bv. Mark. 12:10). Die begrip "oikos" het vir die vroeë Christene 'n ryke inhoud gehad (1963:24). Die begrip "rentmeesterskap" is stewig gewortel in die "oikos" konsep en ten nouste verbonde aan die Christelike gemeente. *To be God's oikonomos and have insight in his oikonomia are organically related to the life in the congregation. All stewardship activity that does not have such a foundation has no basis in Scripture (1963:24).* Die gemeente is 'n tempel van God, 'n plek waar Sy Naam leef, en waar dit geheilig word in geheiligde lewens (Mark. 14:58; Joh. 2:19; 1 Kor. 3:16 evv., 6:19; 2 Kor. 6:16; Efes. 2:21). *This implies for us, that all stewardship must have a religious signature (1963:25).*

Die eerste Christelike gemeentes was in die besonder op die gesin gebou. In 'n besondere sin kan daar gepraat word van "huisgemeentes". Paulus het ook in die huise onderrig gegee (Hand. 20:20). Só word die gemeentes beskryf as "God se *oikos*" wat gebou is op of saamgestel is uit verskillende "huise" of gesinne.

**Oikodome (Opbou)**

Hierdie begrip dui in die besonder daarop dat dit God self is wat die huis, die gesin, die deelgenootskap en die gemeente bou. Dit is dus vanselfsprekend dat hierdie opbou slegs in die midde van Sy kinders kan plaasvind.

*The word oikodomein is of Messianic significance, but from a very early time it also has a typically ecclesiastic ring, and it becomes a central concept in religious speech (Kittel Vol. V 1977:139).* Vir mense is dit nie moontlik om 'n huis vir God te bou nie. Die "huis" wat God se eer verkondig, moet deur Homself gebou word (Hand. 15:16–18). Dit is veral in die Pauliniese literatuur waar die opbou van die gemeente, bo alles, gesien is as die werk van die Heilige Gees (Brattgård 1963:27). *Apart from the activity of the apostle, oikodomeo is used to describe the growth and expansion of the community through the Spirit. Oikodomeo denotes the goal of knowledge, yet also the inner growth of the community and the content and purpose of its liturgical life and its meetings (Brown Vol. 2 1976:252 en 253).* Om geestelik opgebou te word, beteken om as steen in die muur van Gods huis ingebou te word. Dit is in hierdie konteks dat die begrip "lewende stene" gebruik word (1 Pet. 2:5). Hierdie beeld beskryf, onder andere, dat die mens bereid moet wees om aan die versoeke van die Bouer te voldoen – dit is immers Hy wat die bouwerk doen. Die lewende steen moet dus diensbaar aan die Bouer wees. Dit impliseer voorts ook die volgende: ... *that a living stone takes its place in the wall and takes on itself responsibility for the community (Brattgård 1963:28).* In die Skrif gaan dit veral oor die opbou van die gemeente (1 Kor. 14; Rom. 14:19, 15:2; 2 Kor. 12:19; 1 Tess. 5:11 en Efes. 4:29). Paulus onderskei tussen "verwaand wees" en "opgebou wees" (1 Kor. 8:1). Eersgenoemde is die vrug van kennis en laasgenoemde die vrug van die liefde. In 1 Kor. 10:23 word dit weer eens onderstreep dat die belang van die gemeente as geheel voorop moet staan. Die individuele lidmaat moet sy plek in die gemeente op so 'n wyse inneem, dat dit tot voordeel (opbou) van die hele gemeente sal wees. *Where love*

*rules, the individual can find his place in the whole, and thus conquer the temptation to use his resources for his own ends (1963:28 en 29).* Veral in 1 Kor. 14 rig Paulus hom teen die "*obstinate man ensnared in the one–man system*" (1963:29). Die Korinthiërs moes begryp dat elkeen 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die gemeente as geheel het; daartoe moes hy ook sy gawes gebruik. Romeine 15:2 onderstreep weer eens die onderliggende gesindheid wat noodsaaklik is: *elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou.* In dit wat hier beskryf is, is dit duidelik dat hierdie gesindheid en doelstellings in die besonder ten grondslag van rentmeester en rentmeesterskap lê.

**Oikonomia (Rentmeester en rentmeesterskap)**

Hierdie begrip kom nie dikwels in die Nuwe Testament voor nie: *oikonomia* 9 keer, *oikonomos* 10 keer en *oikonomeo* slegs 'n enkele keer in Lukas 16:2 (Brown Vol. 2 1976:254).

*In the New Testament oikonomia first means the office of household administration and the discharge of this office ... The word also means "plan of salvation" "administration of salvation", "order of salvation". (Kittel Vol. V 1977:151 en 152).* Wat die eerste betekenis betref, sê Brown: *They are not to look upon these household affairs as their own; they are merely stewards of the gifts entrusted to them and have to give account of their stewardship (Brown Vol. 2 1976:255).* Volgens Brattgård dui *oikonomia* op die taak van die rentmeester, rentmeesterskap self (Luk. 16:2 evv.), maar ook op 'n innerlike dwang wat die mens aanspoor om dit wat verwag word, te doen sonder om beloning te verwag (1 Kor. 9:16–18, 1 Tess. 2:4) (Brattgård 1963:37).

Die allesoorheersende gebeure in die "Heilsgeschichte" – sentreer rondom Christus. In Sy *oikonomia* het God *alles wat in die hemel en alles wat op aarde is, onder een hoof*

*verenig, naamlik onder Christus (Efes. 1:10). Only those who, in the light of what Christ has done, understand and take seriously their place in God's oikonomia, can be an oikonomos before God (1963:39).* Omdat Paulus sy plek in God se plan ('n *oikonomia* wat moet realiseer), geken het, ervaar hy ook 'n dwang (1 Kor. 9:16) en 'n verpligting (Rom. 1:14) om te doen wat God van hom verwag. Hierdie verantwoordelikheid is nie beperk tot Paulus se apostelskap nie. Elke mens moet, vanuit hierdie perspektief, iets verstaan van wat dit beteken om as *oikonomos* deel van God se *oikonomia* te wees.

God vertrou dit wat aan Hom behoort, aan die mens toe. Die mens moet dit wat aan God behoort, administreer. In 'n bepaalde sin is die mens God se verteenwoordiger. In die mens se "verteenwoordiger wees" is daar twee elemente: Aan die een kant, 'n vryheid waarin hy onafhanklik kan optree en aan die ander kant, 'n totale afhanklikheid van God. Hierdie rentmeesterskapstrekke is reeds in die Ou Testament waarneembaar in die verhaal van Abraham se slaaf (die een wat in beheer was van sy besittings Gen. 24:2) wat vir Isak 'n vrou moes gaan haal het (Gen. 24:1–67), in die geskiedenis van Josef in Egipte (Potifar het al sy besittings onder Josef se sorg geplaas Gen. 39:4) en veral ook by Moses. Moses was getrou in die hele huis van God (Heb. 3:2).

In die Nuwe Testament was veral die apostels rentmeesters van die "geheimenisse" van God (1 Kor. 4:1 evv.). Dit is veral Petrus wat dit beklemtoon dat elke Christen 'n rentmeester is. *As goeie bedienaars (oikonomoi) van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien (1 Pet. 4:10).* Hiervolgens moet elke gelowige hom daarop toelê om tot diens te wees vir die geheel en vir die naaste. *Die een moet daar wees vir die ander, en almal saam vir die gemeente as eenheid (Groenewald 1977:78).* Dit gaan om die doodgewone alledaagse werksaamhede in die gemeente. Elke gelowige is 'n bedienaar (rentmeester). Uit die beeldspraak wat hier gebruik word, word die gemeente as 'n eenheid beskryf, die huishouding van Christus.

Die enkeling het 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeente as 'n eenheid. In vers 11 word die bediening van die woord, en die bediening van die tafels beskryf. By die gawe van diens is, onder andere, uitdeel aan armes en barmhartigheidswerk ingesluit (1977:78 en 79). Die rentmeesterskapstrekke soos beskryf in die gelykenisse, is reeds beskryf; dit word nie weer in detail herhaal nie. In Lukas 12:42–48 word die kenmerke van 'n ware rentmeester gegee: getrouheid, verstandigheid en 'n besef van 'n uiteindelike afrekening. Getrouheid is een van die belangrikste kenmerke van rentmeesterskap, so ook verstandigheid: 'n verstandigheid waardeur eie verantwoordelikheid ingesien en optrede bepaal word. *This is not simply a question of engaging in restless activity just for the sake of doing something. This does not imply that we are to hunt for things to do. Jesus is not looking for enthusiasm, but rather for realism (Brattgård 1963:47).*

Die besef van 'n uiteindelike rekenskap is ewe belangrik. Dit wat die rentmeester hanteer, behoort aan 'n ander. Dit is opvallend dat, in die gelykenisse, die rekenskap altyd as 'n verrassing en onverwags kom. In die oordeel wat oor rentmeesterskap in die gelykenisse uitgespreek word, funksioneer dit wat nie gedoen is nie, baie sterk. *The accounting will not require the steward to say what he thought, wished, or hoped to do, but it will deal only with what was done (1963:50).*

Rentmeester–wees is om deel van God se gemeente ("oikos") te wees. In die gemeente moet die mens betrokke wees. 'n Rentmeester ("oikonomos") word 'n lewende steen in die gemeente ("oikos"). In hierdie proses vind 'n opbou ("oikodome") plaas. Dít alles is deel van God se totale plan ("oikonomia").

#### 3.2.3.7 Die priesterskap van alle gelowiges

Oor die wyse waarop rentmeesterskap in Christus se Priester–wees gewortel is, is reeds gehandel. Die implikasies hiervan word nou behandel. In 1 Pet. 2:9 sê Petrus dat die volk

van God 'n "koninklike priesterdom" is. Johannes sluit hierby aan: *Uit liefde vir ons, het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader (Op. 1:5–6).* Dit gaan hier oor die priesterskap van élke Christen. Dit hou belangrike implikasies in. *No longer could a Christian congregation be described as a "bourgeois ghetto", a closed corporation of nice, respectable, middle–class people. No longer would worship service on Sunday be an end in itself (Kantonen 1956:98–99).* Dít sê Kantonen na aanleiding van die herontdekking van die priesterlike amp van alle gelowiges tydens die Hervorming. *Christians are called "kings and priests " and thus picked out from humanity for the service of God (Brown 1978:37).* Die gelowiges is die ware "heilige priesterdom" en hulle moet "geestelike offers" bring (1 Pet. 2:5). Die geestelike offers word gebring in teenstelling met die offers van diere en goedere in die ou tyd. Reeds in die Ou Testament word verklaar dat God nie 'n behae het in slagoffers en brandoffers nie, maar in 'n gebroke hart en verslae gees, in die gebede en lofprysing, in danksegging en in 'n lewe van geregtigheid en milddadigheid (bv. Hos. 6:6 en Miga 6:6). Na die sterwe van Christus moes die gelowiges hulleself, afsonderlik en gesamentlik, as offer aan God wy. Dit doen hulle deur ten volle in diens te staan van die liefde tot God en die naaste (Groenewald 1977:38). Hebreërs 13:15–16 sluit hierby aan: *Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.* Belangrik is die woorde wat onmiddellik hierop volg: *Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dit is offers wat vir God aanneemlik is.* Ten opsigte van die gawes wat die Nuwe–Testamentiese gelowige bring, sê Richardson: *Christian sacrificial living is a genuine offering which God accepts (Richardson 1969:296).*

Die lewe van die Nuwe–Testamentiese priester hang ten nouste saam met heiligmaking. *Underlying the conception of Christian believers as "priests" and "saints" is the doctrine of sanctification (Kantonen 1956:100).* Die belangrike implikasies wat dit vir

rentmeesterskap inhou, spreek vanself. Dit is belangrik dat ook heiligmaking, soos regverdigmaking, as 'n gawe van God beskou word. Indien dit nie die geval is nie, is die gevaar van geestelike hoogmoed 'n wesentlike een. In regverdigmaking ontvang die gelowige die nuwe lewe. In heiligmaking dra hy die vrugte daarvan. *In the older post–Reformation theology sanctification is often described as "the new obedience", and obedience is indeed its primary characteristic (1956:102).* Rentmeesterskap is die voortgesette poging om Christelike gedagtes en woorde in dade om te sit. Inderdaad gaan dit nie net om gemeentelike– of geloofsaktiwiteite in 'n enger sin nie – alle aspekte van die gelowige se lewe word hierdeur geraak. Dit het bepaald ook betrekking op besittings – *the sins of covetousness and stinginess are usually forgotten sins, and many a man who regards himself as a Christian, is actually their slave. If God has no partnership in a man's earnings, if he is not permitted to determine the use of a man's pocketbook, he has no real hold on the man himself (1956:104).* Wanneer die mens werklik die Koninkryk voorop stel, het dit ook voorkeur wanneer persoonlike finansies beplan word.

Openbaring 1:5–6 gee inderdaad 'n sinvolle antwoord op die vraag: Wat beteken dit om 'n Christen te wees? *Uit liefde het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader.* Drie waarhede kom hieruit na vore:

1. 'n Christen is 'n mens met 'n nuwe lewe.
2. 'n Christen is 'n mens met 'n nuwe lewensbron.
3. 'n Christen is 'n mens met 'n nuwe lewensdoel: Priester–wees.

### 3.2.3.8 Die rentmeester van besittings

Wanneer die rentmeesterskap van besittings in hierdie navorsing die objek is, word dit duidelik gestel dat dit nie daarmee die bedoeling is om geldelike rentmeesterskap bo ander

vorme van rentmeesterskap te verhef of daarvan los te maak nie. Die mens is rentmeester in 'n veel breër sin. Hy is rentmeester van álles wat hy deur beide die skeppende en die verlossende dade van God ontvang het. Die kerk mag nooit rentmeesterskap van geld verabsoluteer en as 'n tegniek gebruik om voortbestaan te verseker nie. Rentmeesterskap mag ook nie van die basis, wat in hierdie navorsing beskryf is, losgemaak word nie. Indien dit gebeur, ontaard rentmeesterskap in 'n oppervlakkige aktivisme (Brattgård 1963:81).

Die effek van die sondeval het primêr die mens getref, nie sy eiendom nie. Die gebroke verhouding met God het gelei tot 'n valse onafhanklikheid van God. 'n Egosentriese selfsugtigheid het deel van die mens geword. Daardeur is ook sy verhouding met betrekking tot sy besittings aangetas. In plaas daarvan dat die mens oor sy besittings heers, het dit die objek van sy aanbidding geword. In Rom. 1:18–32 behandel Paulus hierdie verskynsel en noem, onder andere, hebsug by die naam (vers 29). *The evil that is present in man, roots much deeper than the love of money. Evil roots in the pride of man, in the rebellion of man against God, in the refusal of man to find the center of his life in God (Rolston 1972:117).* Die verkeerde gesindheid wat die mens jeens geld openbaar, is 'n uitdrukking van 'n meer fundamentele sonde: opstand teen God. Paulus se stelling in 1 Tim. 6:10 ten opsigte van geld is gemik teen die ingesteldheid daarteenoor. *De nadruk ligt op het wortelkarakter van deze zonde. Zij draag die kiem van allerlei kwaad in zich, vgl. vs. 9. Zij kan aldus worden gekarakteriseerd, omdat zij een begeerte is, die zich stelt in plaats van dienst van God, Matt. 6:24, en daarom elders ook afgoderij genoemd kan worden, Eph. 5:5; Kol. 3:5 (Ridderbos 1967:155).* Geloof en geldgierigheid is nie versoenbaar nie. Juis as gevolg hiervan het sommige afgedwaal (1 Tim. 6:10). Die rentmeesters van die vroeë kerk het *eers hulleself aan die Here gegee* (2 Kor. 8:5). Paulus het ook 'n spesifieke standpunt ten opsigte van sy werk in die gemeentes gehandhaaf: *ek soek nie julle geld nie, maar julle (2 Kor. 12:14).*

Die Skrif getuig deurgaans dat alles aan die Here behoort (Ps 24:1; 50:12; Job 41:1 evv.). Die Woord proklameer God se eienaarskap en die mens se rentmeesterskap. Dikwels word rykdom as 'n seën van die Here beskou (Spr. 10:22). Tog is daar ook 'n beklemtoning van die verantwoordelikheid wat dit meebring, 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en ook die armes (Job 31:16–23; 31–32). Die offers wat in die Ou Testament gebring is, het die mens daaraan herinner dat alles aan God behoort. Die persoonlike gesindheid was van die allergrootste belang (Gen.4; Heb. 11:4). Dit is opvallend dat die profete, wanneer die verhouding tussen die volk en God versteur is, offergawes wegwys (Amos 4:4–5; Miga 6:6–8). Die motief is van deurslaggewende belang: wettisisme is nie aanvaarbaar nie. Rentmeesterskap met betrekking tot geld is 'n belangrike aanduiding van geestelike volwassenheid. *We do well emphasize strongly that the stewardship of money is not everything, not even that which is essential, but at the same time our maturity can be measured from the point of view of our relation to our money (Brattgård 1963:93).* Rentmeesterskap is 'n totale lewensdimensie wat geld insluit (1963:94). In die verhaal van die ryk jongman en die gelykenisse wat reeds beskryf is, gaan dit vir Christus ook om 'n gesindheid wat moet verander. Die beskrywing van die gebeure in Handelinge – wat ook reeds afgehandel is – bevestig weer eens die belangrikheid van die gesindheid. Wanneer daar vrywilliglik gegee word, is dit 'n aanduiding dat die wese van ware rentmeesterskap tot sy reg kom. 2 Kor. 8:2: *Hulle was ryk in oorvloedige vrygewigheid.* Ook, *The Corinthians had received gifts of a spiritual nature, and could now, in turn, present gifts of a physical nature. In this way, everyone everywhere can always have enough (2 Kor. 9:8 en Rom. 15:27) (1963:100).* Oor die wyse waarop Paulus die kollekte vir die Jerusalemgemeente hanteer, word daar in die volgende afdeling gehandel.

Daar word laastens gelet op Paulus se advies in 1 Tim. 6. Volgens Brattgård (1963:100–103) onderrig Paulus hier 'n jong leraar in die beginsels van ware rentmeesterskap. In verse 3–5 word rentmeesterskap verbind aan die gesonde bediening van die Woord. *Het "gezonde" ziet op het onvervalste, echte (Ridderbos 1967:150).*

Blykbaar het die dwaalleraars geld gevorder vir hul kennis. Paulus sien agter hul onderrig 'n winsbejag. In verse 6–10 dui Paulus daarop dat hebsug aanleiding tot dwaalleer gee. *Die begeerte naar rijkdom leidt tot een gemoedstoestand, waarin men gemakkelijk gevangen word in de strikt van de satan (1967:155).* Geldsug vervang die ware vrees van die Here. In 'n valse vroomheid wil die mens wins maak uit die vrees van die Here (Brattgård 1963:101). In die plek van die verwagte vreugde wat geld sou bring, lewer dit "baie ellende" (vers 10). In vers 11 evv. word Timoteus weer eens gewys op en gebind aan sy roeping. Dit vorm 'n kontras met die siening van die dwaalleraars. Timoteus moet sy verbintenis aan God bewys deur geldgierigheid en alles wat daarmee saamgaan, te vermy. In verse 17–19 word daar weer by verse 9–10 aangeknoop. Eers is daar in vers 17 'n waarskuwing dat die mens nie sy hoop op rykdom moet vestig nie. In verse 18 en 19 word daar ook aan rykdom – mits dit positief gebruik word – 'n positiewe betekenis gegee (vers 18: "ryk wees in goeie dade"). Rykdom op sigself is dus geen kwaad nie. "Ryk wees" verwys hier, onder andere, ook na "helpen en geven" (Ridderbos 1967:167). Op hierdie wyse het rykdom waarde in die huidige en toekomstige lewe.

*The relativity of possessing things is a fact. For the individual, death intrudes to limit ownership (Luke 12:20; 1 Tim. 6:7; Ps. 49:14). For the human race as a whole, judgement day sets the limit (Matt. 24:37ff.) (Brattgård 1963:103).* Rentmeesterskap is 'n gesindheid en lewenswyse wat in 'n gebroke wêreld 'n sinvolle bestaan en 'n dankbare vreugde ken – want ook van rentmeesters geld 2 Kor. 4:18: *Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.*

### 3.2.3.9 Die Pauliniese kollekte

Paulus verwys in 2 Kor. 8:4 na die kollekte vir die gemeente in Jerusalem. Dit impliseer dat dié gemeente finansiële nood beleef het. Dieselfde afleiding kan ook vanuit die strekking van 2 Kor. 8:13–15 gemaak word (Joubert 1987:149–150).

In die hantering van hierdie aangeleentheid, herrangskik Paulus die gebeure waarna hy in 2 Kor. 8:1–15 verwys, ooreenkomstig sy eie doelwitte (1987:257). Hiermee word daar van die kronologiese volgorde afgewyk.

Volgens Joubert (1987:258) is die kronologiese volgorde van die gebeure soos volg:

1. *Jesus Christus wat ryk was, het arm geword – vers 9*
2. *Die Korintiërgemeente het 'n oorvloed aan geestelike gawes – vers 7*
3. *Hierdie gemeente was die eerstes wat gewillig was om by te dra tot die kollekte – vers 10*
4. *Hulle het ook eerste bygedra tot die kollekte – vers 10*
5. *Titus se kollektepoging neem 'n aanvang by die Korintiërs – vers 6*
6. *God bewys genade aan die Masedoniese gemeentes – vers 1*
7. *Masedonië gee hulleself aan God – vers 5*
8. *Hulle was swaar beproef – vers 2*
9. *Hulle gee hulself aan Paulus – vers 5*
10. *Hulle dring by Paulus aan om by te dra tot die kollekte – vers 4*
11. *Hulle gee meer as wat nodig is – vers 3*
12. *Paulus onderrig die Korintiërgemeente – vers 1*
13. *Paulus gee nie opdragte nie – vers 8*

*14. Paulus gee raad – vers 11*

*15. Die Korintiërs voltooi hul kollektepoging – vers 11, 13 en 15*

*16. Titus handel sy plig ten opsigte van die kollekte af – vers 6*

*17. God neem die kollekte aan – vers 12*

*Paulus gee hierdie kronologiese gebeure in die volgende volgorde binne die teks (vers 1–15) weer: 12; 6; 8; 11; 10; 7; 9; 5; 16; 2; 13; 1; 14; 4; 3; 15; 17; 15.*

Wanneer hy die saak behandel, begin Paulus op 'n merkwaardige wyse. Hy hanteer die kwessie van die kollekte met groot omsigtigheid. Daar was blykbaar in Korinte 'n onwilligheid om tot hierdie fonds by te dra (Grosheide 1959:222). Hy is bewus dat die hantering van hierdie saak 'n groot waagstuk inhou, maar hy *moet* dit doen (1959:222). In die eerste gedeelte van 2 Kor. 8 word die voorbeeld van die gemeentes in Masedonië voorgehou. Wanneer hy dit doen, begin Paulus by die genade van God: *Broers, ons wil hê julle moet weet van die genade wat die gemeentes in Masedonië ontvang het (2 Kor. 8:1).* Die gebruik van die term "genade" is in vers 1 nie bloot willekeurig nie (Joubert (1987:259–260). Met die gebruik van hierdie term, behandel Paulus die kollekte vanuit 'n bepaalde gesigspunt. Hy prys die Masedoniërs, nie op grond van wat hulle gedoen het nie, maar omdat God hul soveel geskenk het. Daarmee maak Paulus die Korintiërs jaloers (Grosheide 1959:223). Groenewald gee 'n ander motief vir die gebruik van die term: Paulus doen dit om by die Korintiërs 'n verlange te wek na 'n dergelike ondervinding van die genade van God (Groenewald 1973:113). Die woord "genade" het in die grondteks meer as een betekenis. Dit kan verwys na die heilsweldade van Christus tot redding van die sondaar, 'n gunsbewys, 'n liefdesdaad, of ook dankbaarheid. Die woord word dikwels verskillend vertaal. Paulus kies hierdie spesifieke woord, sodat die verskillende betekenisse by die leser in gedagte geroep kan word. Hy doen dit ook sodat *die leser die verband kan begryp tussen die genade van God aan die sondaar, die vrug van liefdeswerke in die lewe van die begenadigde, en die dank aan God vir Sy genade*

*(1973:113).* Só verstaan, word 'n bydrae tot die kollekte 'n natuurlike vrug van die genade van God in die lewe van die gelowige. *Gods genade noopt tot dankbaarheid en het is genade, dat men goede werken mag doen (Grosheide 1959:223).* Volgens Joubert impliseer Paulus dat die kollekte van die Masedoniërs slegs kon slaag vanweë die omvattende genade van God wat allereers aan dié gelowiges bewys is (Joubert 1987:260; 'n verwysing na Eckert).

In die tweede vers word 'n besondere aspek van die genade van God wat aan die Masedoniërs bewys is, nader omskryf. 'n Toets van verdrukking het by die Masedoniërs 'n tweërlei gevolg gehad: armoede en blydskap. In hierdie armoede was hulle oorvloedig in 'n ryke milddadigheid. *Dit is die genade van God (Groenewald 1973:114). Hierdie genade maak die Masedoniërs, ten spyte van armoede (vers 2b), as't ware ryk in vrygewigheid (Joubert 1987:260 en 261).* Die vrug van hierdie genade is dat hulle selfs bo hul vermoë bydra (vers 3). In vers 4 word "charis" in 'n ander verband gebruik. Hier beteken "charis" 'n "geleentheid" (1987:262). Die gemeente smeek om 'n geleentheid om aan God se ontvange genade (vers 1) uitdrukking te mag gee. Die kollekte is dus nie net 'n medewerking aan stoflike hulpbetoon nie; dit het 'n geestelike dimensie. Deelname bevestig deelgenootskap aan die gemeenskap van die heiliges. *Daarom is die medewerking 'n "guns" of "genade" (Groenewald 1973:115).*

Vers 5 dui op 'n prioriteit: ... *eers het hulle hulleself aan die Here gegee ... Dit is soos God dit wil.* Hier het 'n mens te make met die eerste beginsel van 'n ware Bybelse rentmeesterskap. *Paulus se verwysing na die Masedoniërs is 'n fyn beplande en 'n berekende inleiding tot sy gesprek met die Korintiërs aangaande die kollekte (Joubert 1987:264).* In vers 6 rig Paulus hom in die besonder tot die Korintiërs: Hy stuur Titus om hierdie "liefdesdaad" (weer charis) te voltooi. Die Korintiërs se leemte word op 'n taktvolle wyse blootgelê – eers prys hy hul oorvloed in geloof, die gawe om hul woord te doen, kennis van God, ywer en Paulus–hulle se liefde vir hulle. ... *wees dan nou in*

*hierdie liefdeswerk (charis) oorvloedig (vers 7). Paulus vermaant: gij, Korinthiërs, zijt in alles overvloedig, wees het in de collecte! (Grosheide 1959:231).* Paulus beveel nie: hy wek die gemeente op tot bereidwilligheid. *Wat op die spel staan, is die egtheid van hulle liefde, en liefde kan nie beveel word nie. Dit handel spontaan (Groenewald 1973:117).* Dit gaan om 'n liefde wat tot aktiwiteit gebring moet word. Paulus is inderdaad besig om hierdie gelowiges se "diepste innerlike motiewe" op die proef te stel. Hy doen dit aan die hand van hul sigbare optrede (Joubert:1987:269). Die diepste motief agter hierdie optrede moet Christus self wees: *....hoewel Hy ryk was, het Hy terwille van julle arm geword, ... (vers 9).* Dit gaan hier nie om die voorbeeld van Christus nie, maar om sy genade (charis). Die oorvloed van die Korintiërs het hieruit voortgespruit. Christus se vernedering, sterwe en dood is die bron daarvan. Paulus trek die kollekte nou binne hierdie "heilsruimte" in (Joubert 1987:272). Deelname aan hierdie kollekte word 'n bewys van die gemeente se bestaan binne die nuwe eksistensie (1987:273). In vers 10 ruil Paulus, met opset die "doen" en "wil" om, om daardeur die klem op die "doen" te laat val (Groenewald 1973:118). ..... *dat willen is gebleven (Grosheide 1959:235). In vers 11 verwag Paulus dat daar eweredigheid tussen "wil" en "daad" sal bestaan,* maar in vers 12 meld hy dat daar *ook eweredigheid tussen "besittings" en die "kwantitatiewe bydrae" moet wees (Joubert 1987:275–276).* In vers 14 bepleit Paulus ook 'n eweredigheid tussen die verskillende gemeentes in die hede en in die toekoms (1987:276). Paulus skep in hierdie gedeelte onder behandeling 'n "spanningsveld" tussen beginsel en praktyk, tussen wat God vra en die dade van gelowiges (1987:277). Die doelstellings van hierdie kollekte is die uitskakeling van armoede (vers 14) en die eer van die Here (vers 19) (1987:286). Paulus beoog met sy betoog 'n "verruiming" van die Korintiërs se primêre geloofsopvattinge (1987:288).

In 2 Kor. 9:6–15 behandel Paulus weer eens die kollekte. Ook in hierdie gedeelte kom perspektiewe na vore, wat vir rentmeesterskap belangrik is. In hierdie gedeelte gebruik hy beelde (die saai– en oesmotief), wat alombekend was. In vers 6 word dit metafories op

die kollekte toegepas. Hy stel twee parallel gekonstrueerde sinsnedes antiteties teenoor mekaar. In die eerste sinsnede val die klem op die spaarsamigheid of suinigheid van die gewer. In die laaste een word die oorvloedigheid aan die kant van die gewer genoem: dit is 'n direkte teenstelling (1987:301 en 302). Hierdie les uit die natuur het betrekking op die kollekte. Die kollekte is 'n geleentheid om te saai en seën uit te deel. Wie vrygewig meewerk, kan verseker wees van die seën van die Here. Die gedagte van vergoeding tree hier na vore. Vergoeding in die gewone sin van die woord is dit nie: dit is seën (Groenewald 1973:127). In vers 7 word 'n konklusie of slotsom vanuit vers 6 getrek (Grosheide 1959:256). Paulus stel die uitspraak van vers 6 (verband tussen gee en ontvang) in die regte perspektief. 'n Bydrae tot die kollekte moet nie net 'n eksterne daad wees nie; dit moet 'n saak van die hart wees (Joubert 1987:303). In vers 7 word die regte gesindheid aangedui: ... *God het die blymoedige gewer lief.* Hier word geen ruimte gelaat vir verdriet (oor die offergawe) of 'n gevoel van dwang nie (Groenewald 1973:127). *Paulus is niet tevreden, als hij maar geld ziet, het moet in het hart in orde zijn (Grosheide 1959:256).* Blymoedigheid is die enigste korrekte ingesteldheid wat die Korintiërs ten opsigte van die kollekte kan handhaaf ...(Joubert 1987:303). Daar hoef geen vrees te bestaan dat die Here Sy gemeente aan armoede sal oorgee indien hulle bereid is om ten volle saam te werk in hierdie kollekte nie. In offervaardigheid sal hulle die heerlike ondervinding van God se oorvloedige seëninge smaak (vers 8). *Die werking van God se genade stel die ontvangers daarvan, en met name die Korintiërs, in staat om hul besittings in konkrete dade van Christelike naastediens aan te wend (1987:304).*

Belangrik is dit dat daar besef sal word dat Paulus nie 'n vergeldingsgedagte voorstaan nie. Hiermee word bedoel dat die wat gee, weer iets terugkry, en hulle eie besittings vermenigvuldig. Paulus onderstreep dat God uit genade in al die gemeente se materiële behoeftes sal voorsien (1987:307). Wanneer Paulus hierdie gedeelte in vers 15 afsluit, *dank hy God vir Sy onuitspreeklike gawe, dit is Sy heilshandeling in die verlede, hede en toekoms, soos dit in Jesus Christus geskied het, nog geskied en ook sal geskied*

*(Groenewald 1973:131 en 132).*

In hierdie laaste woorde vat Paulus nie alleen dit wat hy behandel het, saam nie – dit is die sleutel (charis) tot die verstaan van die hele kollekte. *Dit is 'n projek wat sy oorsprong by die genade van God het en wat weer tot sy eer uitgevoer moet word (Joubert 1987:311).* Samevattend: Paulus motiveer sy lesers deur hulle te verseker dat hulle, deur by te dra, nie in 'n ekonomiese dilemma sal beland nie, aangesien God in hul materiële behoeftes voorsien. Paulus verseker die Korintiërs van God se voortgaande versorging. Die kollekte is 'n godsdienstige onderneming. Weiering om deel te neem, is ongehoorsaamheid. Dit is ook minagting van die "charis" wat reeds aan hulle geskenk is (1987:314 en 315).

Hiermee word die gedeelte wat oor die norme wat God ten opsigte van geldelike rentmeesterskap gestel het, afgehandel. Uiteraard is daar nog vele Bybeltekste waarna verwys sou kon word. Hierdie tekste bied egter nie nuwe perspektiewe op rentmeesterskap as verskynsel nie en daar is besluit om met hierdie hooflyne en momente te volstaan.

### 3.2.4 Die toerusting wat God gee

God voorsien die mens van materiële besittings waarmee hy Hom kan dien. Dit het reeds duidelik uit, byvoorbeeld, die "Pauliniese kollekte" geblyk. Dit word ook verder in die gedeelte wat rentmeesterskap as 'n vertrouenshandeling beskryf, bespreek. Wanneer daar nou oor die "toerusting wat God gee" gehandel word, word daar gekonsentreer op die feit dat die Heilige Gees die gelowige in staat stel om 'n gehoorsaamheidslewe te leef. Vanselfsprekend is die Heilige Gees ook in die roeping, wedergeboorte, geloof, regverdiging, bekering en volharding werksaam. Die aandag word hier egter bepaal by die heiliging. Die Nuwe–Testamentiese gelowiges word tot heiligmaking geroep (1 Tess. 4:7; vgl. Rom. 12:1; 1 Pet. 1:15,16). *Wat hulle "is" moet hulle ook "word", en omgekeerd: hulle kan*

*dit word omdat hulle dit reeds is. Wat God aan die gelowiges "gee", is tegelyk ook 'n vraag aan hulle (Heyns 1978:320).* Uit die imperatiewe met betrekking tot rentmeesterskap, is dit duidelik dat heiliging nie 'n status is nie, maar ook 'n daad. Verwysend na heiliging, sê Heyns: *Die daad waarom dit hier gaan, is nie 'n enkele gebeure van 'n enkele oomblik nie, maar dinamies en histories soos die lewe self, sluit dit alle dade van die mens op alle terreine gedurende sy hele lewe in (1978:320).* Hierdie "groei in gehoorsaamheid" is, ook wat rentmeesterskap betref, nie 'n saak van die outonome mens nie. Fil. 2:13 het betrekking: *want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.* Volgens Müller (1977:49) tref hierdie kragtige innerlike werking van God die wíl en die werk, die wilsbesluit sowel as die praktiese daad by die gelowige. Die werking van God geskied nie buite die mens om nie; *goddelike vrymag* én *menslike verantwoordelikheid* (1977:49) ontmoet mekaar telkens weer in die lewe van die gelowige. *Die Heilige Gees as God se Brugbouer begin werk en lê 'n verband tussen die gelowige se besit in Christus en sy eie lewe. Deur en langs die weg van die geloof word die objektiewe besit ook tot 'n subjektiewe besit; die geregtigheid en heiligheid van Christus word sy geregtigheid en sy heiligheid (Heyns 1978:321).* Om deur die Gees gelei te word, staan teenoor die lewe na die vlees (Rom. 8:13).

*...zo zuivert zijn Geest almeer mijn hart, zo gaat zijn stuwende, besturende kracht al meer over mijn ganse lewe (Wiersinga 1952:109).*

Die heiligingsdaad wat pas beskryf is, sluit ook dade van geldelike rentmeesterskap in. Dit is moontlik om gehoorsame rentmeester te wees omdat: *Christus nou – deur die Heilige Gees – in die harte van gelowiges inwoon (Ef. 3:17) (Heyns 1978:321).*

### 3.2.5 Rentmeesterskapsimplikasies vanuit die Heiligheid van God

Uit die beskrywing van die norme wat God ten opsigte van rentmeesterskap stel, is dit duidelik dat God se "indikatiewe liefde en heiligheid" vergesel word van 'n hele reeks "imperatiewe" met betrekking tot geldelike rentmeesterskap. Hierdie twee (indikatief en imperatief) is onlosmaaklik verbind.

Daar is, wat offergawes betref, 'n kontinuïteit, maar ook 'n diskontinuïteit tussen die Ou en die Nuwe Testament. Die kontinuïteit is veral waarneembaar in die motiewe soos "dankbaarheid" en "liefde". Vanweë die volbragte werk van Christus, ondergaan hierdie motiewe 'n verdieping. Die diskontinuïteit is geleë veral in die motief van "versoening". Ook hier is die volbragte werk van Christus van deurslaggewende belang. Ten opsigte hiervan getuig die Hebreërbrief: *Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie ... Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem (Heb. 9:25 en 26).* Die rentmeesterskapsimperatiewe van die Nuwe Testament moet ook in die lig van Christus se heilswerk beskou word. In die lig hiervan word hierdie imperatiewe die norme waarvolgens 'n lewe van dankbaarheid geleef word.

**Daar sal nou gepoog word om die wesentlike met betrekking tot geldelike rentmeesterskap, as 'n gehoorsaamheidshandeling op te som.**

Uit die norme en toerusting wat God gee, word die volgende gevolgtrekkinge gemaak:

**God se heiligheid roep om "nuwe mense"**

**Die kenmerkende van hierdie mens is die volgende:**

1. Die héle mens is as 'n nuwe mens, 'n heilige en 'n priester op God gerig. Dit sluit die mens as ekonomiese wese in.

2. 'n Lewende geloofsgemeenskap kom tot stand. In hierdie verhouding is die liefde van Christus 'n "allesbepalende" faktor – ook ten opsigte van bydraes.

3. Die leiding en toerusting van die Heilige Gees word aanvaar, ook in die konkrete lewe en met name: geldsake.

4. Die héle lewe word 'n dankbare reaksie op die genade van God, en die volbragte werk van Christus.

5. Kerk en gemeentelike aktiwiteite word van primêre belang. Die lidmaat is opbouend betrokke.

6. Die lewe ondergaan 'n omvattende gesindheidsverandering.

Hierdie gesindheidsverandering behels die volgende:

a) Die hemel, hiernamaals en wederkoms funksioneer sterk in die gelowige se houding teenoor die lewe en sy besittings.

b) Hierdie lewe het 'n nuwe lewensbron en sekuriteit. Hy vertrou op God, ook ten opsigte van sy materiële behoeftes.

c) Hierdie lewe het 'n nuwe lewensdoel – die verheerliking van God. Hierdie verheerliking geskied met woord én daad.

d) Hy is vry van die mag van afgode – ook dié van Mammon.

**Ten opsigte van geld en besittings manifesteer dit op die volgende wyses:**

1. Christus verkry beheer oor die gelowige se geldsake.

2. Die mens besef dat hy nie 'n besitter is nie, maar slegs 'n rentmeester. God is die eintlike Eienaar.

3. Hy ervaar rentmeesterskap as 'n geloofstoets, 'n genade van God, 'n liefdesdaad en –betuiging.

4. Die allesoorheersende motiewe is dankbaarheid teenoor God en die verering van Hom.

5. Hy gebruik sy geld ook tot hulpverlening in die lewe van medebroeders en –susters.

6. Daar is bereidheid tot afstanddoening van geld.

7. Afstanddoening geskied met blymoedigheid.

8. Afstanddoening geskied sonder valse motiewe soos 'n "do–ut–des" of 'n wettiese benadering.

9. Hy ervaar rentmeesterskap as 'n verantwoordelikheid waarvoor hy rekenskap aan God sal moet gee.

10. Geld en besittings is nie vir hom 'n doel op sigself nie – slegs 'n middel.

11. Hy waak teen hebsug.

12. Rentmeesterskap is vir hom 'n spontane handeling.

13. Rentmeesterskap is vir hom 'n voorreg.

14. Daar is 'n eweredigheid tussen sy wil en sy dade van rentmeesterskap.

15. Daar is 'n eweredigheid tussen sy besittings en sy bydraes.

16. Hy besef dat geldelike rentmeesterskap nie 'n opsionele ekstra is nie. Hy ervaar dat rentmeesterskap 'n geestelike dimensie het, en sien dit as 'n wesentlike deel van sy geloof.


17. Hy beoefen rentmeesterskap sonder 'n vrees vir eie tekorte.

18. Hy besef dat die seën van die Here daaraan gekoppel is. Hy besef ook dat die seën van die Here nie vergoeding impliseer nie.

Wanneer die mens die bovermelde verstaan en aanvaar, bid hy met 'n nuwe perspektief – 'n rentmeesterskapsperspektief – die eerste bede van die Onse Vader: *Vader, laat U Naam geheilig word (Lukas 11:2 en Matt. 6:9).* Hierdie bede vra: *...that God should work inwardly upon the one who prays, and upon all others, that they shall recognise Him in His Self–revelation and serve Him as the Holy One – that they should render to Him, the divine Father, all honour and adoration and should love and obey Him with their whole heart (Geldenhuys 1977: 319 en 320).*

'n Gebrek aan kennis maak hierdie bede dikwels sonder inhoud in die lewe van die

gelowige. Tereg sê Veldkamp: *De meeste ontheiliging van Gods naam komt voor uit gemis aan kennis (Veldkamp II 1975:280).* Hierdie kennis is nie 'n dogmatiese kennis nie; dit berus op kennismaking en persoonlike ontmoeting (1975:281). Hierdie "eerste kennismaking" moet voortgesit en verdiep word deur 'n steeds noukeuriger kennisname van Sy Woord – dié Woord waarin Hy Sy heilsplan as "oikonomia" en die mens as "oikonomos" beskryf. Die heiliging van Sy Naam impliseer dat: *Wij moet Gods naam niet alleen prijzen met ons woord, maar ook met ons leven (1975:285).* 'n Lewe van rentmeesterskap.




RENTMEESTERSKAP AS GEHOORSAAMHEIDSHANDELING

## 3.3 RENTMEESTERSKAP: 'N VERTROUENSHANDELING

### 3.3.1 Die almagtige God

God se almag is 'n openbaring van sy soewereiniteit. Aanvanklik stel Bavinck dit dat God se mag geen grense in die Skrif ken nie. Later stel hy dit dat die Skrif uitdruklik sê dat daar dinge is wat God nie kan doen nie; Hy kan nie lieg nie, nie berou hê nie, nie verander nie, nie versoek word nie (Num. 23:19, 1 Sam. 15:29, Heb. 6:18, Jak. 1:13 en 17, 2 Tim. 2:13). Aan die ander kant sê Bavinck, strek God se almag verder as die werklike (Gen. 18:14, Jer. 32:27, Sag. 8:6, Matt. 3:9, 19:26, Luk. 1:37, 18:27) (Bavinck Band 2 1967:215 en 217). In absolute sin moet God se almag nie verstaan word as 'n mag wat Hom letterlik tot alles in staat stel – ook tot dit wat nie met sy wese in ooreenstemming is nie. As *absolute potentia* sou dit Hom in staat stel om selfs *nie–God* te wees. Eweneens moet God se wil, terwyl dit aan sy almag gebind word, nie beperk word tot die tans bestaande werklikheid nie. Hiervolgens sou dit wat nie werklikheid is nie, ook nie moontlik wees nie; gevolglik sal God dus nie tot iets anders in staat wees as dit wat ons tans waarneem nie. *Die vrymag van Jahwe dui op sy vrye onbeperkte mag wat Hy aanwend soos Hy wil (Prinsloo 1976:213).* God se almag vertoon verskillende nuanseringe; so kan daar gepraat word van die mag van sy wil, van sy heil, van sy liefde en van sy reg. God se mag is nie 'n mag terwille van mag nie, maar word bepaal deur en is self van bepalende betekenis vir elke ander eienskap van God. Dit is 'n eienskap van sy eienskappe (Heyns 1978:66).

Berkhof (1973:141 –148) voeg naas die begrip almag, die begrip weerloosheid. Volgens hom is dit 'n vergissing dat die almag van God sentraal in die Bybel staan. Hy beweer dat God se onmag, ook genoem weerloosheid, die wyse waarop die mens Hom van sy inisiatief ontneem, meer op die voorgrond staan. Hy verkies om nie die woord *onmag* te gebruik nie, omdat dit teenoor God se almag sou staan. Weerloosheid is vir hom 'n begrip wat magsuitoefening nie uitsluit nie; dit is egter 'n wyse van magsuitoefening wat nie op 'n

gewelddadige wyse teenstanders uit die weg ruim nie – dus, 'n besondere wyse waarop God sy mag tot gelding bring. Die mens beskik oor 'n vryheid om lief te hê en mag uit te oefen. Die mens kan antwoord gee, inisiatief ontwikkel en onder, met en namens God, 'n stuk heerskappy uitoefen oor die skepping. Met die skepping van die mens maak God ruimte vir 'n ander. Deur hierdie ruimte te gee, 'n ruimte waarsonder vennootskap nie moontlik is nie, boet God mag in en maak Hy hom in 'n mindere of meerdere mate afhanklik. *Jahwe eis onverdeelde liefde van sy volk en is Hy dus die "el qanna"* (Prinsloo 1976:214). Hierdie vryheid gebruik die mens om hom van die bedoelde ontmoeting en gemeenskap met God te onttrek. Dit is in wese sonde – die proses waarin die mens hierdie ruimte vir homself opeis en konkurrent in plaas van vennoot word. Israel se geskiedenis is in 'n groot mate 'n voorbeeld hiervan wanneer God dikwels moet reageer, sonder om die mag te (wil) hê om sy wil af te dwing op die vyandige en ongehoorsame inisiatief van sy bondgenoot. Die weerloosheid verskerp wanneer Jesus afsien van aardse mag en die voorwerp word van onverskilligheid, afkeer en selfs haat. 'n Dieptepunt word bereik aan die kruis wanneer Hy homself nie kan verlos nie, God swyg, en die opstandige mens oënskynlik oor God seëvier. Ook in die persoon van die Heilige Gees werk God met weerlose middele, dié van prediking en oortuiging. Ook vir die Gees is daar 'n kruisgang want Hy word weerstaan en bedroef.

Voorbeelde van die bovermelde is te vinde by die profete (Miga 6:1–5, Mal. 1:2, 2:6 en 3:8) en ook in die berou van God oor die skepping van die mens (Gen. 6:6). In die Nuwe Testament kom dit nog duideliker na vore: in die verskillende gelykenisse waar God wegreis en dus afwesig is (Matt. 24:50, 25:14 en Mark. 12:1), in Jesus se weiering om met geweld sy heerskappy te vestig (Matt. 26:51, Luk. 22:38, Joh. 6:15 en 18:36), in sy onmag en Godverlatenheid aan die kruis (Mark. 15), in die mag waaroor die mens beskik om die Heilige Gees te weerstaan (Hand. 7:51), in die oproep tot gelowiges om geweld te vermy (Matt. 5:38–42, Rom. 12:19–21 en 1 Pet. 2:19–23), in Jesus se klag oor Jerusalem(Matt. 23:37), in die wyse waarop Paulus homself voorstel as 'n magtelose slaaf (Fil. 2:6–8) en

die klop aan die deur van Op. 3:20.

Met weerloosheid word die terugtrede van God bedoel wanneer Hy aan die mens ruimte gee in sy rebellie teen Hom. Hierdie weerloosheid is nie die weerloosheid van 'n magteloosheid nie. Sy terugwyking moet gesien word as 'n nuwe, verborge en werksame teenwoordigheid. God is nooit afwesig nie. Hy is in die bedeling van die verbond teenwoordig in sy gerigte wanneer Hy die weg wat ontroue bondgenote gekies het, tot die bittere einde laat afloop. Ook by Jesus ontbreek hierdie magsaspekte allermins. Die kragtige werke wat Hy gedoen het in die wonders en veral die opstanding uit die dood, getuig daarvan. Die weerlose werking van die Heilige Gees is tegelyk ook 'n oormagtige werking wanneer daar by sondaars bekering, vernuwing, geloof, hoop en liefde te vind is. Berkhof verkies om te praat van God se weerlose oormag. Wanneer daar gelet word op Sy weerloosheid in die wêreld, wil 'n mens dit byna onmag noem. Maar wanneer daar, aan die ander kant, op Sy oormag gelet word, wil 'n mens dit weer almag noem. Berkhof oordeel dat beide woorde vermy moet word. Sy onmag is 'n genadige on–wil om almagtig sonder en teenoor ons te wees. In sy oormag gee Hy aan ons ruimte om onsself te word, 'n ruimte waarin Hy die weerloosheid van sy oormag handhaaf om te voorkom dat ons vir ewig teen Hom en daarmee teen onsself kies.

Die implikasies hiervan met betrekking tot rentmeesterskap is belangrik. Natuurlik impliseer dit dat God oor die mag beskik om in al die behoeftes van die mens te voorsien. Hieroor word daar in die volgende gedeelte gehandel. Alhoewel daar nie noodwendig met Berkhof se gebruik van die begrip weerloosheid saamgestem word nie, is daar waardering vir die verskynsel wat hy hiermee wil aandui. Die ruimte wat hiermee geskilder is, is tegelykertyd ook die ruimte waarbinne die mens sy beslissing met betrekking tot verantwoordelike rentmeesterskap moet maak: 'n beslissing wat uiteraard in die skadu van 'n aanvanklike beslissing vir of teen God staan. Ook wat die eise rondom rentmeesterskap betref, is daar 'n element van – om Berkhof se terminologie te gebruik –

weerloosheid in God se oormag. God wil nie 'n gedwonge rentmeesterskap hê nie. Ook in rentmeesterskap is daar die moontlikheid tot rebellie teen God. Die mens het die vryheid om self te kies op welke wyse hy met sy eiendom en finansies omgaan. Hy kan selfs besluit om van sy besittings 'n afgod te maak. Die Gees van God werk op hierdie terrein op die weerlose wyse van oortuiging, maar dan 'n oortuiging wat in die skadu van Christus se oormagtige opstanding uit die dood staan. Rentmeesterskap as vertrouenshandeling, vind sy diepste begronding in die "almag" of "oormag" van God.

### 3.3.2 God as Skepper en Onderhouer

God is die Subjek van die Skepping. Dit impliseer dat Hy ook die Eienaar van alles is. Die skepping is die werk van die trinitariese God. "Die Vader is die Oorsprong *uit* Wie en die Seun *deur* Wie alles tot stand gekom het, en die Heilige Gees *in* Wie alles voltooi word" (Heyns 1978:99). Die doel van die skepping is die openbaring van die glorie en heerlikheid, krag en goddelikheid van God self (Ps. 8:1, 19:2; Jes. 40:5; 2 Kor. 4:6; Rom. 1:20). Geldelike bydraes mag nooit 'n "behoeftigheid" by God veronderstel nie. 'n Tweede doel met die skepping was om dit aan die mens te gee om dit te geniet en te gebruik. Dit gaan egter nie net om die genot van die mens nie; die aarde is ook in die besonder vir gebruik aan die mens *as verantwoordelike rentmeester* gegee (1978:101). Onverantwoordelike rentmeesterskap beteken dus 'n vergrype aan God se eerste en tweede skeppingsbedoelinge.

*Die Skepper sou geen volmaakte Skepper wees, as Hy nie met sy geskapene op die een of ander wyse kon of wou voortgaan nie (1978:144).* As gevolg van die mens se sonde, het God aan sy voorsienigheid 'n besondere gestalte gegee: Jesus Christus. In die voorsienigheid van God word veral drie aspekte onderskei: onderhouding (*reservatio*), regering (*gubernatio*) en medewerking (*concursus*) (1978:148). In God se onderhouding, gaan dit nie maar net om die instandhouding van die bestaande nie; hierdie arbeid is ook gerig op die *eskaton*. Onderhouding is in 'n besondere sin ook 'n doelgerigte daad van God

(1978:148).

*De leer van de onderhouding, van de blijvende betrokkenheid van God op de door Hem geschapen wêreld is het meest populaire onderdeel van die geloofsleer (Berkhof 1973:224). Op één of andere wijze is Hij betrokken op wat er gebeurt in zijn schepping, op de planeet aarde (1973:225).*

In God se betrokkenheid by Sy skepping, is Hy in die besonder ook betrokke by Sy individuele kinders. Daar word in die Heidelbergse Kategismus aan die voorsienigheid aandag gegee. Sondag 9 en Sondag 10 is veral toepaslik ten opsigte van die huidige lewe van die gelowige:

> *... Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (Ps. 55:23; Matt. 6:25,26; Luk. 12:22) ... (Vraag en antwoord 26).*

> Voorsienigheid van God beteken onder andere dat: *... rykdom en armoede (Spr. 22:2) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (Matt. 10:29; Spr. 16:33) (Vraag en antwoord 27).*

Christus het die gelowige ook geleer om te bid vir daaglikse brood (Matt. 6:11 en Luk. 11:3). *"Bread" here stands for everything that a man really needs for his earthly existence – so that he can live and work in agreement with the will of God for each individual's life (Geldenhuys 1977:320 en 321).* Die lidmaat wat hierdie gebed bid en steeds uit vrees vir tekorte sy bydrae inkort, wantrou God.

Vertroue is in hierdie konteks 'n sleutelbegrip. Dit is van die allergrootste belang wat rentmeesterskap betref. Dit is belangrik dat daar onthou sal word dat hierdie vertroue nie

net op die *hede* betrekking het nie, maar veral ook 'n *eskatologiese* vertroue beteken. Hierdie vertroue maak afstanddoening vir die verantwoordelike rentmeester moontlik, en laat hom die teenswoordige wêreld in die korrekte perspektief beskou.

### 3.3.3 Die almagtige God is ook 'n Vader

God openbaar Hom as die Almagtige, en ook as Skepper en Onderhouer. Die Skepper is nie *'n roekelose en onvoorspelbare Manipulator van skepsels wat eenmaal uit sy hand te voorskyn gekom het nie (Heyns 1978:151).* Hy is ook nie die *Groot Vreemdeling*, die *Onbekende Oorsprong* of die *Swygende Oergrond* nie. Hy is die ewige en getroue Verbondsgod (1978:151).

Dit wat pas gesê is, bevestig Hy ook wanneer Hy Hom openbaar as "Vader". Jeremias het aan hierdie aspek besondere aandag verleen (1975:178–184).

Vir die Ou–Testamentiese gelowige is God die *Here*. In die Nuwe Testament kom daar 'n aksentverskuiwing: *At the centre stands something else: for the disciples of Jesus, God is the Father (1975:179).* God se "Vader–wees" is nie 'n vanselfsprekendheid nie; dit is ook beperk tot slegs die navolgers van Christus, nie tot buitestaanders nie. God is Vader: *Only in the sphere of the basileia (1975:180).* Dit beteken nie dat sy goedheid en genade nie ook deur ondankbares gedeel word nie (Lukas 6:35). Om 'n kind van God te mag wees, is 'n *eschatological gift of salvation* (1975:181).

Hierdie "kind van God wees", beïnvloed die gelowige se *totale* lewe. Dit word op veral drie wyses sigbaar:

I. Die gelowige is seker van sy saligheid. *That is the most important thing (1975:181).* Hulle is versekerd dat hulle in God se koninklike heerlikheid sal deel. *Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee (Lukas 12:32).* In die tussentyd sal die gelowiges, soos hul Meester – die Meester van die "huis" – bespot en verag word (Matt. 10:25). *Nevertheless, they are not to fear (1975:181).*

2. Kind van God wees, impliseer daaglikse sekuriteit. Die Vader ken sy kinders se behoeftes (byvoorbeeld Matt. 6:8 en Lukas 12:30). Jesus verkondig dat God se sorg selfs *mossies* insluit (Matt. 10:29 evv.). Rentmeesters moet krag put uit die woorde van Matt. 6:31 en 32: *Julle moet julle dus nie bekommer en vra: "Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?" nie .... Julle Hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.*

3. Die bovermelde sekerheid en sekuriteit gee Christene die moed om Sy wil te gehoorsaam. *Courage to submit to what is unpredictable in the divine will (1975:183).* God se "Vader–wees" werp 'n ander lig op lyding.

Jesus se "moenie bang wees nie" (Matt. 10:31), is 'n argument *a minori ad maius* en dit verwyder vrees. Sterker as al die vrae, raaisels en vrese van hierdie wêreld, is een enkele woord: *Abba* (1975:184).

God se openbaring as die Vader, plaas rentmeesterskap in 'n besondere lig. Dit maak van rentmeesterskap 'n "familie–saak". God se rentmeesters is nie net diensknegte, huurlinge, slawe en bestuurders nie – hulle is kinders. Hulle is meer as kinders – hulle is erfgename. Die sekerheid en sekuriteit wat dit inhou, gee ook aan sy kinders die moed om in die volle

sin van die woord, geldelike rentmeesters in God se "oikos" te wees.

### 3.3.4 Rentmeesterskapsimplikasies vanuit die almag van God

God openbaar Homself as die Almagtige, die Skepper en Onderhouer, maar Hy is ook die Vader van sy kinders. Dit hou die volgende implikasies vir geldelike rentmeesterskap in:

1. God wil, ten spyte van sy almag, nie 'n gedwonge geldelike rentmeesterskap hê nie.

2. Dit is moontlik om in geldelike rentmeesterskap ongehoorsaam te wees. Dit moet 'n daad van die vrye wil wees.

3. In sy almag het God die aarde en alles daarin geskep. Sy bedoeling daarmee is die verheerliking van sy Naam en die rentmeester–wees van die mens. Ongehoorsame geldelike rentmeesters vergryp hulle aan God se skeppingsbedoelinge.

4. In sy voorsienigheid voorsien God in die mens se totale daaglikse behoeftes, maar in die besonder ook, die *eskaton*. Hy maak besondere beloftes ten opsigte van albei.


5. In God se openbaring van Homself as Vader, onderstreep God hierdie beloftes en plaas rentmeesterskap in 'n besondere perspektief – rentmeesterskap word 'n "familie–saak".

6. Die gelowige is verseker van 'n omvattend daaglikse sekuriteit en 'n uiteindelike

heerskappy.

7. Hierdie tweërlei versekering motiveer verantwoordelike geldelike rentmeesterskap.

8. God as die Almagtige, Skepper, Onderhouer en Vader roep om vertroue – 'n vertroue waarvan geldelike rentmeesterskap een van die vrugte is.




RENTMEESTERSKAP AS VERTROUENSHANDELING

## 3.4 RENTMEESTERSKAP: 'N WESENSTABEL

Daar moes in hierdie navorsing 'n keuse gemaak word tussen die uiteindelike daarstelling van 'n definisie óf 'n wesenstabel van geldelike rentmeesterskap. 'n Definisie sal, vanweë die omvattendheid van die verskynsel, baie lank wees en uiteindelike lomp voorkom. 'n Definisie hou ook die gevaar in dat sommige van die wesentlike elemente van geldelike rentmeesterskap uitval of nie genoeg beklemtoning ontvang nie. Waar dit die bedoeling van hierdie navorsing is om uiteindelik 'n vraelys op te stel, is daar besluit op die daarstelling van 'n wesenstabel. Aan die hand van 'n wesenstabel sal 'n sinvolle vraelys opgestel kan word waarin die wesentlike van 'n Bybelse geldelike rentmeesterskap vervat is. Op hierdie wyse kan die lidmaat en sy gesindheid weer volledig beskryf word.

In die beskrywing van rentmeesterskap as 'n liefdes–, gehoorsaamheids– en vertrouenshandeling, het dit geblyk dat daar soms oorvleueling kom tussen die implikasies wat uit die verskillende handelinge getrek is. Dit bevestig die korrektheid van die benadering dat geldelike rentmeesterskap 'n liefdes–, gehoorsaamheids– en vertrouenshandeling is. Hierdie drie aspekte is ten nouste verweef en kan nie absoluut van mekaar geskei word nie. Wanneer een van hierdie aspekte behandel is, is daar hoogstens vanuit 'n bepaalde dimensie (liefde, gehoorsaamheid of vertroue) na die verskynsel *geldelike rentmeesterskap* gekyk.

### Die wesenstabel

Geldelike rentmeesterskap is 'n verhoudingsgebeure; 'n geloofsgebeure waarin die mens op 'n verantwoordelike en gehoorsame wyse as rentmeester (*oikonomos*) optree in God se omvattende heilsplan (*oikonomia*). In hierdie verhoudingsgebeure is drie aspekte van

kardinale belang: liefde *vir* God en die medemens, gehoorsaamheid *aan* God, en vertroue *op* God. Hierdie drie aspekte is, soos aangetoon, verwortel in die liefde, heiligheid en almag van God. Dit sou onverantwoordelik wees om geldelike rentmeesterskap los te maak van enige van hierdie aspekte.

Hierdie aspekte hou vir geldelike rentmeesterskap die volgende in:

## A. LIEFDE

1. Rentmeesterskap is gegrond op God se liefde. God se liefde is 'n greep op die totale mens. Hierdie liefde bepaal die mens se totale persoonlikheid, gesindheid en lewensrigting. Hierdie liefde het "nuwe mense" tot gevolg.

2. Hierdie liefde vind ook neerslag in die dade van die mens – ook in sy hantering van sy geld en eiendom. Wanneer die mens sy liefde onverdeeld op God rig, word sondige bande met en struikelblokke wat deur geld ontstaan, verwyder. Rentmeesterskap word 'n liefdesbetuiging teenoor God. Hierdie liefde is 'n uitdruklike voorwaarde vir rentmeesterskap.

3. Die mens rig hom ook op 'n nuwe finansiële wyse tot sy medemens – liefde. Hierdie liefde word veral uitgeleef in 'n *koinonia*, in God se *oikos*.

## B. HEILIGHEID

God se heiligheid, die norme en toerusting wat Hy gee, omskryf in groter besonderhede op watter wyse die mens as "nuwe mens" sy geld moet hanteer. Uit dankbaarheid vir die priesterlik–volbragte werk van Christus, word hy self "'n geldelike priester Gods". Hy doen dit as geldelike rentmeester in God se

omvattende heilsplan met die wêreld. Hy sien ook die geestelike dimensie van geldelike rentmeesterskap. Die mens hanteer sy geld soos volg:

1. Die *eskaton* is vir hom 'n belangrike motiveerder.

2. God is die bron van al sy geldelike sekuriteit.

3. Hy het 'n nuwe lewensdoel: die verheerliking van God. Die mens doen dit ook met sy geld en besittings.

4. Christus is in beheer van sy geldsake.

5. Die mens beskou homself as rentmeester en God as die eintlike Eienaar van alles.

6. Daar is bereidheid tot 'n spontane en blymoedige afstanddoening van geld.

7. Hy ervaar die bevrydende en toerustende teenwoordigheid van die Heilige Gees.

8. Hy beleef geldelike bydraes aan die kerk as 'n verantwoordelikheid en aanvaar dat hy daaroor verantwoording sal doen.

9. Hy beleef "rentmeester wees" as 'n voorreg en 'n genade van God.

10. Daar is eweredigheid tussen sy wil en sy dade.

11. Daar is 'n eweredigheid tussen sy besittings en sy bydraes. Breukdele en persentasies word nie voorgeskryf nie.

12. Hy beoefen rentmeesterskap sonder 'n vrees vir tekorte.

13. Hy besef dat die seën van die Here daaraan gekoppel is. Hy weet dat "seën" nie "vergoeding" impliseer nie.

## C. ALMAG

God openbaar Hom as die Almagtige, die Skepper en Onderhouer, en ook Vader. In hierdie hoedanighede roep Hy om 'n vertroue — 'n vertroue waarvan geldelike rentmeesterskap een van die vrugte is: daarom is rentmeesterskap dan ook 'n vertrouenshandeling.

1. God wil, ten spyte van sy almag, nie 'n gedwonge geldelike rentmeesterskap hê nie. Ongehoorsaamheid is 'n daadwerklike moontlikheid.

2. God skep en onderhou die wêreld, met alles wat daarin is, met 'n tweërlei doel: die verheerliking van sy Naam en die rentmeester—wees van die mens.

3. God voorsien in al die behoeftes van sy kinders. Dit sluit die huidige en toekomstige bedeling in. Rentmeesterskap hoef dus nie sy sekuriteit te bedreig nie.

4. Rentmeester—wees is 'n "familie—saak". Die Eienaar is die Vader. Sy rentmeesters is ook erfgename.

5. Die absolute sekuriteit wat die kinders van God geniet, motiveer nie net verantwoordelike rentmeesterskap nie; dit is die basis van 'n totale vertroue in God.

# HOOFSTUK 4
# RENTMEESTERSKAP IN DIE NED. GEREF. KERK: WES-TRANSVAAL

## 4.1 Die finansiële situasie van die gemeentes

Dát die kerk geldelike tekorte ervaar, is reeds by die motivering van hierdie studie in Hoofstuk 1 aangedui. Daar is aangetoon dat 48 gemeentes finansiële probleme ervaar. Dit verteenwoordig 'n noemenswaardige persentasie van die gemeentes in dié Sinodale gebied.

Die finansiële situasie van slegs daardie ringe en gemeentes wat by wyse van ewekansige steekproeftrekking uitgewys is, word hier baie kortliks beskryf. Oor die wyse waarop hierdie ringe en gemeentes gekies is, word daar in paragraaf 4.3 volledig verslag gedoen. Die gegewens wat hier verstrek word, het betrekking op die jaar 1989.

### A. Die Ring van Bloemhof

In hierdie ring word die gemeente Bloemhof as 'n marginale gemeente aangedui. 'n Marginale gemeente is 'n gemeente wat gedurende die voorafgaande twee jare tekorte toon van R5 000 tot R15 000 per jaar.

1. Gemeente: Bloemhof

Hierdie gemeente toon vir die jaar 1988 'n tekort van R25 022. Die tekort vir 1989 beloop R14 359. Daar word gerapporteer dat daar beoog word om die probleme die hoof te probeer bied deur middel van 'n nuwe insamelingstelsel vir die diakens. Die afgelope droogte word as 'n belangrike rede aangevoer vir die probleme.

2. Gemeente: Schweizer–Reneke

Die tekort vir 1988 beloop R21 128. Vir 1989 word 'n surplus van R7 056 getoon. Hierdie gemeente ervaar nie finansiële probleme nie en skryf dit toe aan die "oop hande" van gemeentelede. Daar word vermeld dat die gemeente nie in staat is om ander gemeentes te help nie, aangesien die gemeente "net selfonderhoudend" is.

3. Gemeente: Wolmaransstad

In 1988 was daar 'n tekort van R31 880. In 1989 was daar 'n surplus van R66 066. Deeglike beplanning en begroting, harde werk en groot genade word as redes vir die gunstige situasie aangevoer. Die gemeente sou bereid wees om 'n gemeente wat finansiële nood beleef, te help, op die voorwaarde dat daar dan afslag op die Sinodale aanslag verkry word.

**B. Die Ring van Florida**

Hierdie Ring bestaan uit agt gemeentes. Sewe van hierdie gemeentes is finansieel selfstandige gemeentes en een is 'n marginale gemeente (Florida–Suid).

I. Gemeente: Constantiakruin

In 1988 beloop die surplus R99 960 en in 1989 R49 560. As redes vir die gunstige situasie, word aangevoer dat kerkbywoning goed is, die diakonie pligsgetrou is, die gemeente deurlopend op die hoogte gehou word betreffende die finansiële situasie en dat die kerklike meelewing op 'n hoë vlak is. Die gemeente voorsien dat hy oor ongeveer drie jaar ander gemeentes finansieel sal kan help. Afslag op die Sinodale aanslag word in so 'n geval verlang.

2. Gemeente: Kloofendal

Vir 1988 beloop die surplus R59 260 en vir 1989 R24 386. As redes vir die gunstige

situasie, word aangevoer dat daar 'n positiewe gesindheid onder die lidmate heers en dat die finansiële kommissie uit kundiges bestaan. Hierdie gemeente is bereid om op 'n later staduim 'n ander gemeente te help.

3. Gemeente: Quellerina

Hierdie gemeente het in 1988 'n surplus van R28 001 gehad, maar in 1989 beloop die tekort R11 051. Hierdie gemeente is betreklik jonk en "swoeg onder 'n groot skuldlas" as gevolg van die oprigting van geboue. 'n Heroorweging van die Sinodale aanslag word deur die gemeente versoek.

**C. Die Ring van Klerksdorp**

Hierdie Ring bestaan uit ses gemeentes. Al hierdie gemeentes is marginaal.

l. Gemeente: Klerksdorp

Die tekort vir 1988 was R46 002 en vir 1989 was dit R55 329. As redes word aangevoer, dat die lidmaattal daal as gevolg van die kommersialisering van die middedorp. 'n Groot skuldlas is 'n ander faktor. Om die probleme die hoof te bied, is een van die leraarsposte getermineer en 'n pastorie verkoop. Verskeie fondsinsamelingspogings word geloods en beplan. Die opheffing van Sinodale– en Ringsverpligtinge word bepleit.

2. Gemeente: Orkney

Nadat die gemeente in 1988 'n tekort van R16 263 getoon het, beloop die surplus vir 1989 R1 545. 'n Tekort aan kerkraadslede word hier as die oorsaaklike faktor aangedui. Daar is gevolglik 'n ongereelde opname van dankoffers. 'n Opknapping van die organisasie het noodsaaklik geword.

3. Gemeente: Stilfontein

Die tekort van R13 223 in 1988 verhoog tot R72 612 in 1989. Een leraarspos is afgeskaf.

Ander stappe wat geneem word, is onder andere, deelname aan mini–skoue, asook aan die Klerksdorpse Skou. Die lidmate word ook voortdurend gemotiveer. Die afskaffing van die leraarspos het finansiële verligting gebring, maar die bearbeiding van die lidmate ly daaronder.

**D. Die Ring van Potchefstroom–Mooirivier**

1. Gemeente: Potchefstroom–Oos

Na 'n tekort van R6 510 gedurende 1988, beloop die surplus vir 1989 R55 604. As redes word aangevoer: genade, 'n oproep tot offervaardigheid en verantwoordelike finansiële bestuur. Op die vraag of die gemeente bereid sou wees om ander gemeentes finansieel te help, word daar geantwoord dat die gemeente nie surplusse toon nie. Daar word wel geld vir plaaslike sending en Bybelverspreiding geskenk.

2. Gemeente: Potchefstroom–Vyfhoek

'n Aanvanklike surplus van R4 354 in 1988 styg tot R111 677 gedurende 1989. Die redes: gemeentelede behoort tot 'n hoë inkomstegroep, gedissiplineerde insameling van dankoffers en besondere aandag aan gemeentelede. Ook hierdie gemeente antwoord dat die surplusse nie sodanig is, dat hul ander gemeentes kan help nie.

3. Gemeente: Potchefstroom–Wes

Die surplus beloop in 1988 R8 003 en in 1989 R6 033. Die gemeente meld dat met die komende begroting alle nie–verpligte bydraes, selfs dié vir sending, in heroorweging geneem sal word. Dit word gedoen om die verpligte bydraes na te kom. As redes vir die huidige gebrek aan finansiële probleme, word doelgerigte bearbeiding, beplanning en genade verstrek.

**E. Die Ring van Vanderbijlpark**

Hierdie Ring bestaan uit agt gemeentes. Vyf van hierdie gemeentes is selfstandig en drie is marginaal.

1. Gemeente: Vaalrivier

Die surplus vir 1989 beloop R50 408. As redes vir die gunstige situasie, word slegs die volgende gemeld – die gemeente is groot en die bydraes is gereeld. Op die vraag of die gemeente belangstel om ander gemeentes te help, is daar geantwoord: "Nie van toepassing". Die gemeente meld egter dat hul bereid sou wees om 'n ander gemeente te help, indien afslag op die Sinodale aanslag verkry word.

2. Gemeente: Vanderbijlpark–Noord

Die gemeente toon 'n surplus van R6 207 in 1989. Die gemeente meld dat daar 'n dalende neiging in die geestelike peil van die gemeente is. Daar is ook 'n permanente tekort aan kerkraadslede. Die bovermelde word aangevoer as redes vir die finansiële probleme wat die gemeente beleef. Die gemeente versoek dat Sinodale werksaamhede beperk moet word.

3. Gemeente: Vanderbijlpark–Sentraal

'n Aanvanklike surplus van R20 090 krimp tot R7 541 in 1989. Skuld op 'n derde pastorie word vermeld. Daar word gesê dat die gemeente "alles moet insit om alle verpligtinge na te kom".

(Verslae van al die gemeentes en Ringsfondse–kommissies aan die Sinodale Begrotingskommissie 1989).

Tydens díe navorsing word die aandag toegespits op veral die **lidmaat** en sy geldelike rentmeesterskap. In hierdie hoofstuk word vervolgens die geldelike bydrae van die lidmaat

beskryf. Daarna word daar aan die hand van 'n vraelys wat vanuit die wesenstabel (pp. 177–180) opgestel is, gepoog om die aan– of afwesigheid van die wesenstrekke van 'n Bybelse rentmeesterskap te beskryf.

**4.2 Die lidmaat en sy geldelike bydrae.**

Wanneer die lidmaat se geldelike bydrae beskryf word, word daar gekonsentreer op die kerkjaar 1985/1986. Hierdie jaar is die mees onlangse waarin die Sentrale Statistiekdiens van die Departement Binnelandse Sake oor volledige inligting betreffende die inkomstes en uitgawes van die gemiddelde blanke huishouding beskik. Hierdie inligting word slegs tienjaarliks beskikbaar gestel.

Die finansiële state (1985/1986) van al die gemeentes in hierdie Sinodale gebied is nagegaan om die presiese **totale bydrae** van al die lidmate in die gemeentes vas te stel. Alhoewel die kantoor van die Saakgelastigde van die Ned. Geref. Kerk oor tabelle beskik wat die gemeentes se totale inkomste vir 'n bepaalde jaar aantoon, kon hierdie syfers nie net so vir die doeleindes van hierdie navorsing aanvaar word nie. Die totale inkomste van 'n gemeente verteenwoordig ook inkomstes wat **nie** deur die lidmate van daardie gemeente bygedra is nie. Hierdie bedrae bestaan uit inkomstes verkry uit byvoorbeeld die verhuring van eiendom, rente op beleggings, kapitale oordragte en hulp uit Sinodale noodfondse.

Gedurende die boekjaar 1985/1986 het die totale gemeentelike inkomste van al die gemeentes in die Sinode van Wes–Transvaal R22 571 440 beloop (Finansiële State 1985/1986). Hierdie selfde gemeentes het inkomstes ten bedrae van R1 938 424 gehad, wat nie uit die drakrag van gemeentelede gekom het nie. Die totale bydrae van die lidmate word dus soos volg bereken:

| | |
|---|---|
| Totale inkomste van gemeentes | R22 571 440 |
| Minus inkomste nie uit "drakrag" | R 1 938 424 |
| Totale bydraes van lidmate | R20 633 016 |

Volgens *Kerkspieël* was die lidmaattal van die Sinodale gebied gedurende hierdie jaar soos volg:

| | |
|---|---|
| Belydende lidmate | 113 985 |
| Dooplidmate | 59 108 |
| Nooit gedoop | 3 160 |
| TOTAAL | 176 253 |

(Van Eeden en Smuts 1986:12).

Hierdie lidmate verteenwoordig 'n totaal van 67 309 besoekpunte (huishoudings). Die besoekpunte is saamgestel uit 57 900 gesinne en 9 409 enkellopendes (1986:130). Hiervolgens is daar gemiddeld 2.62 lidmate (belydend en doop) per besoekpunt.

Die gemiddelde bydrae per besoekpunt en belydende lidmaat vir die boekjaar 1985/1986 word soos volg bereken:

1. Totale bydrae R20 633 016 deur 113 985 belydende lidmate – dus R181.02 per belydende lidmaat vir die jaar (R15.09 per maand).

2. Totale bydrae R20 633 016 deur 67 309 huishoudings – dus R306.54 per besoekpunt vir die jaar (R25.55 per maand).

Hierdie gemiddelde bydrae sluit álle bydraes, byvoorbeeld maandelikse bydraes, erediens–

en kategesekollektes, asook die inkomste van Jeugaksies en die Vrouediens in.

Die vraag ontstaan onwillekeurig of die Sinodale gebied van Wes–Transvaal nie 'n groot afwyking toon van dít wat in ander Sinodale gebiede plaasvind nie. Van Taak beskryf die gemiddelde maandelikse bydrae per lidmaat vir die volgende Sinodale gebiede:

| | | |
|---|---|---|
| Wes–Kaapland | 1981/1982 | R11.78 |
| Noord–Transvaal | 1980/1981 | R 9.35 |
| Oos–Transvaal | 1980/1981 | R11.85 |
| Suid–Transvaal | 1980/1981 | R 8.52 |
| Wes–Transvaal | 1980/1981 | R10.68 |

(Van Taak 1983:116,145,150 en 155).

Uit die bovermelde is dit duidelik dat die Wes–Transvaalse lidmaat se maandelikse bydrae nie afwyk van dié van die ander Sinodale gebiede nie en selfs bo die gemiddelde is. Daar word vermoed dat Van Taak se beskrywing van die gemiddelde bydraes effens optimisties is, omdat hy telkens die **bruto inkomste** deur die totale aantal lidmate deel. Daar is reeds verduidelik dat nie al hierdie inkomstes van die lidmaat afkomstig is nie. Omdat Van Taak by die berekening telkens dieselfde formule gebruik, is dit voldoende om daarop te dui dat die bovermelde afleiding betroubaar is.

Die persentasie styging in inkomste van gemeentes in die daaropvolgende jare toon dat dieselfde patroon gehandhaaf is. Gegewens van die Wes–Kaap is buite rekening gelaat.

| | **1982/3** | **1983/4** | **1984/5** | **1985/6** |
|---|---|---|---|---|
| **Wes – Transvaal** | 12.1% | 10.19% | 12.62% | 9.32% |
| **Noord – Transvaal** | 18.25% | 12.7% | 18.26% | 8.31% |
| **Suid – Transvaal** | 15.6% | 11.2% | 15.9% | 7.1% |
| **Oos – Transvaal** | – | 15.53% | 22.71% | 7.58% |

(Agendas van die Ned. Geref. Sinodes van:

| | |
|---|---|
| Wes–Transvaal | 1987:188 |
| Noord–Transvaal | 1987:408 |
| Suid–Transvaal | 1987:339 |
| Oos–Transvaal | 1987:285). |

Daar is reeds aangedui dat die gemiddelde totale jaarlikse bydrae per huishouding in Wes–Transvaal R306.54 vir die jaar 1985/1986 beloop het. Om dit in perspektief te stel, word die inkomste en uitgawes van die gemiddelde blanke huisgesin in Suid–Afrika vir die jaar 1985 beskryf. Hierdie syfers is ongelukkig nie vir die streek Wes–Transvaal afsonderlik beskikbaar nie. Die Sinodale gebied van Wes–Transvaal sluit onder andere 'n gedeelte van die Johannesburgse metropolitaanse gebied, die nywerhede van die Vaaldriehoek, asook die mynwerkers van die Klerksdorpse en Carletonville omgewings in. Volgens die Jaarboek verteenwoordig hierdie gebiede 'n aansienlike persentasie van die Sinode se totale lidmaattal (N.G. Kerk 1990). Dit is bekend dat die vergoeding in hierdie gebiede nie minder beloop as in die res van die land nie. Daar kan aanvaar word dat die gemiddelde inkomste nie minder behoort te wees as die gemiddelde wat deur die Sentrale Statistiekdiens vir die land verstrek word nie (Sentrale Statistiekdiens 1990:Tabel 1.1.04).

Wanneer die Sentrale Statistiekdiens die inkomste per huisgesin beskryf, word daar onderskei tussen direkte en indirekte inkomste. Direkte inkomste is daardie inkomste waarop staatgemaak word vir die delging van lopende uitgawes. Dit sluit salarisse, lone en persoonlike renteverdienstes in. Indirekte inkomste is inkomste verkry uit byvoorbeeld die verkoop en inruil van besittings, byvoordele en die uitbetaal van enkelbedrae. Beide inkomstes verteenwoordig 'n reëele inkomste. Geldelike bydraes sal in terme van albei hierdie inkomstes uitgedruk word.

Gedurende 1985 was die gemiddelde inkomste per blanke huishouding in Suid–Afrika die

volgende:

| | |
|---|---|
| Direkte Inkomste | R27 224.10 |
| Indirekte Inkomste | R 8 515.55 |
| Totale Inkomste | R35 739.65 |

(Sentrale Statistiekdiens 1990:Tabel 1.1.04)

Die totale gemiddelde bydrae van 'n besoekpunt of huishouding in die Sinodale gebied van Wes–Transvaal kan in verhouding met hierdie gemiddelde inkomste, persentasiegewys soos volg uitgedruk word:

Persentasie van inkomste as totale geldelike bydrae aan die kerk bestee:

| | |
|---|---|
| **Direkte Inkomste** | **1.13%** |
| **Totale Inkomste** | **0.86%** |

Die uitgawes van die gemiddelde blanke huishouding het in 1985 die volgende beloop:

| | | |
|---|---|---|
| 1. Voedsel | R | 4048.15 |
| 2. Drank | R | 431.87 |
| 3. Tabak | R | 212.47 |
| 4. Klerasie | R | 867.36 |
| 5. Skoeisel | R | 171.92 |
| 6. Behuising | R | 6262.85 |
| 7. Brandstof en krag | R | 612.78 |
| 8. Meublement en toerusting | R | 898.81 |
| 9. Lopende huishouding | R | 384.14 |
| 10. Bediendes | R | 696.05 |

| | |
|---|---|
| 11. Mediese dienste | R 1266.28 |
| 12. Vervoer | R 3603.90 |
| 13. Kommunikasie | R 382.96 |
| 14. Ontspanning, sport, ens. | R 813.68 |
| 15. Leesstof | R 179.76 |
| 16. Opvoeding | R 423.88 |
| 17. Persoonlike versorging | R 757.42 |
| 18. Restaurante, kroeë, ens. | R 409.03 |
| 19. Vakansies | R 874.56 |
| 20. Inkomstebelasting | R 11 673.39 |
| 21. Ander | R 876.55 |
| TOTAAL | R 35 847.81 |

(Sentrale Statistiekdiens 1990: Tabel 1.1.04).

Uit die voorafgaande tabel kan twee waarnemings gemaak word:

1. Die gemiddelde blanke huisgesin in Suid–Afrika se jaarlikse uitgawes oorskry die totale inkomste met R108.16.

2. Wanneer die gemiddelde kerklike bydrae van die lidmaat vergelyk word met die gemiddelde uitgawes van die blanke huisgesin, blyk dit dat kerklike bydraes nie hoog op die prioriteitslys verskyn nie. 'n Vergelyking met daardie items wat as "nie–noodsaaklike" uitgawes geïdentifiseer kan word, bevestig hierdie bevinding. Kerklike bydraes verteenwoordig 'n geringe persentasie van selfs die totale nie–noodsaaklike uitgawes.


Die vraag ontstaan of daar nie in die tussentyd (sedert 1985/1986) 'n radikale verandering ingetree het nie. Dit is moontlik om 'n redelik–betroubare aanduiding te gee. Daar word aangeneem dat die totale gemeentelike inkomstes steeds 'n bedrag insluit wat nie deur die

lidmate bygedra is nie. Daar word aanvaar dat hierdie inkomste steeds 8.59% van die totale gemeentelike inkomstes beloop.

Volgens die opsomming van die Saakgelastigde, beloop die totale gemeentelike inkomstes van die Sinode van Wes–Transvaal vir die boekjaar 1988/1989 R31 217 903 (Opsomming van Finansiële State 1988/1989). Met die aanname dat 8.59% van hierdie bedrag nie deur lidmate bygedra is nie, beloop die totale bydraes deur lidmate vir hierdie bepaalde jaar R28 536 286. Gedurende hierdie tydperk was daar 108 083 belydende lidmate in die Sinodale gebied (Opsomming van Finansiële State 1988/1989). Die totale bydrae per lidmaat beloop dus vir hierdie jaar R264.02 (R22.00 per maand). Teenoor die R181.02 (R15.09 per maand) van 1985/1986, dui dit op 'n styging van 45.85%. Dit is ongelukkig nie bekend met hoeveel die inkomste van gesinne oor dieselfde tydperk gestyg het nie. Dit is wel bekend dat die Verbruikersprysindeks oor hierdie selfde periode vanaf 100 (1985) tot 155.4 (1988) gestyg het (Sentrale Statistiekdiens 1990). Dit is algemeen bekend dat die gemiddelde jaarlikse salarisverhogings oor die afgelope aantal jare min of meer tred gehou het met die inflasiekoers (Sentrale Statistiekdiens 1990a Afd. 4.4). Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die geldelike bydraes van lidmate sedert 1985 nie noemenswaardig verander het nie.

Ter aanvulling van dit wat reeds omskryf is, is daar besluit om 'n histogram te trek van die maandelikse bydraes van die Ned. Geref. Gemeente, Driehoek. Hierdie gemeente is gekies omdat dit hier moontlik is om twee groot kontrasterende groepe te identifiseer ten einde die verspreiding van hulle kerklike bydraes te vergelyk. Hierdie gemeente is nie deel van daardie groep gemeentes wat ernstige finansiële probleme ondervind nie. Die histogram op die volgende bladsy verteenwoordig die bydraes vir Februarie 1989. Die gegewens van Junie 1989 is ook ontleed: daar is bevind dat hierdie gegewens ooreenstem met dié van Februarie 1989. Die gemiddelde maandelikse bydrae per besoekpunt by die gewone werkers beloop R28.07. Dié van die meer gegoede gemeenskap beloop R75.82 per maand.

# NG GEMEENTE DRIEHOEK
## OFFERGAWES FEB 1989



'n Inspeksie van die histogram op die voorafgaande bladsy toon dat die verskil in bydraes 'n refleksie van 'n veronderstelde verskil in inkomste is. Die histogram van die gewone werkers toon dat daar 'n redelike sterk neiging bestaan om kerklike bydraes te beperk. Die grootste persentasie (ongeveer 81%) neig om in die kategorie R0 – 50 te val (R28.07 gemiddeld per maand). Die ooreenstemmende histogram vir die meer gegoede gemeenskap toon dat ongeveer 75% van hierdie groep se bydraes eweredig verdeel is tussen die kategorieë R0 – 50 en R51 – 100, met 'n gemiddelde bydrae van R75.82 per maand.

Die waargenome opeenhoping van bydraes in die kategorie R0 – 50 in die geval van die gewone werkers en die kategorieë R0 – 50 en R51 – 100 in die geval van die meer gegoede werkers, dui op die moontlikheid dat lede binne hierdie gemeenskappe vir mekaar 'n verwysingsgroep vorm. Hierdie verwysingsgroep genereer op 'n konsensuele wyse 'n norm oor wat 'n "aanvaarbare" kerklike bydrae behels.

Hierdie vermoede word ondersteun deur die bevinding in die voorafgaande gedeelte waarin die gemiddelde Wes–Transvaalse besoekpunt se bydrae beskryf is. Die vermeende norm word verder ook ondersteun deur Pettigrew se sosiale evaluasieteorie soos aangehaal in Seidman en Rapkin (1983:192–194). Die basiese uitgangspunt van hierdie teorie is, dat die mens sy eie gedrag probeer begryp deur homself met ander te vergelyk. Volgens hierdie teorie is die referente met wie die persoon homself vergelyk 'n individu, 'n spesiale groep, 'n ideale model gebaseer op persoonlike verwagtinge of kulturele norme.

'n Ontleding van die antwoorde in die vraelyste (paragraaf 4.3) sal waarskynlik meer lig werp op die moontlike bestaan van 'n norm rondom 'n aanvaarbare kerklike bydrae.

## 4.3 Die lidmaat en sy waargenome gesindheid

Om vas te stel hoedanig die gesindhede van die lidmate in die Ned. Geref. Kerk van Wes–Transvaal is, is 'n vraelys opgestel. Hierdie vraelys is opgestel veral aan die hand van die wesenstabel in hoofstuk 3. In die generering van die items is daar dus gesorg dat dit relevant en toepaslik is.

As voorsorgmaatreëls is daar gesorg dat die vrae in die omgangstaal verwoord is. Daar is gesorg dat die items nie bedreigend voorkom nie en vertroulikheid is gewaarborg. Die vraelyste is anoniem beantwoord. Instruksies is telefonies en per brief aan die leraars van die verskillende gemeentes gegee. Só is daar byvoorbeeld versoek dat die vraelyste by voorkeur deur die hoofde van huishoudings by die verskillende besoekpunte voltooi word. In die vraelyste is ses respons–opsies gegee – die neutrale opsie is geëlimineer. Dit is gedoen sodat daar nie in die neutrale kategorie "geskuil" kan word nie. Sodoende is standpuntinname afgedwing.

Die wyse waarop die verskillende items gestel is, het besondere aandag geniet. Waar dit in hierdie ondersoek om geloof en veral dan ook om finansiële bydraes gaan, is twee probleme voorsien. Die eerste is dat 'n aansienlike aantal respondente sou weier om deel te neem. Ondervinding het geleer dat lidmate baie huiwerig is om uitsprake oor hul geloofsbelewenis te maak. Só kan daar byvoorbeeld verwys word na 'n onlangse vraelys wat gehandel het oor die "erediensbelewenis" van lidmate. Die leraar van die gemeente Quellerina het bevestig dat die lidmate nie samewerking wou verleen nie. Gesprekke met kundiges het hierdie ervaring bevestig. Deels as gevolg hiervan, is daar besluit om die items op die vraelys hoofsaaklik onpersoonlik te stel en te konsentreer op die persepsies van die lidmate. Die werklikheid van hierdie voorsiene probleem is later ook in hierdie navorsing bevestig toe daar, ten spyte van die indirekte metode byvoorbeeld, 16% van die respondente in die gemeente Quellerina geweier het om die vraelyste te voltooi. Dieselfde patroon is ook in

die ander gemeentes waargeneem.

'n Tweede probleem, ook juis vanweë die onderwerp, is dié van onbetroubare reaksies, in terme van 'n "sosiale wenslikheidsrespons". Tydens 'n eerste poging waarin items op die direkte wyse verwoord was (met verwysing na die lidmaat se persoonlike standpunte), het dit geblyk dat die items só normatief gelaaid was, dat die navorser tot die besef gekom het dat 'n spontane en eerlike respons van die lidmaat hoogs onwaarskynlik sou wees. *The subject bias occurs when a person's desire to give the "right" answer leads the person to give biased responses (Sears, Freedman and Peplan 1985:40).* Om hierdie invloed uit te skakel, is bykans onmoontlik, maar met die nodige voorsorg kan dit geminimaliseer word (1985:40). Een van die wyses waarop dit kan geskied, is deur die aanwending van 'n indirekte metode. *With an indirect attitude measure, the subjects are unaware that attitudes are being measured, thus minimizing their concerns about giving an "appropriate" or "desireable" response (Petty and Cacioppo 1984:16).* Selfs anonimiteit waarborg nie betroubaarheid indien 'n direkte metode aangewend sou word nie. *Unfortunately, this does not solve the problem. Most subjects want to impress not only the experimenter, but also themselves. They want to think of themselves as good people and therefore do what they can to behave in the right way (Sears, Freedman and Peplan 1985:40).* Anastasi sê ten opsigte hiervan: *This tendency may indicate lack of insight into one's own characteristics, selfdeception, or an unwillingness to face up to one's limitations (1988:550).* In die lig hiervan is daar besluit om 'n indirekte metode te volg waarin stellings oor lidmate gemaak word en daar navraag oor die respondent se persepsie ten opsigte hiervan gedoen word.

Natuurlik ontstaan die vraag onwillekeurig of die lidmaat in staat sou wees om 'n mening te lug oor die godsdiensbelewenis van medegelowiges en ook oor die nuttigheid van só 'n benadering. Hierdie uitgangspunt sou by voorbaat 'n gebrekkige "koinonia" en getuienis binne die kerk veronderstel. Dit is ook belangrik om van die volgende uitsprake kennis te

neem: *There is a strong tendency for people to assume that others are similar to them (Freedman, Sears and Carlsmith 1978:87).* Dit geld veral *when they are known to be similar in demographic features such as age, race, national origin and socioeconomic status ... (1978:87).* Ten opsigte van hierdie verskynsel word daar gesê: *the individual rates another more similar to himself than he actually is; he distorts the other's personality to make it more like his own (1978:88).* Schiffenbauer het hierdie teorie in 1974 eksperimenteel bevestig (1978:88). Hierdie persepsie van 'n ander persoon of persone word dikwels meer beïnvloed *by what the rater is like than by what the person being rated is like (1978:88).*

Dit is baie insiggewend dat daar gemeen word dat iemand se persepsie van ander 'n betroubaarder beskrywing van die eie persoonlikheid is as wat 'n direkte evaluasie van die self sou bied (1978:88). ***Therefore, if we want to find out what someone is like, the best procedure may be to ask him to rate other people (1978:88).*** Hierdie benadering word dan ook in hierdie navorsing gevolg. 'n Verdere motivering vir die gebruik van die indirekte metode, is te vinde in die moontlikheid dat lidmate se eie denke oor kerklike bydraes beïnvloed word deur die waargenome houdings en praksis van medelidmate as verwysingsgroep. Bewus daarvan dat die volmaakte of absoluut betroubare metode nie bestaan nie, word daar in die spesifieke omstandighede van hierdie ondersoek aan hierdie benadering voorkeur gegee. Terwyl daar voortaan in hierdie studie uitsluitlik na die persepsie van lidmate verwys sal word, moet daar eerstens rekening gehou word met die uitsprake wat hierbo ten opsigte van die verskynsel gemaak is. Hierdie uitsprake verleen aan die persepsie van wat die huidige stand van lidmate se houdings jeens kerklike bydraes is, binne die konteks van hierdie navorsing, 'n besondere gewig. Tweedens moet daar ook rekening gehou word met die plek en funksie van die vraelys in hierdie navorsing. Die vraelys word hier aangewend as 'n byvoeging tot 'n redelik eksakte waarneming wat reeds gemaak en beskryf is — die finansiële bydraes van lidmate.

Steekproefneming het volgens die volgende metode geskied.

Daar is gebruik gemaak van 'n gestratifiseerde ewekansige steekproefneming (Smit 1983:186). Die Ringe waaruit die Sinode bestaan, is verdeel in kleiner dorpe/landelike gebiede en groter dorpe/stedelike gebiede. Daar is aanvanklik besluit op 'n 1:3 proporsionele verdeling. Uit hierdie twee groepe Ringe is die volgende volgens die lotery–metode (1983:184) geselekteer: Bloemhof, Florida, Klerksdorp en Potchefstroom–Mooirivier. Binne hierdie Ringe is die volgende gemeentes volgens dieselfde metode geselekteer – ook die wyke binne die gemeentes:

**1. Die Ring van Bloemhof**

Bloemhof gemeente (Wyke 3, 4, 9, 11, 12, en 15).

Schweizer–Reneke (Wyke 5, 9, 10, 12, 16, en 17).

Wolmaransstad (Wyke 1, 3, 11, 18, 21, 27 en 28).

**2. Die Ring van Florida**

Constantiakruin (Wyke 2, 22, 23, 24, 25, en 43).

Kloofendal (Wyke 5, 9, 12, 31, 38 en 43).

Quellerina (Wyke 3, 5, 9, 21, 23, en 24).

**3. Die Ring van Klerksdorp**

Klerksdorp (Wyke 5, 9, 13, 19, 20, 21 en 25).

Orkney (Wyke 2, 3, 4, 14, 23, 25 en 27).

Stilfontein (Wyke 1, 5, 13, 24, 25, 26, 34, en 36).

**4. Die Ring van Potchefstroom–Mooirivier**

Potchefstroom–Oos (Wyke 6, 25, 31, 38, 40 en 42).

Potchefstroom–Vyfhoek (Wyke 9, 11, 13, 17, 19 en 23).

Potchefstroom–Wes (Wyke 7, 13, 17, 21, 22, 26 en 32).

Die wyke is so toegedeel, dat dit moontlik sou wees om 50 vraelyste by verskillende besoekpunte per gemeente te voltooi. Omdat die grootte van die wyke in verskillende gemeentes verskil, is daar in sommige gevalle meer wyke toegeken. Wat die Ring van Florida betref, moet dit vermeld word dat die gemeente Florida–Park aanvanklik saam met Constantiakruin en Quellerina aangewys is. Die leraar van Florida–Park se standpunt was, dat toestemming tot die voltooi van vraelyste eers na verloop van 'n lang tydperk verkry sou kon word. Die gemeente Kloofendal is by wyse van ewekansigheid uit die res in die plek van Florida–Park aangewys.

Nadat die bovermelde Ringe en gemeentes aangewys is, is daar gevoel dat die Ringe en gemeentes van die nywerheidsgebiede bygevoeg moet word. Hierdie Ringe en gemeentes verteenwoordig 'n aansienlike persentasie van die totale Sinodale gebied en sou die steekproef meer verteenwoordigend maak. By wyse van ewekansigheid, is die volgende Ring en gemeentes aangewys.

**5. Die Ring van Vanderbijlpark**

Vaalrivier (Wyke 2, 4, 8, 9, 17, 23, 31, 39, 44 en 47).

Vanderbijlpark–Noord (Wyke 3, 4, 13, 15, 16, 20 en 25).

Vanderbijlpark–Sentraal (Wyke 8, 9, 13, 20, 21, 39 en 52).

'n Totaal van 750 vraelyste is uitgereik (15 gemeentes met 50 vraelyste per gemeente). Hierop is 'n responskoers van 62.4% verkry.

Die vraelyste volg op die volgende bladsye. Die vraelyste word hier ingevoeg, omdat die totale reaksie op die verskillende stellings op die vraelys by wyse van beide 'n totaal en 'n persentasie ingevul is.

Die gedetailleerde bespreking van dit wat in hierdie hoofstuk beskryf en in die vraelyste weergegee word, word in die volgende hoofstuk gedoen. Daar word volmondig met Smit saamgestem wanneer hy sê dat 'n bespreking van die implikasies van bevindings nie op hierdie stadium toepaslik is nie (1983:234). Die aandag van die leser word daarop gevestig dat wanneer 'n respondent nie op 'n bepaalde stelling gereageer het nie, dit by die berekening van die persentasies in aanmerking geneem is. Dit beteken dat in die geval van sommige items die aangeduide persentasies nie na 100 sommeer nie.

## VRAELYS OOR KERKLIKE BYDRAES

Hierdie vraelys bevat 30 stellings oor lidmate se kerklike bydraes. U word versoek om elke stelling sorgvuldig te lees en dan aan te dui in watter mate u met elke stelling saamstem. U moet by elke stelling net een kruisie in een van die blokkies trek.

Wees asseblief verseker dat hierdie vraelys absoluut vertroulik behandel word en dat u nie geïdentifiseer kan word nie. As u die vraelys voltooi het, is u welkom om dit in 'n koevert te verseël voordat u dit aan die diaken/ouderling teruggee.

**Voorbeeld**

As 'n persoon 'n brandoffer bring, moet die rook van die vuur regop trek.

| Stem nie saam | | | Stem saam | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Sterk | Redelik | Effens | Effens | Redelik | Sterk |
| X | | | | | |

Die lidmaat in die voorbeeld het sterk verskil met die stelling **"dat die rook van die vuur regop moet trek".**

Lees nou asseblief die volgende stellings en besluit in watter mate u met elke stelling saamstem of nie. Wees asseblief baie eerlik en moenie dit beantwoord soos u dink ander sal verwag dat u dit moet beantwoord nie.

### AFDELING A

| | Stem nie saam: Sterk | Stem nie saam: Redelik | Stem nie saam: Effens | Stem saam: Effens | Stem saam: Redelik | Stem saam: Sterk |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. 'n Mens kan van lidmate se geldelike bydraes aflei wat God se liefde vir hulle beteken. | 164 35% | 35 7.5% | 16 3.4% | 30 6.4% | 88 18.8% | 134 28.6% |
| 2. Jesus Christus se kruisdood het direkte invloed op lidmate se hantering van hulle geldsake. | 166 35.5% | 48 10.3% | 46 9.8% | 34 7.3% | 76 16.2% | 88 18.8% |
| 3. Die kerk moet net bydraes van mense aanvaar wat baie seker van hulle eie verlossing is. | 325 69.4% | 55 11.8% | 25 5.3% | 19 4.1% | 22 4.7% | 20 4.3% |
| 4. Die meeste lidmate gee 'n bydrae sodat God hulle goedgesind sal wees. | 239 51.1% | 57 12.2% | 42 9.0% | 56 12.0% | 39 8.3% | 32 6.8% |
| 5. 'n Bydrae wat nie uit liefde vir God spruit nie, is nie aanvaarbaar nie. | 128 27.4% | 49 10.5% | 44 9.4% | 34 7.3% | 55 11.8% | 155 33.1% |
| 6. 'n Gemeente wat altyd sukkel met onvoldoende fondse se lidmate het 'n gebrek aan liefde vir God. | 205 43.8% | 46 9.8% | 33 7.1% | 33 7.1% | 66 14.1% | 76 16.2% |
| 7. Die meeste lidmate gee hulle bydraes met vreugde. | 29 6.2% | 31 6.6% | 38 8.1% | 57 [illegible]2.2% | 147 31.4% | 160 34.2% |

| | Stem nie saam: Sterk | Stem nie saam: Redelik | Stem nie saam: Effens | Stem saam: Effens | Stem saam: Redelik | Stem saam: Sterk |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 8. Volgens die Bybel dien 'n bydrae as bewys van die egtheid van 'n mens se geloof. | 111 23.7% | 44 9.4% | 29 6.2% | 30 6.4% | 110 23.5% | 133 28.4% |
| 9. Die meeste lidmate se beursies is toe vir die nood van ander. | 101 21.6% | 81 17.3% | 48 10.3% | 77 16.5% | 82 17.5% | 72 15.4% |
| 10. Die meeste lidmate se beursies is toe omdat hulle nie hul medemens werklik liefhet nie. | 117 25.0% | 68 14.5% | 40 8.5% | 67 14.3% | 78 16.7% | 91 19.4% |

**AFDELING B**

| | Stem nie saam: Sterk | Stem nie saam: Redelik | Stem nie saam: Effens | Stem saam: Effens | Stem saam: Redelik | Stem saam: Sterk |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Die meeste lidmate bepaal eers hulle uitgawes en besluit <u>dan</u> hoeveel hulle gaan bydra. | 63 13.5% | 27 5.8% | 24 5.1 % | 39 8.3% | 142 30.3% | 163 34.8% |
| 2. Die meeste lidmate hanteer hulle geldsake asof daar nie 'n hiernamaals is nie. | 136 29.1% | 49 10.5% | 32 6.8% | 58 12.4% | 88 18.8% | 85 18.2% |
| 3. Die meeste lidmate besluit eers hoeveel hulle gaan bydra nadat hulle oor die saak gebid het. | 145 31.0% | 95 20.3% | 77 16.5% | 58 12.4% | 42 9.0% | 41 8.8% |
| 4. Lidmate tree op asof God nie die eintlike eienaar van al hulle besittings is nie. | 98 20.9% | 39 8.3% | 22 4.7% | 49 10.5% | 110 23.5% | 143 30.6% |
| 5. Die Heilige Gees help die meeste lidmate om hulle beursies vir God oop te maak. | 41 8.8% | 31 6.6% | 30 6.4% | 52 11.1% | 102 21.8% | 196 41.9% |
| 6. Die meeste lidmate se bydraes toon dat God vir hulle baie belangrik is. | 80 17.1% | 48 10.3% | 39 8.3% | 57 12.2% | 97 20.7% | 136 29.1% |
| 7. Lidmate hanteer hulle geld asof hulle nie oor die besteding van elke sent verantwoording aan God sal moet doen nie. | 76 16.2% | 39 8.3% | 28 6.0% | 66 14.1% | 128 27.4% | 120 25.6% |
| 8. Baie lidmate dink goeie verskonings uit om nie na werklike vermoë by te dra nie. | 84 17.9% | 32 6.8% | 21 4.5% | 68 14.5% | 123 26.3% | 132 28.2% |
| 9. Die meeste lidmate dra regtig na vermoë by. | 70 15.0% | 74 15.8% | 46 9.8% | 57 12.2% | 91 19.4% | 123 26.3% |
| 10. Die meeste lidmate dink dat Christus se offer aan die kruis hulle bydraes minder belangrik gemaak het. | 232 49.6% | 93 19.9% | 40 8.5% | 35 7.5% | 25 5.3% | 29 6.2% |

**AFDELING C**

| | Stem nie saam: Sterk | Stem nie saam: Redelik | Stem nie saam: Effens | Stem saam: Effens | Stem saam: Redelik | Stem saam: Sterk |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Lidmate se bydraes getuig dat hulle vertrou dat God in hulle materiële behoeftes sal voorsien. | 106 22.6% | 67 14.3% | 38 8.1% | 61 13.0% | 88 18.8% | 99 21.2% |
| 2. Die meeste lidmate "voel" nie eintlik hulle bydraes nie want hulle gee te min uit vrees vir eie tekorte. | 93 19.9% | 55 11.8% | 22 4.7% | 62 13.2% | 124 26.5% | 103 22.0% |
| 3. Die meeste lidmate sien geld as 'n middel waardeur God verheerlik kan word. | 162 34.6% | 89 19.0% | 51 10.9% | 63 13.5% | 49 10.5% | 36 7.7% |
| 4. Die meeste lidmate beleef hul maandelikse bydrae soos 'n gewone rekening wat betaal moet word. | 81 17.3% | 24 5.1% | 29 6.2% | 94 20.1% | 117 25.0% | 113 24.1% |
| 5. Die meeste lidmate voel dat hulle bydraes hul plek in die hemel sal verseker. | 275 58.8% | 64 13.7% | 40 8.5% | 30 6.4% | 23 4.9% | 27 5.8% |

**AFDELING D**

| | Stem nie saam: Sterk | Stem nie saam: Redelik | Stem nie saam: Effens | Stem saam: Effens | Stem saam: Redelik | Stem saam: Sterk |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Die lidmaat beleef die geld wat gemeentes aan die sinode moet betaal as 'n onpersoonlike belasting. | 101 21.6% | 68 14.5% | 37 7.9% | 55 11.8% | 90 19.2% | 98 20.9% |
| 2. Die kerk bestee sy geld op 'n onoordeelkundige wyse. | 205 43.8% | 75 16.0% | 42 9.0% | 51 10.9% | 31 6.6% | 44 9.4% |
| 3. Politieke sieninge het 'n negatiewe invloed op kerklike bydraes. | 102 21.8% | 45 9.6% | 21 4.5% | 70 15.0% | 92 19.7% | 131 28.0% |
| 4. Geld is vir baie lidmate belangriker as God. | 142 30.3% | 40 8.5% | 32 6.8% | 69 14.7% | 77 16.5% | 96 20.5% |
| 5. Lidmate aanvaar graag die voordele van die geloof en vermy die eise wat dit stel. | 76 16.2% | 31 6.6% | 29 6.2% | 54 11.5% | 130 27.8% | 139 29.7% |

# HOOFSTUK 5

# 'N ANALISE, INTERPRETASIE EN VERKLARING VAN GELDELIKE RENTMEESTERSKAP IN DIE NED. GEREF. KERK: WES-TRANSVAAL

## 5.1 Die finansiële situasie van die gemeentes

Alvorens daar gelet word op die lidmate en hulle geldelike bydraes, volg enkele opmerkings oor die finansiële situasie van die gemeentes. By daardie gemeentes wat deur ewekansige steekproeftrekking aangewys is, het veral ses verskynsels uit die aanvanklike vraelyste na vore getree (verwys pp. 181 – 186).

a. Daar is waargeneem dat die geestelike bearbeiding van die lidmate as gevolg van 'n tekort aan fondse ingekort word. Leraarsposte is byvoorbeeld in die gemeentes van Klerksdorp en Stilfontein afgeskaf. Soms is ook 'n pastorie verkoop. Die gemeente Stilfontein rapporteer dat hierdie maatreëls ten koste van die geestelike heil van die lidmate geskied het (pp. 183 en 184).

b. Indien die kerk noodgedwonge aan die werksaamhede na binne (opbou van die gemeente) begin besnoei, spreek dit vanself dat naas hierdie inkorting, die kerk se getuienis en roeping na buite (uitbou/primêre roeping) ook hierdeur getref sal word. Dit gebeur dan ook wanneer die gemeente Potchefstroom–Wes byvoorbeeld berig dat alle nie–verpligte bydraes, selfs dié vir die Sending, in heroorweging geneem sal word (verwys p. 184). Beide die op– en die uitbou van die kerk word dus reeds deur 'n tekort aan fondse getref.

c. Hierdie chroniese tekort aan fondse het die neiging by kerkrade versterk om te poog om op ander wyses as uit die gawes van die lidmate, fondse te genereer. Die gemeente Stilfontein het hom byvoorbeeld op die terrein van die handel begewe, met 'n deelname aan mini–skoue, asook aan die Klerksdorpse skou. Hierdie verskynsel moet saamgelees word met dit wat in hoofstuk 1 onder paragraaf 1.2.3 beskryf is. Wanneer daar volledig gelet word op die beginsels wat in hoofstuk 3 beskryf is (liefdeshandeling, gehoorsaamheidshandeling en vertrouenshandeling), moet daar 'n vraagteken agter hierdie "ander wyses" geplaas word. Indien die tekort aan fondse aan 'n gebrekkige rentmeesterskapsgesindheid by lidmate te wyte is, is sodanige optredes 'n ernstige klag teen die lidmate van die kerk. Dieselfde verskynsel is ook op Sinodale vlak te bespeur. Gedurende 1979 besluit die Sinode van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal op beginselgronde om nie meer deel te neem aan die Transvaler se Kersfeesfonds nie (verwys hoofstuk 2 p. 66). Ten spyte van hierdie besluit, rig die Sekretaris van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (SKDB) op 1 November 1990 'n brief aan alle gemeentes in Wes–Transvaal. In hierdie brief word die gemeentes soos volg ingelig:

*Die SKDB van Wes–Transvaal het besluit om weer by bogenoemde fonds aan te sluit. Die* ***enigste motivering*** (my beklemtoning) *was dat ons al die geld wat ons lidmate in elk geval tot die fonds bydra, verloor. Dit word deur die ander SKDB'S, die Hervormde Kerk en die AGS opgeneem. Ons kon die toedrag van sake nie langer toelaat nie. Ons het hierdie geld ook nodig! Die SKDB se besluit geld tot en met ons Sinode se sitting volgende jaar. Dan vra ons revisie van die besluit van 1978 (*moet wees 1979*).*

Die gevaar van 'n tekort aan fondse is daarin geleë, dat 'n pragmatiese houding kan seëvier oor Bybelse beginsels en norme.

d. Dit is weer eens opvallend dat nie 'n enkele gemeente die toedrag van sake aan 'n gebrekkige rentmeesterskapsgesindheid by die lidmate toeskryf nie. Selfs by daardie

gemeentes wat surplusse toon, het slegs een gemeente dit aan die "oop hande" van lidmate toegeskryf. Ander gemeentes skryf dit toe aan redes soos deeglike beplanning en begroting, harde werk, 'n pligsgetroue diakonie, goeie kommunikasie, kundiges op die finansiële kommissie en verantwoordelike finansiële bestuur. Genade word ook dikwels genoem. Die begrip rentmeesterskap en sy verwante funksioneer dus nie sterk binne die Ned. Geref. Kerk van Wes–Transvaal nie.

e. Terwyl 'n hele aantal gemeentes surplusse toon, is daar groot huiwering tot hulpverlening aan die gemeentes wat finansiële nood beleef. Dit word telkens gestel dat gemeentes hiertoe bereid sal wees, op voorwaarde dat dit gepaard gaan met 'n verlaging van die bedrag wat aan die Sinode betaalbaar is. Die gemeentes is dus hoofsaaklik nie bereid om addisionele laste te aanvaar nie. Hulle is wel bereid om bestaande uitgawes op 'n ander wyse te kanaliseer. Die vraag moet dus gevra word of daar nie by kerkrade 'n gebrekkige rentmeesterskapsgesindheid leef nie. Indien dit wel die geval is, sou só 'n kerkraad kwalik 'n positiewe gesindheid by lidmate kan kweek.

f. Daar word duidelik waargeneem dat daardie gelde wat by wyse van aanslag aan die Sinode betaalbaar is, nie as 'n saak van prioriteit beskou word nie. Die gemeente Vanderbijlpark–Noord versoek byvoorbeeld dat Sinodale werksaamhede beperk word (p. 185). Dit het waarskynlik noodsaaklik geword dat gemeentes en lidmate op 'n effektiewe wyse ingelig word oor die presiese bedoeling en aanwending van Sinodale fondse. Uit die vraelys (p. 203 Afdeling D Vraag 1) blyk dit dat dit die waargenome houding van die lidmate is, dat hierdie aanslag as 'n onpersoonlike belasting beleef word deur 51.9% van die lidmate (teenoor 44%). Die Sinode van Wes–Transvaal het wel in 1987 aan die Begrotingskommissie opdrag gegee om "inligtingstukke oor Sinodale werk via gemeentes aan lidmate te stuur ... sodat Sinodale bydraes met groter blymoedigheid betaal sal word" (Handelinge Sinode: Wes–Transvaal 1987:328). Hieraan is nie werklik uitvoering gegee nie. Benewens behoorlike kommunikasie, moet daar ook ernstig oorweging geskenk word

aan die maksimum moontlike desentralisasie van hierdie werksaamhede. Hiermee word bedoel dat 'n gemeente of groep gemeentes vir 'n bepaalde werksaamheid verantwoordelikheid aanvaar. Indien dit gebeur, sal dit vir 'n gemeente en lidmaat makliker wees om 'n bepaalde bydrae aan 'n bepaalde projek te koppel. Die motivering van die lidmate sal hierdeur verhoog word.

Terwyl die bovermelde beskrywing beperk was tot daardie gemeentes wat by wyse van ewekansige steekproeftrekking aangewys is, is dit duidelik dat wat hier beskryf is, nie 'n growwe veralgemening is nie. Die feit dat bykans 30% van die gemeentes in hierdie Sinodale gebied finansiële probleme ondervind, bevestig hierdie stelling.

## 5.2 Die lidmaat en sy geldelike bydrae

Gedurende 1986 berig die Federale Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke dat hy nie oor klinkklare gegewens beskik oor hoeveel die gemiddelde lidmaat bydra nie. Daar word bereken dat dit baie minder as 'n tiende van hul inkomste is (verwys hoofstuk 1, p. 10).

In hoofstuk 4 (pp. 186 – 194) is hierdie bydraes redelik presies omskryf. Hierdie bydraes, die uitgawes en die inkomste van die lidmate moet vervolgens geanaliseer word. Hiermee word bedoel; *analise as 'n proses van ont–leding waardeur tersaaklike faktore of veranderlikes geïsoleer word ... (Mouton 1985:104).* Die veranderlikes in hierdie geval is die inkomste, bydraes en uitgawes van die lidmate.

Om die eksterne geldigheid van hierdie bepaalde gedeelte van die navorsing bo verdenking te stel is hier, eerder as om vanuit verteenwoordigende steekproewe te veralgemeen, die totale universum of populasie (lidmate van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal) se

geldelike bydrae beskryf. Daar is ook verseker dat periode–effekte geminimaliseer word, deur vas te stel of die verskynsel oor 'n periode van 'n aantal jare hoofsaaklik onveranderd gebly het. *Periode–effekte het meer te make met die verteenwoordigendheid van die omstandighede waaronder die navorsing uitgevoer word (1985:119).*

In hoofstuk 4 is die **totale bydrae** van die gemiddelde besoekpunt in die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, uitgedruk as 'n persentasiepunt van die inkomste van die gemiddelde blanke huisgesin in Suid–Afrika. Dit beloop 1.13% van die direkte inkomste en 0.86% van die totale inkomste. As breukdeel beloop dit by benadering een honderdste van die inkomste ('n tiende van 'n tiende).

Die volgende items kan baie duidelik as nie–noodsaaklike uitgawes gedurende 1985 geklassifiseer word. Daar kan met sekerheid aanvaar word dat daar ook in die noodsaaklike uitgawes nie–noodsaaklike uitgawes verskuil is. Dieselfde geld ook van dit wat as "ander" uitgawes geklassifiseer word. Hierdie uitgawes word vir die doeleindes van hierdie ondersoek geïgnoreer. Sodoende is dit moontlik om die minimum van die nie–noodsaaklike uitgawes vas te stel.

| | **% van direkte inkomste** | |
|---|---|---|
| Drank | R431.87 | 1.59% |
| Tabak | R212.47 | 0.78% |
| Ontspanning, sport, ens. | R813.68 | 2.99% |
| Leesstof | R179.76 | 0.66% |
| Restaurante, kroeë, ens. | R409.03 | 1.50% |
| Vakansies | R874.56 | 3.21% |
| | R2 921.37 | 10.73% |

(Verwys hoofstuk 4 pp. 190 en 191).

Hierdie totale bedrag van R2 921.37 is die minimum wat ook as die diskresionêre inkomste

van die gemiddelde blanke gesin in Suid–Afrika uitgewys kan word. (Vir die betekenis van die begrip diskresionêre inkomste word die leser na hoofstuk 1, p. 2 verwys.) Die gemiddelde kerklike bydrae per besoekpunt het vir hierdie jaar in totaal R306.54 beloop. Dit verteenwoordig 'n maksimum van 10.49% van die **minimum nie–noodsaaklike uitgawes of diskresionêre inkomste.** As 'n uitgawe binne hierdie kategorie (nie–noodsaaklik/diskresionêr), word dit oorskry deur uitgawes aan drank, ontspanning, restaurante/kroeë en vakansies. Die afleiding kan dus met sekerheid gemaak word dat kerklike bydraes vanuit die gemiddelde lidmaat se diskresionêre inkomste gefinansier word en dat dit 'n maksimum van 10.49% daarvan beloop. Dit is duidelik dat kerklike bydraes baie laag op selfs die prioriteitslys van nie–noodsaaklike uitgawes verskyn.

Die opmerking dat die jaarlikse uitgawes van die gemiddelde blanke huisgesin in Suid–Afrika die inkomste met R108.16 oorskry, plaas die lidmaat se hantering van geld in 'n besondere perspektief. Die feit dat die uitgawes die inkomste oorskry, terwyl daar 'n aansienlike diskresionêre inkomste en 'n besonder lae kerklike bydrae is, dui op die onoordeelkundige hantering of selfs die verkwisting van geld. Met verkwisting van geld word bedoel: *verspil, vermors en oordadig uitgee op 'n onvoordelige wyse (Odendaal et al. 1987:1251).*

Hierdie hantering van geld, en die plek en prioriteit wat daarin aan kerklike bydraes verleen word, het belangrike implikasies vir die geloof van die gemiddelde lidmaat. Dat daar by die besteding van fondse 'n keuse uitgeoefen word, kan nie betwis word nie. Dat hierdie keuse deur middel van 'n bepaalde kerklike bydrae uitdrukking gee aan die gewig wat die lidmaat aan sy godsdiens verleen, is ewe duidelik.

Uit hoofstuk 3, waar 'n Bybelse fundering van kerklike bydraes gegee word, het dit duidelik geblyk dat geldelike bydraes 'n wesentlike deel van die geloof is. Kerklike bydraes is beskryf as 'n verhoudingsgebeure waarvan liefde, gehoorsaamheid en vertroue die

vernaamste komponente is. Hierdie komponente word nou kortliks vergelyk met die kerklike praksis wat pas beskryf is.

**a. Rentmeesterskap as 'n liefdeshandeling**

Die voorkeur wat lidmate by die besteding van hul fondse aan selfs nie–noodsaaklike uitgawes verleen, herinner sterk aan die ontaarde religie wat in Hosea beskryf word (verwys hoofstuk 3, pp. 74 en 75). Wanneer liefde as 'n inwonende krag, emosie en 'n gesindheid beskryf word wat die mens se hele lewensrigting bepaal en die hele persoonlikheid in diens van die Here plaas, is dit nie te versoen met die praksis wat pas beskryf is nie (verwys hoofstuk 3, p. 76). 'n Liefde wat nie op 'n bepaalde aksie uitloop nie, is waardeloos (hoofstuk 3, p. 76). Die uitoefening van die bovermelde keuse en die sekondêre plek wat godsdiens in die besteding van fondse beklee, kan dui op 'n minagting van God (p. 77). Dit is duidelik aangetoon dat Christus 'n onverdeelde liefde, wat 'n saak van die wil en daad is, eis (p. 77); hierteenoor getuig die huidige praksis by lidmate van 'n verdeeldheid waarin liefde vir God dikwels 'n newegeskikte plek inneem. Indien die huidige gemiddelde kerklike bydrae as 'n uitdrukking van liefde vir God aanvaar moet word, kan dit nie gesien wórd as 'n afspieëling van die liefde van God in Christus nie (p. 79). Hierdie verskynsel herinner aan Jakobus se waarskuwing aan mense wie se gesindheid teenoor hul eiendom nie met die liefde van God in ooreenstemming is nie (p. 80). Dit is duidelik dat hierdie liefde, wat 'n greep op die totale mens uitoefen, nog nie 'n greep op die gemiddelde lidmaat se ekonomie kon maak nie. Die erns van die situasie word onderstreep wanneer die egtheid van geloof aan die orde gestel word (p. 82).

Die bydraes van lidmate staan in 'n sterk kontras met dié van die eerste gemeente waar die prysgawe van besit spontaan plaasgevind het. Hierdie prysgawe van besit het die norme van die Jerusalemgemeente konkreet versimboliseer — daar is vandag 'n groot gebrek hieraan (p. 140). Die kroniese gebrek aan fondse dui in die kerk sterk op onkunde

oor die liefde van God en 'n gebrek aan liefde vir God (p. 84).

**b. Rentmeesterskap as 'n gehoorsaamheidshandeling**

Waar daar 'n gebrekkige liefde vir God is, kan gehoorsaamheid nie tot sy reg kom nie. Waar daar wat geldsake betref, 'n duidelike gebrek aan 'n allesoorheersende liefde vir God is, gebeur die volgende:

1. Die *eskaton* is duidelik nie 'n belangrike motiveerder nie. Die besteding van die gewone lidmaat se fondse, dui op 'n groot beklemtoning van die hier en die nou.

2. Dit wat deur die gemiddelde lidmaat as kerklike bydrae aangebied word, dui eerder op 'n minagting van God as op 'n verheerliking van Hom. Die gemiddelde lidmaat verleen veral voorrang aan ander sake wanneer hy tydens die besteding van sy fondse 'n keuse uitoefen.

3. Dit spreek vanself dat Christus nie werklik in beheer van die gemiddelde lidmaat se geldsake is nie.

4. Die patroon in die besteding van fondse dui nie daarop dat die mens homself as rentmeester en God as die eintlike Eienaar beskou nie. Die onoordeelkundige aanwending en verkwisting van geld wys daarheen dat daar nie dikwels aan 'n uiteindelike rekenskap gedink word nie.

5. Die gemiddelde jaarlikse kerklike bydrae dui nie op 'n noemenswaardige bereidheid tot die afstanddoening van geld vir die saak van Christus nie.

6. Die bevrydende en toerustende teenwoordigheid van die Heilige Gees word deur die konsekwente uitoefening van die verkeerde keuses deur die gemiddelde lidmaat geloën.

7. Die geringe bydraes wat skaars deur lidmate "gevoel" word, getuig nie van 'n priesterlike bewustheid by die deursnee lidmaat nie.

8. Indien die lidmaat bewus is van die seën van die Here wat aan rentmeesterskap gekoppel is, dui die gemiddelde lidmaat se bydrae op 'n onbelangstellende houding (verwys pp. 178 – 180).

Wanneer dit veral ook vanuit die gehoorsaamheidshandeling duidelik blyk dat die Bybelse norme rondom geldelike rentmeesterskap in 'n groot mate nie deur die gemiddelde lidmaat nagekom word nie, dui dit op 'n betekenisvolle wyse daarop dat die vermoede dat daar 'n waarheidsmoment in Pettigrew se sosiale evaluasieteorie is, korrek is. Dit wil voorkom asof lidmate, eerder as om die Bybelse norme te handhaaf en te gehoorsaam, op 'n menslik–konsensuele wyse 'n eie norm oor 'n "aanvaarbare" kerklike bydrae gegenereer het (verwys p. 194).

c. Rentmeesterskap as 'n vertrouenshandeling

Die gemiddelde lidmaat se hantering van sy fondse dui, as gevolg van die onoordeelkundige aanwending en verkwisting van geld en die aksent op die hier en die nou, nie primêr op 'n gebrek aan vertroue in God nie. Die deursnee lidmaat soek nie in die eerste plek sekuriteit in sy geld en besittings nie, maar eerder genot. Dat hierdie element van rentmeesterskap in 'n ernstige mate ontbreek, staan vas. Die afwesigheid van die vertrouensaspek is veel eerder toe te skryf aan die afwesigheid van verantwoordelike rentmeesterskap op sigself. Hierdeur word God se tweërlei doelstelling – verheerliking van sy Naam en die

rentmeester—wees van die mens met die skepping en onderhouding van die wêreld — verloën. Omdat die deursnee lidmaat nie geldelike rentmeester in die volle sin van die woord is nie, verval daarmee ook die ervaring van God as Eienaar en Vader, rentmeesterskap as "familiesaak" en die lidmaat se siening van homself as rentmeester en erfgenaam (verwys p. 180).

**5.3 Toetsing van die hipotese**

Die volgende hipotese is aanvanklik geformuleer:

**Die finansiële knelpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Wes–Transvaal, kan nie net aan onvermydelik eksterne faktore toegeskryf word nie: dit staan in 'n deterministiese verband met ongehoorsaamheid aan en onkunde van die Bybelse eise rondom rentmeesterskap.**

In die toetsing van dié hipotese word daar noukeurig gelet op inferensiële geldigheid. Inferensiële geldigheid dui op die geldigheid van die logiese inferensies (induktief en deduktief) wat tydens die navorsingsproses gemaak word (Mouton et al. 1985:106). Daar word gesorg dat die navorsing aan die basiese reëls van die logika beantwoord.

In die argumentasie word die volgende stellings gemaak:

1. Die geldelike kerklike bydraes van die gemiddelde lidmaat van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, word gefinansier uit die lidmaat se diskresionêre inkomste en beloop 'n geringe persentasie daarvan.

2. Hierdie bydraes verskyn nie hoog op die prioriteitslys van selfs diskresionêre uitgawes

nie.

3. Hierdie bydraes getuig van 'n gebrek aan liefde vir, gehoorsaamheid aan en vertroue in God.

Hierdie stellings toon duidelik dat die relasie tussen die premisse en die hipotese een van steun is. Die premisse lei duidelik tot die konklusie. **By wyse van inferensie word die bovermelde hipotese bevestig.** Die ondersteunende getuienis is relevant vir die konklusie en bied toereikende steun.

Hierdie kousale verklaring berus op en behels die volgende:

1. 'n Bepaalde opeenvolging van oorsaak en gevolg (onkunde/ongehoorsaamheid en finansiële knelpunte in die kerk) is duidelik aangetoon.

2. Hiermee is van die werklike oorsake van die finansiële nood in die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, aangedui.

3. Die aanname dat eksterne ekonomiese faktore lidmate se geldelike bydraes betekenisvol bepaal, kon nie bevestig word nie. Daar is geen ingrypende verband gevind tussen ekonomies fluktuasies en lidmate se kerklike bydraes nie. Lidmate se bydraes het eerder relatief konstant gebly.

## 5.4 Die lidmaat en sy waargenome gesindheid

Ter aanvulling van dit wat reeds bespreek is, is 'n vraelys opgestel met die oog op die waargenome gesindheid onder lidmate. Hierin word verwys na die belangrikste aspekte

van die wesenstabel aan die einde van hoofstuk 3 (pp. 177 – 180).

Wat die invul van die vraelys betref, is dit duidelik dat die response nie stereotiep is nie. Daar is 'n variasie in die response. Dit dui daarop dat lidmate erns gemaak het met die voltooiing van die vraelyste. Dit is belangrik dat die leser dit in gedagte sal hou, dat dit wat hier hanteer word, aangebied word as die waargenome houdings van lidmate.

**Afdeling A handel hoofsaaklik oor rentmeesterskap as 'n liefdeshandeling**

**1. 'n Mens kan van lidmate se geldelike bydraes aflei wat God se liefde vir hulle beteken.** Die reaksie op hierdie stelling is skerp verdeeld, met die grootste konsentrasie in die "sterk" kategorie. Terwyl 53.8% van die lidmate met die stelling saamstem, verskil 45.9% hiervan. Dit is duidelik dat dit die waargenome houding by 45.9% van die respondente is, dat rentmeesterskap nie 'n liefdeshandeling is nie. Dit moet 'n mens tot onrus stem wanneer so 'n groot persentasie hierdie persepsie oor so 'n belangrike element van rentmeesterskap het.

2. Jesus Christus se kruisdood het 'n direkte invloed op **lidmate se hantering van hul geldsake**

Die meerderheid lidmate (55.6% teenoor 42.3%) stem nie hiermee saam nie. Die grootste enkele persentasie (35.5%) verskil sterk van hierdie stelling. In hierdie stelling gaan dit veral om rentmeesterskap as 'n uitdrukking van dankbaarheid. Die waargenome houding by die meerderheid is dus, dat dankbaarheid nie sterk funksioneer by die lidmaat se hantering van sy geldsake nie.

**3. Die kerk moet net bydraes van mense aanvaar wat baie seker van hulle eie verlossing is.** In hierdie stelling word die aksent op die praktyk, eerder as op die teorie geplaas. Terwyl

daar by 'n teoretiese stelling soos dié in stelling 1 nog 'n skerp verdeeldheid was, stem 86.5% (teenoor 13.1%) nie hiermee saam nie. Dit dui moontlik daarop dat daar by lidmate 'n kloof tussen die Christelike teorie en die praktyk is. Dit wil voorkom asof, ook in hierdie geval, die pragmatiese benadering oor 'n beginsel seëvier. 'n Element van wantroue in God is ook te bespeur – indien die motivering vir hierdie standpunt daarop gegrond is dat die nie–aanvaarding van sodanige bydraes, die voortbestaan van die kerk sou kon bedreig.

**4. Die meeste lidmate gee 'n bydrae sodat God hulle goedgesind sal wees.**

Hierdie stelling word deur 72.3% verwerp, terwyl 27.1% daarmee saamstem. Die afleiding word gemaak dat 'n "do–ut–des" of voorspoedsteologie nie sterk in die denke van die lidmate funksioneer nie. Dat 27.1% van die lidmate hiermee saamstem, kan egter nie geïgnoreer word nie.

**5. 'n Bydrae wat nie uit liefde vir God spruit nie, is nie aanvaarbaar nie.**

Hier val die klem weer eens, soos in die geval van 1 en 2, meer op die teorie van die geloof. Dieselfde reaksie word hier waargeneem as die in 1 en 2. Daar is weer 'n sterk verdeeldheid. Die meerderheid (52.2% teenoor 47.3%) stem saam met die stelling. Die waargenome houding by 47.3% van die lidmate, is dat liefde vir God nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir geldelike rentmeesterskap is nie. Die indruk word weer eens geskep, dat sodra geloof as 'n teorie gehanteer word en nie deurgetrek word na die praktyk toe nie, daar 'n groter mate van bereidheid tot instemming is.

**6. 'n Gemeente wat altyd sukkel met onvoldoende fondse, se lidmate het 'n gebrek aan liefde vir God.**

Die praktyk word weer eens vooropgestel en 60.7% stem nie met hierdie stelling saam nie. By 37.4% van die lidmate, word hierop bevestigend geantwoord. Dit is moeilik om 'n afleiding vanuit hierdie reaksie te maak, aangesien hierdie stelling nie noodwendig waar is

nie. As voorbeeld hiervan, word daar na die vroeë Jerusalemse gemeente verwys, waar dit inderdaad om 'n finansiële nood en nie om 'n gebrek aan liefde vir God gegaan het nie.

**7. Die meeste lidmate gee hulle bydraes met vreugde.**

Daar word op 'n sterk wyse standpunt ten gunste van hierdie stelling ingeneem (77.8% teenoor 20.9%). Dit is egter belangrik dat daarop gelet sal word, dat dit wat gegee word, nie gespesifiseer is nie. Uit die beskrywing van die gemiddelde bydrae per besoekpunt, is dit duidelik dat hierdie bedrag nie werklik "gevoel" word nie. Dit is dus moontlik om 'n geringe bedrag met vreugde te gee, terwyl 'n groter bedrag heelwaarskynlik nie dieselfde emosie sal ontlok nie.

**8. Volgens die Bybel dien 'n bydrae as bewys van die egtheid van geloof.**

Verdeeldheid tree weer na vore – 58.3% stem saam en 39.3% verskil van die stelling. Die persepsie van 'n noemenswaardige aantal lidmate is dus, dat rentmeesterskap niks met die egtheid van geloof te make het nie.

**9. Die meeste lidmate se beursies is toe vir die nood van ander.**

en hiermee saam:

**10. Die meeste lidmate se beursies is toe omdat hulle nie hul medemens werklik liefhet nie.**

Daar is 'n skerp verdeeldheid oor hierdie aspekte. In albei gevalle word daar deur die meerderheid met die stelling saamgestem (49.4% teenoor 49.2% in die eerste geval en 50.4% teenoor 48% in die tweede geval). Die waargenome houding dui op 'n ernstige gebrek aan naasteliefde. Die erns van die situasie spreek vanself. Dit wil voorkom asof liefde op twee vlakke beleef word. Vir die vertikale (vir God) is daar groter aanvaarding en instemming as vir die horisontale (die naaste). Met hierdie stellings is beide die gesindheid en die daad aangedui.

In aansluiting by die bovermelde, moet ook stellings 4 en 5 uit **afdeling D** behandel word.

**4. Geld is vir baie lidmate belangriker as God.**

Die meerderheid (51.7% teenoor 45.6%) stem saam met hierdie standpunt. Hiermee word die waarneming wat reeds in die besteding van die lidmaat se fondse beskryf is, bevestig. Dit stem tot onrus as daar weer eens bemerk word, dat hierdie waargenome houding dié van lidmate **binne** die kerk is. Hiermee word die geloof in sy diepste wese aangetas.

**5. Lidmate aanvaar graag die voordele van die geloof en vermy die eise wat dit stel.**

'n Sterk meerderheid antwoord instemmend op hierdie stelling (69% teenoor 29%). Sommige lidmate kon die versoeking nie weerstaan om by hierdie stelling 'n nota te maak dat dit 'n baie raak beskrywing van die situasie is nie. Die afleiding word gemaak dat die konsekwensies van die geloof óf nie deur lidmate begryp word nie óf nie deur hulle aanvaar word nie. Hierdie waargenome houding dui in 'n ernstige mate op 'n onbybelse en nuttelose geloof.

Wat rentmeesterskap as 'n liefdeshandeling betref, kan daar na aanleiding van die bovermelde die uitspraak gemaak word, dat die waargenome houding onder lidmate in 'n baie ernstige wyse op 'n gebrek aan 'n omvattende liefde vir God en die naaste dui.

**Afdeling B handel hoofsaaklik oor die gehoorsaamheidsgestalte van rentmeesterskap.**

**1. Die meeste lidmate bepaal eers hulle uitgawes en besluit dan hoeveel hulle gaan bydra.**

Daar word sterk met hierdie stelling saamgestem (73.4% teenoor 24.4%). Dit is dus die waargenome houding by 'n groot meerderheid van die lidmate dat geldelike offergawes 'n sekondêre plek by die besteding van fondse inneem. Die beskrywing van die befondsing

van kerklike bydraes uit diskresionêre inkomste word hiermee bevestig.

**2. Die meeste lidmate hanteer hulle geldsake asof daar nie 'n hiernamaals is nie.**

Die meerderheid lidmate stem saam (49.4% teenoor 36.4%). Die vroeëre waarneming dat die "hic et nunc" of 'n pragmatiese houding, baie sterk by die gemiddelde lidmaat funksioneer, word hierdeur op 'n sterk wyse ondersteun.

**3. Die meeste lidmate besluit eers hoeveel hulle gaan bydra nadat hulle oor die saak gebid het.**

Daar word sterk van hierdie stelling verskil (67.9% teenoor 30.2%). Die waargenome houding dui sterk daarop dat bydraes aan gehoorsaamheid asook aan 'n geloofs- en aanbiddingshandeling ontkoppel word. Hierdeur word rentmeesterskap as 'n verhoudingsgebeure ernstig aangetas.

**4. Lidmate tree op asof God nie die eintlike eienaar van al hulle besittings is nie.**

'n Beduidende meerderheid (64.6% teenoor 33.9%) is dit hiermee eens. Hierdie standpunt bevestig dat een van die wesentlikste elemente van 'n gehoorsame rentmeesterskap, grootliks in die waargenome houding van lidmate ontbreek.

**5. Die Heilige Gees help die meeste lidmate om hulle beursies vir God oop te maak.**

Hiermee is daar sterk instemming (74.8% teenoor 21.8%). Dit wil voorkom asof die patroon van Afdeling A ook hier aan die orde kom. Daar is groter instemming wanneer die meer teoretiese aan die orde gestel word. Belangrik is dit om ook daarop te let, dat in hierdie bepaalde stelling die fokus nie op die lidmaat nie, maar wel op die Heilige Gees geplaas word. Hierdie instemming dui moontlik op 'n verwagting rondom die persoon en werk van die Heilige Gees – die mens en sy gehoorsaamheid staan meer op die agtergrond.

**6. Die meeste lidmate se bydraes toon dat God vir hulle baie belangrik is.**

Wanneer die meeste lidmate hiermee saamstem (62% teenoor 35.7%), wil dit voorkom asof lidmate hiermee vroeëre sterk uitsprake weerspreek. Daar dien egter weer eens daarop gelet te word, dat die grootte van die bydrae nie gespesifiseer word nie. Moontlik word hiermee aangedui dat die gee van fondse (in die persepsie van lidmate) aan 'n (konsensueel gegenereerde) norm voldoen. Waarskynlik word hierdie self gegenereerde norm as uitdrukking van die belangrikheid van God gesien.

**7. Lidmate hanteer hulle geld asof hulle nie oor die besteding van elke sent verantwoording aan God sal moet doen nie.**

Op 'n sterk wyse word die waarneming en afleiding van veral stellings 2 en 4 weer eens bevestig (74.8% teenoor 21.8%).

**8. Baie lidmate dink goeie verskonings uit om nie na werklike vermoë by te dra nie.**

Met 'n groot instemming (69% teenoor 29.2%) word hiermee die vermoede wat ten opsigte van stelling 6 uitgespreek is, ondersteun. Hierdie waargenome houding toon duidelik dat ongehoorsaamheid sterk ten opsigte van geldelike bydraes aanwesig is.

**9. Die meeste lidmate dra regtig na vermoë by.**

Verdeeldheid tree hier na vore. Die meerderheid stem hiermee saam (57.9% teenoor 40.6%). Hierdie stelling vorm, saam met stelling 6, 'n uitsondering op die patroon wat gehandhaaf is. In aansluiting by dit wat by stelling 6 genoem is, word daar vermoed dat "vermoë" hier in die gedagtes van die gemiddelde lidmate op "diskresionêre inkomste" dui en nie op "totale inkomste" nie.

**10. Die meeste lidmate dink dat Christus se offer aan die kruis hulle bydraes minder belangrik maak.**

Dát die meeste lidmate, wat hierdie aspek betref, oor die korrekte teologiese onderbou

beskik, is duidelik. Die oorgrote meerderheid (78% teenoor 19%) stem nie met hierdie stelling saam nie. Dat daar steeds 'n opvoedingstaak is, kan nie betwis word nie.

Die patroon wat reeds in Afdeling A gevestig is, is in die waargenome houdings ten opsigte van rentmeesterskap as 'n gehoorsaamheidshandeling voortgesit. Volgens die waargenome houding van die gemiddelde lidmaat, is die gehoorsaamheid ten opsigte van geldelike rentmeesterskap gebrekkig.

**Afdeling C: Rentmeesterskap as 'n vertrouenshandeling**

**1. Lidmate se bydraes getuig dat hulle vertrou dat God in hulle materiële behoeftes sal voorsien.**

'n Sterk teoretiese agtergrond sorg weer vir 'n sterk verdeelde reaksie. Die meerderheid lidmate stem met die stelling saam (53% teenoor 45%).

**2. Die meeste lidmate "voel" nie eintlik hulle bydraes nie, want hulle gee te min uit vrees vir eie tekorte.**

Die reaksie op hierdie stelling dui op 'n waargenome gebrek aan vertroue in God as Skepper en Onderhouer. Daar word redelik sterk met die standpunt saamgestem (61.7% teenoor 36.4%). Die kloof tussen geloof as teorie en geloof as praksis, word weer eens onderstreep.

**3. Die meeste lidmate sien geld as 'n middel waardeur God verheerlik kan word.**

Vir 'n praktiese en daadwerklike verheerliking van God in 'n verantwoordelike geldelike rentmeesterskap, is daar in die waargenome houding van lidmate weinig voorsiening en die oorgrote meerderheid stem nie hiermee saam nie (64.5% teenoor 31.7%).

**4. Die meeste lidmate beleef hul maandelikse bydrae soos 'n gewone rekening wat betaal moet word.**

Ten grondslag van rentmeesterskap as 'n vertrouenshandeling, lê die feit dat rentmeesterskap in die eerste plek 'n verhoudingsgebeure is. Hierdie aspek word in hierdie stelling aan die orde gestel. Daar is groot steun vir die stelling (69.2% teenoor 28.6%). Rentmeesterskap word in die kerk deur die meeste van sy lidmate as 'n onpersoonlike handeling waargeneem.

**5. Die meeste lidmate voel dat hulle bydraes hulle plek in die hemel sal verseker.**

Met die oorbekende waarheid wat aan hierdie stelling ten grondslag lê (genade), word daar sterk saamgestem. Die oorgrote meerderheid stem nie met hierdie stelling saam nie (81% teenoor 17.1%).

Daar is wat rentmeesterskap betref, in die geheel gesien, 'n waargenome gebrek aan vertroue in God. Hierdie gebrek word veral in die praktiese aspekte van die lewe ontbloot.

Afdeling D (Algemeen)

Slegs stellings 2 en 3 is nog nie aan die orde gestel nie.

**2. Die kerk bestee sy geld op 'n onoordeelkundige wyse.**

Daar word in hierdie navorsing op die inkomste van die kerk gekonsentreer. Die vraag het egter onwillekeurig ontstaan of 'n persepsie van wanbesteding, nie aanleiding gee tot die terughou van fondse deur die lidmaat nie. 'n Groot meerderheid stem nie met die stelling saam nie (68.8% teenoor 26.9%). Dit werp ook lig op die aanslag wat jaarliks aan die Sinode betaal moet word. Daar moet egter met die 26.9% rekening gehou word en die kerk moet sorg dat goeie kommunikasie ook op hierdie terrein gehandhaaf word.

**3. Politieke sieninge het 'n negatiewe invloed op kerklike bydraes.**

Politieke oortuigings het, naas die pragmatiese invloed, 'n beduidend waargenome uitwerking op kerklike bydraes. Soos in die geval van dit wat reeds onder 'n pragmatiese houding bespreek is, stem 62.7% (teenoor 35.7%) lidmate saam dat beskouinge vanuit hierdie oord, 'n invloed op kerklike bydraes het.

Sonder om weer die beginsels wat reeds in hoofstuk 3 uitgestippel is, aan te raak, word daar duidelik tot die **gevolgtrekking** gekom, dat die deursnee lidmaat van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, nie geldelike rentmeesterskap as 'n verhoudingsgebeure met die elemente liefde, gehoorsaamheid en vertroue waarneem nie. In 'n besondere sin kan hierdie waargenome houding ook as die getuienis wat onder die lidmate van die kerk leef, beskou word. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie waargenome houdings die hipotese wat reeds bevestig is, baie sterk ondersteun.

## 5.5 Aanbevelings

Die sterk steun wat daar vir die hipotese gevind is, dui duidelik daarop dat die kerk se finansiële probleme 'n simptoom van 'n dieperliggende gebrekkige gesindheid is. Die analise, interpretasie en verklaring van rentmeesterskap in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Wes–Transvaal, roep om 'n dringende opvoeding van die lidmate in die beginsels van 'n Bybelse rentmeesterskap. Hierdie opvoeding moet geskied aan die hand van die beginsels wat in hoofstuk 3 beskryf is. Die afwykings waarop daar in hoofstukke 4 en 5 gewys is, dien as 'n belangrike riglyn vir aksente wat beklemtoning benodig. Hierdie opvoeding moet reeds by die kerkjeug 'n aanvang neem. In 'n oorsigtelike nagaan van die huidige kategese handboeke, is daar gevind dat rentmeesterskap as onderwerp grootliks ontbreek. Leraars moet sonder om terug te deins vir die sogenaamde sensitiwiteit van die onderwerp, die Bybelse beginsels rondom rentmeesterskap met profetiese moed verkondig.

Kerklike vermaning moet waar nodig, toegepas word. Dit is baie belangrik dat die herstel van die onderliggende gesindheid as primêre motief vir hierdie opvoeding sal funksioneer en nie dié van 'n verhoging in kerklike inkomste nie.

Die kerk moet naas die opvoeding van die lidmate, hierdie beginsels self op alle vlakke (kerkraad, ring en sinode) toepas. Dit impliseer dat die kerkrade, ringe en sinodes 'n voorbeeld sal stel in 'n verantwoordelike rentmeesterskap en onder andere ook sal besin oor die wyses waarop inkomstes verkry word. In hierdie proses moet die kerk ook vertroue in God handhaaf en onder andere standpunt inneem oor die bydraes wat byvoorbeeld in elke gemeente deur kerkvervreemdes gemaak word. Dit gaan in kerkvervreemding om die mate waarin dit by daardie "lidmate" op 'n vervreemding van God dui. Sodanige bydraes dui meer op 'n "donasie" aan God en impliseer behoeftigheid by Hom.

# BIBLIOGRAFIE

## BOEKE

Anastasi A. – PSYCHOLOGICAL TESTING, Macmillan Publishing Company, New York, 1988.

Barth K. – CHURCH DOGMATICS, THE DOCTRINE OF GOD, 1ste halwe volume, T. & T. Clark, Edinburgh, 1980.

Bavinck H. – GEREFORMEERDE DOGMATIEK, Band 1, Kok en Kampen, Kampen, 1967.

Bavinck H. – GEREFORMEERDE DOGMATIEK, Band 2, Kok en Kampen, Kampen, 1967.

Bavinck H. – GEREFORMEERDE DOGMATIEK, Band 3, Kok en Kampen, Kampen, 1967.

Bavinck H. – GEREFORMEERDE DOGMATIEK, Band 4, Kok en Kampen, Kampen, 1967.

Berkhof H. – CHRISTELIJK GELOOF, Callenbach, Nijkerk, 1973.

Berkhof H. en de Jong J. – GESCHIEDENIS DER KERK, Callenbach, Nijkerk, 1975.

Bettenson H. – DOCUMENTS OF THE CHRISTIAN CHURCH, Oxford University Press, London, 1963.

Biesterveld P. en ander – HET DIACONAAT, van Bottenburg, Amsterdam,1907.

Bolkestein M.H. – HET EVANGELIE NAAR MARCUS, G.F. Callenbach B.V., Nijkerk, 1977.

Bornkamm G. – PAUL, Hodder and Stoughton, London, 1975.

Bouwman H. – GEREFORMEERD KERKRECHT, Eerste Deel, J H Kok, Kampen,

1928.

Brattgård H. – GOD'S STEWARDS, Augsburg Publishing House, Minneapolis, 1963.

Brown C. – THE NEW INTERNATIONAL DICTIONARY OF NEW TESTAMENT THEOLOGY, Vol. 2, Paternoster, Grand Rapids, 1976.

Brown C. – THE NEW INTERNATIONAL DICTIONARY OF NEW TESTAMENT THEOLOGY, Vol. 3, Paternoster, Grand Rapids, 1978.

Bruce F.F. – THE BOOK OF THE ACTS, Marshall, Morgan & Scott, London, 1977.

Bultmann R. – INTERPRETING FAITH FOR THE MODERN ERA, (Johnson R), Collins, London, 1978.

Calvyn J. – DE EVANGELIËN VAN MATTHEUS, MARKUS EN LUKAS; W.A. de Groot, Goudriaan, 1971.

Cilliers S.P. – MAATSKAPLIKE NAVORSING metodologie prosedure tegnieke, Kosmo–Uitgewers Edms Bpk, Stellenbosch, 1967.

De Klerk J.J. – WELDADIGHEID EN MEDEDEELSAAMHEID, N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1976.

De Vaux R. – ANCIENT ISRAEL, Its life and Institutions; Darton, Longman and Todd, London, 1968.

Durand J.J.F. – DIE LEWENDE GOD, N. G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1976.

Du Toit H.D.A. – OLIE OP DIE WONDE, N G Kerk Uitgewers, Kaapstad, ongedateerd.

Du Toit H.D.A. en Verhoef P.A. – ONS GAWES AAN DIE HERE, N G Kerk – Uitgewers, Kaapstad, 1962.

Ellis E.E. – THE GOSPEL OF LUKE, Oliphants, London, 1974.

Fischer W.E. – A NEW CLIMATE FOR STEWARDSHIP, Abingdon, Nashville, 1978.

Forell G.W. – THE AUGSBURG CONFESSION: a contemporary commentary, Augsburg Publishing House, Minneapolis, 1968.

Fourie D.C.G. – DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1987.

Freedman J.L., Sears D.O. en Carlsmith J.M. – SOCIAL PSYCHOLOGY, Prentice–Hall, New Jersey, 1978.

Geldenhuys N. – THE GOSPEL OF LUKE, Eerdmans, Grand Rapids, 1977.

Goppelt L. – THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, Volume 1, (J Alsup), Eerdmans, Grand Rapids, Michigan,1983.

Groenewald E.P. – IN GELYKENISSE HET HY GELEER, N G Kerkuitgewers, Kaapstad, 1973 a.

Groenewald E.P. – DIE TWEEDE BRIEF AAN DIE KORINTHIËRS, N G Kerkuitgewers, Kaapstad, 1973.

Groenewald E.P. – DIE BRIEWE VAN PETRUS. DIE BRIEF VAN JUDAS, N G Kerkuitgewers, Kaapstad, 1977.

Groenewald E.P. – DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS, N G Kerkuitgewers, Kaapstad, 1989.

Grosheide F.W. – DE TWEEDE BRIEF AAN DE KERK TE KORINTHE, J.H. Kok, Kampen, 1959.

Haenchen E. – THE ACTS OF THE APOSTLES, Basil Blackwell, Oxford, 1985.

Heick O.W. – A HISTORY OF CHRISTIAN THOUGHT (Volume 1), Fortress Press, Philadelphia, 1973.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS, DIE KERKBOEK van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, N.G. Kerk–Uitgewers, Kaapstad, 1983.

Heyns J.A. – DIE NUWE MENS ONDERWEG oor die tien gebooie, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1973.

Heyns J.A. – DOGMATIEK, N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1978.

Heyns J.A. – DIE MENS, Sacum Beperk, Bloemfontein, 1981.

Heyns J.A. en Jonker W.D. – OP WEG MET DIE TEOLOGIE, N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1974.

Hill D. – THE GOSPEL OF MATTHEW (New Century Bible), Oliphants, London, 1978.

Holwerda B. – DIE DINGEN DIE ONS VAN GOD GESCHONKEN ZIJN, Oosterbaan & Le Cointre B.V., Goes, 1975.

Jacob E. – THEOLOGY OF THE OLD TESTAMENT, Hodder and Stoughton, London, 1974.

Jeremias J. – NEW TESTAMENT THEOLOGY, Volume 1, S C M Press, London, 1975.

Jeremias J. – THE PARABLES OF JESUS, S C M Press, London, 1976.

Johnson D.W. – THE TITHE, Challenge or Legalism?, Abingdon Press, Nashville,1984.

Johnson J.J. – STOFLIKE AANGELEENTHEDE, 'n Kerkregtelike ondersoek na die bestaansgrond en trefwydte van artikel 57 van die kerkorde van die N G Kerk, 'n Ongepubliseerde M. Th. – verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1987.

Jonker H. – LITURGISCHE ORIËNTATIE, Zomer en Keunings, Wageningen, Ongedateerd.

Joubert S.J. – DIE ARMOEDEPROBLEEM VAN DIE JERUSALEMGEMEENTE, 'n Sosio–historiese en eksegetiese ondersoek, Ongepubliseerde D.D.–proefskrif, Universiteit Pretoria, 1987.

Kantonen T.A. – A THEOLOGY FOR CHRISTIAN STEWARDSHIP, Muhlenberg Press, Philadelphia, 1956.

Kittel G. – THEOLOGICAL DICTIONARY OF THE NEW TESTAMENT, Vol. 1, Eerdmans, Grand Rapids, Michigan, 1976.

Kittel G. – THEOLOGICAL DICTIONARY OF THE NEW TESTAMENT, Vol. V, Eerdmans, Grand Rapids, Michigan, 1977.

Kleynhans E.P.J. – GEREFORMEERDE KERKREG, Deel 2: Kerk en Amp, N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1984.

Ladd G.E. – A THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, Eerdmans, Grand

Rapids, 1975.

Latourette K.S. – A HISTORY OF CHRISTIANITY, Harper en Row, New York, 1953.

Leith J.H. – CREEDS OF THE CHURCHES, Basil Blackwell, Oxford, 1973.

Lenski R.C.H. – ST. MATTHEW'S GOSPEL, Augsburg Publishing House, Minneapolis, 1964.

Lietzmann H. – A HISTORY OF THE EARLY CHURCH, Volume 1, Lutterworth Press, London, 1967.

Lightfoot J.B. – THE APOSTOLIC FATHERS, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1970.

Lindijer C.H. – HANDELINGEN VAN DE APOSTELEN 1, G.F. Callenbach B.V., Nijkerk, 1975.

Lindsay T.M. – A HISTORY OF THE REFORMATION, Volume 2, T. & T. Clark, Edinburgh, 1923.

Lochman J.M. – SIGNPOSTS TO FREEDOM, Augsburg Publishing House, Minneapolis, 1982.

Louw J.P. en Nida E. – GREEK–ENGLISH LEXICON OF THE NEW TESTAMENT based on semantics, Vol. 1, United Bible Society, New York, 1988.

Luther M. – DE GROTE CATECHISMUS, vertaald en ingeleid door P.Boendermaker, J.H. Kok – Kampen, Rozenburgh, 1978.

Manschreck C.L. – A HISTORY OF CHRISTIANITY IN THE WORLD from persecution to uncertainty, Prentice–Hall, New Jersey, 1974.

Marais P.W. – DIE TIEN WOORDE VAN GOD, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1978.

Moorrees A. – DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID–AFRIKA 1653–1873, S.A. Bybelvereniging, Kaapstad, 1937.

Moltmann J. – MAN, Fortress Press, Philadelphia, 1976.

Mouton J.A. et al – METODOLOGIE VAN DIE GEESTESWETENSKAPPE: BASIESE BEGRIPPE, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1985.

Mouton J.A. et al – WETENSKAPSBEELDE IN DIE GEESTESWETENSKAPPE, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987.

Müller J.J. – DIE BRIEF AAN DIE FILIPPENSE. DIE BRIEF AAN FILEMON, N G Kerk–uitgewers, Kaapstad, 1977.

Nauta D. – VERKLARING VAN DE KERKORDE VAN DE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND, Kok en Kampen, Kampen, 1971.

N. G. Kerk – JAARBOEK 1990 van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, Tydskrifte Maatskappy van die N G Kerk, Pretoria, 1990.

Ned. Herv. of Geref. Kerk van S. A. – WETTE EN BEPALINGS vir die regering van die N. H. of G. Kerk van S.A., Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg,1940.

Newman B.M. en Nida E.A. – A TRANSLATOR'S HANDBOOK OF THE ACTS OF THE APOSTLES, United Bible Societies, London, 1972.

Nielsen J.T. – HET EVANGELIE NAAR MATTHEUS 1, G.F. Callenbach B.V., Nijkerk, 1974.

Nielsen J.T. – HET EVANGELIE NAAR MATTHEUS 11, G.F. Callenbach B.V., Nijkerk, 1975.

Noth M. – EXODUS, Old Testament Library, S C M PRESS, London,1966.

Odendaal F.F., Schonees P.C., Swanepoel C.J., du Toit S.J. en Booysen C.M., HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal), Perskor Uitgewery, Doornfontein, 1987.

Pedersen J. – ANCIENT ISRAEL: Its life and culture, Vol. 2 & 3, Oxford University Press, London, 1973.

Petty R.E. en Cacioppo J.T. – ATTITUDES AND PERSUASION: Classic and

contemporary approaches, Wm. C. Brown Company Publishers, Iowa, 1984.

Pont A.D. – DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN ONS KERKLIKE REG, H A U M , Pretoria, 1981.

Pretorius E.A.C. – DIE BRIEF VAN JAKOBUS, N G Kerk–uitgewers, Kaapstad, 1988.

Prinsloo W.S. – JAHWE DIE VRYMAGTIGE IN DIE OU TESTAMENT, Ongepuliseerde D.D.–proefskrif, Universiteit Pretoria, 1976.

Richardson A. – AN INTRODUCTION TO THE THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT, S C M Press Ltd, London, 1969.

Ridderbos H. – PAULUS: ONTWERP VAN ZIJN THEOLOGIE, Kok en Kampen, Kampen, 1973.

Ridderbos H. – PASTORALE BRIEVEN, J.H. Kok, Kampen, 1967.

Roberts J.H. – DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS, N. G. Kerk Uitgewers, Kaapstad,1990.

Rolston H. – STEWARDSHIP IN THE NEW TESTAMENT CHURCH, John Knox Press, Richmond, Virginia, 1972.

Schweizer E. – THE GOOD NEWS ACCORDING TO MATTHEW, S P C K, London, 1984.

Sears D.O., Freedman J.L. en Peplau L.A. – SOCIAL PSYCHOLOGY, Prentice–Hall, New Jersey, 1985.

Seidman E. en Rapkin B. – ECONOMICS AND PSYCHOSOCIAL DYSFUNCTION: Toward a conceptual framework and prevention strategies. In Felner R.D., Jason L.A., Moritsugu J.N. en Farber S.S. – PREVENTITIVE PSYCHOLOGY: Theory, research and practice, Pergamon Press, New York, 1983.

Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, N.G Kerk Suid–Transvaal – DIE SKRIF EN ONS DANKOFFERS, N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1980.

Sizoo A. – Johannes Calvyn, INSTITUTIE of onderwysing in de Christelijke

Godsdienst, 'n vertaling, 1ste deel, W.D. Meinema, Delft,1956.

Sizoo A. – Johannes Calvyn, INSTITUTIE of onderwysing in de Christelijke Godsdienst, 'n vertaling, 2de Deel, W.D.Meinema, Delft, 1956.

S.K.L.A.S. – Sien Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, Suid–Transvaal.

Smit G.J. – NAVORSINGSMETODES IN DIE GEDRAGSWETENSKAPPE, HAUM Opvoedkundige Uitgewers, Pretoria, 1983.

Thompson T.K. – STEWARDSHIP IN CONTEMPORARY LIFE, Association Press, New York, 1965.

Uys P. – DIE GEE VAN TIENDES IN DIE HEILIGE SKRIF, 'n Ongepubliseerde B.D. Skripsie, Universiteit Stellenbosch, 1957.

van Baaren P. – HET OFFER, Inleiding tot een complex religieus verschijnsel, Bijleveld, Utrecht, s.a.

van der Watt P.B. – DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1652–1824, N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1976.

Van Eeden I.J. en Smuts M. (red.) – KERKSPIEËL 2, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1986.

van Taak P.A. – DIE EWEREDIGE BYDRAE AS METODE VAN KERKLIKE INSAMELING, 'n Ongepubliseerde M.Th.–verhandeling, Universiteit Stellenbosch,1983.

Veldkamp H. – ZONDAGS KINDEREN kanttekeningen bij de Heidelbergse Catechismus, Band 2, T.V. Wever B.V., Franeker, 1975.

Victor J.A. et al – WAT ELKE LIDMAAT OOR OFFERGAWES MOET WEET, Bybelkor, Wellington,1989.

Von Rad G. – OLD TESTAMENT THEOLOGY, Volume 1, Oliver and Boyd, Edinburgh, 1970.

Vorster J.D. – DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE

KERK ONDER DIE KOMPANJIE 1652–1795, N.G.Kerk–Uitgewers, Kaapstad, 1981.

Vriezen T.C. – AN OUTLINE OF OLD TESTAMENT THEOLOGY, Basil Blackwell,Oxford, 1970.

Werning J.W. – THE STEWARDSHIP CALL, Concordia Publishing House, St. Louis, Missouri, 1965.

Wiersinga W.A. – GODS WERK IN ONS, Kok en Kampen, Kampen, 1952.

Zimmerli W. – OLD TESTAMENT THEOLOGY IN OUTLINE, T. & T. Clark, Edinburgh, 1984.

## HANDELINGE VAN DIE SINODES

Raad van die Ned. Geref. Kerke van S.A.

1959

1961

Ned. Geref. Kerk in Transvaal (eers bekend as die Ned. Herv. of Geref. Kerk in Zuid–Afrika).

1934

1937

1957

1961

Ned. Geref. Kerk Suid–Transvaal

1968

Ned. Geref. Kerk Wes–Transvaal

1979

1987

## AGENDAS VAN DIE SINODES

Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal 1987.

Ned. Geref. Kerk: Noord–transvaal 1987.

Ned. Geref. Kerk: Suid–Transvaal 1987.

Ned. Geref. Kerk: Oos–Transvaal 1987.

TYDSKRIFTE

KERKLIK

Kerkbode 10.03.1989.

TEOLOGIES

Neotestamentica 6 (1972)

Neotestamentica 9 (1975)

Review and Expositor 70 (1973)

KOERANTE

Beeld 9.11.1989.

Rapport 2.02.1986.

Rapport 16.03.1986.

DOKUMENTE

Gemeentes van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, Volledige finansiële state 1985/1986.

Gemeentes van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, Verslag aan die Sinodale Begrotingskommissie, 1989.

Ringsfondse–kommissies van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, Verslag aan die Sinodale Begrotingskommissie, 1989.

Saakgelastigde van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, Opsomming van die finansiële state van al die gemeentes, 1988/1989.

Sentrale Statistiekdiens, Faks bevattende tabel 1.1.04 oor die inkomste en uitgawes van huisgesinne gedurende 1985, 1990.

Sentrale Statistiekdiens, Kernstatistieke Afd. 4.4, 1990a.

Sinodale Begrotingskommissie van die Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, Sakelys (en bylaes), 20.02.1990.

Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, Ned. Geref. Kerk: Wes–Transvaal, Brief van Sekretaris gedateer 1 November 1990.